

1989015891 0101



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - BIBLIOTEEK



198901589101220100013

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

- 8 MAY 1989

T 307.76096854 LAZ

BIBLIOTHEEK

BEWONINGSBEVREDIGING IN DIE BLANKE
WOONHUISSEKTOR BINNE DIE MUNISIPALITEIT
VAN BLOEMFONTEIN: 'N STUDIE VAN PROSES,
PATROON EN STRATEGIE

deur

JACOBUS ABRAHAM ADRIAAN LAZENBY

INGELEWER TER VERVULLING VAN DIE
VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR PHILOSOPHIAE
(AARDRYKSKUNDE)

in die Fakulteit van
Lettere en Wysbegeerte
aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
BLOEMFONTEIN

Promotor: Prof. dr. W.F.S. Senekal (M.A. D.Phil)

Medepromotor: Prof. dr. C.L. Bester (M.A. D.Phil)

September 1988

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE
BIBLIOTLEK VERWYDER WORD NIE

OPGEDRA AAN MARETHA,
WILLIE EN MADRI

ERKENNINGS

Hiermee wil ek opregte dank en waardering aan die volgende persone betuig:

Alle lof en dank kom Hom toe wat my die krag, insig en genade geskenk het om hierdie studie te voltooi.

Ek is groot dank verskuldig aan my promotor en mentor, prof. W.F.S. Senekal vir sy vriendelike, bekwame en inspirerende leiding tydens hierdie studie. In dieselfde mate word my medepromotor, prof. C.L. Bester ook bedank vir sy aandeel in hierdie navorsing.

'n Opregte dank aan dr. C.A. van der Merwe en J.M. van Zyl van die Departement Wiskundige Statistiek aan hierdie Universiteit vir die hulp tydens die statistiese strukturering van die navorsing. Hiermee word mev. I. Bester ook opreg bedank vir haar leeu-aandeel in die programmeringsfase en die rekenaarmaanipulering van die data.

'n Woord van opregte dank gaan ook aan mev. A.E.J. Viljoen van die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing van hierdie Universiteit vir haar netjiese kaarttekenwerk tydens die karteringsfase.

Hiermee dank ek ook mev. L. Engelbrecht vir die taalkundige versorging en mev. H.C. Beukes vir haar netjiese tikwerk en die finale voorbereiding van hierdie proefskrif.

Aan almal wie se naam nie hier genoem word nie, maar wat my in een of ander fase tydens hierdie navorsing bygestaan het, 'n woord van opregte dank. Hier dink ek veral aan die tientalle studente wat my tydens die veldwerkfase gehelp het.

'n Woord van dankbare erkenning aan my liefdevolle ouers vir hulle opvoeding wat die fondament gelê het vir hierdie volgehoue studie.

'n Groot dankie aan my dierbare vrou, Maretha, vir haar liefde, aanmoediging, onderskraging en opoffering tydens hierdie studie. Baie dankie ook aan Willie en later ook Madri wat so dikwels met 'n "studeerkamer-pa" tevrede moes wees.

J.A.A. LAZENBY

SEPTEMBER 1988

INHOUDSOPGAWE

DEEL 1

	Bladsy
HOOFSTUK 1: DOEL EN BENADERING	1
1. Rasionaal	1
2. Doelstelling	6
3. Hipoteses	7
3.1 Hermeneutiese hipotese	7
3.2 Statisties-verifiërende hipoteses	7
4. Geografiese benadering - 'n inleiding	8
5. Konseptuele basis van Stedelike Geografie	11
5.1 Tradisionele paradigmas	13
5.1.1 Eksplorasie-paradigma ("exploration")	13
5.1.2 Oorbeklemtoning van die omgewing ("Milieu-isme")	13
5.1.3 Regionalisme	14
5.2 Kontemporêre paradigmas	15
5.2.1 Positivistiese benadering	15
5.2.2 Gedragsgeoriënteerde benadering	17
5.2.3 Die strukturalistiese benadering	19
6. Navorsingsbenadering	21
7. Samevatting	24
Verwysings	25
HOOFSTUK 2: OMGEWINGSIELKUNDE	29
1. Verwantskap met Gedragsgeografie	29
2. Definiëring van Omgewingsielkunde	31
2.1 Probleem van definisie	31
2.2 Definisie	32

	Bladsy
3. Verwantskap tussen omgewing en gedrag	34
3.1 Fisiese omgewing	35
3.2 Menslike gedrag	37
4. Interdisiplinêre karakter van Omgewingsielkunde	37
5. Ontwikkelingsgeskiedenis	39
5.1 Faktore onderliggend tot die ontstaan van Omgewingsielkunde	41
5.2 Kenmerke en funksies van Omgewingsielkunde	43
5.2.1 Kenmerke	43
5.2.2 Funksies	44
6. Struikelblokke	45
6.1 Probleme tot die vorming van 'n teoretiese raamwerk	45
6.2 Integrasie-probleme van Omgewingsielkunde met besluitnemingsvlakke	46
7. Beperkings van Omgewingsielkunde	48
8. Prognose	48
9. Slot - hipotesetoetsing	49
Verwysings	51
 HOOFSTUK 3: BEWONINGSBEVREDIGING	 54
1. Definiëring van bewoningsbevrediging	54
2. Persepsie	55
2.1 Definisie	56
2.2 Persepsie van die geografiese omgewing	57
3. Genese van bewoningsbevrediging	58
4. Konseptualisering	61
4.1 Teoretiese dimensie	61
4.2 Konseptuele model	62

	Bladsy
5. Komponente van bewoningsbevrediging	66
5.1 Residensiële-omgewingsbevrediging	67
5.2 Woonhuistevredenheid	70
6. Meting van bewoningsbevrediging	72
6.1 Veranderlikes	72
7. Implikasies van bewoningsbevrediging	76
7.1 Mobiliteit	76
7.2 Beplanning	79
7.3 Behuisingsbeleid	81
8. Slotopmerkings	82
Verwysings	85
 HOOFSTUK 4: HOUDINGS	 91
1. Inleiding	91
2. Definisie van houdings	92
3. Eienskappe van houdings	94
4. Komponente van houdings	96
4.1 Die kognitiewe komponent	96
4.2 Die affektiewe komponent	96
4.3 Die konatiewe komponent	97
5. Funksies van houdings	97
6. Ontwikkeling van houdings	98
7. Verwantskap tussen houdings en gedrag	100
8. Meting van houdings	102
8.1 Inleiding	102
8.2 Probleme by houdingsmeting	103
9. Houdingskale	104
9.1 Thurstone se houdingskaal	104

	Bladsy
9.2 Likert-skaal	105
9.2.1 Die keuse van stellings	106
9.2.2 Gebalanseerde Likert-skale	106
9.2.3 Aantal responskategorieë	107
9.3 Die semanties-differensiaalskaal	107
9.4 Die Guttman-skaal	108
10. Slotbeskouing	109
Verwysings	110
 HOOFSTUK 5: NAVORSINGSPROSEDURE	 113
1. Oriëntering en afbakening van studiegebied	113
2. Beplanning van navorsing	114
2.1 Sikliese navorsingsprosedure	114
2.2 Bepaling van populasie	114
3. Operasionalisering	114
3.1 Stratifikasie	114
3.2 Steekproefneming	116
3.3 Data-insameling	121
4. Statistiese tegniektoepassing	121
5. Geografiese datamatriks	122
6. Navorsingsgerigtheid	128
Verwysings	129
 HOOFSTUK 6: SOSIALE EN RESIDENSIËLE PROFIEL VAN DIE NAVORSINGSGBIED	 130
1. Rasionaal	130
2. Huishoudingstruktuur	130
2.1 Huishoudingshoof	131
2.2 Ouderdomstruktuur	132

	Bladsy
2.2.1 Ouderdomstruktuur van huishoudingshoofde	132
2.2.2 Ouderdomme van gesinslede	134
2.3 Besettingsdigtheid	137
2.4 Huistaal	140
3. Sosio-ekonomiese struktuur	140
3.1 Jaarlikse inkomste van huishoudingshoofde	141
3.2 Ouers se gesamentlike inkomstekategorie per jaar	144
3.3 Onderwyspeil van gesinshoof	145
3.4 Beroepskategorie van die gesinshoof	150
4. Woonhuisstruktuur	153
4.1 Huisbesitstatus	154
4.2 Fisiese samestelling van woonhuise per sone	156
5. Slotopmerking	163
Verwysings	164
HOOFSTUK 7: REGIONALISERING VAN BEWONINGSBEVREDIGING	165
1. Inleiding	165
1.1 Ontledingsmetode	166
2. Meting en regionalisering van bewoningsbevrediging	168
3. Hipotesestellings en toetsing	177
3.1 Die onderling uitsluitende komponente van bewoningsbevrediging hou verband met mekaar	177
3.1.1 Hipotesetoetsing	179
3.2 Residensiële-omgewingsbevrediging vertoon 'n korrelasie met woonhuistevredenheid	188
3.2.1 Hipotesetoetsing	192
4. Gevolgtrekkings	194

	Bladsy
Verwysings	195
HOOFSTUK 8: REGIONALISERING VAN SOSIO-EKONOMIESE STATUSGROEPE	196
1. Inleiding	196
2. Hipoteses	197
3. Sosio-ekonomiese parameters	197
4. Regionalisering van sosio-ekonomiese status-groepe	200
5. Hipotesetoetsing	212
5.1 Daar bestaan 'n verband tussen sosio-ekonomiese status en die vlak van bewoningsbevrediging	214
5.2 Die ouderdomstruktuur waarin 'n persoon homself bevind, toon 'n verwantskap met die mate van bewoningsbevrediging wat hy/sy ervaar	216
5.3 Bewoningsbevrediging toon 'n verwantskap met die tydperk wat 'n huishouding by 'n bepaalde adres woonagtig is	221
5.4 Bewoningsbevrediging hou verband met die huisbesitstatus van 'n huishouding	225
6. Slotbeskouing	228
Verwysings	229
HOOFSTUK 9: GEÏNTEGREERDE SUBSTREEKORDENING EN OMGEWINGSVOORKEURE	231
1. Inleiding	231
2. Hipotesestellings	231
2.1 Die vlak van bewoningsbevrediging verbeeld 'n chorologiese ordegroepering	231
2.2 'n Predisposisie tot intrastedelike mobiliteit toon 'n verband met die vlak van bewoningsbevrediging	232
3. Chorologiese ordegroepering van bewoningsbevrediging	232

	Bladisy
4. Hipotesetoetsing	236
5. Voorkeurattribute	240
6. Voorkeursones	255
7. Hipotesetoetsing	258
7.1 Onderliggende gedragsprosesse by intra-stedelike mobiliteit	263
7.2 Algemene aannames omtrent residensiële mobiliteit	263
8. Slotbeskouing	264
Verwysings	265
HOOFSTUK 10: STRATEGIE	266
1. Bydraende faktore tot bewoningsbevrediging	266
2. Riglyne en strategieë	268
Verwysings	288
HOOFSTUK 11: SINTESE	289
1. Doelstellings bereik	289
2. Metodologiese bydrae	290
3. Gevolgtrekkings	292
Verwysings	294
GERAADPLEEGDE WERKE	295
ADDENDA	
BYLAE A: Navorsingskedule	311
BYLAE B: Inkomstekategorieë van huishoudingshoofde	320
Man en vrou se gesamentlike inkomstekategorieë	
BYLAE C: Onderwyspeilkategorieë van gesinshoof	321
Beroepskategorieë van gesinshoof	

	Bladsy
BYLAE D: Huisbesitstatus	322
BYLAE E: Berekening van gemiddelde inkomste	323
BYLAE F: Redes hoekom respondente in bepaalde sones wil bly	325
BYLAE G: Bydraende aspekte tot bewoningsbevre- diging (aspekte wat verbeter moet word)	326
OPSOMMING	328

DEEL 2: FIGURE

OPGAWE VAN TABELLE

No.	Titel	Bladsy
5.1	Bloemfontein: Steekproefpersentasie per stratifikasiegroep	117
5.2	Bloemfontein: Getal steekproefeenhede per stratifikasiegroep	118
5.3	Bloemfontein: Populasies en steekproefeenhede per sone	119
5.4	Bloemfontein: Bewoningsbevredigingsdata-matriks	122
5.5	Bloemfontein: Algemene datamatriks	125
6.1	Bloemfontein: Geslagsamestelling van huishoudingshoofde	131
6.2	Bloemfontein: Huwelikstatus van huishoudingshoofde	131
6.3	Bloemfontein: Gemiddelde ouderdom van huishoudingshoofde per sone	133
6.4	Bloemfontein: Ouderdomme van gesinslede per sone	135
6.5	Bloemfontein: Gemiddelde besettingsdigtheid per huis per sone	137
6.6	Bloemfontein: Chronologiese ordening van huistaalverspreiding	140
6.7	Bloemfontein: Jaarlikse inkomstekategorie van huishoudingshoofde per sone	142
6.8	Bloemfontein: Sones wat 'n oorwegende inkomstekategorie toon	144
6.9	Bloemfontein: Gesamentlike inkomstekategorie per jaar per sone	146
6.10	Bloemfontein: Onderwyspeil van gesinshoofde per sone	148
6.11	Bloemfontein: Sones wat 'n oorwegende onderwyspeilkategorie toon	150
6.12	Bloemfontein: Beroepskategorie van gesinshoofde per sone	151

No.	Titel	Bladsy
6.13	Bloemfontein: Sones wat 'n oorwegende be- roepskategorie toon	153
6.14	Bloemfontein: Huisbesitstatus van steek- proefpopulasie per sone	155
6.15	Bloemfontein: Huisbesitverhouding tussen noordelike en suidelike voorstede	156
6.16(a)	Bloemfontein: Fisiese samestelling van woonhuise per sone	157
6.16(b)	Bloemfontein: Fisiese samestelling van woonhuise per sone	159
6.17	Bloemfontein: Frekwensie van fasiliteite op erf	163
7.1	Bloemfontein: Bewoningsbevrediging per sone	169
7.2	Bloemfontein: Beskrywende statistieke van die komponente van bewoningsbevrediging	176
7.3	Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en woonbuurtdienste	180
7.4	Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en sosiale interaksie	180
7.5	Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en veiligheid	181
7.6	Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en woonhuis	181
7.7	Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en erf	182
7.8	Bloemfontein: Verwantskap tussen woonbuurt- dienste en sosiale interaksie	182
7.9	Bloemfontein: Verwantskap tussen woonbuurt- dienste en veiligheid	183
7.10	Bloemfontein: Verwantskap tussen woonbuurt- dienste en woonhuis	183
7.11	Bloemfontein: Verwantskap tussen woonbuurt- dienste en erf	184
7.12	Bloemfontein: Verwantskap tussen sosiale interaksie en veiligheid	184
7.13	Bloemfontein: Verwantskap tussen sosiale interaksie en woonhuis	185

No.	Titel	Bladsy
7.14	Bloemfontein: Verwantskap tussen sosiale interaksie en die erf	185
7.15	Bloemfontein: Verwantskap tussen veiligheid en woonhuis	186
7.16	Bloemfontein: Verwantskap tussen veiligheid en erf	186
7.17	Bloemfontein: Verwantskap tussen woonhuis en erf	187
7.18	Bloemfontein: Bepaling van multikollineariteit	189
7.19	Bloemfontein: Kanoniese korrelasie en betekenisvolheid van kanoniese korrelasies	192
7.20	Bloemfontein: 'n Analise van die eerste kanoniese veranderlike	193
8.1	Bloemfontein: Opsomming van sosio-ekonomiese kenmerke	199
8.2	Bloemfontein: Gemiddelde waardes van sosio-ekonomiese veranderlikes per sone	201
8.3	Bloemfontein: Similariteitskoëffisiënte per groeperingsiklus	204
8.4	Bloemfontein: Sonegroeperings volgens sosio-ekonomiese status	206
8.5	Bloemfontein: Gemiddeldes van sosio-ekonomiese veranderlikes per statusgroep	208
8.6	Bloemfontein: Eiewaardes en variasiebydrae van hoofkomponente	209
8.7	Bloemfontein: Eerste twee hoofkomponente se tellings per sone	209
8.8	Bloemfontein: Komponentladings van die sosio-ekonomiese veranderlikes	212
8.9	Bloemfontein: Verwantskap tussen sosio-ekonomiese status en bewoningsbevrediging	215
8.10	Bloemfontein: Gemiddelde bewoningsbevrediging van sosio-ekonomiese statusgroepe	216
8.11	Bloemfontein: ANOVA'S vir sosio-ekonomiese statusgroepe ten opsigte van bewoningsbevrediging	217

No.	Titel	Bladsy
8.12	Bloemfontein: Verwantskap tussen ouderdom en bewoningsbevrediging	218
8.13	Bloemfontein: Gemiddelde bewoningsbevrediging per ouderdomsgroep	219
8.14	Bloemfontein: ANOVA'S vir ouderdomsgroepe en die aspekte van bewoningsbevrediging	220
8.15	Bloemfontein: Ouderdomsgroepe wat betekenisvol verskil ten opsigte van bewoningsbevrediging	221
8.16	Bloemfontein: Verband tussen tydperk woonagtig by 'n adres en bewoningsbevrediging	222
8.17	Bloemfontein: Gemiddelde bewoningsbevrediging van die onderskeie residensietydperke	223
8.18	Bloemfontein: ANOVA'S vir tydperk woonagtig en die aspekte van bewoningsbevrediging	224
8.19	Bloemfontein: Residensietydperke wat betekenisvol verskil ten opsigte van bewoningsbevrediging	225
8.20	Bloemfontein: Verwantskap tussen huisbesitstatus en bewoningsbevrediging	226
8.21	Bloemfontein: Toets vir verskil tussen gemiddeldes van huisbesitstatusgroepe ten opsigte van bewoningsbevrediging	227
9.1	Bloemfontein: Similariteitskoëffisiënte per groepeeringsiklus	233
9.2	Bloemfontein: Sonegroeperings volgens bewoningsbevrediging-ordegroepe	234
9.3	Bloemfontein: Gemiddeldes van tevredenheidskomponente en totale bewoningsbevrediging per ordegroep	236
9.4	Bloemfontein: ANOVA'S vir die sones ten opsigte van bewoningsbevrediging	238
9.5	Bloemfontein: ANOVA'S vir die ruimtelike ordegroepe ten opsigte van bewoningsbevrediging	239
9.6	Bloemfontein: Voorkeurattribute by die fisiese komponent	241

No.	Titel	Bladsy
9.7	Bloemfontein: Voorkeurattribute ten opsigte van woonbuurtdienste	244
9.8	Bloemfontein: Voorkeurattribute ten opsigte van sosiale interaksie	246
9.9	Bloemfontein: Voorkeurattribute ten opsigte van veiligheid	248
9.10	Bloemfontein: Voorkeurattribute ten opsigte van die woonhuiskomponent	251
9.11	Bloemfontein: Voorkeurattribute ten opsigte van die erf	253
9.12	Bloemfontein: Voorkeursones	256
9.13	Bloemfontein: Redes hoekom respondente in bepaalde sones wil bly	258
9.14	Bloemfontein: Verwantskap tussen die bedoe- ling om te verhuis en bewoningsbevrediging	260
9.15	Bloemfontein: Toets vir verskil tussen ge- middeldes van potensiele- en nie-verhuisers ten opsigte van bewoningsbevrediging	260
9.16	Bloemfontein: Toets vir verskil tussen ge- middeldes van respondente wat moontlik na 'n duurder woonhuis sal verhuis versus die nie-verhuisers ten opsigte van bewoningsbe- vrediging	262
10.1	Bloemfontein: Bydraende aspekte tot bewo- ningsbevrediging	266
10.2	Bloemfontein: Verbeteringsprioriteite ten opsigte van die fisiese voorkoms	270
10.3	Bloemfontein: Verbeteringsprioriteite ten opsigte van woonbuurtdienste	272
10.4	Bloemfontein: Verbeteringsprioriteite ten opsigte van sosiale interaksie	274
10.5	Bloemfontein: Verbeteringsprioriteite ten opsigte van die veiligheidskomponent	278
10.6	Bloemfontein: Verbeteringsprioriteite ten opsigte van die woonhuiskomponent	282
10.7	Bloemfontein: Verbeteringsprioriteite ten opsigte van die erf as komponent van be- woningsbevrediging	285

OPGAWE VAN SKEMAS

No.	Titel	Bladsy
1	Posisie van navorsingsbenadering	23
2	'n Model wat die determinante van bevrediging met die residensiële omgewing aandui	65
3	'n Model vir die eerste stadium van die besluitnemingsproses ten opsigte van mobiliteit	77
4	Sikliese navorsingsprosedure	115

OPGAWE VAN DIAGRAMME

No.	Titel	Bladsy
1	BMDP6M-uitdruk wat die verspreiding tussen die eerste en tweede pare kanoniese veranderlikes aantoon	191
2	Bloemfontein: Dendrogram vir sosio-ekonomiese veranderlikes	207
3	Soneverspreiding op assestelsel volgens hoofkomponente 1 en 2 se tellings	213
4	Bloemfontein: Dendrogram vir die chorologiese ordegroepering van bewoningsbevrediging	235

HOOFSTUK 1

DOEL EN BENADERING

1. Rasionaal

'n Mens word elke dag met omgewingsprobleme gekonfronteer en ontwikkel gevolglik onwillekeurig 'n groeiende bewustheid ten opsigte van die kwaliteit van die fisiese omgewing. (Binne die fisiese omgewing vind sosiale gebeure plaas en derhalwe is daar 'n noue verband tussen die fisiese en sosiale omgewings.) Dit is dus nie vreemd dat daar in die afgelope ongeveer 20 jaar 'n groter betrokkenheid en besorgdheid by mense ontstaan het rakende die (fisiese) omgewing nie: "We are beginning to realize that virtually all aspects of the world around us can have profound and potentially negative effects on our health and wellbeing."¹

Omdat Geografie te doen het met aardruimtelike inhoud, en 'n definisie van Omgewingsielkunde* die mens se verbondenheid aan die aardruimte (fisiese omgewing onder andere) beklemtoon, is dit in die konteks van die onderhawige onderwerp relevant dat dit bestudeer word: "Its (environmental psychology) essential concern is with man's relationship to his physical environment, and more particularly to the physical environment that he himself has created."² Binne die fisiese omgewing wat die mens vir homself geskep het, is die sosiale aspekte implisiet teenwoordig en dit is derhalwe belangrik dat hierdie gegewe altyd in gedagte gehou sal word wanneer daar van die mens-omgewingverwantskap gepraat word.

Daar was nog altyd by geograwe 'n behoefte om die effek van die fisiese omgewing op menslike gedrag te bestudeer. Psigologiese studies het gevolglik meer relevant vir

* Infra, p. 32.

Menslike Geografie geword.³ Geografe se werk het dus 'n sterk gedragswetenskaplike inhoud gekry: "Geographers have always been concerned with man-land relationship, but it is only recently that they have deliberately sought out behavioral science methodology to study it from new perspectives."⁴

Verder het die toenemende bewuswording van die omgewing en die probleme rakende die omgewing, verskeie dissiplines genoop om pogings aan te wend om die belangrike knelvrae wat opgeduik het te help oplos. Uit hierdie soeke na oplossings het Omgewingsielkunde as dissipline ontwikkel.

Die vraag bly egter nog steeds watter nut studies, wat die verwantskap tussen die mens en sy omgewing ondersoek, het. Daar kan verskeie redes wees hoekom sodanige studies onderneem moet word. Een sodanige rede is volgens Heimstra en McFarling bloot op die vermeerdering van kennis toegespits.⁵ Hierdie stelling blyk baie oppervlakkig, alhoewel 'n mens besef dat daar verskeie studies is wat bloot op kennisvermeerdering gerig is en wat uiteraard op sigself baie waarde het.

Bogenoemde skrywers sê egter dat 'n verdere rede vir die onderneem van sulke studies, die oplos van praktiese probleme behels. "Environmental psychology research has many potential uses. For example, people in a number of professions concerned with various aspects of 'environmental design' routinely make decisions that modify the physical environment in such a fashion that the behavior of many individuals may be affected."⁶ Dit is daarom belangrik dat die argitek en stadsbeplanner byvoorbeeld kennis van die verhouding tussen die omgewing en menslike gedrag moet neem.

Hierdie gedagte word ook deur Appleyard ondersteun. Volgens hom is professionele beplanners, argitekte, ingenieurs ensovoorts voor 1960 reeds as deskundiges op die gebied van

beplanning en besluitneming in die stedelike omgewing beskou. Gedurende die sestigerjare het die publiek stedelike hernuwingsprojekte begin bevraagteken. Hy sê verder dat hierdie tendens momentum gekry het, "... when the environmental crisis exploded in 1970, (and that) any development that contributed to urban growth - residential communities, highrise buildings, and even rapid transit systems,"⁷ bevraagteken is.

Alle projekte is bevraagteken en hierdie ontevredenheid was veral kenmerkend by groot projekte waar mense summier vanaf hulle huise verskuif is of waar gewaardeerde omgewings verander of selfs vernietig is.

Om bogenoemde praktiese probleme die hoof te bied en toekomstige beplanningsprojekte te ontwikkel wat in ooreenstemming met die mens se houding, waardes en ondervindinge is, is 'n studie van die verwantskap tussen die mens en sy omgewing dus uiters relevant en noodsaaklik.

Hierdie verwantskap vind ook sy neerslag in die residensiële omgewing.

Die residensiële omgewing is 'n belangrike gebied vir die stadsbewoner, want dit is dié plek waarheen hy daaglik terugkeer na werk, waarin hy sy vrye tyd moet deurbring, waar hy sy vriende onthaal, ensovoorts. Die residensiële omgewing is gevolglik 'n belangrike stadsgebied omdat menslike gedrag hierin tot uiting kom. "Among the many settings for human behavior, the residential environment is distinctive as the physical context for diverse roles and relationships."⁸ Hieruit kan derhalwe afgelei word dat die residensiële omgewing 'n plek van identiteit vir die stadsbewoner word.

Ten spyte van hierdie belangrikheid van die woonomgewing en die relevantheid van die residensiële ondervindinge, is

kennis omtrent die invloed wat die residensiële omgewing op die gedrag en menslike houdings het, skaars. Fried sê in hierdie verband "... our knowledge about the effects about the residential environment on behavior and attitudes is sparse".⁹

'n Algemene probleemstelling van die studie is dan juis daarop gerig om die verwantskap wat daar tussen houdings en 'n mens se woonomgewing bestaan, te ondersoek. "Such a relationship assumes that individuals have certain values and attitudes regarding housing and that these can be assessed in terms of their satisfaction with their residence."¹⁰

Die vraag kan gevolglik gestel word waarom die residensiële omgewing as studie-objek bestudeer moet word om die invloed van gedrag en houdings raak te sien. Die antwoord op hierdie vraag is dat 'n huisbewoner se tevredenheid met sy woonomgewing (fisies en sosiaal) uiteindelik in gedrag van een of ander aard gemanifesteer word. In hierdie verband voeg Fried by: "The residential environment presents a special case of the general relevance of the physical environment for human behavior and experience."¹¹

Dit is verder 'n bekende realiteit dat die afgelope klompie jare gekenmerk word deur veral twee verskynsels. Eerstens bly baie mense in 'n stedelike omgewing, spesifiek in 'n wooneenheid wat nie vir hom ontwerp of gebou is nie. Tweedens vertoon baie stedelike omgewings tekens van agteruitgang.¹²

In die lig hiervan bestaan daar by die woonhuisgebruiker 'n behoefte aan deelname tot beplanningsbesluite, want die mens is 'n kognitiewe en doel-georiënteerde wese. Die individu rig sy gedrag nie net op die doel waarna hy streef nie, maar ook deur die kognitiewe proses, dit wil sê die manier waarop hy die omgewing waarneem en interpreteer. "Each individual

interprets and gives meaning to his environment, and to this extent the real differences among individuals and groups lie not in how they behave but in how they perceive."¹³

Dit is dan juis hierdie neiging van die residensiële gebruiker om sy gedrag in ooreenstemming met sy kognitiewe proses te rig, wat die insig gebring het dat die individu 'n belangrike bydrae kan lewer tot beplanningsbesluite. "With the increasing interest in the behavioral aspects of housing environments, and the realization of the user as a vital ingredient in guiding change towards the goal of a more meaningful environment, survey research is beginning to preempt hunches and intuitive speculations of personal values, previously the basis for design decisions."¹⁴

Chi en Griffin het ook opgemerk dat daar 'n groeiende besef onder persone wat met die behuisingsmark te doen het bestaan, dat sukses in die behuisingvoorsieningsprogram nie slegs aan die aantal eenhede wat voorsien word gemeet kan word nie, maar dat die wooneenhede in 'n gunstige (bevredigende) omgewing geleë moet wees. Hierdie gunstige omgewing het veral betrekking op attribute soos stedelike ligging, veiligheid, dienste en sosiale organisasie.¹⁵

Die mens se poging tot 'n bevredigende omgewing betrek hom by allerlei interaksies met sy omgewing, fisies sowel as sosiaal. Die stedelike bewoner kan nie hieraan ontkom nie, want hy is 'n fisiese komponent van 'n totale omgewing. Enige poging van hom om sy omgewing te verander, sal hom ook betrek. Dit is dan juis as gevolg hiervan dat die individu poog om sy omgewing so te organiseer dat hy bevrediging in sy leefruimte ervaar. "Any physical setting that provides many alternatives for the satisfaction of a primary purpose and the satisfaction of related and unrelated subsidiary purposes obviously provides considerable freedom of choice."¹⁶

Hierdie poging van die individu om bevrediging in sy woonomgewing te ervaar spruit uit die behoefte van die residensiële bewoner dat daar beplanning moet wees om aan hom 'n milieu te verskaf waar hy in vrede en harmonie kan woon.

Daarom sal daar met hierdie studie gepoog word om aan te sluit by die algemene doelstelling van omgewingstudies. Sanoff en Sawhney sê dat die doel van die meeste omgewingstudies "... is to predict the influence of the environment on man and his response to and evaluation of the environment and to control environmental influence on man to make it most consistant with his values and life styles..."¹⁷

In die lig van hierdie kort inleidende teoretiese agtergrond word die volgende spesifieke doelstellings met die studie beoog.

2. Doelstelling

Die primêre doelstelling van hierdie humanitêr-georiënteerde gedragstudie behels 'n ontleding van die ruimtelike wooneenheid- en woonbuurtdimensies wat bewoningsbevrediging bepaal en die daarstelling van 'n gefintegreerde* hiërargiese sone-ordening volgens hierdie kenmerke. 'n Sekondêre onderliggende doelstelling behels die soeke na verwantskappe tussen huisbewoners se tevredenheidsvlak en bepaalde demografiese sowel as sosio-ekonomiese faktore.

Ten einde bogenoemde doelstellings te bereik sal die hieropvolgende hipoteses ondersoek word.

* Gefintegreerd dui op 'n meerveranderlike eenheidsmodel en nie op deelmodelle nie.

3. Hipoteses

Binne hierdie hipoteties-verifiërende humanitêr-georiënteerde gedragbenadering sal die volgende hipoteses ondersoek word.

3.1 Hermeneutiese hipotese

3.1.1 Die toetrede van Geografie tot 'n gedraggeoriënteerde studie waar bewoningsbevrediging bepaal word, toon 'n verwantskap met Omgewingsielkunde in dié sin dat albei by die bepaling en uiteindelijke verbetering van lewensgehalte belang het.

3.2 Statisties-verifiërende hipoteses

3.2.1 Die samestellende komponente van bewoningsbevrediging (fisiese voorkoms, woonbuurt-dienste, sosiale interaksie, veiligheid, woonhuis en erf) hou verband met mekaar.

3.2.2 Residensiële-omgewingsbevrediging vertoon 'n korrelasie met woonhuistevredenheid.

3.2.3 Bewoningsbevrediging toon 'n verband met bepaalde huishoudingskenmerke, waaronder sosio-ekonomiese status, ouderdomstruktuur, residensie-tydperk en huisbesitstatus.

3.2.4 Die vlak van bewoningsbevrediging verbeeld 'n chorologiese ordegroepering.

3.2.5 'n Predisposisie tot intrastedelike mobiliteit toon 'n verband met die vlak van bewoningsbevrediging.

4. Geografiese benadering - 'n inleiding

Binne die enger paradigma van hierdie studie is dit wenslik om te besin oor die wesensaard van Menslike Geografie in 'n breër konteks. 'n Dieptebesinning oor Stadsgeografie is egter in hierdie studie veral essensieel.

Aangesien 'n konseptualisering van Menslike Geografie 'n studieterrein op sigself is, word met die volgende beskrywing daarvan volstaan. "Thus, if, as I claim, human geographers seek to understand that which they perceive, then clearly there will only be a human geography if all human geographers have been identically socialized and none rejects that situation."¹⁸ Hierdie beskrywing van Menslike Geografie besit twee eksplisiete waarhede. Eerstens kan 'n mens net dit waarneem wat 'n fisiese eksistensie het, terwyl hierdie bestaansfunksie onafhanklik van die persepsie daarvan is. Tweedens huisves hierdie omskrywing die waarheid dat die mens waarneem in dié mate waarin hy opgevoed (gesosialiseer) is.

Dit is dan juis binne hierdie konseptuele basis van Menslike Geografie waar Stadsgeografie 'n plek probeer handhaaf. In die lig van bogenoemde omskrywing wil die stadsgeograaf steeds ruimtelike patrone waarneem en verklaar, hoewel vanuit 'n bepaalde onderskeidende konteks binne Menslike Geografie as moederdissipline.

Geografie is per definisie die dissipline wat die veranderlike ruimtelike karakter op aarde beskryf en interpreteer. Dit impliseer dat Geografie, en dan spesifiek Menslike Geografie, as primêre verantwoordelikheid het om die metodologie vir elke deeldissipline binne Menslike Geografie te verskaf en te definieer. Elke subdissipline moet dan hierdie metodologie aanwend vir die spesifieke fenomeen (sy belangstellingsfokus) wat bestudeer word.¹⁹

Cullen en Knox beskryf gevolglik die onderskeidende taak van Stadsgeografie kortliks soos volg: "In essence, the task of urban geography is to explain the spatial differentiation of people and commodities within social and historical context; why it is that goods and services like housing are distributed as they are."²⁰

Dit wil, na aanleiding van hierdie taakomskrywing van die stadsgeograaf, lyk asof die stad die uitsluitlike fokusterrein is. Pellegrini en Zerbi verklaar onomwonde dat die geografie van die stad slegs maar 'n afdeling van Stedelike Geografie is.²¹ Hieruit is 'n logiese afleiding dat enige agglomerasie van superstrukture* (die mosafekpatrone waarin individue woon) en infrastrukture (die oorsaaklike prosesse van superstrukture) as navorsingsterreine vir stedelike geograwe getipeer kan word.

Hoewel daar na aanleiding van die sogenaamde sosialiseringsproses reeds implisiet van verskeie subdissiplines binne Geografie gewag gemaak is, is dit in hierdie stadium relevant om verder te besin oor enkele onderskeidende karakteristieke van Stedelike Geografie. Dit is veral van belang ten opsigte van ander sosiaal-wetenskaplike dissiplines wat hulle met die bestudering van soortgelyke verskynsels besig hou.

Hoewel daar verskeie dissiplinêre perspektiewe op die stad is, is hulle nie heeltemal onderling eksklusief nie ten spyte van elke subdissipline (byvoorbeeld Stedelike Geografie, Stedelike Ekonomie, Stedelike Sosiologie, ensovoorts) se eie kenmerkende perspektief op die stad. Die gemeenskaplike aspek volgens Cadwallader setel in Stedelike Beplanning: "Urban planning lies within the area of overlap

* Hierdie konsep kom voor in die artikel van R.J. Johnston - On the nature of explanation in human geography, in Transactions Institute of British Geographers, vol. 5, no. 4, 1980, p. 407.

because it involves applying the theoretical insights of the various subdisciplines to urban problems."²²

Die onderskeidende kenmerk van Stedelike Geografie met betrekking tot ander sosiaal-wetenskaplike dissiplines setel in die eiesoortige tipe navorsing wat op die verklaring van die ruimtelike inter- en intra-differensiasie van superstrukture en die ideologiese basis wat hierdie strukture onderlê, gerig is. Daar moet egter 'n mate van versigtigheid geopenbaar word wanneer die onderskeidende karakter slegs hierin gesoek word. "The spatial perspective, in fact, is the central theme of geography. The map is a vital research tool that geographers use to communicate and operationalize this philosophy."²³

By die lees van bogenoemde sou 'n mens gevolglik die onderskeidende kenmerke van Stedelike Geografie (Stadsgeografie) met betrekking tot die volgende twee aspekte kon saamvat: Stedelike Geografie bestudeer eerstens die sogenaamde superstruktuur - teenoor ander objekte wat in Geografie bestudeer word. Tweedens handhaaf dit 'n unieke kombinasie van gesigshoeke (fisies, ruimtelik, sosiaal, ekonomies, ensovoorts). Verder is dit ook aan 'n leidende metafoor/model soos ruimtelike ontleding en voorstelling gekoppel (vergelyk verwysing 23), teenoor ander vakwetenskappe wat dieselfde fenomeen bestudeer.

Hoewel bogenoemde bespreking Stedelike Geografie redelik verkonseptualiseer, is 'n omskrywing van hierdie terrein binne Geografie as dissipline uiters relevant. "Urban geography studies the patterns and processes which occur among and within urban places; the objective form which these take, the subjective manner in which they are interpreted, and their mode of origin at both local and societal scales."²⁴

In die lig van bogenoemde bespreking sal 'n opmerking aangaande die evolusie van Stedelike Geografie aktueel wees. Carter stel dat stedelike studies voor die Tweede Wêreldoorlog nie 'n betekenisvolle deelkomponent van Geografie was nie. Gevolglik word Stedelike Geografie as 'n baie jong vertakking van Geografie gereken.²⁵ Ten spyte van hierdie beskeie begin, het dit een van die mees populêre komponente van geografies-analitiese studies geword. "Whereas in the early 1950's a separate course on urban geography at an English-speaking university was quite exceptional, today the absence of such a course would be equally remarkable."²⁶

Enige vakwetenskap word gekenmerk deur verandering en inhoudsaanpassing gedurende sy ontwikkelingsgang. Dit is juis hierdie aspek wat meehelp dat filosofiese strominge en metodologiese aspekte kwelvrae in die Geografie bly. "Throughout its history, geography has been characterized by an unceasing methodological debate upon its scope and content, a debate that has occasionally scorched the pages of its varied journals."²⁷

Stedelike Geografie het nie hierdie filosofiese strominge en strydvrage ontkom nie en staan midde-in 'n maalgang van verskillende paradigmas wat moontlik in 'n temporale dimensie geplaas en geïnterpreteer kan word. Vervolgens sal die konseptuele basis van Stedelike Geografie in 'n temporale verband onder die loop geneem word.

5. Konseptuele basis van Stedelike Geografie

By die bestudering van die benaderings wat algemeen deur stadsgeografe gevolg word, is dit as vertrekpunt goed om oor die paradigma-konsep te besin. Die verwysingsraamwerk waarbinne 'n bepaalde studie geskied, word deur Herbert en Thomas soos volg gedefinieer: "It is used here in its more general form as comprising a body of ideas or a broad model

which may be used to guide the development of theory and explanatory research; a paradigm constitutes an important reference point for practitioners within a particular discipline."²⁸

In die lig van hierdie definisie en vele ander, kan verskeie paradigmas in die ontwikkelingsgang van Menslike Geografie herken word. Hoewel daar vervolgens op die tradisionele paradigmas en uiteindelik op meer kontemporêre paradigmas gelet sal word waar daar inherent tydvakke teenwoordig is, is 'n rigiede temporale afbakening nie haalbaar nie. "There are in a sense no paradigms lost; whereas new have been added, the old have rarely been totally discarded ..."²⁹

Harvey en Holly,³⁰ sowel as Cadwallader³¹ stem saam dat die onderskeie navorsingsperspektiewe nie eksklusief is of selfs in 'n sekere stadium van die evolusie van 'n dissipline gekompartementeer kan word nie. Paterson het ook gesê dat die pendulumswaai van rigiede na soepel paradigmas as 'n evolusieproses beskou moet word.³² Johansson gaan selfs verder en sê dat hierdie sogenaamde evolusieproses kan veroorsaak dat verskillende groepe of mense binne dieselfde dissipline verskillende paradigmas kan aanhang.³³

Verder moet daar ook op die feit gelet word dat die wyse waarop 'n paradigma vandag funksioneer, skerp te onderskei is van wat oorspronklik daarmee in die natuurwetenskappe bedoel is. "Vroeër so lyk dit, het Kuhn se standpunt 'n totale inkommensurabiliteit tussen wedywerende teorieë geïmpliseer. ... Intussen het dit vir Kuhn tog belangrik geword om rekenskap te gee van 'n moontlikheid tot (parsiele) kommunikasie oor paradigma grense heen."³⁴

5.1 Tradisionele paradigmas

Hierdie paradigmas was veral kenmerkend van die periode tot 1950 en daarom beskou Herbert en Thomas hierdie paradigmas as tradisioneel. Die volgende bespreking moet dan ook in die lig van bogenoemde skrywers se beskouing gesien word.³⁵

Daar is veral drie tipes metodologieë wat die kenmerke van 'n paradigma het, hoewel hulle nie almal 'n sterk teoretiese basis gestimuleer het nie. Die drie tradisionele temas sal vervolgens kortliks beskou word.

5.1.1 Eksplorاسie-paradigma ("exploration")

Hierdie benadering verwys na die vroeë en klassieke fases in die ontwikkeling van geografiese denke. Die kenmerkende eienskappe van die paradigma was die versameling van elementêre feite omtrent ruimtelike verskynsels en ook die voorstelling van plekke op kaarte. Herbert en Thomas sê egter van hierdie tema: "Although the theme of exploration has long been associated with geography, and is the quality by which the subject is most easily recognized, it has limited claims to be described as a paradigm."³⁶

5.1.2 Oorbeklemtoning van die omgewing ("Milieu-isme")

Belangstelling in die verhouding tussen die mens en sy geografiese omgewing kan baie ver teruggevoer word. Gold noem die volgende voorbeeld om hierdie bewering te staaf. "As early as the fifth century B.C., the treatise 'On Aims, Waters and Places' by Hippocrates, had argued that there was a strong link between bodily diseases and the climatic attributes of places."³⁷

Hierdie paradigma is gevolglik kenmerkend van die klassieke periode waar daar 'n groot bewustheid was van die wyse

waarop die fisiese omgewing die funksionering en ontwikkeling van gemeenskappe beïnvloed het. Hierdie verwysingsraamwerk het verder ook meer om die lyf gehad. "Environmentalism with its strong theoretical and problem solution underpinning relating to the physical environmental controls on human activity, has clear claims to the status of a paradigm."³⁸

5.1.3 Regionalisme

Hierdie navorsingsraamwerk het sommige aspekte van die eersgenoemde tradisie oorgeërf en het derhalwe 'n sterk beskrywende karakter. Dit verskaf egter ook 'n sintese van die mens en omgewing-verwantskappe. Regionale studies kan derhalwe betrokke wees by die identifisering van eenvormige streke, die beskrywing van sekere streke en gespesialiseerde regionale monografieë. Herbert en Thomas sê egter dat hierdie benadering, "... claims to be regarded as a paradigm".³⁹ Alhoewel regionale studies van hierdie aard vandag min akademiese geloofwaardigheid het, bly dit in 'n gewysigde vorm 'n belangrike deel van die dissipline.

Bogenoemde tradisionele paradigmas het navorsing in Menslike Geografie vir 'n lang tydperk gedomineer. Hoewel die invloed nog in 'n mate teenwoordig is, het die hele benaderingswyse binne veral Stedelike Geografie verander. "Since the late 1950's, however, the pace of methodological change has quickened considerably and nowhere has the impact of this change been felt more immediately than in urban geography."⁴⁰

5.2 Kontemporêre paradigmas*

Daar is veral drie hoofdimensies van navorsing in Stedelike Geografie, naamlik positivisme, die sogenaamde behaviorisme en strukturalisme. Cadwallader sê van hierdie drie filosofiese strominge: "They are the three most important, however, with the positivist tradition representing the mainstream of current urban geography."⁴¹

Vervolgens sal slegs 'n tipering van die drie verwysingsraamwerke verskaf word, aangesien die doel in hierdie studie nie 'n wetenskaplike evaluering van die paradigmas vereis nie.

5.2.1 Positivistiese benadering

Volgens Cadwallader is hierdie benadering gerig op die soeke na veralgemenings en wette as metode om verskynsels te verklaar en te voorspel. "Abstract modes of thought, especially the use of statistics and mathematics are invoked to assist with the identification and representation of these generalizations."⁴²

Binne hierdie konteks was die benadering in Stedelike Geografie daarop gerig om klem te plaas op ruimtelike analise; dit wil sê om die ruimtelike patrone van stedelike verskynsels te ondersoek en te verklaar met behulp van wetenskaplike metodes. "The aim was to be scientific - as are physics and chemistry - and to provide quantifiable theories and laws ..."⁴³

* Die problematiek van die filosofiese benaderings is met dr. P.J. Visagie, senior lektor in die departement Wysbegeerte, UOVS, bespreek. Baie van die menings in die volgende gedeeltes is te danke aan insiggewende gesprekke met hom.

In die positivistiese tradisie het 'n groep wetenskaplikes ontstaan wat hulleself die logiese positiviste genoem het. "The group pursued a modern development of positivism, and extended its fundamental principles by arguing that formal logic and pure mathematics as well as the evidence of the senses provide sure knowledge."⁴⁴

Daar het egter kritiek ontstaan teen die positivistiese benadering. "The main ground for disillusion within the positivist camp was a growing realization that the models being propounded and tested were not very good descriptions of reality, so that progress towards the development of geographical theory was painfully slow."⁴⁵ Hierbenewens was die kritiek ook teen die aanname dat navorsing vanuit die positivistiese tradisie waarde-vry is, omdat: "Subjective elements will intrude in many stages of the research process ..."⁴⁶ Hiervolgens is die kritiek teen positivisme dus dat die aanname van 'n waarde-vrye wetenskap nie stand hou nie. Gregory het ook hierteen kritiek, want hy sê dat die vervreemding tussen wetenskap en die gemeenskap in die Geografie oorkom moet word, aangesien, "A genuinely critical geography has to recognize the necessary connections between these two (contemporary science and contemporary society) if it is to have any practical efficacy, and a continued commitment to l'utile (technically utilizable) makes this impossible".⁴⁷

Volgens Mouton kan Kuhn se kritiese standpunt teen die positivistiese benadering soos volg saamgevat word: "Die positivistiese standpunt oor die groei van wetenskaplike kennis is intrinsiek foutief (die geskiedenis toon dit aan) en daarom is die onderliggende wetenskapbeskouing ook verkeerd."⁴⁸ Die positivisme as paradigma, staan vandag dus in die wetenskapsteorie in taamlike diskrediet.

Ten spyte van die kritiek teen positivisme het dit volgens Hill 'n paar belangrike lesse te leer.⁴⁹ Dit leer die

navorser die waarde daarvan om waarnemings versigtig te maak en om 'n gestrengte en selfs eksakte wyse van begripsvorming na te streef. Volgens Herbert en Thomas het dit die volgende belangrike waarde: "The spatial analysis paradigm with its thrust towards laws and quantification gave urban geography an important new dimension and retains a valuable role, albeit modified and more limited."⁵⁰

5.2.2 Gedraggegeoriënteerde benadering

Weens die weglating van subjektiewe elemente uit die positivistiese benadering was daar 'n aandrang vir 'n groter subjektiewe benadering tot Menslike Geografie. Daarom kan hierdie benadering se ontstaan enersyds gesien word as 'n pendulumswaai weg van die rigiede benadering na 'n meer soepel ("soft") benadering. Andersyds moet dit beskou word as steeds verwant aan die positivistiese benadering, "... for at each swing we carry forward the concepts and techniques developed in the last stage for use in the next".⁵¹

Dit is waar dat die positivistiese benadering groot klem op veralgemening en die natuurwetenskaplik-gemodelleerde abstrahering van die werklikheid geplaas het sodat ruimtelike analise uiteindelik, "... forms only a superficial view of human behaviour with no real attempt to understand internal motives and the real nature of processes which are at work".⁵²

Juis in reaksie hierop het Gedraggeografie teen die einde van die sestigjare ontwikkel. "For a short period at the end of the 1960's, it became fashionable to assert that geographical thought was about to experience a behavioural revolution which would transform the subject's traditional standpoints on man-environment relationships."⁵³

Ley stel die ontwikkeling van gedragsgeoriënteerde studies binne die kader van groter subjektiwiteit soos volg: "The emergence of behavioural geography witnessed the explicit commitment to delve beneath the distribution maps and spatial facts to an examination of social and cognitive processes in their everyday context."⁵⁴ Cadwallader het 'n soortgelyke beskouing wanneer hy sê dat die gedragsbenadering groter klem plaas op die besluitnemingsprosesse wat uiteindelik ruimtelike patrone tot gevolg het.⁵⁵ Dit is gevolglik in hierdie verband wat die gedragsbenadering as 'n toevoeging tot die ruimtelik-positivistiese benadering beskou moet word, omdat kwantitatiewe meting ook hier relevant is.

Verder is die gedragsbenadering ook belangrik om ruimtelike strukture (superstrukture) te verstaan, aangesien dit uiteindelik mense se besluite, houdings en gedrag is wat vir die ruimtelike ordening van strukture verantwoordelik is, eerder as wat die verhouding tussen die ligging van die verskynsels daarvoor verantwoordelik is.⁵⁶

Dit is egter by hierdie benadering belangrik om te beseef dat dit nie primêr by die ruimtelike manifestasie van gedrag self betrokke is nie, maar eerder belang het by die prosesse wat vir gedrag verantwoordelik is.⁵⁷ In hierdie verband kan menslike waardes en gevoelens gesien word as korrelate van en selfs voorafgaande aan spesifieke gedrag. In hierdie opsig moet aspekte van die gedragsbenadering dus van die meer ekstreme vorme van behaviorisme onderskei word.

Hierdie benadering is egter ook nie van kritiek vry te spreek nie. Die fokus van een vorm van kritiek berus op die verwaarlosing van die sosiale dimensie en veral die aanname dat daar 'n skeiding tussen die subjek en objek is, in die sin dat die mens met sy selfbewustheidsin homself van sy dade in 'n objektiewe wêreld kan skei.⁵⁸ Hierdie kritiek word duideliker met die volgende operasionele kritiek.

Johnston sê dat hierdie benadering die navorser slegs toelaat om die gedrag van 'n persoon binne 'n bepaalde struktuur te verklaar, sonder enige verwysing na die struktuur. "Thus behavioural geography takes much of the material world as given, and studies how people operate within it."⁵⁹ So 'n toestand is onbevredigend.

'n Benadering waar 'n verwysing na strukture weer oorbeklemtoon word in die sin dat besluitnemersinvloede op superstrukture as sentrale fokus geneem word, staan as die sogenaamde "bestuurs-isme" ("managerialism") bekend. Ten spyte van die feit dat hierdie bestuursbenadering nie tot 'n volwaardige teoretiese beskouing ontwikkel het nie, voel Herbert en Thomas tog dat dit 'n waardevolle bydrae kan lewer. "Discussion of the subjective approach has already explored some of these possibilities but somewhat closer to 'hidden structure', analysis of the 'managers' in the societal system has valuable insights to offer."⁶⁰

Daarom kan gepostuleer word dat hierdie benadering eerder 'n raamwerk vir geografiese analise verskaf as wat dit 'n konseptuele argument verteenwoordig. Dit is dan juis in die lig hiervan dat Johnston ook sê, "... it offers no more of a complete explanation than does behavioural geography; indeed it rapidly becomes just another facet of behavioural geography, and thus fatally incomplete".⁶¹

5.2.3 Die strukturalistiese benadering

'n Meer radikale kontemporêre benadering wat in Stedelike Geografie ontwikkel het, is die strukturalistiese benadering.* Hierdie benadering het ontstaan weens die kritiek op die tekortkominge in die kwantitatief-teoretiese

* Hierdie benadering in Stedelike Geografie moet van 'n filosofiese stroming met dieselfde naam onderskei word. Moontlik kan hierdie benadering ook die konflik-sosiologiese benadering genoem word.

en die subjektief-gedragbenadering in Geografie. Verder het die aangetrokkenheid tot die strukturalistiese benadering ook ontstaan weens die probleem dat die Gedragsgeografie en die oorbeklemtoning van die bestuurspraktyke ("managerialism") onvolledige verklarings gebied het. "The attraction of the structuralist approach, of the focus on constraint rather than choice, was that it offered a solution to the problem of explanation identified above."⁶²

Die kern van die sogenaamde onvolledige verklarings wat Gedragsgeografie bied, word volgens Cadwallader soos volg saamgevat: "The behavioral viewpoint in general has also been attacked for neglecting the societal constraints on individual human behavior."⁶³ Die basiese kritiek is gevolglik gerig teen die aanname dat daar konsensus tussen verskillende sosiale groepe is en as sodanig geen invloed op stedelike strukture het nie. Eyles het ook die eksplisiete verwaarloosing van die sosiale dimensie in die voorafgaande benadering raakgesien. "As there is a current over-emphasis in social geography on positivistic and deterministic theories and a relative neglect of conflict, let us consider conflict at the social level."⁶⁴

Dit is dan juis vanuit hierdie kritiese toestand wat strukturalisme ontwikkel het as 'n verdere onderskeidende metodologiese basis om stedelike probleme te bestudeer. Hierdie konflik-sosiologiese benadering verskuif die fokus na 'n sogenaamde totaliteitstema waar patrone en prosesse die resultaat van sekere strukturele sosiale gegewendhede is.⁶⁵ Aangesien hier derhalwe sprake van 'n oorbeklemtoning van die sosiale oorsprong van strukture is, beskou sommige geografe strukturalisme as sinoniem met (Neo-) Marxisme, hoewel Herbert en Thomas sê dat dit 'n absoluut verkeerde opvatting is. "As with early moves towards subjectivism, geographers have sometimes worked in structuralist terms without any consistent explicit awareness of the evolving philosophical traditions which precede them."⁶⁶

Die waarde van hierdie benadering in Stedelike Geografie word gevind in die sin dat dit rigtinggewend vir geografe is omdat dit hulle na 'n breër konteks verwys waarin stedelik-ruimtelike strukture in verhouding met sosiale probleme bestudeer moet word.⁶⁷ Die basiese uitgangspunt by hierdie benadering is dus dat sosiale konflik bepaalde geografiese strukture onderleë.

In die lig van bogenoemde bespreking van paradigmadiese uitgangspunte is dit duidelik dat verskeie benaderings op die horison van Stedelike Geografie sigbaar is. Daarom is dit gevolglik relevant om hierdie studie binne die kader van verskillende uitgangspunte te plaas.

6. Navorsingsbenadering

Met die eerste oogopslag spreek die humanitêr-georiënteerde gedragsbenadering die onderhawige soort navorsing baie sterk aan. Volgens Cadwallader het kritiek teen die bestaande gedragsbenadering in Geografie aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n meer humanitêr-georiënteerde rigting in die Gedragsgeografie, "... which focuses on human feelings and values, such as the sense of place, and on participant methodologies".⁶⁸


Hierdie aangetrokkenheid tot hierdie benadering is juis die geval omdat die positivisme aan die een kant en die enger behaviorale of behavioristiese model aan die ander kant sterk reduksionisties opereer deur geweldig klem te plaas op die natuurwetenskaplike benadering. Johnston bevestig hierdie aangetrokkenheid van die behavioris tot die natuurwetenskaplike model deur te sê: "... the behaviorists did not really move far from the spatial-science ethos".⁶⁹ Verder is die konflik-sosiologiese benadering waar sosiale konflik bepaalde geografiese strukture onderleë, nie in die onderhawige studie haalbaar nie.

Bogenoemde sterk reduksionisme van die positivisme en die behaviorisme loop boonop die gevaar om die innerlike gevoelens van die mens en die normatiewe aspekte van gedrag, samelewing en kultuur te veel te ignoreer ter wille van 'n kwasi-wetenskaplike strewe na eksaktheid. Juis omdat dit so verontrustend is, is daar bepaalde ligpunte in die sogenaamde "humanistic geography": "One significant, and indeed important intellectual response to these problems is the call for a humanistic geography."⁷⁰

Uiteindelik is daar egter, soos met alle ander benaderings, ook bepaalde probleme met hierdie benadering. Een probleem by die sogenaamde humanitêre benadering is dat dit op die ou end 'n sekere openheid vir die tipies menslike wil fundeer in 'n handhawing van menslike outonomie ten opsigte van die bepaling van individuele, sosiale en kulturele norme en waardes. So 'n standpunt is moeilik vanuit 'n Christelike standpunt oor wetenskap en kultuur te onderskryf, sodra die volle implikasies daarvan en die effek wat dit op sogenaamd suiwer wetenskaplike interpretasie het, verreken word.

Omdat 'n ongekende openheid vir die allesbepalende teenwoordigheid van teoretiese en voor-teoretiese uitgangspunte in die wetenskapsbedryf vandag feitlik 'n modeverskynsel is, hoef bogenoemde kritiese reserwe nie (langer) versluier te word nie.

Aangesien 'n relatiewe posisionering van die onderhawige benadering nie net relevant is nie, maar ook 'n belangrike verklaring vir die posisie binne die spektrum van die voorafgaande metodologiese benaderings sal bied, word skema 1 verskaf.



Skema 1: Posisie van navorsingsbenadering

'n Beskouing van skema 1 toon duidelik dat die onderhawige humanitêr-georiënteerde gedragbenadering gelykwaardige afstande tussen twee uiterste pole handhaaf. Die rede hiervoor is enersyds omdat die navorser homself nie kan vereenselwig met sosiale konflik as vertrekpunt aan die een kant en die enger natuurwetenskaplike metodologie aan die ander kant nie. Andersyds is bogenoemde paradigma as navorsingsbenadering aanvaar in die lig van die doel, aard en behoeftes van hierdie navorsingsonderwerp.

Binne die kader van hierdie navorsingsparadigma sal die volgende temas, wat volgens Bourne kenmerkend van studies binne Stedelike Geografie is, ook aandag geniet:⁷¹

- Die interdisiplinêre aard van stedelike studies waar metodologieë van sosiale en gedragwetenskappe konvergeer;
- die gebruik van kwantitatiewe tegnieke met gepaardgaande hipotesetoetsing;
- die studie van bevolkingsgroepe; en
- die direkte belang by beleidsvorming.

Aansluitend hierby is die patroon van analise binne die humanitêr-georiënteerde gedragbenadering ook op die volgende komponente proses→patroon→respons geskoei.⁷²

Die inhoudsveranderinge en -aanpassing binne Stedelike Geografie vereis gevolglik dat studies nie meer net verklarend (proses) en regionaliserend (patroon) kan opereer nie, maar ook strategieformulerend (respons). Hierdie patroon van analise illustreer derhalwe dat daar te midde van vele horisontale metodologiese veranderings ook 'n vertikale klemverskuiwing in stedelike studies voorkom.

7. Samevatting

In die lig van die rasionaal, doelstelling en benadering van hierdie navorsing en teen die agtergrond van die hipoteses, is 'n teoretiese basis vir die studie waar die navorsingsonderwerp behandel word, relevant. Verder poog die statisties-verifiërende hipotesetoetsings om die aard en omvang van bewoningsbevrediging in Bloemfontein bloot te lê.

Hoewel hierdie studie nie deduktief-gestruktureerd is nie, word gepoog om enersyds 'n belangrike bydrae tot die literatuur te lewer en andersyds om sekere bepaalde strategieë te formuleer wat veral vir plaaslike owerhede, eiendomsontwikkelaars en sekere professionele diensverskaffers van groot waarde sal wees.

Verwysings

1. J.L. Freedman, D.O. Sears and J.M. Carlsmith, Social psychology, p. 602.
2. H.M. Proshansky, W.H. Ittelson and L.G. Rivlin, The influence of the physical environment on behavior: Some basic assumptions, in Environmental psychology: Man and his physical setting, ed. by H.M. Proshansky et al., p. 27.
3. M.W. Mikesell, The Borderlands of geography as a social science, in Interdisciplinary relationships in the social sciences, ed. by M. Sherif and C.W. Sherif, p. 237.
4. T.F. Saarinen, The use of projective techniques in Geographic research, in Environment and cognition, ed. by W.H. Ittelson, p. 29.
5. N.W. Heimstra and L.H. McFarling, Environmental psychology, p. 8. [Hierna vermeld as: Heimstra and McFarling, Psychology.]
6. Ibid, p. 9.
7. D.Appleyard, Professional priorities for environmental psychology, in Architectural psychology, ed. by R. Küller, p. 86.
8. M. Fried, Residential attachment: Sources of residential and community satisfaction, in Journal of Social Issues, vol. 38, no. 3, 1982, p. 107.
9. Ibid., p. 108.
10. G.S. Rent and C.S. Rent, Low-income housing: Factors related to residential satisfaction, in Environment and Behavior, vol. 10, no. 4, 1978, p. 462.
11. Fried, in Journal of Social Issues, vol. 38, no. 3, 1982, p. 108.
12. H. Sanoff and M.Sawhney, Residential livability: A sosio-physical perspective, p. 1. [Hierna vermeld as: Sanoff and Sawhney, Residential livability.]
13. H.M. Proshansky, et al., Freedom of choice and behavior in a physical setting, in Environment and the social sciences: Perspectives and applications, ed. by J.F. Wohlwill and D.H. Carson, p. 31.
14. Sanoff and Sawhney, Residential livability, p. 2.

15. P.S.K. Chi and M.D. Griffin, Social indicators for measuring residential satisfaction in marginal settlements in Costa Rica, in Social Indicators Research, vol. 8, 1980, p. 453.
16. Proshansky et al., in Environment and the social sciences: Perspectives and applications, p. 33.
17. Sanoff and Sawhney, Residential livability, p. 38.
18. R.J. Johnston, On the nature of explanation in human geography, in Transactions Institute of British Geographers, vol. 5, no. 4, 1980, p. 403.
19. D.T. Herbert and C.J. Thomas, Urban geography: A first approach, p. 3. [Hierna vermeld as: Herbert and Thomas, Urban geography].
20. J. Cullen and P. Knox, The city, the self and urban society, in Transactions Institute of British Geographers, vol. 7, no. 3, 1982, p. 276.
21. G.C. Pellegrini and M.C. Zerbi, Urban geography and urban problems in Italy, 1945-81, in Progress in Human Geography, vol. 7, no. 3, 1983, p. 358.
22. M. Cadwallader, Analytical urban geography, p. 3. [Hierna vermeld as: Cadwallader, Analytical].
23. T.A. Hartshorn, Interpreting the city. An urban geography, p. 3. [Hierna vermeld as: Hartshorn, Interpreting].
24. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 4.
25. H. Carter, The study of urban geography, p. 1. [Hierna vermeld as: Carter, Urban].
26. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 11.
27. W.K.D. Davies, ed., The conceptual revolution in geography, p. 31. [Hierna vermeld as: Davies, Revolution].
28. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 26.
29. Ibid.
30. M.E. Harvey and B.P. Holly, Paradigm, philosophy and geographic thought, in Themes in geographic thought, ed. by M.E. Harvey and B.P. Holly, p. 15. [Hierna vermeld as: Harvey and Holly, Paradigm].
31. Cadwallader, Analytical, p. 4.

32. J.H. Paterson, Some dimensions of geography, in Geography, vol. 64, no. 285, 1979, p. 276.
33. I. Johansson, A critique of Karl Popper's methodology, p. 124.
34. P.J. Visagie, Enkele opmerkings oor Kuhn se paradigma-begrip, in Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 21ste jaargang, 1ste kwartaal, 1985, p. 20.
35. Herbert and Thomas, Urban geography, pp. 27-28.
36. Ibid., p. 27.
37. J.R. Gold, An introduction to behavioural geography, p. 26. [Hierna vermeld as: Gold, Behavioural].
38. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 27.
39. Ibid., p. 28.
40. Ibid.
41. Cadwallader, Analytical, p. 4.
42. Ibid.
43. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 33.
44. A. Holt-Jensen, Geography: Its history and concepts, p. 79. [Hierna vermeld as: Holt-Jensen, Geography].
45. R.J. Johnston, Geography and geographers: Anglo-American human geography since 1945, p. 112. [Hierna vermeld as: Johnston, Geography and geographers].
46. Holt-Jensen, Geography, p. 80.
47. D. Gregory, Ideology, science and human geography, p. 72. [Hierna vermeld as: Gregory, Ideology].
48. J. Mouton, Thomas S. Kuhn, in Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe, onder redaksie van J.J. Snyman en P.G.W. du Plessis, R.G.N.-Studies in Navorsingsmetodologie, no. 3, 1987, p. 58. [Hierna vermeld as: Mouton, Thomas S. Kuhn].
49. M.R. Hill, Positivism: A 'hidden' philosophy in geography, in Themes in geographic thought, ed. by M.E. Harvey and B.P. Holly, p. 60. [Hierna vermeld as: Hill, Positivism].
50. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 33.

51. Paterson, in Geography, vol. 64, no. 285, 1979, p. 276.
52. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 34.
53. Gold, Behavioural, p. 3.
54. D. Ley, Social geography and the taken-for-granted world, in Transactions Institute of British Geographers, vol. 2, 1977, p. 501.
55. Cadwallader, Analytical, p. 6.
56. R.G. Golledge, L.A. Brown and F. Williamson, Behavioural approaches in geography: An overview, in The Australian Geographer, vol. 12, no. 1, 1972, p. 59.
57. Cadwallader, Analytical, p. 6.
58. K.R. Cox, Bourgeois thought and the behavioral geography debate, in Behavioral problems in geography revisited, ed. by K.R. Cox and R.G. Golledge, pp. 261-263. [Hierna vermeld as Cox, Behavioral].
59. Johnston, in Transactions Institute of British Geographers, vol. 5, no. 4, 1980, p. 405.
60. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 46.
61. Johnston, in Transactions Institute of British Geographers, vol. 5, no. 4, 1980, p. 406.
62. Ibid.
63. Cadwallader, Analytical, p. 7.
64. J.D. Eyles, Social theory and social geography, in Progress in Geography, vol. 6, 1974, p. 44.
65. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 41.
66. Ibid., p. 42.
67. Ibid., p. 46.
68. Cadwallader, Analytical, p. 7.
69. Johnston, Geography and geographers, p. 121.
70. Cox, Behavioral, p. 265.
71. L.S. Bourne, ed., Internal structure of the city: Readings on urban form, growth and policy, pp. 5-6.
72. Herbert and Thomas, Urban geography, p. 23.

HOOFSTUK 2

OMGEWINGSIELKUNDE

Die toetrede van Geografie tot 'n gedragsgeoriënteerde studie waar bewoningsbevrediging bepaal word, toon 'n verwantskap met Omgewingsielkunde in die sin dat albei by die bepaling en uiteindelijke verbetering van lewensgehalte belang het.

'n Poging om Omgewingsielkunde te konseptualiseer, sal die verband met gedragsgeografie, 'n omskrywing van die begrip, die verwantskap tussen die fisiese omgewing en gedrag, die ontwikkelingsgeskiedenis en sekere algemene kenmerke en funksies van die konsep moet insluit.

1. Verwantskap met Gedragsgeografie

Ten einde die hermeneutiese hipotese wat gestel is te ondersoek, is dit uiters relevant om die verwantskap tussen die twee onderhawige subdissiplines te ondersoek. Gevolglik is die primêre doelstelling met hierdie afdeling om aan te toon dat daar baie gemeenskaplikhede sowel as verskille tussen Omgewingsielkunde en Gedragsgeografie bestaan.

Spencer en Blades som die ooreenkoms tussen die genoemde deeldissiplines soos volg op: "The fields share many research techniques, with geography more often borrowing from psychology than vice versa; and there are in both fields strong commitments by some to the application of research to real world planning and design issues."¹ Die ooreenkoms tussen die twee deeldissiplines is so sterk dat dit soms slegs 'n geval van verskil in terminologie is. "For example, behavioral geography and psychogeography have been used by geographers in designating this area to colleagues within their discipline."²

Ook Lee wys indirek daarop dat daar ooreenkomste tussen die gedragsgeograaf en die omgewingsielkundige se benaderings bestaan. "There is, however, a certain social awkwardness about this, because academics ('environmental psychologist'), in particular, are passionately devoted to their native discipline and generally prefer to belong to a subsection of that, calling themselves 'behavioural geographer' or 'environmental sociologist' for example ..."³

Die ooreenkoms tussen die twee subdissiplines is noodwendig die gevolg van 'n groeiende besef onder geografe en sielkundiges (die moederdissiplines) dat daar verskeie onderwerpe is waarin belangstelling gedeel word, byvoorbeeld omgewingspersepsie en die kenmerke van woonbuurte. Die verband word verder versterk wanneer daar sprake van gedeelde navorsingstegnieke is. "Geography has always had the characteristic of a 'derivative discipline' in the sense that it has taken and developed concepts and techniques from adjacent disciplines; and this is clearly demonstrable in the research of behavioural geographers, who have found many of the techniques of psychology adaptable for use in the study of human-environment relations."⁴ Hier word veral gedink aan die aanvaarding van houdingsmeting as 'n erkende wetenskaplike metode in Geografie.

Ten spyte van die sterk ooreenkomste bestaan daar ook verskille tussen Omgewingsielkunde en gedragsgeoriënteerde Geografie. Hierdie verskille word gevind in hulle onderskeie benaderings tot 'n bepaalde probleem wat noodwendig die gevolg is van hulle horisontale verbondenheid aan en vertikaal-verdiepende opleiding binne die onderskeie moederdissiplines. Dit is gevolglik duidelik dat die gedragsgeograaf tog 'n eie identiteit behou en handhaaf aangesien 'n probleem uit 'n geografiese verwysingsraamwerk benader word, teenoor die omgewingsielkundige wat dieselfde probleem vanuit 'n psigologiese denkraamwerk sal benader.

"By training, the environmental psychologist is likely to think in comparative terms ..."⁵

Hierdie kort oorsigtelike bespreking van die verwantskap tussen Omgewingsielkunde en Gedragsgeografie was enersyds gerig op die regverdiging van die onderwerp binne die geografiese konteks en andersyds op die uitbouing van die verwantskap tussen die subdissiplines ten einde hipotese-verifiërend op te tree.

2. Definiëring van Omgewingsielkunde

2.1 Probleem van definisie

Voordat 'n mens na die oorsprong van Omgewingsielkunde kan kyk, is dit goed om die konsep te definieer. "Perhaps it is best to begin with the operational but obviously tautological statement that environmental psychology in its most inclusive sense is concerned with the study of the environment."⁶

Hoewel hierdie omvattende definisie van Omgewingsielkunde die konsep grootliks verklaar, is daar tog 'n sekere problematiek aan die definiëring van die konsep Omgewingsielkunde verbonde. Proshansky et al. het in 1970 die volgende aangaande die definisie van Omgewingsielkunde gesê: "Is there, at present, an adequate definition of environmental psychology? We think not. There are, in general, two ways in which the definition of a field of study may be stated. One - and in the long run, the only really satisfactory way - is in terms of theory."⁷

Aangesien daar in 1978 volgens Heimstra en McFarling⁸ nog nie 'n voldoende teoretiese basis was waarop 'n definisie van Omgewingsielkunde gebaseer kon word nie, moet 'n mens dan kyk na die tweede manier waarvolgens definiëring kan plaasvind. "The second approach to definition - a much less

satisfying but much more feasible one - is operational: Environmental psychology is what the environmental psychologists do."⁹

Hierdie operasionele definisie is onbevredigend in die sin dat mens nog steeds onseker is oor dit wat Omgewingsielkunde bestudeer. 'n Verdere moontlike probleem kan ook gevind word in die konsep "omgewing", want dit verteenwoordig 'n baie groot en omvattende begrip. Hoewel daar nie 'n enkele woord is wat die veld van Omgewingsielkunde omsluit/begrens nie, is die primêre belang by die fisiese omgewing en dan ook implisiet by die sosiale omgewing in soverre hulle met mekaar verband hou. Lee sê van hierdie twee omgewings (fisies en sosiaal), "... they are intimately connected in many environmental settings".¹⁰

In die lig van hierdie probleme om Omgewingsielkunde te definieer, sal daar vervolgens gekyk word na verskillende pogings van navorsers wat wel dié veld definieer, om sodoende 'n beter perspektief te verkry oor die tema en om te dien as 'n fundamentele onderdeel tot die konseptualisering van Omgewingsielkunde.

2.2 Definisie

Soos uit voorafgaande duidelik blyk, is dit makliker om die veld van Omgewingsielkunde eerder te beskryf met betrekking tot wat dit poog om te bestudeer, as wat dit is om die dissipline te definieer. Ten spyte van hierdie ietwat negatiewe aanname is daar wel 'n verskeidenheid skrywers wat Omgewingsielkunde definieer.

Fisher et al. volstaan in hulle beskrywing van Omgewingsielkunde met die volgende definisie: "Environmental psychology is the study of the interrelationship between behavior and the built and natural environment."¹¹ In hierdie definisie is twee kernkonsepte relevant - gedrag en

omgewing. Die interverwantskap is dus tussen gedrag, spesifiek menslike gedrag, en die omgewing.

Russel en Ward definieer die veld soos volg: "Environmental psychology is that branch of psychology concerned with providing a systematic account of the relationship between person and environment."¹² In wese stem die definisie ooreen met dié van Fisher et al., hoewel hier duidelike sprake van mens-omgewingverwantskappe is.

Proshansky se definisie is soortgelyk aan dié van bogenoemde skrywers, hoewel hy byvoeg dat Omgewingsielkunde 'n poging is om 'n empiriese en teoretiese verwantskap tussen die gedrag van 'n persoon en sy beboede omgewing te vestig. Indien 'n mens sou vra wat die definisie beteken, verskaf Proshansky self die antwoord: "In simple operational terms, it can be said that the field turns the lens of analysis for understanding human behavior and experience away from issues and problems of social process, psychological structure, and social organization to matters of the nature, organization and meaning of the physical settings that provide the context for such behavior and experience."¹³

Die diversiteit ten opsigte van die agtergrond en ligging, geografies sowel as institusioneel, van die verskeie bydraers tot die veld, het 'n verskeidenheid gesigspunte en definisies van Omgewingsielkunde gegenereer, soos uit die bogenoemde definisies duidelik blyk. Die volgende definisie moet gevolglik gesien word as 'n beskeie poging van Canter en Craik om 'n mate van konsensus te bereik oor wat Omgewingsielkunde is. "Environmental psychology is that area of psychology which brings into conjunction and analyzes the transactions and interrelationships of human experiences and actions with pertinent aspects of the socio-physical surroundings."¹⁴

Hoewel daar nog verskeie definisies is wat aangehaal kan word, word daar met die bogenoemde paar volstaan, aangesien hulle verteenwoordigend van die verskeidenheid omskrywings is wat navorsers aan die veld toegeken het.

3. Verwantskap tussen omgewing en gedrag

Met die definiëring van die konsep Omgewingsielkunde is daar telkens na die verwantskap tussen die omgewing en die mens (gedrag) verwys. Wanneer hierdie verwantskap bestudeer word, word daar na die invloed van die omgewing op gedrag verwys. Die teendeel is egter ook waar, naamlik dat menslike gedrag ook 'n invloed op die omgewing kan hê. Daar is dus 'n voortdurende wisselwerking tussen die mens en sy omgewing.

Die omgewingspsigoloog stel derhalwe belang in hierdie verhouding tussen die omgewing en menslike gedrag. "This relationship can be defined and analyzed, for example, at the level of the individual who experiences as well as behaves in the physical environment."¹⁵ Hierdie vlak, waarop na die ondervinding van mense met betrekking tot hulle persepsie, gevoel, waardes, houdings ensovoorts gekyk word, gee betekenis aan die omgewing en is terselfdertyd ook op 'n gereedmaking tot respons (gedrag) gerig. Die verwantskap tussen omgewing en gedrag kom hierin baie duidelik na vore. (Die verwantskap is in die onderhawige studie met behulp van houdingsmeting geëvalueer omdat houdings, soos hierbo genoem, onder andere aan die omgewing betekenis gee.)

Heimstra en McFarling vind aanklank by hierdie verwantskap tussen omgewing en gedrag en noem dat daar verskeie verwantskappe tussen gedrag en die omgewing bestudeer word, maar dat, "Much of the research conducted by environmental psychologists has dealt with the first of these relationships, the environment as a source of affect and attitudes".¹⁶ Die omgewing veroorsaak dus sterk gevoelens en houdings wat natuurlik positief sowel as negatief kan

wees. Dié verwantskap is dus een waarin die omgewing as motiverende krag dien tot die ontwikkeling van houdings, waardes ensovoorts, aangesien gedrag veroorsaak word deur en gerig is op sekere attribute en kenmerke van die fisiese omgewing. "Individuals give evidence of more or less strongly defined attitudes, values, beliefs, and affective responses relating to their environment ..."¹⁷

Ittelson et al. noem onder andere die volgende eienskappe wat van belang is in die hele proses van die interverwantskap tussen die mens en die omgewing: Die omgewing word as 'n eenheidsveld ondervind en elke persoon het omgewingsverwante sowel as psigologiese eienskappe. Die fisiese omgewing is ingebed en intrinsiek verwant aan 'n sosiale sisteem. Verder sê hulle: "The degree of influence of the physical environment on behavior varies with the behavior in question. The environment is cognized as a set of mental images."¹⁸

'n Mens kan egter nie hierdie afdeling oor die verwantskap tussen omgewing en gedrag afsluit sonder om van Lewin se veldteorie melding te maak nie. Die verwantskap tussen gedrag en omgewing word deur die volgende vergelyking saamgevat: " $B = f(P, E)$ in which behavior (B) is seen as a function (f) of the interaction of personality and other individual factors (P), and the perceived environment of the individual (E)."¹⁹ Hieruit is dit duidelik dat gedrag die gevolg van die interaksie tussen die mens en sy omgewing is.

Aangesien die sleutelkonsepte in Omgewingsielkunde omgewing en gedrag is, sal daar vervolgens kortliks op elkeen gelet word.

3.1 Fisiese omgewing

Dit is relevant om te vra wat die konsep fisiese omgewing vir die omgewingsielkundige beteken. "The physical

environment means the complexity that constitutes any physical setting in which men live, interact, and engage in activities for either brief or extended periods of time."²⁰

Hierdie omskrywing van die fisiese omgewing beteken dus in sy breedste sin dat alles wat 'n persoon omring as die fisiese omgewing beskou kan word. Indien dit wel die geval is, beteken fisiese omgewing veel meer as net die natuurlike aspekte. Aangesien dit ook die beboude omgewing insluit, is daar dan ook sprake van die verwantskap tussen die beboude omgewing en gedrag. Proshansky stel dit duidelik, "... it must be evident that at the center of the environmental psychologist's concern with the physical environment is the 'built' environment: Its design, content, organization, and meaning".²¹

Dit wil egter in dié stadium lyk asof die sosiale aspekte buite rekening gelaat is. Heimstra en McFarling gee egter die versekering dat dit onmoontlik is om nie ook die sosiale aspekte te verreken nie. "It is important to realize that the environmental psychologist, in attempting to study the relationship between a physical setting and human behavior, seldom deals with a situation in which the individual being studied is not influenced in some fashion by other people."²² Daar is gevolglik altyd sosiale faktore wat 'n invloed sal hê op die respons tot die fisiese omgewing.

Dus: Hoewel hier dikwels van die fisiese omgewing gepraat word, is die belang veral in 'n stedelike gebied primêr by die beboude en sosiale omgewing, eerder as by die fisiografiese omgewing, want: "The built environment comprises the morphological framework of streets, buildings, and open spaces which is the setting for urban behaviour".²³

Dit is dus baie duidelik dat die omgewing allesinsluitend is en dat niks en niemand geïsoleer kan word asof dit of hy nie

deel van die omgewing is nie. Wanneer die omgewing dus waargeneem word, is dit in totaliteitsverband. "We experience neither an environment independent of ourselves as participants nor ourselves independent of the situation in which we are participating, but rather we experience ourselves in and of an environment."²⁴ Die mens staan dus midde-in die omgewing.

3.2 Menslike gedrag

Die omgewing alleen kan nie bestudeer word sonder dat die mens se gedrag ter sprake kom nie. Die omgewing is in werklikheid 'n produk van die mens se persepsie en gedrag. Daarom is dit gevolglik relevant om te kyk wat hierdie aspek behels. Heimstra en McFarling definieer gedrag soos volg: "Broadly defined, behavior is any form of activity that is observable either directly or with the aid of instruments."²⁵ Gedrag is gevolglik ook indirek waarneembaar deur houdingsanalise as meetinstrument te gebruik. Verder handel baie omgewingsielkundiges se navorsing oor houdings omtrent die fisiese omgewing.

Dit is gevolglik baie duidelik dat wanneer daar van die bestudering van die verwantskap tussen menslike gedrag en die fisiese omgewing gepraat word, daar nie noodwendig van uiterlik waarneembare gedrag sprake is nie. Die houdings wat 'n mens omtrent sy omgewing voorhou, is dus indirek 'n kulminasie van menslike gedrag.

4. Interdisiplinêre karakter van Omgewingsielkunde

By die aanvang van hierdie hoofstuk is die toenemende belangrikheid wat sielkundige studies vir geograwe inhou, reeds aangeraak en beklemtoon. Die logiese gevolg hiervan is dat Omgewingsielkunde, wat 'n subdisipline van Sielkunde is, 'n interdisiplinêre karakter vertoon, want die studie

van omgewing en gedrag het die belangstelling van 'n verskeidenheid skrywers en wetenskaplikes gelok.

Dit is gevolglik nie vreemd dat 'n beskouing van die literatuur op die noue interafhanklikheid van verskeie dissiplines heenwys nie. Wohlwill en Carson raak hierdie aspek pertinent aan wanneer hulle wys op "...the important contribution that psychologists, sociologists, geographers, and other behavioral scientists can make to enlarge our view of our environmental problems and increase our effectiveness in coping with them or attempting to remedy them".²⁶

Volgens Proshansky is dit juis die probleemgeoriënteerde uitgangspunt van Omgewingsielkunde wat die interdissiplinêre karakter daarvan versterk.²⁷

Die belangstelling in die mens en sy omgewing het nog altyd die belangstelling van navorsers geprikkel en dit is gevolglik net logies dat die veld van omgewing en gedrag intrinsiek interdissiplinêr is. Altman wys gevolglik op die ryke verskeidenheid van dissiplines wat 'n belang by Omgewingsielkunde het. "Workers come from a variety of social- and natural-science disciplines, such as psychology, sociology, geography, biology, and anthropology, and from applied or practitioner disciplines, such as architecture, urban and community planning, interior design, and office and landscape architecture."²⁸

Hoewel hierdie veld interdissiplinêr sowel as multidissiplinêr is en sielkundiges en geografe onder andere soortgelyke navorsing doen onder die sambreel van Omgewingsielkunde, sê Saarinen dat die probleme wat aangepak word egter verskil - Geografie word op 'n groter skaal beoefen.²⁹

Die neiging van Geografie om probleme op groter skaal te ondersoek, is moontlik die gevolg van 'n huiwering by sielkundiges om hierdie probleme self aan te pak. "Quite

often (and perhaps because of the difficulty of finding psychologists who are interested in their problems), specialists in other fields, concerned with the environment have 'borrowed' from psychologists this or that technique which seemed useful, and have applied it themselves in the field."³⁰

Gevolgtlik kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat dit juis die belangstelling van verskeie dissiplines in sosiale gedrag en probleme is, wat aan Omgewingsielkunde sy interdisiplinêre karakter verskaf.

Vervolgens sal die ontwikkelingsgeskiedenis en sekere kenmerke en funksies van Omgewingsielkunde onder die loep geneem word.

5. Ontwikkelingsgeskiedenis

Die vraag waar dit alles begin het, is moeilik te beantwoord, veral as dit gaan oor die ontstaan van 'n wetenskaplike navorsingsveld. Dit bly egter relevant om kortliks hierdie aspek te belig aangesien dit die rasionaal, agter die insluiting van die hoofstuk in die onderhawige studie, versterk.

Hoewel dit wil lyk asof die sestigerjare algemeen aanvaar kan word as die beginjare van die dissipline, voer Canter en Craik die ontwikkeling egter verder terug: "In what might be regarded as the prehistory of environmental psychology, the late 1940's and early 1950's, geographers in North America and sociologists and psychologists in Britain, responding to the political influence of social democracy, began to examine lay conceptions and evaluations of the physical surroundings."³¹ Hierdie periode kan derhalwe gesien word as 'n prelude tot die eintlike ontwikkelingsfase.

Die werklike ontstaan van Omgewingsielkunde kan egter na die 1960's teruggevoer word. "And it was during this decade (1960's) that the term environmental psychology as the designation for the field began to be more commonly used ..."³²

Die groei en ontwikkeling van die dissipline is verder aangehelp deur talle gedragswetenskaplikes en die beplanningsprofessies (argitekte en stadsbeplanners) wat direk by spesifieke omgewingsprobleme betrokke is. Gevolglik is dit vir Geografie as vakwetenskap van besondere belang dat geograwe tot die veld toegetree het en so die ontwikkeling daarvan verder gestimuleer het. Dit was gevolglik gedurende die tweede helfte van die dekade (1960's) toe geograwe toenemende belangstelling getoon het in die gedragsaspekte van die breër geografiese omgewing. "Thus in 1967, the geographer David Lowenthal edited the monograph *Environmental perception and behavior*, which included environmental research by geographers as well as architects."³³

Dit is derhalwe duidelik dat verskeie dissiplines die ontwikkeling van Omgewingsielkunde gestimuleer het. Dit het uiteindelik veroorsaak dat die vak teen die einde van die sestigerjare onafhanklik kon staan. Hierdie eie identiteit en selfstandigwording van die vak is versterk met die skepping van die vaktydskrif Environment and Behavior met Gary Winkel as redakteur.³⁴

Twee dinge is veral opvallend by dié kort oorsigtelike beskouing van die ontwikkelingsgeskiedenis van Omgewingsielkunde, naamlik die komplekse interdissiplinêre karakter van die veld wat volgens Craik juis die stimulus was tot die intellektuele lewenskragtige ontwikkeling van die dissipline.³⁵ Tweedens is dit opmerklik dat die vak nog relatief in sy kinderskoene staan ten spyte van die meteoriese groei in die veld.

Vervolgens sal die faktore wat tot die ontwikkeling van Omgewingsielkunde bygedra het, kortliks bespreek word.

5.1 Faktore onderliggend tot die ontstaan van Omgewingsielkunde

Die waarde van 'n beskouing van hierdie faktore, is om die aard van die veld te begryp. In 'n breëre konteks word die onderliggende determinante, die veelvuldigheid van die benaderings en die vinnige ontwikkeling van die dissipline beter verstaan.

Hoewel daar reeds veel klem gelê is op die belang wat Omgewingsielkunde by die omgewing het, is dit noodsaaklik om die oorsaaklike faktore by die omgewing te gaan soek. Daar het 'n groter bewuswording by die mens ontstaan ten opsigte van probleme op sosiale terrein en die fisiese omgewing. Daar het gevolglik 'n vraag ontstaan na meer mens-georiënteerde ruimtes/plekke in die moderne tyd wat moontlik oplossings vir die probleme kan verskaf wat eie geword het aan tegnologiese ontwikkeling. Gedragswetenskaplikes was bereid om hulle begrippe en metodologie uit te bou om hierdie probleme te hanteer. "There was a growing awareness that the quality of urban life went well beyond the question of human survival."³⁶

Die tegnologiese ontwikkeling met sy gepaardgaande sosiale probleme was dus een van die onderliggende invloede tot die genese van Ontwikkelingsielkunde. "The industrialisation which this has brought about, together with the growth in the population, has clearly been beneficial, but it has also had unforeseen negative consequences."³⁷ Dit is duidelik dat tegnologiese vooruitgang nie noodwendig die lewensgehalte van die mens verbeter het nie. Daarom is dit ook nie 'n verrassing dat baie navorsers in dié veld 'n direkte en baie duidelike belang het in die oplossing van

omgewingsprobleme nie om sodoende 'n beter lewensgehalte en gelukkiger gemeenskap te skep.

'n Verdere probleem wat tot die ontwikkeling van Omgewingsielkunde aanleiding gegee het, word soos volg deur Canter en Craik opgesom: "Furthermore, the application of relatively new and high technology to buildings in the post-war period also meant that problems arose in the design of internal environments which had not had to be faced before."³⁸

Die aanvanklike motivering en stimulus tot die ontwikkeling van Omgewingsielkunde het derhalwe van buite die moederdisipline (Sielkunde) gekom. Proshansky, wat deur baie vakwetenskaplikes as die vader van Omgewingsielkunde beskou word, vertel in 'n outobiografiese essay dat hy aanvanklik as sosiale sielkundige deur 'n regeringsdepartement genader is om oor hospitaalontwerp navorsing te doen. Die doel was om na interne omgewings te kyk en sodoende voorstelle aan argitekte te maak om 'n hospitaal te ontwerp waarin pasiënte gouer (geestelik) gesond kan word omdat hulle gelukkig daarin is.³⁹

Dit is gevolglik duidelik dat die reeds vermelde interdisiplinêre aard van Omgewingsielkunde, dit 'n primêre (indien nie 'n eksklusiewe) arena van navorsing maak in die studie van lewenswerklike situasies in die soeke na oplossings vir probleme. Hierdie metodologiese oriëntasie ten opsigte van die mens-omgewinginteraksie het ook spesifieke waarde-metodologiese eienskappe en funksies waarop vervolgens gelet sal word.

5.2 Kenmerke en funksies van Omgewingsielkunde

5.2.1 Kenmerke

Die kenmerke van Omgewingsielkunde het reeds deurlopend aandag geniet. Tog sal dit veel waarde hê as dit hier saamgevat word.

Die mees fundamentele kenmerk is dat Omgewingsielkunde die verwantskap tussen 'n mens en die omgewing bestudeer, omdat die mens voortdurend aktief besig is om by sy omgewing aan te pas deur homself/haarself en die omgewing te verander. Dié kenmerke word deur Fisher et al. verder beklemtoon as die bestudering van die omgewing-gedragverwantskap as 'n eenheid en nie as onderskeidende komponente nie. Dit kom gevolglik daarop neer dat "... the environmental setting constrains (limits, influences, and even determines) the behavior that occurs in it".⁴⁰ 'n Mens moet egter onmiddellik byvoeg dat hier nie sprake van 'n deterministiese beskouing van Omgewingsielkunde is nie. "It sees man not as a passive product of his environment, but as a goal directed being who acts upon his environment and who in turn is influenced by it."⁴¹

'n Verdere kenmerk van die dissipline is dat die omgewing as 'n geheel bestudeer word en nie in segmente nie. Hier word veral verwys na die allesinsluitende betekenis van die omgewing in hierdie verband.*

Omgewingsielkunde is verder 'n toegepaste wetenskap, want dit het juis ontstaan as gevolg van aktuele probleme. "That is, almost all research in environmental psychology is problem-orientated or intended to be relevant to the solution of some practical issue, ..." ⁴²

* Supra, p. 36.

'n Laaste kenmerk wat in hierdie konteks genoem moet word, is die interdisiplinêre karakter van die dissipline. Aangesien hierdie kenmerk reeds pertinente aandag gekry het, word met die volgende bydrae volstaan: "It endeavors to bring together the relevant aspects of a number of scholarly fields whose interests touch upon, and contribute to an understanding of human behavior in relation to specific environments."⁴³

Hoewel bogenoemde kenmerke nie die enigste en noodwendig die belangrikste is nie, moet dit beskou word as die relevante kenmerke van toepassing ook binne 'n geografiese konteks.

5.2.2 Funksies

Proshansky en O'Hanlon verskaf die volgende funksies van omgewingsielkunde:⁴⁴

Dit is belangrik dat daar weens die tegnologiese vooruitgang, ook kennis van die omgewing aan beheerliggame oorgedra sal word sodat bepaalde doelwitte bereik kan word. 'n Begrip van die dinamika van die omgewingsituasie maak dit vir die beheerliggame (beplanningswese) moontlik om te diskrimineer tussen die aksies wat instrumenteel is in die bereiking van vooropgestelde doelwitte.

'n Verwante belangrike funksie van omgewingsnavorsing is die bydrae wat dit aan die beplanningsprofessies lewer. Hierdie navorsing het die potensiaal om 'n verklaring te bied waarom tegnologiese strategieë 'n mislukking is en gevolglik nie die lewensgehalte van die mens verbeter nie. Deur die evaluering van 'n bepaalde omgewingsprojek kan daar gevolglik vasgestel word of dit aan die sosiale doelwitte voldoen.

'n Verdere funksie van omgewingsnavorsing is die uitbreiding van die mens se vermoë om die volle implikasies

te antisipeer ten opsigte van enige tegnologiese verandering wat onderneem word. Dit is gevolglik noodsaaklik dat hierdie tipe navorsing moet geskied om futiele beplanning te voorkom. "Technological innovations can no longer be evaluated in isolation from the larger environmental setting in which they are introduced."⁴⁵

Ten spyte van hierdie toepasbare funksies, is daar tog sekere struikelblokke wat 'n demper op die volle ontplooiing van die dissipline plaas.

6. Struikelblokke

Die vinnige ontwikkeling van die dissipline is te wyte (danke?) aan die druk wat gebeurde daarop geplaas het. "Environmental psychology developed rapidly under the pressure of events, and if psychologists have taken risks in this new discipline, it has been in an attempt to respond to the problems posed by architects, planners, economists, and /or legislators."⁴⁶

Gesien in hierdie lig, is daar tans geen teoretiese raamwerk vir Omgewingsielkunde nie.

6.1 Probleme tot die vorming van 'n teoretiese raamwerk

Die afwesigheid van 'n teoretiese en konseptuele raamwerk het 'n belangrike saak by die vakwetenskaplikes geword. Die vraag kan nou gevra word hoekom hierdie toestand bestaan. 'n Verskeidenheid skrywers verklaar die probleem na aanleiding van die relatiewe jeugdigheid van die wetenskap, die interdisiplinêre aard daarvan en die dissipline se oriëntasie ten opsigte van die onmiddellike oplossing van praktiese probleme. Levy-Leboyer sê dat daar ook ander moontlike verklarings vir die situasie is. Omdat die dissipline primêr die mens en die omgewing bestudeer, is die

probleem "... precisely that of uniting these two domains, not only by building a bridge between them, but by creating a complete model in which the two aspects are as integrated as they are in the real life".⁴⁷ Hierdie tweeledigheid impliseer dat die mens wat die omgewing skep (verander) en die persoon wat daaraan onderworpe is, nie dieselfde persoon is nie.

Aangesien daar dan so 'n diversiteit van veranderlikes is wat 'n rol speel en Omgewingsielkunde hierdie konsepte moet integreer, is dit 'n verdere struikelblok op die pad na teorievorming. 'n Mens dink hier veral aan die teenstrydige resultate wanneer werklike gedrag met die verbale gedrag van individue vergelyk word.

'n Verdere moontlike verklaring vir die gebrek aan teorievorming is die verskillende betekeniskonnotasies wat aan bepaalde gedrag geheg kan word. Levy-Leboyer sê, "... behind the same behavior or the same attitude, there are motivations, hierarchies of values, and structures of needs which can be extremely different".⁴⁸

Ten spyte van die probleme tot teorievorming, is daar volgens die navorser se mening in die wese van die disipline tog 'n basiese teoretiese onderbou waarneembaar, naamlik die sekerheid dat daar wel 'n verwantskap tussen die mens en sy omgewing bestaan. Die voortdurende wisselwerking tussen die mens en sy omgewing (fisies en sosiaal) kan nie misken word nie.

6.2 Integrasie-probleme van Omgewingsielkunde met besluitnemingsvlakke

Volgens Appleyard het die antagonistiese houding teenoor verandering en diegene wat dit beplan 'n revolusionêre verandering in die beplanningstrategie teweeggebring,

sodanig dat "... it is forcing professionals to reevaluate their roles and their products".⁴⁹

Volgens Appleyard het die volgende veranderde beplanningstrategieë na vore gekom:⁵⁰ Daar is groter klem op die stadsbewoner se deelname in die beplanningsproses geplaas, groter druk is op die professionele beplanners geplaas om 'n omgewingsimpakstudie te doen voordat 'n nuwe beplanningsprojek aanvaar word en verder het daar 'n verskuiwing vanaf die ontwerp van nuwe omgewings na 'n groter belangstelling in die verbetering van bestaande omgewings plaasgevind.

Juis hierin lê die waarde van Omgewingsielkunde. Dit kan 'n baie belangrike bydrae tot die evaluering van die omgewing en gevolglike deelname aan die beplanningsproses maak. Sodanige integrasie lewer egter bepaalde probleme.

Baie navorsing het 'n te gespesialiseerde inhoud sodat dit nie direk op besluitnemingsprobleme van toepassing gemaak kan word nie. Dit is gevolglik moeilik om die navorsingsresultate by die besluitnemingsproses te inkorporeer. Soms word te veel aandag aan gedrag gegee, terwyl die omgewing afgeskeep word. Navorsing is dikwels ook nie toekomsgerig nie, want dit word gedoen nadat 'n projek afgehandel is en nie in die pre-konstruksiefase nie.⁵¹

Indien so 'n integrasie wel moontlik sou wees, is daar ook sekere struikelblokke voordat daar 'n professionele aanvaarding van die navorsingsbevindinge sal wees.

Stadsbeplanners beseft nie altyd die nodigheid van navorsing nie. "Most professionals believe their perceptions of the world are objective and commonly held... 'the objective illusion'".⁵² Hierby kan gevoeg word dat hulle die deelname van ander as 'n bedreiging beskou.

Hoewel daar dus probleme met die integrasie van Omgewingsielkunde met die besluitnemingsvlakke is, het eersgenoemde duidelik 'n besliste rol, in ten minste sekere besluitnemingsprosesse soos byvoorbeeld stadsbeplanning te speel.

7. Beperkings van Omgewingsielkunde

Daar is reeds indirek na sekere tekortkominge van die dissipline verwys, maar dit is belangrik dat daar op sekere belangrike aspekte gelet sal word.

Hoewel hierdie dissipline juis ontwikkel het as gevolg van die algemene belang in en besorgdheid oor die agteruitgang van die gehalte van die omgewing, is dit verbasend dat "...only a few of the titles suggest concern with the quality of the physical environment itself".⁵³ Dit impliseer gevolglik dat meer en meer te wete gekom word oor menslike gedrag, terwyl die probleme en beskrywing van die omgewing afgeskeep word.

Hier heers dus 'n wanbalans wat beslis reggestel moet word om te voorkom dat Omgewingsielkunde sy geloofwaardigheid inboet.

8. Prognose

Dit is moeilik om die toekoms van Omgewingsielkunde te evalueer. Dit wil voorkom asof die toekomsvisie nie te donker vir die dissipline is nie. Omgewingsielkunde vervul 'n kritiese rol binne die arena van die gedragswetenskaplike dissiplines en buite in die werklike lewe waar die komplekse omgewingsprobleme nie sommer net eensklaps kan verdwyn nie.

Proshansky en O'Hanlon sê egter dat een ding seker is, "...there is little if any chance that some startling breakthrough by environmental psychologists will establish

its theoretical and empirical structure and therefore, its significance for understanding of human behavior and experience. On the other hand, the field may grow, and indeed establish itself not because of any 'breakthrough', but as a result of a still more accelerated technology, an intensified urban life and other problems of modern society that require continued investigation of the planning and the consequences of the built environment."⁵⁴

Daarom wil dit gevolglik voorkom asof die toekoms van die dissipline verseker is, want dit bly belangrik dat die mens se lewensgehalte in sy omgewing verbeter moet word.

9. Slot - hipotesetoetsing

Ten spyte van die groot hoeveelheid navorsing wat reeds gedoen is, is daar nog veel wat gedoen moet word, in Geografie sowel as Sielkunde, voordat voldoende rekenskap vir die verwantskap tussen die mens en sy omgewing gegee kan word.

Nieteenstaande bogenoemde bly Omgewingsielkunde relevant vir 'n verskeidenheid dissiplines weens die probleem-georiënteerde benadering wat dit volg. Dit is gevolglik logies dat dit relevant is om hierdie hoofstuk in die hantering van die onderhawige navorsingsonderwerp in te sluit, aangesien verskeie navorsingsprobleme langs die gedrag-omgewingsfront ondersoek word. Daarom wil 'n mens met Craik saamstem wanneer hy sê: "Research in environmental psychology also offers investigators the attractions of multidisciplinary enterprise, cross-field efforts within psychology, and potential societal contributions in the form of more enlightened environmental decisionmaking."⁵⁵

In die lig van die literatuurnavorsing in hierdie hoofstuk, kan die hermeneutiese hipotesestelling aanvaar word dat daar 'n noue verwantskap tussen Gedragsgeografie en

Omgewingsielkunde bestaan. Gevolglik vertoon hierdie humanitêr-georiënteerde studie van bewoningsbevrediging ook raakvlakke met Omgewingsielkunde aangesien dit ook die mens(gedrag)-omgewingsverwantskap binne 'n tyd-ruimtelike proses ondersoek.

Aangesien 'n bepaling van bewoningsbevrediging eers 'n konseptualisering van dié konsep behels, word hieraan vervolgens aandag gegee.

Verwysings

1. C. Spencer and M. Blades, Pattern and process: A review essay on the relationship between behavioural geography and environmental psychology, in Progress in Human Geography, vol. 10, no. 2, 1986, p. 230.
2. K.H. Graik, Environmental psychology, in Annual Review of Psychology, vol. 24, 1973, p. 403.
3. T. Lee, Psychology and the environment, p. 17. [Hierna vermeld as: Lee, Psychology].
4. Spencer and Blades, in Progress in Human Geography, vol. 10, no. 2, 1986, p. 233.
5. Ibid., p. 235.
6. H.M. Proshansky and T. O'Hanlon, Environmental psychology: Origins and development, in Perspectives on environment and behavior: Theory, research and applications, ed. by D. Stokols, p. 102.
7. Environmental psychology: Man and his physical setting, ed. by H.M. Proshansky et al., p. 5. [Hierna vermeld as: Environmental Psychology, ed. by Proshansky et al.]
8. N.W. Heimstra and L.H. McFarling, Environmental psychology, p. 1. [Hierna vermeld as: Heimstra and McFarling, Psychology.]
9. Environmental psychology, ed. by H.M. Proshansky., et al., p. 5.
10. Lee, Psychology, p. 9.
11. J.D. Fisher, P.A. Bell and A. Baum, Environmental psychology, p. 6. [Hierna vermeld as: Fisher et al., Psychology.]
12. J.A. Russell and L.M. Ward, Environmental psychology, in Annual Review of Psychology, vol. 33, 1982, p. 652.
13. H.M. Proshansky, Environmental psychology and the real world, in American Psychologist, vol. 31, 1976, p. 305.
14. D.V. Canter and K.H. Craik, Environmental psychology, in Journal of Environmental Psychology, vol. 1, 1981, p. 2.
15. Environmental psychology, ed. by Proshansky et al., p. 8.
16. Heimstra and McFarling, Psychology, p. 7.

17. J.F. Wohlwill, The Emerging discipline of environmental psychology, in American Psychologist, vol. 25, no. 4, 1970, p. 304.
18. W.H. Ittelson et al., An introduction to environmental psychology, pp. 12-14. [Hierna vermeld as Ittelson et al., Introduction.]
19. Ibid., p. 69.
20. H.M. Proshansky, Methodology in environmental psychology: Problems and issues, in Human Factors, vol. 14, no.5, 1972, p. 452.
21. Ibid., p. 452.
22. Heimstra and McFarling, Psychology, p. 3.
23. D.T. Herbert and C.J. Thomas, Urban geography: A first approach, p. 336. [Hierna vermeld as: Herbert and Thomas, Urban.]
24. Ittelson et al., Introduction, p. 104.
25. Heimstra and McFarling, Psychology, p. 4.
26. J.F. Wohlwill and D.H. Carson, Environment and behavioral science: Retrospect and prospect, in Environment and the social sciences. Perspective and applications, ed. by J.F. Wohlwill and D.H. Carson, p. 293.
27. Proshansky, in Human Factors, vol. 14, no. 5, 1972, p. 451.
28. I.Altman, The environment and social behavior, p. 1. [Hierna vermeld as: Altman, Environment.]
29. T.F. Saarinen, The use of projective techniques in Geographic research, in Environment and cognition, ed. by W.H. Ittelson, p. 51.
30. C. Levy-Leboyer, Psychology and environment, p. 47. [Hierna vermeld as: Levy-Leboyer, Psychology.]
31. Canter and Craik, in Journal of Environmental Psychology, vol. 1, 1981. p. 2.
32. Proshansky and O'Hanlon, in Perspectives on environment and behavior, p. 106.
33. Ibid., p. 107.
34. Ibid., p. 108.

35. Craik, in Annual Review of Psychology, vol. 24, 1973, p. 403.
36. Proshansky and O'Hanlon, in Perspectives on environment and behavior, p. 112.
37. Levy-Leboyer, Psychology, p. 9.
38. Canter and Craik, in Journal of Environmental Psychology, vol.1, 1981, p. 3.
39. Proshansky, in American Psychologist, vol. 31, 1976, p. 303.
40. Fisher et al., Psychology, p. 7.
41. Ittelson et al., Introduction, p. 5.
42. Fisher et al., Psychology, p. 8.
43. Ittelson et al., Introduction, p. 5.
44. Proshansky and O'Hanlon, in Perspectives on environment and behavior, p. 122.
45. Ibid.
46. Levy-Leboyer, Psychology. p. 17.
47. Ibid., p. 19.
48. Ibid., p. 21.
49. D. Appleyard, Professional priorities for environmental psychology, in Architectural psychology, ed. by R. Küller, p. 86.
50. Ibid.
51. Ibid., p. 87.
52. Ibid., p. 88.
53. J.D. Cone and S.C. Hayes, Applied behavior analysis and the solution of environmental problems, in Human behavior and environment; advances in theory and research vol 2, ed. by I. Altman and J.F. Wohlwill, p. 129.
54. Proshansky and O'Hanlon, in Perspectives on environment and behavior, p. 121.
55. Craik, in Annual Review of Psychology, vol 24, 1973, p. 412.

HOOFSTUK 3

BEWONINGSBEVREDIGING

Aangesien die konsep bewoningsbevrediging tot dusver ongekwalfiseerd gebruik is, word klinkklare duidelikheid van die terminologie vereis, sodat verwarring tot die minimum beperk kan word.

1. Definiëring van bewoningsbevrediging

Daar is baie in die literatuur oor residensiële bevrediging en behuisingsbevrediging geskryf. In hierdie studie is probeer om 'n gemeenskaplik-insluitende konsep te vind wat albei bogenoemde aspekte sal betrek.

Bewoningsbevrediging sluit dus algemene bevrediging met die fisiese en sosiale residensiële omgewing in. Die keuse op die konsep "bevrediging" is geneem in ooreenstemming met die rede wat Campbell et al. verskaf. Hulle sê: "... the most common terms for 'happiness' or the adjective 'happy' show somewhat greater variation than is true of the most common terms for 'satisfied' and 'satisfaction'..."¹

Alhoewel pogings aangewend is om residensiële bevrediging te definieer bly dit moeilik om die konsep te operasionaliseer. "One reason is that the concept comprises satisfaction with a complex mixture of features of both the residence and its location."²

Galster poog egter om 'n definisie te verskaf wanneer hy sê dat residensiële bevrediging die volgende is: "If the current situation is perceived to be in proximate congruence with (or superior to) the reference situation, a psychological state of satisfaction should be manifested."³ Hy verwys hier na die verwysingsraamwerk waarvolgens 'n individu elke faset van die residensiële situasie evalueer.

Hoewel die definiëring van bewoningsbevrediging problematies blyk te wees en die konsep eerder makliker gedefinieer kan word met sekere gekose vrae waarop response verwag word, wil die navorser egter die volgende operasionele definisie verskaf wat algemeen geldend vir hierdie studie sal wees:

Bewoningsbevrediging is die mate waarin woonhuis-bewoners aanneemlike vlakke van tevredenheid ervaar met bepaalde gekose residensiële, fisiese en sosiale omgewings- sowel as bepaalde behuisingsattribute.

Bewoningsbevrediging dui in hierdie konteks dan ook algemene residensiële gehalte aan.

2. Persepsie

Hierdie onderwerp is reeds vroeër deur die navorser nagevors^{*}. Daarom sal daar in hierdie studie nie 'n dieptebespreking van die konsep gegee word nie. Dit is egter belangrik dat daar wel op sekere aspekte gelet sal word, aangesien die onderhawige onderwerp nie ondersoek kan word sonder om 'n paar gedagtes omtrent residensiële persepsie te wissel nie. Dit is uit die respondent se persepsuele beskouing van die residensiële omgewing wat die vlak van bewoningsbevrediging uiteindelik afgelei kan word.

Aangesien hier van stedelike persepsie gepraat word, is dit belangrik om eers persepsie as konsep te ontleed, aangesien verdere onduidelikheid ten opsigte van die onderskeid tussen persepsie en kennis as prosesse sodanige omskrywing vereis. "Psychologists are careful to distinguish between

* J.A.A. Lazenby, 'n Gestratifiseerde woonhuismodel van residensiële persepsie binne die munisipaliteit van Bloemfontein, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, 1983.

the two processes, but the distinction is not always clear and the non-psychologist may sometimes use 'perception' for both."⁴ In die lig hiervan sal persepsie as grondliggende konsep gebruik word.

2.1 Definisie

Dit is eerstens nodig om dit baie duidelik te stel dat hier nie met 'n vreemdsoortige konsep gewerk word nie. Hoewel dit nog in 'n vroeë stadium van ontwikkeling is, word reeds in 'n verskeidenheid geografiese studies eksplisiet aandag aan die navorsingsveld gegee. Hier sal nie gepoog word om 'n klinkklare definisie van persepsie te verskaf nie, maar eerder om 'n antwoord te probeer vind op die vraag wat persepsie behels. "Urban perception is best treated as a particular instance of environmental perception in general and not as a special topic involving new and different principles and approaches."⁵

Hoewel persepsie tradisioneel die belangstellingsveld van die psigoloë en sosioloë was, het onvolledigheid in die literatuur ten opsigte van omgewingspersepsie daartoe gelei dat geografe persepsie begin bestudeer het. "Psychologists have contributed a mass of data on these elements in behaviour, but when it comes to man's perception of space and environment, there is much less empirical research to report, and our understandings are far from complete."⁶

Juis op grond hiervan is die konsep omgewingspersepsie (wat residensiële persepsie insluit) uitgebrei om meer aspekte as die tradisionele konsep in te sluit. "Environmental perception, in short, includes many aspects that are not traditionally treated as perception."⁷ Die begrip persepsie is gevolglik uitgebrei om ook evaluering en waardering van die omgewing in te sluit.

Lowenthal verskaf die volgende verklaring van persepsie: "Essential perception of the world, in short, embraces every way of looking at it conscious and unconscious, blurred and distinct, objective and subjective ... Perception itself is never unalloyed: sensing, thinking, feeling and believing are simultaneous interdependent processes."⁸

Bogenoemde verklarings van persepsie mag onbevredigend blyk, maar 'n sintese uit al die moontlike definisies van persepsie kom op die volgende neer: Persepsie (residensiële persepsie) behels die evaluering van die residensiële fisiese en sosiale omgewing. Dit is dus 'n bewuswordingsproses wat die visualisering en simbolisering van die ruimtelike omgewing behels.

2.2 Persepsie van die geografiese omgewing

Daar is nou reeds gesien dat persepsie in geografiese konteks 'n grondliggende konsep vir die studie van bewoningsbevrediging vorm. 'n Persoon se persepsie van sy residensiële woonomgewing is baie belangrik in die bepaling van sy graad van bewoningsbevrediging. "Obviously, people's perception of a region is an important factor in determining whether they will establish residence there or, if they already live in the region, whether they will remain there."⁹

Die gunstige of ongunstige persepsuele beeld wat 'n individu van sy leefomgewing verkry, sal vanselfsprekend 'n invloed uitoefen op die mate waarin hy 'n bevredigende leefruimte ervaar, al dan nie.

Dit is derhalwe baie duidelik dat omgewingsinvloede 'n geweldige uitwerking op die persepsie van so 'n omgewing het. Die mens is dan ook gedurig besig om hierdie omgewingsinvloede, wat omgewingspersepsie bepaal, met sy besondere verwagtinge en behoeftes ten opsigte van sy

leefomgewing te vergelyk. Preston en Taylor bevestig hierdie aanname: "Residential area evaluation describes the process by which people acquire information about residential areas and compare it with their desires."¹⁰

Die mate waarin daar kongruensie tussen die verwagtinge, behoeftes en die persepsie van 'n persoon van sy residensiële gebied is, bepaal die mate waarin bewoningsbevrediging ervaar word. 'n Persoon se persepsuele beeld sal noodwendig negatief wees as bogenoemde aspekte nie in ooreenstemming met mekaar is nie. Dit sal dan ook die graad van bewoningsbevrediging verminder. Aansluitend hierby is dit 'n gegewe dat 'n mens oor bepaalde standaarde beskik waaraan hy die omgewing beoordeel. Die veronderstelling is dat " ... all perception is governed by a uniform and coherent set of principles."¹¹ Dit is hierdie beginsels of standaarde waaroor individue beskik, wat gevolglik sy persepsie en sodoende dus ook sy vlak van bewoningsbevrediging sal beïnvloed.

Die belang van persepsiestudies in die bepaling van bewoningsbevrediging kan gevolglik in die volgende woorde van Brookfield saamgevat word: "We cannot pretend to understand man on the earth without some knowledge of what is in the mind of man."¹²

3. Genese van bewoningsbevrediging

Soos reeds voorheen verduidelik, is die term bewoningsbevrediging vir die doel van hierdie studie geskep. Wanneer die ontwikkelingsgang van bewoningsbevrediging dan bespreek word, is die verwysing eksplisiet na residensiële bevrediging wat in hierdie konteks semanties sterk ooreenkomste vertoon.

Die genese van hierdie studieveld kan nie bespreek word sonder om ook na menslike ekologie te verwys nie. Menslike

gedrag is al deur baie dissiplines verklaar. Dit is dan juis hierdie verwantskap tussen die mens en sy omgewing wat die verwysing na menslike ekologie noodsaak. Michelson haal die volgende definisie van menslike ekologie aan: "...a branch of sociology that studies the relationship between a human community and its environment."¹³

Aangesien die doel met die studie van bewoningsbevrediging juis is om die verwantskap tussen die mens en sy woonomgewing te ondersoek, kan 'n mens die raakpunte met menslike ekologiese studies sien.

Uit 'n stedelike ontwikkelingsoogpunt gesien, is dit belangrik dat die tipe studies wat residensiële tevredenheid aandui, ontwikkel sal word. Juis uit sodanige studies kan inligting aangaande menslike gedrag verkry word. "Now the aims of modern urban development assume that human behavior articulates in some systematic way with the physical environment."¹⁴

Weens die leemtes wat daar bestaan het in studies wat die verwantskap tussen die mens (en sy gedrag) en die omgewing bestudeer, het daar 'n bewuswording ontstaan dat die mens se stedelike lewensgehalte bestudeer moet word. "In summary, residential satisfaction is an emergent phenomenon, and its character at any given point in time and space, is the product of the quantity and quality of interaction along the horizontal and vertical axes of the urban system."¹⁵

Dit is duidelik dat dit juis die interaksie tussen die mens en sy stedelike omgewingsisteem is wat studies in hierdie navorsingsveld regverdig en daartoe aanleiding gegee het. Volgens Campbell et al. het veral twee verskynsels 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van empiriese studies wat handel oor die mense se houding teenoor die gemeenskap en die residensiële omgewing waarin hulle bly. "First, the postwar housing boom of the 1950's and early

1960's and the concomitant growth of suburban developments have created new residential environments ... During the same period, an active program of slum clearance and central city rebuilding has focused attention on the plight of central city residents with particular emphasis on their housing and established ways of life."¹⁶

Die reaksie van residensiële bewoners ten opsigte van hulle omgewing het gevolglik navorsers se belangstelling gewek. Verskeie faktore (wat later ondersoek sal word) speel gevolglik 'n belangrike rol met betrekking tot bewoningsbevrediging. Sanoff en Sawhney verklaar dan ook dat in die lig van die verskeie faktore en die bepaling van residensiële bevrediging, "...it is being recognized that it is important to study the urbanized setting in which a host of social, economic and political factors operate, and also the interpretations given to these settings by the people who find themselves in these situations."¹⁷

Die vraag kan verder gestel word wat die belangrikheid van 'n woonomgewing dan is waarin residensiële bevrediging ondervind word. Chi en Griffin verklaar dat die belangrikheid van die woonomgewing na vore gekom het in die geval van die behuisingsprojek Pruitt-Igoe in St. Louis, Missouri. "Pruitt-Igoe, a 33-building high-rise housing project, was constructed in 1951 at a cost of 57 million dollars. At the time, it was hailed as the most innovative and impressive housing project of the century. Over the next ten years, however, Pruitt-Igoe deteriorated rapidly. The crime rate grew astronomically; the vacancy rate climbed to 20 percent; broken glass and trash littered the project. In 1972, with the approval of the United States Department of Housing and Urban Development, a controlled explosion toppled one part of the massive complex."¹⁸

Dit was sedert dié gebeurtenis dat daar 'n groeiende belangstelling in residensiële tevredenheid begin ontstaan

het. Dit is uit bogenoemde voorbeeld baie duidelik dat die bewoners residensiële ontevredenheid ervaar het wat aanleiding tot bepaalde gedragsresponse gegee het.

Dit is teen hierdie agtergrond wat die genese van studies in residensiële bevrediging gesien moet word. Vervolgens sal daar gelet word op die konseptualisering van residensiële bevrediging.

4. Konseptualisering

4.1 Teoretiese dimensie

'n Persoon se geloof en verwagting ten opsigte van sy leefomgewing vorm die premise vir die persepsie en evaluering van die woonomgewingsfaktore. 'n Begrip van hierdie verwantskap is slegs moontlik deur 'n persoon se algehele waarneming van die omgewing te bestudeer.

'n Persoon kan verskeie faktore ten opsigte van residensiële bevrediging relevant ag, aangesien 'n residensiële omgewing beide sosiale en fisiese kenmerke het. Beide dié kenmerke sowel as hulle interaksie, beïnvloed residensiële bevrediging. "Neighbourhoods have social as well as physical characteristics; not surprisingly, both domains as well as their interaction, affect residential satisfaction."¹⁹ Verder evalueer 'n individu sy huidige residensiële situasie na aanleiding van die wooneenheid waarin hy woon sowel as die woonbuurt.²⁰

Hoewel dit hier wil voorkom asof daar wel bepaalde teoretiese beginsels is wat residensiële bevrediging sal verklaar, is 'n stadium van teorieformulering nog nie bereik nie. Daar moet nog baie geleer word omtrent die bronne van betekenis en die invloed van die fisiese omgewing. Ten spyte hiervan, is dit duidelik dat daar 'n verwantskap tussen die fisiese omgewing en residensiële ondervinding is. "Although

we are far from having an integrated theory of the effects of the physical environment on psychological functioning or social behavior, the evidence for the importance of spatial variables for residential and nonresidential experience is substantial."²¹

As slotgedagte van die teoretiese dimensie van residensiële bevrediging, kan die volgende algemene opmerking gemaak word: Die mens is tevrede as 'n bepaalde objek in sy behoeftes voldoen. Behuising is onlosmaaklik gekoppel aan 'n betrokke residensiële omgewing; daarom is dit net logies dat bewoningsbevrediging residensiële-omgewingsbevrediging, sowel as woonhuistevredenheid as komponente sal insluit. Hierdie aspekte word later behandel.

4.2 Konseptuele model

Uit voorafgaande moes dit reeds duidelik geblyk het dat persone in Eerstewêreldlande in 'n objektief-gedefinieerde omgewing woon, maar volgens hul besondere behoeftes en inherente standaarde 'n subjektiewe omgewing waarneem. Dit is dus hierdie subjektief-gedefinieerde psigologiese lewensruimte waarvolgens die mens reageer.

Indien 'n mens se vlak van tevredenheid met 'n bepaalde aspek bepaal moet word, sal dit eers geëvalueer moet word. Daarom die gevolgtrekking dat tevredenheid met 'n sekere aspek van die lewe, binne die konteks van die individu se ervaringswêreld, van die evaluering van die verskeie attribute van die spesifieke objek afhanklik is.

Daar is reeds melding gemaak van die beginsels waaroor die individu beskik en wat sy persepsie van die geografiese omgewing beïnvloed. Ook is daar reeds genoem dat bevrediging sal afhang van die ooreenkoms wat gevind kan word tussen die evaluering van die omgewing en die standaard van die individu. Campbell et al. bevestig hierdie feit: "As in the

general model, satisfaction with each domain as a whole (i.e. with the community, the neighborhood, or the dwelling unit) is conceived to depend on comparisons between the situation as experienced in its diverse detail and the individual's standards, the most notable of these standards in a proximal sense being aspirations and expectations."²²

Wanneer hier gepraat word van die standarde van vergelyking wat bevrediging met 'n aspek sal bepaal, is dit 'n relatief moeilik-definieerbare konsep. Dit is van veelvuldige kriteria afhanklik: "The individual's assessment may derive from any or all of the following bases of evaluation: aspiration levels, expectation levels, ... equity levels, ... reference group levels, ... personal needs, ... and personal values ..."²³

Dit is gevolglik baie duidelik dat die manier waarop 'n persoon 'n bepaalde attribuut van 'n spesifieke domein evalueer, sal afhang van hoe hy die attribuut waarneem en watter standaard van vergelyking hy gebruik om die attribuut te beoordeel. So kan die aspirasievlak van die persoonlike behoeftevlak verskil. Indien 'n persoon dus in 'n omgewing woon wat aan sy behoeftes voldoen, kan daar terselfdertyd inkongruensie met sy aspirasievlak wees. Dit kan dus 'n invloed hê op die graad van tevredenheid wat ervaar word. Dit kan byvoorbeeld 'n hoër graad van tevredenheid met 'n bepaalde domein na 'n laer graad van tevredenheid verander.

Die konseptuele model in skema 2 sal hierdie interaktiewe proses tussen die objektiewe omgewingskenmerke en die standaard van vergelyking duidelik maak. Die volgende bespreking sal aan die hand van Campbell et al. se konseptuele model (skema 2) geskied.


Die attribute by die inset van die model veronderstel die objektiewe kenmerke van die spesifieke situasie of domein. Verder toon die model dat die uiteindelijke evaluering van

die spesifieke domein van persoon tot persoon sal verskil, enersyds as gevolg van die verskillende standaarde van vergelyking wat bepaal word deur die aspirasies en verwagtings, en andersyds deur die verskillende persoonlikheidskenmerke. "Finally, personal characteristics may condition the relationship between such attribute assessments and domain (community, neighborhood and dwelling unit) satisfaction; the important characteristics of a community to one type of person may be unimportant to other types of people."²⁴

'n Verdere opvallende kenmerk van die model is die interaksie tussen gemeenskaps-, woonbuurt- en behuisingstevredenheid. Die logiese gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die een domein se tevredenheidspeil die ander sal beïnvloed. Dit impliseer gevolglik dat 'n persoon 'n hoër toleransie teenoor sy gemeenskap sal hê as hy 'n hoër vlak van woonbuurt- of behuisingstevredenheid ondervind. Hierdie gevolgtrekking impliseer ook dat 'n persoon sy woonbuurt sal "verdra" indien hy 'n hoër mate van gemeenskaps- en behuisingstevredenheid ondervind.

'n Verdere opvallende eienskap van die konseptuele model is die uitset van die hele vloedigram. Die vlakke van domeinbevrediging kan in die laaste instansie 'n neiging of intensie by die residensiële bewoner laat ontstaan om van woonplek te verander.

Dit is dan ook in die lig van skema 2 wat daar besluit is om onder bewoningsbevrediging die komponente residensiële-omgewingsbevrediging (waaronder gemeenskaps- en woonbuurt-bevrediging) en woonhuistevredenheid in te sluit. Daarom word daar dan vervolgens na hierdie twee komponente gekyk.



Skema 2: 'n Model wat die determinante van bevrediging met die residensiële omgewing aandui ²⁵

5. Komponente van bewoningsbevrediging

Baie navorsing in die verlede het gepoog om bewoningsbevrediging te bepaal deur slegs op òf die sosiale, ekonomiese, politieke òf omgewingsaspekte te konsentreer. Baie min van die studies het al bogenoemde aspekte in een studie gesintetiseer, "... to examine their interrelationships and to identify their influence, collectively and individually, on consumers' satisfaction with their home."²⁶

Dit moet egter baie duidelik gestel word dat daar baie studies is wat wel die verskillende aspekte in die evaluering van die residensiële omgewing verreken het. "To summarize, earlier studies have established or implied the importance of privacy, social interaction, compatibility, maintenance level, and several other factors for neighborhood evaluations."²⁷

Onibokun stel dit ook onomwonde dat die bewoonbaarheid (bevrediging) nie net deur die beplanningselemente (woonhuis en omgewing) beïnvloed word nie, maar ook deur gedrag en die sosiale, kulturele en ander elemente in 'n totale sosiale-omgewingsisteem. "A dwelling that is adequate from the engineering or from the design point of view may not necessarily be adequate or satisfactory from the inhabitant's point of view."²⁸

Dit is derhalwe duidelik dat bewoningsbevrediging in 'n totale perspektief beskou moet word. Een element kan nie bo 'n ander uitgesonder word as die belangrikste nie. Alle onderliggende verbandhoudende aspekte moet verreken word. So kan die sosiale aspek nie belangriker as die fisiese aspek geag word nie. "Although the research cited to this point emphasizes the impact of social setting on neighbourhood satisfaction, the effect of the physical setting may have underlying importance."²⁹

Hieruit kan dus afgelei word dat dit die ligging en interpersoonlike elemente van die residensiële omgewing is wat bestudeer moet word. "It appears to us, however, that the importance of the neighborhood as a unit of investigation lies precisely in its double aspect; and that the ecological and interpersonal elements of neighboring need to be considered simultaneously."³⁰ 'n Mens moet egter hier byvoeg dat die behuisingselemente ewe belangrik as bydraende faktor van bewoningsbevrediging is. Dit is reeds vermeld dat 'n individu sy huidige residensiële situasie evalueer na aanleiding van die wooneenheid sowel as die woonbuurt.

Uit bogenoemde bespreking is die gevolgtrekking dus logies dat daar 'n noue onderlinge verwantskap tussen woonhuis- en woonbuurttevredenheid moet bestaan. Sanoff en Sawhney sê in hierdie verband, "... an individual's satisfaction with his dwelling is generally associated with his level of satisfaction with his neighborhood. This emphasizes the fallacy of policies geared to designing acceptable housing without considering the environment or context of the housing".³¹

Die komponente van bewoningsbevrediging soos dit in hierdie studie ondersoek sal word, behels dus residensiële-omgewingsbevrediging en woonhuistevredenheid.

5.1 Residensiële-omgewingsbevrediging

Eerstens sal 'n konseptualisering van die begrip residensiële omgewing relevant wees. 'n Verduidelikende beskrywing is dus nodig om helderheid te verkry oor watter aspekte van die residensiële omgewing geëvalueer sal word in die bepaling van residensiële-omgewingsbevrediging.

Die residensiële omgewing het 'n geweldige impak op die mens en sy individuele leefomgewing. Hier dink 'n mens aan die sosiale en fisiese aspekte van die residensiële omgewing, want dit is voor die hand liggend dat hierdie twee elemente nie as totaal aparte entiteite beskou kan word nie. Die fisiese sowel as die sosiale omgewingsinvloede het 'n impak op die mens.

Hoewel 'n woonbuurt 'n groot fisiese oppervlakte beslaan, is dit die onmiddellike omgewing wat vir die individu saak maak. Die tradisionele begrip woonbuurt vervaag ietwat vir 'n persoon en hy sal dus eerder dink aan sy onmiddellike omgewing as hy sou sê dat hy in 'n aangename woonbuurt woon. Marans en Wellman voeg by, "... the area around the residence is where people spend the greatest amount of their discretionary time."³²

Daar moet ook verder gelet word op die betekenis van 'n woonbuurtligging vir die residensiële bewoner. Foote et al. sê dat dié ligging drie basiese en nie noodwendig verwante aspekte insluit, naamlik: "Location as site ... Location as physical environment ... Location as social environment."³³

Wat die eerste aspek betref, sê bogenoemde skrywers dat elke woonbuurt 'n spesifieke ligging binne die stad het. Hierdie ligging staan in verhouding met die relatiewe afstand na ander dele van die stad. "The neighborhood location is rated as convenient or inconvenient by the consumer according to two criteria: the amount of time it takes to reach areas of work, shopping, school, recreation, and the homes of relatives and friends; the ranking in importance to the individual of these various other parts of the city."³⁴

Wat die fisiese omgewing betref, is dit vanselfsprekend dat die woonbuurt uit 'n konglomerasie van spesifieke kenmerke van klimaat, oop ruimtes, omgewingstoestande, gemeenskaps-fasiliteite, speelgronde, parke, ensovoorts bestaan. Dit

gaan gevolglik in hierdie geval oor die fisiese voorkoms van die residensiële omgewing. Hierdie aspek omsluit dus die fisies waarneembare elemente in die residensiële omgewing.

Woonbuurtligging sluit in die derde plek ook die sosiale omgewing in. "Neighborhoods are occupied by people and the characteristics of those people create a social environment."³⁵

Dit is gevolglik duidelik dat die evaluering van die residensiële omgewing beide die sosiale en fisiese aspekte moet insluit om 'n geheelbeeld van residensiële-omgewingsbevrediging te verkry. "Local physical space seems to have provided a framework within which some of the most important social relationships were embedded."³⁶

Hoewel daar reeds gewys is op die invloed wat beide die sosiale en fisiese aspekte op die tevredenheidsvlak van residensiële bewoners het, meld Onibokun ook dat afgesien van die fisiese en aanverwante faktore dit baie duidelik is dat die sosiale kenmerke ook 'n besliste invloed het. "While this assumption (that physical factors strongly influence residential satisfaction) is quite valid, it overlooks the impact that the tenants' social system characteristics - their socio-economic status, stage in the life cycle, degree of social interaction, life style, self-conceived image, and the like - can possibly have on their level of satisfaction with their housing."³⁷

Fried en Gleicher sluit hulle hierby aan, want hulle sê by die bestudering van die redes vir residensiële-omgewingsbevrediging kom die volgende hoofmomente duidelik na vore: Die residensiële gebied is eerstens die gebied waarin 'n verskeidenheid en interafhanklike stel van sosiale netwerke gelokaliseer is. Tweedens is die residensiële fisiese gebied 'n verlengstuk van die huis wat gevolglik baie betekenis vir 'n individu het en wat die gevoel van "ek

behoort" versterk.³⁸ Die twee deelkomponente van residensiële-omgewingsbevrediging is baie duidelik ook hier teenwoordig.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat hoe groter die persoon se betrokkenheid by sy residensiële omgewing deur kontak (visueel of ouditief) of deur 'n sterk positiewe sosiale gevoel, hoe groter sal die mate van tevredenheid met sy residensiële omgewing wees. Die spreekwoordelike "bekend is bemind" kan derhalwe hier geld. Zietsman sê dan ook: "Grondliggend tot 'n huishouding se residensiële tevredenheid is die residensiële omgewing..."³⁹

5.2 Woonhuistevredenheid

Die tweede komponent wat 'n persoon se vlak van bewoningsbevrediging in die onderhawige studie sal bepaal, is woonhuistevredenheid. Hier word veral verwys na die eiendomsfaktore van die woonhuis en die erf. Soos reeds uit voorafgaande bespreking duidelik moes blyk, is 'n mens tevrede as 'n bepaalde objek aan sy behoeftes voldoen. Behuising is egter onlosmaaklik aan 'n betrokke residensiële omgewing gekoppel. Daarom spreek dit ook vanself dat bewoningsbevrediging gekoppel is aan residensiële-omgewingsbevrediging sowel as behuisingstevredenheid as onderliggende deelkomponente.

Die woonhuis is immers dié aspek in die residensiële omgewing waarmee die individu die nouste kontak het. Onibokun gaan selfs so ver om te verklaar dat die huis die ontvanger van al die terugvoer vanaf onder andere die residensiële omgewing, die gemeenskap (stad), diensteverskaffing, ensovoorts is. Daarom sê hy verder dat die woonhuis die sentrale fokus van 'n konseptuele model van bevrediging van sodanige studies behoort te wees. "Thus ... assessing habitability means evaluating the level of

satisfaction of a tenant living in a particular housing unit ..."⁴⁰

Een van die gevolgtrekkings waartoe Foote et al. gekom het, kom daarop neer dat 'n goeie huis baie belangrik vir 'n residensiële bewoner is. "A good neighborhood location is rarely preferred over a good dwelling."⁴¹ As gevolg van hierdie belangrike gevolgtrekking waartoe bogenoemde skrywers gekom het, is dit derhalwe relevant en belangrik dat die individu se tevredenheid met sy behuising getoets word. In die praktyk kan dit daarop neerkom dat 'n persoon baie gelukkig en tevrede met sy huis is, terwyl hy die residensiële omgewing as onaangenaam beleef. Rent en Rent het egter bevind dat daar wel 'n verband tussen die woonbuurtbevrediging (residensiële-omgewingsbevrediging) en behuisingstevredenheid bestaan.⁴² Daarom moet 'n mens dus ook behuisingstevredenheid (woonhuistevredenheid) toets om 'n totaalbeeld van bewoningsbevrediging te verkry.

'n Mens kan egter nie van behuising praat sonder om op die sosiale noodsaaklikheid daarvan te wys nie. Met die sosiale noodsaaklikheid word 'n persoon se behuisingsbehoefte bedoel. Bourne definieer behuisingsbehoefte soos volg: "Housing need, broadly defined refers to the inadequacy of existing housing conditions when compared with some standard or norm of what is socially acceptable."⁴³ Hier is ook die verwysing na 'n standaard van vergelyking wat baie duidelik in die konseptuele model van bewoningsbevrediging na vore gekom het. Dit versterk gevolglik die argument dat woonhuistevredenheid 'n belangrike komponent van bewoningsbevrediging is.

Nadat daar nou gepoog is om aan te toon dat bewoningsbevrediging in die onderhawige studie veral op die genoemde twee komponente (residensiële-omgewingsbevrediging en woonhuistevredenheid) betrekking het, kan daar vervolgens

'n paar gedagtes gewissel word oor die meting van bewoningsbevrediging.

6. Meting van bewoningsbevrediging

Hoewel die besprekingspunt eerder onder navorsingsprosedures tuishoort, is dit relevant om hier slegs enkele literatuurverwysings oor dié aspek te maak. Kaiser et al. het 'n houdingsondersoek geloods op residensiële bewoners om hulle vlak van residensiële bevrediging te toets.⁴⁴ Verder meld McAuley en Nutty dat residensiële bevrediging met behulp van houdingskale gemeet kan word: "Residential satisfaction was measured by asking the respondents to indicate on 5 point scales from very satisfied to very dissatisfied how satisfied they and their families were with the house, neighborhood, overall locational convenience, cultural/recreational facilities and climate."⁴⁵

Dit blyk uit verdere literatuurnavorsing dat houdingsmeting die aangewese tegniek is om bewoningsbevrediging te evalueer. (Houdings en die meting daarvan sal volledig in hoofstuk vier behandel word.) Dit is logies dat 'n persoon se houding teenoor sy residensiële omgewing en woonhuis bepaal kan word deur sekere vrae te vra waardeur die individu se houding teenoor sy woongebied duidelik sal word.

Vervolgens sal 'n paar algemene opmerkings gemaak word oor die veranderlikes wat by 'n studie van bewoningsbevrediging verreken moet word. Hoewel dit nie 'n volledige beskrywing van die veranderlikes sal wees nie, moet dit in aanmerking geneem word dat 'n volledige matriks van veranderlikes in hoofstuk vyf verskaf sal word.

6.1 Veranderlikes

.By die bespreking van die komponente van bewoningsbevrediging is daarop gewys dat onder residensiële-

omgewingsbevrediging, die sosiale sowel as die fisiese omgewingsaspekte verreken sal word. In hierdie stadium kan gemeld word dat gemeenskapselemente by die residensiële omgewingsaspekte ingesluit sal word. Verder moet die eiendomsaspekte van 'n woonhuis en erf verreken word ten einde woonhuistevredenheid te bepaal. (Hierdie twee komponente tesame behoort bewoningsbevrediging te verklaar.)

Hoewel daar uiteenlopende menings bestaan oor watter veranderlikes of attribute by watter komponent tuishoort, is daar egter 'n groot mate van konsensus oor watter attribute wel ondersoek moet word by die bepaling van bewoningsbevrediging. So sê Chi en Griffin byvoorbeeld dat behuising saamgestel is uit 'n aantal attribute, "... such as physical quality of dwelling units (e.g. floor area, plumbing, and kitchen facilities, number of bedrooms), location, quality of public and quasi-public services, and neighborhood characteristics (physical and socio-psychological)".⁴⁶

Uit bogenoemde aanhaling is dit duidelik dat behuising in dié sin ekwivalent aan die konsep bewoning in die onderhawige studie is. Dit is derhalwe 'n verskeidenheid attribute, nie net die wooneenheid self nie, wat 'n huishouding as belangrik beskou in sy keuse van 'n woonplek en wat gevolglike bevrediging met die woonomgewing tot gevolg het.

Ermuth stel dit ook duidelik dat 'n huishouding se bevrediging met 'n gegewe stedelike residensiële omgewing beïnvloed word "... not only by the attributes of the dwelling-unit but, it is also affected by accessibility to essential facilities and amenities, by symbolic values such as status and prestige of and sense of identity with the environment as well as socio-economic characteristics of the household".⁴⁷

Dieselfde skrywer noem ook 'n aantal stedelike omgewingsfaktore wat oorweeg kan word as potensieel-relevante bydraende faktore tot residensiële tevredenheid. Hierdie faktore sal onder andere die volgende insluit; toeganklikheid tot inkopie-, ontspannings- en opvoedkundige fasiliteite; die voorsiening van munisipale dienste soos openbare vervoer, elektrisiteit, water en vullisverwydering; fisiese attribute van die huis se struktuur en algemene kenmerke ten opsigte van die voorkoms en status van die residensiële omgewing soos stil strate, ruimte en natuurlike eienskappe.⁴⁸

Ander spesifieke attribute wat ook kan bydra tot die verklaring van bewoningsbevrediging is die gevoel van veiligheid op straat, huiseienaarskap, behuisingsdigtheid, grootte van huis, aantal slaap- en badkamers, vertrekuitleg, bergingsruimte, grootte van erf, sosiale karakter van die residensiële omgewing ensovoorts. Daar is gevolglik 'n verskeidenheid veranderlikes wat van kardinale belang is by die bepaling van bewoningsbevrediging. Dit is ook duidelik dat al die genoemde faktore ewe belangrik is omdat hulle almal bydraende elemente tot bewoningsbevrediging is.

Ten spyte van hierdie siening van die navorser, bestaan daar egter by sommige skrywers uiteenlopende menings oor watter aspek die belangrikste bydraende faktor tot residensiële-omgewingsbevrediging is. (Hier sal slegs enkele opmerkings gemaak word oor die sosiale omgewing as 'n faktor wat 'n rol kan speel by genoemde komponent.)

Wanneer daar van die sosiale omgewing gepraat word, dink 'n mens onwillekeurig aan sosiale interaksie as 'n sterk voorspeller van residensiële-omgewingsbevrediging. Volgens Fried is dit nie so 'n belangrike bydraer tot residensiële bevrediging nie, alhoewel hy tog daaraan aandag skenk. Hy sê, "... it is the only such variable that enters the

equation and accounts for a modest proportion of the variance."⁴⁹

Hierdie bevinding is aanvegbaar, want Foote et al. het weer bevind dat wanneer 'n huisbewoner sy residensiële omgewing evalueer, sy primêre belang nie by die geografiese ligging of die fisiese kenmerke is nie, maar juis by die sosiale kenmerke van die bure. "Among consumers satisfied with their location (roughly two-thirds to three-fourths of all consumers), the chief reason for satisfaction seems to be the social characteristics of the neighbours."⁵⁰ Fried en Gleicher beklemtoon ook die belangrikheid van sosiale verhoudings (verwantskappe) in die evaluering van die residensiële omgewing, want houdings word daardeur beïnvloed. "Not only are other social relationships of considerable significance, but they also seem to influence feelings about the area."⁵¹

Dit is dus belangrik dat 'n mens alle sosiale en fisiese faktore van die residensiële omgewing sowel as die woonhuis as uitgangspunt moet neem in die bepaling van bewoningsbevrediging, aangesien albei belangrik is. Daarom kan sommige veranderlikes nie as minder belangrik in die onderhawige studie afgemaak word nie.

Ten slotte kan gemeld word wat Appleyard sê oor die parameters wat 'n bevredigende woonomgewing sal bepaal. Hy sê dat 'n mens eerder moet vra wat 'n individu van sy residensiële omgewing verwag. "What people want from a residential and street environment may be security, peace and quiet, comfort, cleanliness, attractive appearance, privacy, territorial control, convenience, good parking, street life, neighborliness, or other amenities."⁵² Dit is logies dat hierdie moontlike verwagtinge van 'n persoon 'n betekenisvolle invloed op sy persepsie en vlak van bewoningsbevrediging kan hê.

Hoewel die veranderlikes in dié besprekingspunt nie onder die bepaalde komponente gegroepeer is nie, was dit ook nie die bedoeling nie. Hier is slegs gepoog om enkele literatuurbewyse as motivering vir die gekose veranderlikes in die geografiese datamatriks te verskaf.*

Vervolgens sal daar gekyk word na 'n paar praktiese implikasies wat studies van residensiële bevrediging (bewoningsbevrediging) kan inhou.

7. Implikasies van bewoningsbevrediging

7.1 Mobiliteit

Een van die belangrikste implikasies of gevolge van die graad van bewoningsbevrediging is residensiële mobiliteit. Dit sou ter aanvang van hierdie besprekingspunt relevant wees om te kyk wat met die begrip residensiële mobiliteit bedoel word. Rossi sê die volgende daarvan: "The findings of this study indicate the major function of mobility to be the process by which families adjust their housing to the housing needs that are generated by the shifts in family composition that accompany life cycle changes."⁵³


McAuley en Nutty het ook in 'n studie bevind dat daar 'n logiese patroon is ten opsigte van die tipe residensiële kenmerke wat lede van 'n gesin in elke lewensiklusstadium verlang. Hierdie mense besef dan dat hulle residensiële verandering moet gebruik om hulle behuising- en woonbuurtbehoefte te bevredig.⁵⁴

Residensiële bevrediging is gevolglik een van die moontlike oorsaaklike faktore wat 'n verklaring kan bied vir die residensiële verandering (mobiliteit) wat 'n huishouding onderneem. Aangesien die veranderde behuisingsbehoefte met

* Infra, p. 122.

die verskillende stadia in die lewensiklus van 'n huishouding geassosieer word, dink 'n mens veral aan die jonger huishoudings wat kortafstand-verskuiwings onderneem, gewoonlik as gevolg van 'n vraag na ruimte weens 'n groterwordende gesin.

Die gevolgtrekking waartoe 'n mens derhalwe kan kom, is dat residensiële ontevredenheid moontlik aanleiding kan gee tot 'n toestand van residensiële mobiliteit. Die verhouding tussen die faktore wat tydens die eerste stadium van die besluitnemingsproses, ten opsigte van residensiële mobiliteit, in werking is, word baie duidelik met behulp van die volgende oorsaaklike model (skema 3) weergegee.



Skema 3: 'n Model vir die eerste stadium van die besluitnemingsproses ten opsigte van mobiliteit

Uit bogenoemde oorsaaklike model is daar veral vier aspekte wat by residensiële bevrediging (bewoningsbevrediging) 'n rol speel, te wete individuele of huishoudingskenmerke, woonhuiskkenmerke, liggingskenmerke en sosiale bande tussen die huishouding en ander mense. 'n Verandering in enige eienskap in die model kan tot 'n verandering in residensiële bevrediging lei, wat die moontlikheid van mobiliteit verhoog. "Although the model ... may appear to be a static one, al of the above sorts of changes can operate through the model. For example, a change in neighborhood or in

housing characteristics might lower the satisfaction with the current location and lead to the consideration of a move."⁵⁶ Dit is gevolglik duidelik dat 'n persoon/huishouding wat 'n lae vlak van bewoningsbevrediging ervaar daaraan sal dink om te verhuis. Kaiser stem hiermee saam: "As expected, households least satisfied with their residential situation or who rate it low, are most likely to have moving intentions."⁵⁷

Afgesien van die sogenaamde "stoot"- en "trek"-faktore wat mobiliteit kenmerk, sê Rossi dat 'n mens ook spontane en gedwonge verskuiwings kry. Dit is juis onder spontane verskuiwings waar gevind word dat ontevredenheid met die huidige wooneenheid 'n rol speel. "Among voluntary moves - where the household had a clear choice between staying and moving - the most important factor impelling households to move was dissatisfaction with the amount of space in their old dwellings."⁵⁸

Dit is egter nie al alternatief wat gevolg kan word wanneer 'n persoon nie bewoningsbevrediging ervaar nie. Wanneer 'n individu nie met sy huidige situasie tevrede is nie, kan hy volgens Galster en Hesser een van twee dinge doen. As alternatief vir residensiële mobiliteit noem bogenoemde skrywers die volgende: "One may attempt to reconcile the incongruence by redefining needs and reducing aspirations, and/or by altering the evaluation of the current situation."⁵⁹

Hier is gevolglik sprake van 'n individu se standaard van vergelyking waarvolgens 'n residensiële omgewing geëvalueer word. Bogenoemde alternatief impliseer dus dat die persoon se houding en persepsie moet verander, eerder as 'n verandering in woonplek. Uit die aard van die saak speel sosio-ekonomiese faktore 'n baie belangrike rol in hierdie proses.

Derhalwe kan ook gemeld word dat, hoewel behuissingsontevredenheid 'n oorsaak tot residensiële mobiliteit is, nie alle ontevrede woonhuisgebruikers verhuis nie: "Not all dissatisfied housing consumers move (even locally) and not all movers are dissatisfied with their previous dwellings."⁶⁰ Hieruit blyk duidelik dat daar verskeie faktore is wat 'n rol in die hele mobiliteitsproses kan speel.

Wat verder van belang is, is die feit dat dit nie net een komponent van die residensiële opset is wat 'n invloed op bewoningsbevrediging en gevolglike residensiële mobiliteit het nie, maar dat die totale omgewing 'n belangrike determinant van residensiële mobiliteit is. "It appears then, that just as satisfaction with different levels of the residential environment appear to be closely linked, so the desire to move depends on satisfaction with all levels of the environment. Although satisfaction with the dwelling unit is the most critical factor, satisfaction with the contextual environment is also an important determinant of the wish to move elsewhere."⁶¹

7.2 Beplanning

Die argument is al baie aangevoer dat die stadsbeplanner vir mense beplan en nie saam met hulle nie. Daarom kan verstaan word dat baie besluite geneem word wat tot 'n verandering in die omgewing lei. Hierdie beplanning het 'n geweldige impak op die individu se evaluering van sy omgewing. "Although the impact of an individual decision may be small, the cumulative effect of all such decisions is enormous, for both the number of people and the technological power at the command of each is greater than ever before and is growing rapidly."⁶²

Dit is dan gevolglik net logies dat hierdie beplanningsimpak ook 'n invloed op 'n individu se bewoningsbevrediging het.

Zehner het byvoorbeeld gesuggereer dat die mate waarin 'n beplanner 'n woonbuurt ontwerp, "... to favor ease of maintenance and/or provides for upkeep of the buildings and grounds, he can significantly influence, if not fully determine, the residents' subsequent reports of satisfaction".⁶³

Hierdie invloed op bewoningsbevrediging kan die gevolg wees van die verskillende vlakke van die omgewing wat deur mense beklemtoon en belangrik geag word. Daarom is dit ook belangrik dat daar by die beplanningsproses aandag aan hierdie aspek geskenk sal word, sodat die beplande aspekte sal pas by die lewenstyl en sosiale klas van die mense vir wie beplan word.

Dit is egter baie belangrik dat daar by beplanning aan alle aspekte aandag gegee moet word omdat bewoningsbevrediging verskeie komponente omsluit. Foote et al. meld dat die opgradering van die fisiese omgewing nie noodwendig tevredenheid teweeg sal bring nie. Hulle sê om te slaag met stedelike hernuwing daar ook opgradering van die sosiale omgewing moet wees.⁶⁴

Bewoningsbevrediging word ondervind wanneer 'n individu se behuisingsbehoefte in ooreenstemming is met die werklike behuisingsituasie. Argitekte worstel gewoonlik met die probleem om behuising so aantreklik moontlik te maak, sodat dit aan die aspirasies van die bewoners kan voldoen. "Architects have frequently expressed the wish that social scientists provide a standard checklist of user needs in housing so that their products could be found more suitable."⁶⁵

Uit hierdie saaklike bespreking behoort dit duidelik te blyk dat 'n studie van bewoningsbevrediging wel sekere implikasies vir die beplanner (argitek) inhou. Sekere aspekte waarmee die woonhuisbewoner baie tevrede of

ontevrede voel, behoort duidelik na vore te kom. Dit is dan sodanige negatiewe aspekte waaraan by 'n stedelike hernuwingsprogram aandag geskenk kan word.

'n Ander hedendaagse tendens is dat eiendomontwikkelaars eiendomme (huise) bou wat in hulle eie behoeftes en dikwels nie in die kliënt se behoeftes voorsien nie. Ook hier kan daar sprake van inkongruensie wees met die kliënt se behuisingsbehoefte. Goodey en Gold sê dan ook: "Urban design skills are being employed progressively more on behalf of corporate than public clients and, while the relationship with public space may be part of the brief and design rhetoric for a new structure, the quality of public space is inevitably lower on the agenda than space designed for the client."⁶⁶ 'n Besinning oor hierdie neiging is derhalwe van kardinale belang omdat die vlak van bewoningsbevrediging hierdeur beïnvloed kan word.

7.3 Behuisingsbeleid

Onder hierdie besprekingspunt dink 'n mens veral aan beleidsimplikasies wat met behuising in die algemeen te doen het. 'n Toenemende vlak van residensiële bevrediging is 'n primêre doel van behuisingsbeleid. Daar is reeds op die belangrikheid van alle verbandhoudende komponente gewys wat uiteindelik die graad van bewoningsbevrediging sal bepaal. Omdat hierdie komponente dan so belangrik is, sal die verhoging van bewoningsbevrediging ook die verbetering van die onderskeie dimensies moet insluit. Hier is veral sprake van die gelyktydige positiewe invloed van die komponente wat bewoningsbevrediging bepaal. "Concentrating on, for instance, improving interior dwelling quality alone, may have little impact on overall residential satisfaction or even dwelling quality satisfaction itself if surrounding neighborhood conditions continue to erode."⁶⁷ Indien daar 'n hernuwingsprogram aangepak word om 'n residensiële omgewing

op te gradeer, sal daar dan beslis na alle verbandhoudende aspekte gekyk moet word.

'n Ander aspek wat na vore kom deur die bestudering van bewoningsbevrediging is dat sodanige studies 'n aanwyser kan wees om behuisingsvoorkeure vas te stel. Hiermee hang saam die moontlikheid om residensiële verbeteringsprioriteite te bepaal wat in 'n hernuwingsbeleid voorrang kan (moet) geniet. Die belangrikheid van hierdie laasgenoemde aspek kan nie genoeg beklemtoon word nie, want dikwels word 'n besluit deur 'n plaaslike owerheid geneem dat 'n sekere aspek in die residensiële gebied verbeter moet word, terwyl dié aspek nie ontevredenheid by die residensiële bewoners veroorsaak nie. "In the Wooster case, e.g. policy-makers examining only relative dissatisfactions of the lowest income group (under \$7000) would have concluded that local public services should be the primary focus, yet such improvements ranked lowest in priority for this group."⁶⁸

Dit is dus baie duidelik dat studies wat bewoningsbevrediging toets, belangrike praktiese implikasies het: "Architects, planners, policy-makers, and all those concerned with the shaping of housing (whether public or privately provided or whether it is low-, medium-, or high-income housing) should pay more attention to human or social system factors in their conceptualization and design of adequate and satisfactory accommodation."⁶⁹

8. Slotopmerkings

Hoewel die konsep van bewoningsbevrediging reeds deeglike bespreking en ontleding vereis het, is 'n paar slotopmerkings tog uiters relevant.

Bewoningsbevrediging is die produk van beide die wooneenheid en die residensiële omgewing. Dit is moontlik vir 'n individu om baie tevrede met die fisiese struktuur van sy

woonhuis te wees, terwyl die woonbuurt in fisiese en sosiale terme totaal onaanvaarbaar is.

Tevredenheid op enige vlak is 'n psigologiese ervaring, want die ondervinding met 'n bepaalde aspek word baie sterk beïnvloed deur 'n individu se vorige ondervindinge en sy huidige verwagtings. Hierdie psigologiese ervaring het ook betrekking op 'n huisbewoner se residensiële omgewing. Die konseptuele model wat verskaf is, stel dit baie duidelik dat die evaluering van spesifieke attribute afhang van die persepsie daarvan in verhouding tot 'n persoon se standarde van vergelyking.⁷⁰

Hieruit kan dus afgelei word dat die vlak van bewoningsbevrediging wat 'n individu ondervind, basies 'n psigologiese ervaring is.

Alhoewel die literatuur oor residensiële bevrediging volop is, is daar ook baie teenstrydighede en verskille te vind.⁷¹ Hierdie paradokse kan in die lig van bogenoemde aanname gesien word dat dié tipe studies 'n sterk psigologiese onderbou het. Hier word met die mens gewerk wat sy woonomgewing subjektief waarneem en evalueer. Die ironie van die saak is dat 'n objektief-gedefinieerde omgewing subjektief gepersepsieer word.

Soos uit die literatuurnavorsing dus blyk en doeltreffend deur Galster opgesom word, word die konsep residensiële bevrediging op vier verskillende wyses gebruik: "First it has been used as a key predictor of individuals perceptions of general quality of life. Second it has been used as an ad hoc evaluative measure for judging the success of housing developments constructed by the private sector and public sector. Third it has been used as an indicator of incipient residential mobility and, hence, altered housing demands and neighborhood change. Fourth, it has been used to assess residents' perceptions of inadequacies in their current

housing environment so as to direct forthcoming private or public efforts to improve the status quo."⁷²

Die onderhawige studie kan gesien word teen die agtergrond van die eerste en vierde manier waarop 'n studie van bewoningsbevrediging kan plaasvind.

Die tegniek wat gebruik word om bewoningsbevrediging te meet, is houdingsmeting. Dit is duidelik uit die voorafgaande hoofstukke dat houdingsanalise uiters geskik is om die verwantskap tussen die mens en sy omgewing te bestudeer. Dit is juis hierdie verwantskap wat uiteindelik aandui of die individu bewoningsbevrediging ervaar.

In die lig hiervan, is dit derhalwe relevant om houdings as konsep van nader te beskou.

Verwysings

1. A. Campbell, P.E. Converse and W.L. Rodgers, The quality of American life. Perceptions, evaluations and satisfactions, p. 8. [Hierna vermeld as: Campbell et al., The quality of American life.]
2. P.S.K. Chi and M.D. Griffin, Social indicators for measuring residential satisfaction in marginal settlements in Costa Rica, in Social Indicators Research, vol. 8, 1980, p. 454.
3. G.C. Galster, Evaluating indicators for housing policy: Residential satisfaction vs marginal improvement priorities, in Social Indicators Research, vol. 16, 1985, p. 417.
4. R.M. Haynes, Geographical images and mental maps, p. 2. [Hierna vermeld as: Haynes, Geographical images.]
5. W.H. Ittelson, Environmental perception and urban experience, in Environment and Behavior, vol. 10, no. 2, 1978, p. 195.
6. B. Goodey, Perception of the environment: An introduction to the literature, p. 1. [Hierna vermeld as: Goodey, Perception.]
7. Ittelson, in Environment and Behavior, vol. 10, no. 2, 1978, p. 196.
8. D. Lowenthal, Geography, experience and imagination: Towards a geographical epistemology, in Annals of the Association of American Geographers, vol. 51, no. 3, 1961, p. 251.
9. N.W. Heimstra and L.H. McFarling, Environmental psychology, p. 239.
10. V. Preston and S.M. Taylor, The family life cycle, leisure activities, and residential area evaluation, in The Canadian Geographer, vol. 25, no. 1, 1981, p. 47.
11. W. Dennis, ed. Current trends in social psychology, p. 72. [Hierna vermeld as: Dennis ed., Trends.]

12. H.C. Brookfield, On the environment as perceived, in Progress in Geography, vol. 1, 1969, p. 75.
13. Webster's third new international dictionary, 1966, soos aangehaal by W. Michelson, Man and his urban environment: A sociological approach - with revisions, p. 5.
14. W. Michelson, Man and his urban environment: A sociological approach - with revisions, p. 4. [Hierna vermeld as: Michelson, Man and his urban environment.]
15. F. Ermuth, Residential satisfaction and urban environmental preferences, p. 32. [Hierna vermeld as: Ermuth, Residential satisfaction.]
16. Campbell et al., The quality of American life, p. 218.
17. H. Sanoff and M. Sawhney, Residential livability: A socio-physical perspective, p. 5. [Hierna vermeld as Sanoff and Sawhney, Residential livability.]
18. Chi and Griffin, in Social Indicators Research, vol. 8, 1980, p. 453.
19. R. Kaplan, Nature at the doorstep: Residential satisfaction and the nearby environment, in Journal of Architectural and Planning Research, vol. 2, no. 2, 1985, p. 115.
20. G.C. Galster and G.W. Hesser, Residential satisfaction: Compositional and contextual correlates, in Environment and Behavior, vol. 13, no. 6, 1981, p. 737.
21. M. Fried, Residential attachment: Sources of residential and community satisfaction, in Journal of Social Issues, vol. 38, no. 3, 1982, p. 108.
22. Campbell et al., The quality of American life, p. 219.
23. Ibid., p. 14.
24. Ibid., p. 221.
25. Ibid., p. 220.

26. A.G. Onibokun, Evaluating consumers' satisfaction with housing. An application of a system approach, in Journal of American Institute of Planners, vol. 40, no. 3, 1974, p. 189.
27. R.B. Zehner, Neighborhood and community satisfaction: A report on new towns and less planned suburbs, in Environment and the social sciences: Perspectives and applications, ed. by J.F. Wohlwill and D.H. Carson, p. 176.
28. Onibokun, in Journal of American Institute of Planners, vol. 40, no. 3, 1974, p. 189.
29. Zehner, in Environment and the social sciences: Perspectives and applications, p. 176.
30. T. Caplow and R. Forman, Neighborhood interaction in a homogeneous community, in American Sociological Review, vol. 15, 1950, p. 357.
31. Sanoff and Sawhney, Residential livability, p. 38.
32. R.W. Marans and J.D. Wellman, The quality of nonmetropolitan living. Evaluations, behaviors, and expectations of northern Michigan residents, p. 47. [Hierna vermeld as: Marans and Wellman, Quality.]
33. N.N. Foote et al., Housing choices and housing constraints, pp. 180-181. [Hierna vermeld as: Foote et al., Housing.]
34. Ibid., p. 180.
35. Ibid., p. 181.
36. M. Fried and P. Gleicher, Some sources of residential satisfaction in an urban slum, in Environment and the social sciences: Perspectives and applications, ed. by J.F. Wohlwill and D.H. Carson, p. 146.
37. A.G. Onibokun, Social system correlates of residential satisfaction, in Environment and Behavior, vol. 8, no. 3, 1976, p. 323.
38. Fried and Gleicher, in Environment and the social sciences: Perspectives and applications, p. 152.

39. H.L. Zietsman, Woonbuurttevredenheid in die Kaapse metropolitaanse gebied, in Die Suid-Afrikaanse Geografiese Tydskrif, vol. 63, no. 2, 1981, p. 132.
40. Onibokun, in Journal of American Institute of Planners, vol. 40, no.3, 1974, p. 191.
41. Foote et al., Housing, p. 184.
42. G.S. Rent and C.S. Rent, Low-income housing: Factors related to residential satisfaction, in Environment and Behavior, vol. 10, no. 4, 1978, p. 472.
43. L.S. Bourne, The geography of housing, p. 126.
44. E.J. Kaiser et al., Neighborhood environment and residential satisfaction. A survey of the occupants and neighborhoods of 166 single-family homes in Greensboro, North Carolina, in Research Previews, vol. 17, no. 2, 1970, p. 11.
45. W.J. McAuley and C.L. Nutty, Residential satisfaction, community integration, and risk across the family life cycle, in Journal of Marriage and the Family, vol. 47, no. 1, 1985, p. 126.
46. Chi and Griffin, in Social Indicators Research, vol. 8, 1980, p. 463.
47. Ermuth, Residential satisfaction, p. 60.
48. Ibid., p. 61.
49. Fried, in Journal of Social Issues, vol. 38, no. 3, 1982, p. 115.
50. Foote et al., Housing, p. 183.
51. M. Fried and P. Gleicher, Some sources of residential satisfaction in an urban slum, in Environmental psychology: Man and his physical setting, ed. by H.M. Proshansky et al., p. 338.
52. D. Appleyard, Livable streets, p. 34.
53. P.H. Rossi, Why families move, p. 9. [Hierna vermeld as: Rossi, Move.]

54. McAuley and Nutty, in Journal of Marriage and the Family, vol. 47, no. 1, 1985, p. 125.
55. A. Speare, S. Goldstein and W.H. Frey, et al., Residential mobility, migration, and metropolitan change, p. 177. [Hierna vermeld as: Speare et al., Mobility.]
56. Ibid., p. 178.
57. E.J. Kaiser, Residential mobility in new communities: An analysis of recent in-movers and prospective out-movers, p. 55.
58. Rossi, Move, p. 9.
59. Galster and Hesser, in Environment and Behavior, vol. 13, no. 6, 1981, p. 737.
60. Foote et al., Housing, p. 155.
61. Campbell et al., The quality of American life, p. 261.
62. I.R. Manners and M.W. Mikesell eds., Perspectives on environment, p. 252.
63. Zehner, in Environment and the social sciences: Perspectives and applications, p. 181.
64. Foote et al., Housing, p. 184.
65. W. Michelson, Environmental choice, human behavior and residential satisfaction, p. 23.
66. B. Goodey and J.R. Gold, Environmental perception: The relationship with urban design, in Progress in Human Geography, vol. 11, no. 1, 1987, p. 130.
67. Galster and Hesser, in Environment and Behavior, vol. 13, no. 6, 1981, p. 752.
68. Galster, in Social Indicators Research, vol. 16, 1985, p. 432.
69. Onibokun, in Environment and Behavior, vol. 8, no. 3, 1976, p.342.

70. Campbell et al., The quality of American life, p. 261.
71. Fried, in Journal of Social Issues, vol. 38, no. 3, 1982, p. 117.
72. Galster, in Social Indicators Research, vol. 16, 1985, p. 415.

HOOFSTUK 4

HOUDINGS

1. Inleiding

Uit die aard van die saak is houdings 'n konsep wat eerder by die Sosiale Sielkunde as by Geografie tuishoort. Dit is egter ook so dat wanneer met die mens gewerk word, jy nie anders kan as om die houdings van die mens te bestudeer nie, want dit onderlê bepaalde gedragsresponse. Aangesien Geografie en by name die onderhawige studie, ten nouste by die verwantskap tussen die mens en sy omgewing betrokke is, is die bepaling van houdings belangrik, ook in hierdie geografiese konteks. "The concept of an attitude is invaluable in any behavioural study, for it brings together both internal mental life (including cognition, motivation and emotion) and overt behavioural responses within one framework."¹

In die poging om sin te probeer maak uit ander mense en hulle gedrag, kan daar gepoog word om 'n verklaring te vind vir die handeling deur middel van houdingsmeting. Juis daarom het hierdie studie belang by houdingsmeting, want die bepaalde houdings wat die residensiële huisbewoner voorhou ten opsigte van sy omgewing (fisies en sosiaal) sal uiteindelik sekere gedragsresponse tipeer en ook bepalend wees vir die graad van tevredenheid met sy woonomgewing.

Die vraag kan egter ontstaan waarom houdings so 'n populêre en bruikbare konsep is. Oskamp het die volgende redes aangedui waarom houdings so 'n bruikbare konsep in verskeie studies is:²

- (a) Houdings kan beskou word as die oorsaak tot gedrag, hetsy teenoor persone of teenoor 'n fisiese objek. (Hier dink 'n mens aan die

daaglikse gedrag van die huisbewoner in sy residensiële omgewing.)

- (b) "Houding" is 'n verkorte konsep vir 'n reeks gedragshandelinge wat met 'n enkele houding geaktiveer kan word.
- (c) In die veld van Sosiologie word die houdingskonsep beskou as die sentrale tema wat die basis van alle sosiale gedrag vorm.
- (d) Beide oorerwing en omgewing is belangrike faktore wat houdings beïnvloed. Veral omgewing is direk betrokke in die vorming van houdings wat uiteindelik in gedragsresponse kulmineer.
- (e) Houdings is in eie reg belangrik, omdat 'n persoon se houding teenoor iets of iemand die manier reflekteer waarop hy die wêreld rondom hom waarneem en beleef.

'n Houdingsanalise in hierdie studie is gevolglik van belang omdat belangrike inligting daarmee ingewin kan word oor hoe die mens sy ruimte (residensiële omgewing en woonhuis) om hom waarneem en beleef.

Alvorens hierdie konsep verder bespreek word, is dit wenslik om eers te besin oor wat die houdingskonsep presies beteken.

2. Definisie van houdings

Die houdingskonsep is waarskynlik vandag die mees onderskeidende en onvervangbare konsep in die sosiale wetenskappe. Weens die aanpasbaarheid van die konsep by verskeie navorsers ten opsigte van die veelvuldige metodologiese gebruike, bestaan daar nie 'n uniforme definisie nie. Reich en Adcock stel dit duidelik. "When it comes to definitions of attitudes, ... almost every author coins his own, ..." ³

Oskamp stem met Reich en Adcock saam dat daar verwarring oor die definisie bestaan. "Indeed, there has sometimes been little overlap between the definitions of attitude, suggested by different social scientists."⁴

In die lig van hierdie verskillende definisies is die doel van hierdie afdeling nie om 'n klinkklare omskrywing te verskaf nie, maar om slegs die verskillende relevante definisies aan te dui.

Onder houding kan 'n mens natuurlik verwys na 'n persoon se liggaamsposisie. In die sosiale wetenskappe egter, verwys houding eerder na 'n geestelik-intellektuele ingesteldheid. Met laasgenoemde as uitgangspunt kan daar vervolgens op 'n paar definisies gelet word. Guilford definieer houdings as 'n persoonlike ontvanklikheid van individue, in verskillende mate deur hulle besit, en wat hulle laat reageer teenoor objekte, situasies, ensovoorts op 'n wyse wat gunstig of ongunstig is.⁵

Allport se definisie word egter as die grondslag vir die omskrywing van 'n houding beskou: "An attitude is a mental and neural state of readiness, organized through experience, exerting a directive or dynamic influence upon the individual's response to all objects and situations with which it is related."⁶

Uit hierdie definisie kom twee aspekte baie duidelik na vore, naamlik die rol van vorige ondervinding in die vorming van houdings, en tweedens die gereedheid om te reageer.

Houdings het egter drie komponente en daarom sê Freedman et al. dat die volgende definisie vandag meer algemeen is: "An attitude towards any given object, idea or person is an enduring system with a cognitive component, an affective component, and a behavioral tendency."⁷

Heaven het uit die verskeidenheid definisies daarin geslaag om 'n opsommende omskrywing van die houdingskonsep te gee. "An attitude is a state of mind organized through experience in which an object or event in the environment is viewed, interpreted and evaluated in a consistently positive or negative way to such an extent that the attitude exerts a directive and dynamic influence on individual behaviour."⁸

Die meeste definisies stem dus saam dat daar 'n "gereedheid om te reageer"-aksie betrokke is wanneer 'n persoon gekonfronteer word met sekere stimuli. Indien 'n persoon 'n positiewe houding teenoor iets of iemand het, sal hy op 'n positiewe manier reageer teenoor, dink aan of positief voel teenoor die bepaalde objek. 'n Negatiewe houding sal net die teenoörgestelde reaksie ontlok.

Uit bogenoemde definisies van houdings kan die volgende algemene eienskappe afgelei word.

3. Eienskappe van houdings

Die volgende basiese eienskappe van houdings is gebaseer op die werk van Shaw en Wright.⁹ Hoewel daar by die definiëring van die konsep nie volkome eenstemmigheid verkry is oor wat houdings werklik is nie, is die volgende eienskappe daarenteen algemeen aanvaarbaar.

- 3.1 Houdings wissel in kwaliteit en intensiteit op 'n kontinuum van positief deur neutraal tot negatief.
- 3.2 Houdings het spesifieke sosiale referente. Hierdie eienskap impliseer dat 'n houding op iets of iemand gerig moet wees. Kerlinger definieer 'n referent as die fokus van 'n bepaalde houding.¹⁰
- 3.3 Houdings oor bepaalde sake toon 'n onderlinge verwantskap. "Houdings is aan mekaar verwant as hulle soortgelyke referente het. Hoogs verwante houdings word saam gegroepeer om subsysteme te

vorm. Substansie is verder verwant om die totale houdingsstelsel van die individu te vorm."¹¹

3.4 Houdings is stabiel. Hiermee word bedoel dat houdings 'n relatief langdurige kwaliteit besit, met ander woorde, negatiewe en positiewe houdings wissel mekaar nie met 'n relatief hoë frekwensie af nie.

3.5 Houdings het ook 'n evaluerende aspek in die opsig dat dit aanleiding tot gemotiveerde gedrag gee. "An attitude characteristically provokes behavior that is acquisitive or avertive, favorable or unfavorable, affirmative or negative toward the object or class of objects with which it is related."¹²

3.6 Houdings word aangeleer. 'n Mens word nie met bepaalde houdings gebore nie, maar dit word aangeleer deur die interaksie met objekte in die omgewing. "From early childhood on, an integral part of an individual's interaction with adults and with other children important in his eyes is labeling the objects, persons, events, and groups he encounters in approving, disapproving, or other affective tones."¹³

Hoewel hierdie eienskappe die houdingskonsep grootliks verklaar en opgehelder het, is daar nog sekere aspekte wat aandag vereis alvorens die houdingskonsep ten volle ontplooi is. By die definiëring van dié begrip, is daar gemeld dat die hedendaagse definisie wat die drie komponente van houdings uitlig, meer kontemporêr is. Daarom sal daar vervolgens kortliks aan die komponente van houdings aandag gegee word.

4. Komponente van houdings

Die drie komponente waaraan aandag gegee word, is die kognitiewe, affektiewe en die gedragskomponent. "By the late 1950's, this multicomponent view of attitude was adopted almost universally and attitudes were viewed as complex systems comprising the person's beliefs about the object, his feelings toward the object, and his action tendencies with respect to the object."¹⁴

Daarom is dit derhalwe relevant om die komponente van houdings van naderby te beskou.

4.1 Die kognitiewe komponent

Dit behels die geloof of persepsie wat iemand teenoor 'n objek het, met ander woorde, dit behels die werklike kennis omtrent die houdingsobjek. Wheldall sê verder dat hierdie "feitekenis" omtrent die houdingsobjek nie noodwendig van eerstehandse ondervinding verkry is nie.¹⁵

Hierdie komponent is gevolglik baie krities in die hele houdingsstelsel, want dit behels 'n persoon se intellektuele evaluering van die objek.

4.2 Die affektiewe komponent

Affektief verwys na emosies en gevoelens. Hier is nou geen sprake van 'n persoon se geloof omtrent die objek nie, maar wel van sy gevoel teenoor die objek. Dit gaan dus nie oor die goed of sleg van 'n objek nie, maar wel of 'n persoon daarvan hou of nie. "Previously we were concerned with judgments of belief, whether a thing was bad or good, true or false, etc., now we are concerned with like or dislike, approval or disapproval."¹⁶

Uit die aard van die saak word hierdie affektiewe beoordeling van 'n objek grootliks deur 'n persoon se sin vir waardes beïnvloed. Hierdie waardegevoel van 'n persoon

veroorsaak emosies in die persoon wat hom in een of ander rigting kan motiveer.

4.3 Die konatiëwe komponent

Hierdie gedragskomponent van houdings behels, "... one's action tendencies toward the object".¹⁷

Dit impliseer dat wanneer 'n persoon 'n gunstige/positiewe houding teenoor iets of iemand het, hy sal neig om op 'n gunstige manier teenoor die bepaalde objek op te tree.

Bogenoemde drie komponente is so nou verweef in mekaar dat dit nie geskei kan word nie. 'n Verandering wat in een komponent plaasvind, sal 'n aanpassing in die ander komponente van die houdingsstelsel behels. Hierdie onlosmaaklikheid kan duidelik uit die volgende aanhaling afgelei word: "Attitudes are reinforced by beliefs (the cognitive component) and often attract strong feelings (the emotional component) that will lead to particular forms of behavior (the action tendency component)."¹⁸

Hoewel daar vervolgens nie 'n dieptebespreking oor die funksies van houdings sal volg nie, is die paar aspekte wat wel uitgelig sal word, tog van fundamentele belang in die houdingskonsep binne dié bepaalde navorsingsraamwerk.

5. Funksies van houdings

By die bespreking van die eienskappe van houdings is daarop gewys dat houdings stabiel is en gevolglik nie van minuut tot minuut of van dag tot dag verander nie. In die lig van hierdie eienskap word die volgende funksies van houdings aan die hand van Heaven se werk aangedui:¹⁹

- 5.1 Houdings het 'n konatiëwe komponent wat uit die kognitiewe en affektiewe komponente voortvloei. Wanneer daar dus gesê word dat houdings stabiel is, impliseer dit dat 'n persoon se gedrag ook

konsekwent teenoor 'n houdingsobjek is, of behoort te wees. Indien dit die geval is, bevredig dit 'n belangrike sosiale behoefte van die mens.

- 5.2 Stabiele houdings impliseer ook dat 'n individu sy wêreld kan organiseer, want hy weet mos nou waarvan hy hou of nie hou nie.
- 5.3 Wanneer 'n mens in staat is om sy wêreld te organiseer, is hy gemotiveerd om hom by sy omgewing na die beste van sy vermoë aan te pas. Hy poog gevolglik om maksimum tevredenheid in sy omgewing te ervaar.
- 5.4 Aangesien houdings 'n gedragskomponent bevat, maak dit die voorspelling van 'n persoon se moontlike gedragsresponse soveel makliker.

Alvorens die verwantskap tussen gedrag en houdings beskryf word, is dit in hierdie stadium relevant om die ontstaan/oorsake van houdings van nader te beskou, aangesien dit uiteindelik ook 'n invloed op die konatiewe komponent van houdings het.

6. Ontwikkeling van houdings

Die ontstaan of oorsprong van houdings sal aan die hand van Marlowe verduidelik word.²⁰

Houdings is die produk van die sosialiseringsprosesse. Deur sosiale kontak word die individu in situasies geplaas wat sy gedrag en houdings vorm. Dit sou hier nie verkeerd wees om by te voeg dat die mens se kontak met sy fisiese omgewing ook houdingsvorming meebring nie.

Dit is gevolglik die ondervindinge wat 'n mens opdoen wat houdings laat ontwikkel. Dit is egter slegs die ondervindinge wat in ooreenstemming met die persoonlikheid van 'n individu is, wat bydra tot die houdings wat die

persoon ontwikkel. "If the attitudes are suitable additions to their patterns of adjustment, they may adapt them."²¹

Hierby aansluitend dra feitelike inligting by tot die vorming van houdings. Feite word ook deur die individu waargeneem en binne reeds bestaande houdingstrukture geplaas. Dit impliseer gevolglik dat feite nie noodwendig nuwe houdings tot gevolg het nie.

Omdat 'n verkeerde of negatiewe houding jeens 'n persoon se beroep, sy werk kan kos of bevordering in die wiele kan ry, moet 'n mens noodwendig die korrekte positiewe houding aanleer.

'n Vraag wat egter in hierdie stadium gevra kan word, is wat veroorsaak dat sekere objekte 'n betekenisvolle invloed op die vorming of verandering van houdings het. Die drie faktore wat veral hier 'n rol speel is die volgende: "Familiarity with, similarity to, and liking of a source add to its influence."²²

Hoewel die navorser besef dat bogenoemde uiteensetting van die ontwikkeling van houdings 'n sterk sielkundige en sosiologiese onderbou het, kan die bespreking na die onderhawige onderwerp deurgetrek word. Die woonhuisbewoner het elke dag sosiale interaksie en kontak met die omgewing. Deur hierdie kontak word ondervindinge opgedoen wat in die houdingstruktuur van die individu opgeneem word.

Verder word die huisbewoner met feitelike inligting uit sy omgewing gekonfronteer. Hy sien en ervaar hoe dinge werklik is - daar is byvoorbeeld swak straatbeligting, baie straatgeraas, die sypaadjies is onversorg, die bure is onvriendelik en lawaaierig, die huis bars, die motoroprit laat veel te wense oor, ensovoorts. Hierdie feitelike inligting word òf in bestaande houdingstrukture opgeneem òf dit veroorsaak 'n houdingsverandering òf 'n nuwe houding ontwikkel. Dit versterk byvoorbeeld die reeds bestaande negatiewe houding teenoor 'n persoon se woonomgewing.

Die noodwendige aanvaarding van 'n bepaalde houding kan toegepas word op die persoon wat byvoorbeeld weens sy finansiële vermoë nie anders kan as om in 'n bepaalde huis of omgewing te woon nie. Die negatiewe elemente moet mettertyd aanvaar word en hy moet gevolglik 'n positiewe houding aanleer.

By die ontwikkeling van houdings is dit ook interessant om kortliks te let op die verskil wat daar tussen houdings en menings bestaan, want 'n persoon kan uit die aard van die saak ook 'n bepaalde mening oor 'n saak ontwikkel. Thurstone en Chave sê van 'n houding: "The concept 'attitude' will be used here to denote the sumtotal of a man's inclinations and feelings, prejudice or bias, preconceived notions, ideas, fears, threats, and convictions about any specific topic."²³ 'n Mening daarenteen, beteken die verbale uitdrukking van 'n houding. Thurstone en Chave noem byvoorbeeld dat 'n man sal sê dit is verkeerd om teen Duitsland oorlog te maak. Hierdie verbale uitdrukking is die man se mening, terwyl die interpretasie van die mening die man se houding as pro-Duitsland weergee. 'n Mening simboliseer dus 'n houding.²⁴

In hierdie studie sal die menings gevolglik getoets word as middel tot houdingsmeting. Die mening van 'n persoon dat hy van sy huis hou, impliseer gevolglik dat hy 'n positiewe houding teenoor sy huis het. Die beperkinge van so 'n aanname is duidelik, want die persoon kan lieg.

Wanneer 'n mens dus sou praat van die ontwikkeling van houdings, is die proses van meningsvorming implisiet teenwoordig.

7. Verwantskap tussen houdings en gedrag

Daar is reeds gewys op die gedragskomponent binne die houdingsstelsel. Hoewel die vraag of houdings gebruik kan word om gedrag te voorspel, volgens Heaven,²⁵ reeds vir baie jare 'n sentrale vraagstuk in die Sosiale Sielkunde is, is

die doel van hierdie afdeling slegs daarop gerig om die verwantskap tussen houdings en gedrag aan te toon. "First of all, having an attitude means that the individual is no longer neutral toward the referents of an attitude."²⁶

Dat daar wel 'n verwantskap bestaan, is seker. Die vraag is net, veroorsaak houdings gedrag, of veroorsaak gedrag houdings? Althuis hierdie uitgangspunte besit elemente van waarheid. Sonder om in verskeie teorieë in te gaan, kan gekyk word na wat verskillende skrywers hieromtrent sê. Thurstone en Chave sê dat houdings nie noodwendig 'n persoon se gedrag sal voorspel nie.²⁷ Hiermee word geïmpliseer dat twee persone wat dieselfde houding teenoor 'n objek het, nie noodwendig dieselfde sal optree nie. Reich en Adcock stem hiermee saam, want hulle sê: "It is however much easier to predict from someone's intentional behavior what his attitude and relevant values are towards the object."²⁸ Abelson sê ook: "People readily justify what they have done by accommodating their attitude statements accordingly."²⁹

Hoewel dit derhalwe wil lyk asof gedrag 'n voorspeller van houdings is, is dit ook waar dat houdings gedrag veroorsaak. So sal 'n positiewe gevoel (houding) teenoor godsdiens veroorsaak dat 'n persoon kerk toe gaan (gedrag). Die beperking bly egter dat spesifieke gedrag nie altyd voorspel of veroorsaak word nie. "While knowledge of a person's attitude can tell us little as to whether she will perform some particular behavior, it can tell us something about her overall pattern of behavior."³⁰

Ten spyte van bogenoemde twee uitgangspunte ten opsigte van die houding-gedrag-verwantskap, kan volstaan word met die versekering dat daar wel so 'n verwantskap bestaan. In hierdie studie sal gesteun word op die houding veroorsaak gedrag-verwantskap. 'n Negatiewe houding teenoor 'n persoon se woonomgewing veroorsaak ontevredenheid wat uiteindelik tot gevolg kan hê dat die persoon na 'n ander woonomgewing sal verhuis.

8. Meting van houdings

8.1 Inleiding

In die bogenoemde afdelings is daar gepoog om die houdingskonsep te ontleed en te omskryf. Ten spyte van 'n beter begrip van die houdingskonsep lê die essensie by die meting daarvan. Houdings word op verskillende maniere in woorde en gevoelens uitgedruk en word ook met verskillende grade van intensiteit uitgedruk. Aangesien 'n houding oor 'n kontinuum strek van absolute ongunstige houding deur neutraal tot by 'n absolute positiewe houding, lê die waarde van houdingsmeting in die bepaling van die intensiteitsgraad van 'n houding.

Wat behels meting? "Measurement means the description of data in terms of numbers and this, in turn, means taking advantage of the many benefits that operations with numbers and mathematical thinking provide."³¹

Heaven verwys na Jaspars wat daarop wys dat houdings op twee maniere gemeet kan word: Houdings kan deur vraelyste gemeet word of by wyse van waarneming van die houdings van proefpersone.³² Aangesien vraelyste groter voordele as metode van houdingsmeting het, sal daar veral aan hierdie metode aandag geskenk word.

Met die meting van houdings by wyse van vraelyste, kan daar egter ook 'n klassifikasie gemaak word. "At one extreme one can visualize questions which on the surface have nothing to do with the attitude in question and to which the responses, too, are open-ended. At the other extreme, and this is the most frequent way of measuring attitudes, there are standardized statements which clearly refer to the attitude..."³³

Laasgenoemde metode het uit die aard van die saak baie voordele en is veral tydbesparend. Heaven sê ook dat navorsers in die gedragswetenskappe hierdie metode verkies,

omdat dit die insameling van baie data in 'n kort tydjie moontlik maak.³⁴

Voordat daar tot die bespreking van enkele houdingskale oorgegaan word, is daar egter 'n paar aspekte waarby 'n oomblik stilgestaan moet word.

8.2 Probleme by houdingsmeting

Die taak om houdings te meet, is nie 'n eenvoudige opdrag nie. Houdings kan nie op dieselfde manier bestudeer word as sommige ander navorsingsonderwerpe nie. Henerson et al. sê egter: "We should not back off just because the task is a difficult one; but we should proceed with the following precautions firmly in mind."³⁵

- (a) By houdingsmeting moet daar staatgemaak word op afleidings omdat dit onmoontlik is om houdings direk te meet.
- (b) Gedrag en gevoelens stem nie altyd ooreen nie, al word dit deur dieselfde houding gereflekteer.
- (c) Daar is geen waarborg dat die houding wat gemeet word, se geldigheid en betroubaarheid langdurig van aard is nie.
- (d) Wanneer sekere houdings bestudeer word, is daar nie altyd algemene aanvaarding wat betref die presiese aard van houdings nie.

Om voorsiening te maak vir die bogenoemde probleme, word die houdingskonsep in hierdie studie breër omskryf, want die invloed van gevoelens, waardes, geloof en gedrag teenoor 'n objek word onder die konsep houdings gemeet.

9. Houdingskale

In hierdie afdeling word slegs vier tegnieke bespreek, te wete die Thurstone-metode, die Likert-skaal, die Guttman-skaal en die semanties-differensiaalskaal. Volgens Heaven sal 'n blik deur die vaktydskrif Journal of Social Psychology aantoon dat die Likert-skaal en semanties-differensiaalskaal die twee metodes is wat die meeste in navorsing aangewend word.³⁶

Hoewel daar verskillende meettegnieke is, het elkeen die meet van houdings ten doel. Dit is gevolglik relevant om te aanvaar dat subjektiewe houdings deur kwantitatiewe tegnieke gemeet kan word. Heaven stel dit verder duidelik dat al die metodes veronderstel dat 'n toetsitem vir alle respondente dieselfde betekenis sal hê.³⁷ Dit impliseer dat items ondubbelsinnig moet wees. Hierdie aannames kan nie altyd geregverdig word nie.

Die vier genoemde meettegnieke sal nie in diepte bespreek word nie, want dit is nie die doel van hierdie studie om die metodes te evalueer en te bepaal watter een die beste is nie. Dit kan egter gemeld word dat Likert se skaalkonstruksie as voldoende en relevant vir die tersaaklike studie gevind en gevolglik gebruik is.

9.1 Thurstone se houdingskaal

Thurstone se metode om houdings te meet is in 1928 ontwerp en in 1929 verfyn. Hy het geglo dat daar met enige houdingsobjek 'n reeks stellings geformuleer kan word wat van uiters gunstig tot uiters ongunstig wissel.³⁸

Hy het sy skaal saamgestel deur verskeie mense te vra om hulle menings ten opsigte van die kerk neer te skryf. Hy het uiteindelik 130 stellings gehad wat van baie negatief tot uiters positief wissel. Hy het 'n groep beoordelaars gekry om die 130 stellings in 11 kategorieë te plaas wat oor die hele kontinuum strek. Uiteindelik het Thurstone sy skaal

saamgestel. "Each subject was asked to indicate by number the two statements in each of the eleven piles which seemed to him to be most representative of that pile."³⁹

Nadat die skaal saamgestel is, kan dit gebruik word. Die items word deurmekaar geplaas sonder om hulle skaalwaardes bekend te maak. Die mediaan word uiteindelik bereken van die skaalwaardes van die items waarmee die proefpersoon saamstem. Die mediaanwaarde is die persoon se houding en word verkry deur na die item te kyk met die skaalwaarde naaste aan die mediaan.⁴⁰

Dit moes reeds duidelik geblyk het dat hierdie metode baie tydrowend is, veral die konstruksie van die skaal. 'n Verdere probleem is die bepaling van die relevantheid van 'n mening om in die skaal ingesluit te word.

Afgesien van hierdie nadele, bly die Thurstone-metode van skaalkonstruksie relevant omdat dit die eerste tegniek is wat vir houdingsmeting ontwikkel is.

9.2 Likert-skaal

Likert het 'n eenvoudiger metode van skaalkonstruksie voorgestel sonder om betroubaarheid in te boet, "... the reliability of Likert scales has been shown to be at least as high as that of the more difficult-to-construct Thurstone scales".⁴¹

Likert het aanvanklik vyf response by elke item beoog naamlik, stem beslis saam, stem saam, onseker, stem nie saam nie en stem beslis nie saam nie.⁴² Hier kan egter ook slegs drie response gebruik word, naamlik ja, onseker en nee.

Dit is egter baie belangrik om te besef dat elke item nie 'n houding toets nie, maar dat verskeie items uiteindelik 'n houding aandui. "Om die individu se finale telling op die skaal te verkry, word sy individuele tellings bymekaargetel. Verder as elke item 'n lineêre funksie van die

houdingsdimensie is, dan volg dit dat die items 'n hoë onderliggende verband met mekaar sal toon."⁴³

Die responswaardes en uiteindelijke berekening van die totale tellings wat houdings aandui, sal in hoofstuk 7 verder aandag geniet.*

9.2.1 Die keuse van stellings

Likert het aan die volgende belangrike oorwegings by die keuse van stellings aandag geskenk:⁴⁴ Dit is baie belangrik dat die stellings wat in 'n skedule ingesluit word, van so 'n aard moet wees dat individue met verskillende gesigspunte verskillend sal reageer in 'n bepaalde houdingsituasie. Gevolglik is dit belangrik om sekere kriteria by die keuse van stellings in ag te neem.

Dit is essensieel dat stellings eerder begeerlike gedrag uitdruk as wat dit 'n feitestelling is. Hiermee word bedoel dat daar noukeurig gelet moet word of 'n respons op 'n stelling werklik 'n aanduiding van 'n persoon se gedrag is. Individue met verskillende houdings kan eenders reageer op 'n feitestelling. Daarom moet dit liefers vermy word.

'n Stelling moet verder in duidelike, ondubbelsinnige taal gestel word. Dit is veral belangrik as die populasie heterogeen is en mens nie altyd seker is of proefpersone die stelling sal verstaan nie. Stellings moet ook so bewoord word dat dit op die kontinuum wissel en nie altyd dieselfde positiewe of negatiewe reaksie sal uitlok nie.

Laasgenoemde feit beklemtoon die noodsaaklikheid van gebalanseerde Likert-skale.

9.2.2 Gebalanseerde Likert-skale

Wanneer 'n stelling negatief bewoord is, sal die waardes van 'n respons die omgekeerde wees van die waardes van 'n

* Infra, p. 166.

positiewe stelling.* Indien al die stellings positief bewoord sou wees, sou die neiging bestaan om dieselfde respons by almal te gee, "... dit wil sê, die neiging om met 'n stelling saam te stem ongeag die inhoud van die stelling".⁴⁵ Hierdie verskynsel word instemming genoem.

Dit is gevolglik belangrik om 'n skaal te konstrueer wat uit positiewe sowel as negatiewe stellings bestaan, sodat hulle mekaar uitkanselleer wanneer instemming plaasvind. Likert-skale moet gebalanseer word sonder om dit vir die respondent opvallend te maak.

9.2.3 Aantal responskategorieë

Afgesien van die vyfresponskategorie-skaal, gebruik sekere navorsers ook 'n drie- of selfs 'n sewepuntskaal. Dit is nie altyd wenslik om van sewe responskategorieë gebruik te maak nie, aangesien die aantal response waaruit 'n individu moet kies, te veel raak en dikwels verwarring veroorsaak.

Ten spyte hiervan is daar egter bewys dat meer responskategorieë per item groter betroubaarheid tot gevolg het. In 'n studie wat Ray onderneem het, is beide die vyf- en driepuntskale gebruik. 'n Betroubaarheidsindeks van 0,73 is verkry met die vyfresponskategorie-skaal terwyl die driepuntskaal 'n indeks van 0,65 behaal het. Ray verklaar dan ook met reg, "... the reliability is usefully higher the more response categories we use".⁴⁶

9.3 Die semanties-differensiaalskaal

Hierdie tegniek is in 1957 deur Osgood, Suci en Tannenbaum ontwerp. Hulle oorspronklike navorsing was gerig op die meting van die betekenis wat sekere woorde vir mense het.⁴⁷

In die aanbieding van die metode word 'n respondent gevra om sy houding ten opsigte van 'n bepaalde objek volgens 'n

* Infra, p. 167.

seweresponskategorie-skaal aan te dui.⁴⁸ In plaas daarvan dat 'n respondent op 'n stelling moet reageer, bevat dié skaal geen stellings nie, maar word 'n konsep met slegs byvoeglike naamwoorde en hulle teenoorgesteldes (byvoorbeeld goed en sleg) geëvalueer.

Die voordeel van dié skaal is dat hier nie gevaar van dubbelsinnige stellings is nie. Verder is dit ook populêr weens die feit dat dit vinnig opgestel word. Die nadeel van die gebruik van die skaal is die feit dat 'n byvoeglike naamwoord nie 'n persoon se moontlike gedrag kan voorspel nie.⁴⁹

Die drie gebruikskategorieë waarvolgens mense semantiese oordele kan maak, is die evaluerende dimensie wat die intensiteit en rigting van 'n persoon se houding teenoor 'n objek meet, byvoorbeeld goed-sleg, mooi-lelik, ensovoorts. Die kragdimensie sluit terme in soos sterk-swak, groot-klein, ensovoorts. Die aktiwiteitsdimensie word geïdentifiseer deur byvoeglike naamwoorde soos warm-koud, vinnig-stadig, ensovoorts.⁵⁰

9.4 Die Guttman-skaal

Een van die beperkings van die Likert-skaal is dat 'n respondent by alle stellings onseker kan merk. Die telling wat so verkry word, dui nie 'n betekenisvolle houding aan nie. Guttman het gevolglik 'n metode voorgestel waar die tellings 'n unieke betekenis het.⁵¹

Hierdie resultaat word verkry deur 'n responspatroon wat kumulatief is. 'n Klompie stellings lê dus op 'n kontinuum en word gerangskik vanaf die mees aanvaarbare stelling tot die stelling wat moeilik aanvaarbaar is.⁵² Dit beteken gevolglik dat wanneer die laaste item aanvaarbaar is en jy daarmee saamstem, al die bogenoemde items ook aanvaarbaar is.

'n Eenvoudige voorbeeld van so 'n kumulatiewe skaal is:

- (1) Ek is langer as 1 meter.
- (2) Ek is langer as 1,5 meter.
- (3) Ek is langer as 1,8 meter.

Indien item (3) aanvaar word, beteken dit dat items (1) en (2) ook aanvaarbaar is.

10. Slotbeskouing

Aangesien houdings 'n belangrike deelkomponent van die mens se bestaan is, is dit belangrik en relevant dat houdings ook in Geografie bestudeer moet word. 'n Navorser moet weet hoe mense oor 'n bepaalde aspek voel voordat hy 'n verandering durf aanbring.

Dit is egter ook relevant om te noem dat die term houdingsmeting presies doen wat die term sê en niks anders nie. Houdingsmeting verklaar nie hoekom 'n persoon 'n bepaalde houding het nie. Daar kan wel sekere afleidings gemaak word indien ander toepaslike inligting beskikbaar is.

Wat die metingskale betref, is slegs die belangrikstes bespreek. Omdat die Likert-skaal voldoen aan die vereistes van dié bepaalde navorsing, sal die ontleding van data wat met behulp van die skaaltegniek ingesamel is, weer aandag verdien.

Verwysings

1. J.R. Gold, An introduction to behavioural geography, p. 23. [Hierna vermeld as: Gold, Introduction.]
2. S. Oskamp, Attitudes and opinions, p. 5. [Hierna vermeld as: Oskamp, Attitudes.]
3. B. Reich and C. Adcock, Values, attitudes and behaviour change, p. 28. [Hierna vermeld as: Reich and Adcock, Values.]
4. Oskamp, Attitudes, p. 7.
5. J.P. Guilford, Psychometric methods, p. 456. [Hierna vermeld as: Guilford, Psychometric.]
6. G.W. Allport, Attitudes, in Readings in attitude theory and measurement, ed. by M. Fishbein, p. 8. [Hierna vermeld as: Allport, Attitudes.]
7. J.L. Freedman et al., Social psychology, p. 351. [Hierna vermeld as: Freedman et al., Social.]
8. P.C.L. Heaven, Anti-Semitism: A psychological investigation, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1974, p. 12.
9. M.E. Shaw and J.M. Wright, Scales for the measurement of attitudes, pp. 6-10. [Hierna vermeld as: Shaw and Wright, Scales.]
10. F.N. Kerlinger, Social attitudes and their criterial referents: A structural theory, in Psychological Review, vol. 74, 1967, p. 111.
11. P.C.L. Heaven, Houdings: 'n Reeks sosiaal-wetenskaplike monografieë, Societas 13, p. 12. [Hierna vermeld as: Heaven, Houdings.]
12. Allport, Attitudes, p. 8.
13. C.W. Sherif et al., Attitude and attitude change, p. 5. [Hierna vermeld as: Sherif, et al. Attitude.]
14. I. Ajzen and M. Fishbein, Understanding attitudes and predicting social behavior, p. 19. [Hierna vermeld as: Ajzen and Fishbein, Understanding.]
15. K. Wheldall, Social behaviour: Key problems and social relevance, p. 79. [Hierna vermeld as: Wheldall, Social behaviour.]
16. Ibid., p. 80.
17. Oskamp, Attitudes, p. 10.

18. A.N. Oppenheim, Questionnaire design and attitude measurement, p. 106. [Hierna vermeld as: Oppenheim, Questionnaire.]
19. Heaven, Anti-semitism: A psychological investigation, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1974, p. 15.
20. L. Marlowe, Social psychology: An interdisciplinary approach to human behavior, pp. 189-192. [Hierna vermeld as: Marlowe, Social psychology.]
21. Ibid., p. 190.
22. Ibid., p. 191.
23. L.L. Thurstone and E.J. Chave, The measurement of attitudes, p. 6. [Hierna vermeld as: Thurstone and Chave, Attitudes.]
24. Ibid., p. 7.
25. Heaven, Houdings, p. 16.
26. Sherif, Attitude, p. 5.
27. Thurstone and Chave, Attitudes, p. 8.
28. Reich and Adcock, Values, p. 129.
29. R.P. Abelson, Are attitudes necessary, in Attitudes, conflict and social change, ed. by B.T. King and E. McGinnies, p. 25.
30. Ajzen and Fishbein, Understanding, p. 18.
31. Guilford, Psychometric, p. 1.
32. Heaven, Houdings, p. 28.
33. Reich and Adcock, Values, p. 31.
34. Heaven, Houdings, p. 28.
35. M.E. Henerson et al., How to measure attitudes, p. 12. [Hierna vermeld as: Henerson et al., Attitudes.]
36. Heaven, Houdings, p. 28.
37. Ibid.
38. Reich and Adcock, Values, p. 31.
39. Thurstone and Chave, Attitudes, pp. 22-31.
40. Heaven, Houdings, pp. 29-30.
41. Oskamp, Attitudes, p. 29.

42. R.A. Likert, A technique for the measurement of attitudes, in Archives of Psychology, vol. 22, no. 140, 1932, p. 14.
43. Heaven, Houdings, p. 31.
44. R.A. Likert, The method of constructing an attitude scale, in Readings in attitude theory and measurement, ed. by M. Fishbein, pp. 90-91.
45. Heaven, Houdings, p. 32.
46. J.J. Ray, How many answer categories should attitude and personality scales use, in South African Journal of Psychology, vol. 10, 1979, p. 54.
47. Reich and Adcock, Values, p. 33.
48. Shaw and Wright, Scales, p. 30.
49. Heaven, Houdings, p. 36.
50. Oskamp, Attitudes, p. 34.
51. Ibid., p. 31.
52. Heaven, Houdings, p. 34.

HOOFSTUK 5

NAVORSINGSPROSEDURE

1. Oriëntering en afbakening van studiegebied

Hierdie navorsing is op alle blanke woonhuisbewoners (enkelwoninghuishoudings) binne die munisipaliteit van Bloemfontein gebaseer. Dit is egter belangrik om te meld dat dié woonhuise waarop die uiteindelijke navorsing van toepassing is, in die woonwyke van Bloemfontein voorkom. Enkelwonings wat op byvoorbeeld terreine van opvoedkundige inrigtings, die Weermag en ander funksionele persele voorkom, is nie in aanmerking geneem in die bepaling van die populasiegrootte nie.

Aangesien hierdie tipe studie verder 'n objektiewe persepsuele beskouing aan die kant van die huisbewoner vereis, is besluit om die persele met woonhuise in en rondom die SSG (die sentrale stadsgebied)*, wat nie net vir woonhuisgebruike gesoneer is nie, uit te sluit. Daarom is die SSG en raamgebied by die analise-kartogramme telkens begrens. Die besluit om hierdie wooneenhede by hierdie navorsing uit te sluit, is geneem in die lig van die neiging dat eiendomontwikkelaars sulke woonhuise aankoop met die oog op sake-ontwikkeling. Inligting wat by respondente in sodanige woonhuise verkry sou word, sou 'n skewe beeld van die tevredenheidspatrone weerspieël.

In die lig van hierdie begrensing van die navorsingsgebied, kan die navorsingsbeplanning verder aandag kry.

* Hierdie gebied omsluit 'n groter oppervlakte as die tradisionele SSK (sentrale stadskern) en is nie volgens die SSK-indeksberekening nie, maar volgens soneringbepaling begrens.

2. Beplanning van navorsing

2.1 Sikliese navorsingsprosedure

Hoewel daar verskeie maniere is waarvolgens 'n studie van hierdie aard onderneem kan word, is daar besluit om volgens die navorsingsplan, soos in skema 4 uiteengesit, te werk. Hierdie skema verwys nie net na die opvolgende navorsingsekwensie nie, maar werp ook 'n terugblik op die voorafgaande hoofstukke.

Hierdie sikliese navorsingsplan staan enersyds in die lig van die totale navorsingsparadigma (humanitêr-georiënteerde gedragsbenadering) en streef andersyds na die bereiking van die gestelde doelstellings.


2.2 Bepaling van populasie

Ten einde die populasie te bepaal is alle besette enkelwonings in die afgebakende studiegebied, soos op 8 Augustus 1987 geïdentifiseer, op 'n kaart waarop individuele erwe (met erfnummers) aangedui is, aangebring. Die identifikasie van sodanige woonhuise kon alleenlik deur 'n fisiese funksionele opname gedoen word.

3. Operasionalisering

3.1 Stratifikasie

Aangesien 'n gestratifiseerde proporsioneel-ewekansige steekproef getrek is, is alle besette enkelwoninghuishoudings in bepaalde homogene groepe verdeel om beter verteenwoordiging van die gekose bevolkingstrata te verseker.



Skema 4: Stillese navorsingsprosedure

* Die numeriese syferwaardes tussen hakies verwys na die vraagnommers in die skedule (Bylae A).

Die stratifikasie is gebaseer op hiërargiese sosio-ekonomiese ordegroepe soos deur Lazenby¹ bepaal. Hoewel die data op 1983 van toepassing is, is die vereiste aanvullings, weens die tydsverloop, na oorlegpleging met prof. Senekal* en 'n stadsbeplanner** van die Munisipaliteit van Bloemfontein gedoen. Hoewel laasgenoemde sosio-ekonomiese bepaling nie kwantitatief ondersteun kan word nie, was die aanvulling so ooglopend bloot op sigwaarde, dat dit geen invloed om die korrektheid van die stratifikasieproses gehad het nie.

Die stratifikasiegroepe vorm 'n wetenskaplike basis vir die proses van steekproefneming: "Die algemene reël geld, naamlik dat hoe meer homogeen die steekproefeenhede is, hoe kleiner kan die steekproef wees. Groepeer dus homogene steekproefeenhede saam."²

3.2 Steekproefneming

Aangesien die populasie te groot is, moet 'n steekproef getrek word. Die doel daarvan is om "... aan die hand van dié mening of houding van die persone in die getrekte steekproef afleidings te maak oor die mening van die populasie as geheel ten opsigte van een of ander aangeleentheid".³

Die verwagting wat aan 'n proporsionele ewekansige steekproef gestel word, is dat groter verteenwoordiging deur proporsionaliteit verseker word. Om aan hierdie verwagting en standaard te voldoen, is die hele studiegebied in 61 sones ingedeel. Hierdie sonegroeperings word in figuur 1 kartografies voorgestel.

* Prof. W.F.S. Senekal, medeprofessor in Aardrykskunde aan die UOVS.

** Mnr. P.J. Hauptfleisch, stadsbeplanner by die Munisipaliteit van Bloemfontein.

Hoewel verskeie praktiese oorwegings in die bepaling van die steekproefgrootte 'n rol speel, is besluit om die volgende riglyn wat Stoker vir die praktyk stel, te volg:⁴

$$\text{Steekproefgrootte} = \sqrt{N/20} \times 20$$

waar N die populasiegrootte voorstel.

Aangesien die steekproefgrootte met behulp van bogenoemde reël proporsioneel aan N (in die onderhawige geval is N die stratumpopulasie) geneem moet word, is die steekproefpersentasies vir elke stratifikasiegroep uitgewerk. Aangesien dié reël nog tot 'n te groot steekproef in hierdie navorsing gelei het, was die navorser genoodsaak om 'n groter magswortel (2,1 in plaas van 2,0) te neem. Dit is volgens Stoker 'n kompromisbenadering.⁵ Die uiteindelijke steekproefverhoudings is proporsioneel binne elke stratifikasiegroep toegepas.

Die aanvanklike steekproefgrootte en -persentasies wat volgens bogenoemde benadering bereken is, word in tabel 5.1 verskaf.

Tabel 5.1: Bloemfontein: Steekproefpersentasie
per stratifikasiegroep

Stratifikasiegroep Sosio-ekonomiese status	Populasie	Steekproef- grootte	Steekproef- persentasie
Hoog	1 483	155	10,45
Middelhoog	8 424	355	4,21
Middellaag	5 534	291	5,25
Laag	490	92	18,77
Totaal	15 931	893	$\bar{x}$ = 5,61

Aangesien sekere sones geografies klein is en dus 'n klein populasie het, sou 'n strenge toepassing van bogenoemde steekproefverhoudings op sekere stratifikasiegroepe baie klein steekproefgroottes oplewer. Aangesien 'n verteenwoordigende persepsuele beskouing van 'n sone verlang word, is die uitgangspunt gebruik dat daar nie minder as vier steekproefeenhede uit elke sone nagevors behoort te word nie.* Hierdie aanname het die getal steekproefeenhede per stratifikasiegroep verander (vergelyk tabel 5.2).

Tabel 5.2: Bloemfontein: Getal steekproefeenhede
per stratifikasiegroep

Stratifikasiegroep	Populasie	Steekproefgrootte
Hoog	1 483	155
Middelhoog	8 424	367
Middellaag	5 534	297
Laag	490	91
Totaal	15 931	910

Bogenoemde prosedure het tot gevolg gehad dat die totale gemiddelde steekproefpersentasie na 5,71 persent ($910 \div 15\,931 \times 100$) verander het. In tabel 5.3 word die sonepopulasies, getal steekproefeenhede en steekproefverhoudings per sone wat vir hierdie studie gebruik is, uiteengesit en in figuur 2 word die ligging van die respondente ruimtelik verbeeld.

* Hierdie uitgangspunt is telefonies met prof. D.J. Stoker van die RGN bespreek.

Tabel 5.3: Bloemfontein: Populasies en steekproef-
eenhede per sone*

Sone	Populasie	n	%
1	83	4	4,8
2	158	17	10,8
3	329	34	10,3
4	38	4	10,5
5	736	32	4,3
6	318	15	4,7
7	64	4	6,3
8	107	11	10,3
9	200	21	10,5
10	292	12	4,1
11	316	13	4,1
12	81	4	4,9
13	422	22	5,2
14	117	6	5,1
15	196	8	4,1
16	186	19	10,2
17	113	10	8,8
18	130	14	10,7
19	80	5	6,3
20	17	4	23,5
21	89	5	5,6
22	253	47	18,6
23	8	4	50,0
24	273	14	5,1
25	277	13	4,7
26	285	15	5,3
27	180	9	5,0
28	250	14	5,6
29	42	4	9,5
30	54	5	9,3
31	68	4	5,9

* Steekproefpersentasies sal baie tussen die sonas
, verskil omdat hulle in verskillende homogene
stratifikasiegroepe val en sommige waardes benaderd is.

Tabel 5.3 (vervolg)

Sone	Populasie	n	%
32	159	30	18,9
33	246	26	10,6
34	445	19	4,3
35	375	16	4,3
36	233	10	4,3
37	251	11	4,4
38	367	15	4,1
39	361	18	5,0
40	758	40	5,3
41	90	5	5,6
42	289	12	4,2
43	574	24	4,2
44	502	21	4,2
45	404	17	4,2
46	333	14	4,2
47	638	33	5,2
48	394	17	4,3
49	77	13	16,9
50	185	10	5,4
51	270	12	4,4
52	287	15	5,2
53	186	10	5,4
54	67	4	6,0
55	301	17	5,6
56	211	11	5,2
57	88	4	4,5
58	383	16	4,2
59	729	31	4,3
60	575	30	5,2
61	391	16	4,1
	15 931	910	$\bar{x} = 5,7$

3.3 Data-insameling

Navorsers maak gewoonlik van data gebruik wat met behulp van vraelyste ingesamel is, hoewel daar verskeie metodes van data-insameling beskikbaar is. "Finally, we often learn about human affairs by asking questions. This method is always used in survey research and it is often involved in other research methods as well."⁶

Nadat die konsepvraelys opgestel en alle moontlike onduidelikhede met behulp van proef-respondente uitgeskakel is, is die finale skedule voorberei. Dié vraelys word in Bylae A gevind.

Die veldwerk het in Augustus 1987 begin nadat die veldwerkers (hoofsaaklik derdejaarstudente) opleiding gekry het ten opsigte van die hantering van die vraelys en die respondente. Hierdie veldwerkfase is teen die helfte van November 1987 voltooi.

Hoewel enkele respondente geweier het om die vraelys te voltooi, het 'n alternatiewe steekproef verseker dat geen verlies van data ondervind word nie.

4. Statistiese tegniektoepassing

Die ingesamelde gegewens is met behulp van die rekenaarfasiliteite by die UOVS se rekensentrum verwerk. Nadat die vraelysdata by die rekenaar ingelees is, het die ontfouting van data aandag gekry. Verkeerde en verlore data is hoofsaaklik deur frekwensieverdelings opgespoor. Hierdie handeling was baie belangrik, omdat daar in hierdie studie sterk op statistiese ontledings gesteun word.

Ten einde 'n kwantitatiewe oorsig oor die studiegebied te verkry is op frekwensies, gemiddeldes en persentasies gekonsentreer. Verdere hipoteties-verifiërende statistiese ontledings sluit gebeurlikheidstabelle, analise van variansies, Student se t-toets, bondelanalise met sy hoofkomponentanalise en kanoniese korrelasie in.

Die statistiese rekenaarpakketprogramme SPSSx en BMDP, is hoofsaaklik gebruik om bogenoemde onledings te doen.

5. Geografiese datamatriks

Hoewel die navorsingskedge in Bylae A verskaf word, word die veranderlikes en attribute wat in hierdie studie verreken is, in tabelle 5.4 en 5.5 uiteengesit. Hier sal veral gekonsentreer word op die datamatriks waaruit bewoningsbevrediging bepaal is en 'n algemene datamatriks waarin die ander belangrikste veranderlikes aangedui word.

Tabel 5.4: Bloemfontein: Bewonings-
bevredigingsdatamatriks

Veranderlike (komponent)	Attribute
Fisiese voorkoms	1. Toestand van huise
	2. Parkering in strate
	3. Straatgeraas
	4. Plantegroei
	5. Netheid van sypaadjes
	6. Rommel in erwe
	7. Straatbeligting
	8. Rookbesoedeling
Woonbuurtdienste	9. Skole
	10. Wieg of kleuterskool
	11. Openbare vervoer
	12. Vullisverwydering
	13. Instandhouding van strate
	14. Waterdruk

Tabel 5.4 (vervolg)

Veranderlike (komponent)	Attribute
	15. Inkoopsentrum
	16. Hoekkafée
	17. Munisipale belasting
	18. Parke en speelparke
Sosiale aspekte (interaksie)	19. Mense skinder graag
	20. Bure se positiewe invloed
	21. Samewerkende verhouding
	22. Belangstelling
	23. Mense groet mekaar
	24. Mense gesels met mekaar
	25. Konflik tussen bure
	26. Bystand tydens krisis
	27. Privaatheid
	28. Afstand vanaf vriende
	29. Sosiale geleenthede
Veiligheid	30. Aanrandings
	31. Diefstal en inbrake
	32. Polisie-optrede
	33. Strate veilig in nag
	34. Drentelaars
	35. Huis altyd gesluit
	36. Toesluitmotorhuis (veiligheid van motor)
Woonhuis	37. Grootte van: Kombuis
	Eetkamer
	Sitkamer
	Badkamer
	Hoofslaapkamer
	Ander slaapkamers
	Motorhuis/-afdak
	38. Beplanning van huis

Tabel 5.4 (vervolg)

Veranderlike (komponent)	Attribute
	39. Uiterlike toestande (dak en mure)
	40. Krake en barste
	41. Buitemuurafterwerking (pleister, siersteen)
	42. Status
	43. Voldoende badkamers
	44. Ekstra slaapkamer
	45. Individuele privaatheid
	46. Buitedeure
	47. Belligting
	48. Ingeboude kaste
	49. Huis front noord
	50. Dakbedekking
	51. Instandhoudingskoste
	52. Klankdigtheid
Erf	53. Grootte
	54. Genoeg ruimte aan straatkant
	55. Te groot agterplaas
	56. Omheining
	57. Waterdreinerings
	58. Tuinuitleg en -voorkoms
	59. Motoroprit

Die houdingsmeting, waaruit bewoningsbevrediging uiteindelik bepaal word, vorm die primêre doelstelling in hierdie studie en daarom die skeiding tussen die twee matrikse. Hoewel hulle afsonderlik getabuleer word, verteenwoordig dit slegs twee afdelings uit dieselfde vraelys.

Tabel 5.5: Bloemfontein: Algemene datamatriks

Hooffaktor	Veranderlike	Attribute
Huishouding	Gesinshoof	1. Manlik
		2. Vroulik
	Huwelikstatus	1. Ongetroud
		2. Getroud
		3. Wewenaar
		4. Weduwee
		5. Geskei
		6. Woon saam
	Ouderdom- struktuur	1. Vader
		2. Moeder
		3. Seuns
		4. Dogters
		5. Ander
	Huisbesetting	1. Volwassenes
		2. Kinders
	Huistaal	1. Afrikaans
		2. Engels
		3. Afrikaans/Engels
		4. Duits
		5. Chinees (Kantonees)
		6. Hebreeus
		7. Grieks
		8. Portugees
Sosio- ekonomies	Gesinshoof	1. Laer as R12 000
		2. R12 001- R15 000
		3. R15 001- R18 000
		4. R18 001- R21 000
		5. R21 001- R25 000
		6. R25 001- R30 000
		7. R30 001- R40 000

Tabel 5.5 (vervolg)

Hooffaktor	Veranderlike	Attribute
		8. R40 001- R50 000
		9. R50 001- R75 000
		10. R75 001-R100 000
		11. Meer as R100 000
	Inkomste (man en vrou)	1. Laer as R18 000
		2. R18 001- R21 000
		3. R21 001- R25 000
		4. R25 001- R30 000
		5. R30 001- R40 000
		6. R40 001- R50 000
		7. R50 001- R75 000
		8. R75 001-R100 000
		9. R100 001-R150 000
		10. Meer as R150 000
	Onderwyspeil	1. Laer as St. 8
		2. St. 8
		3. St. 8 plus diploma/ambag
		4. St. 9
		5. St. 10
		6. St. 10 plus diploma/ambag
		7. Kollege of Technikon
		8. Eerste graad aan universiteit
		9. Nagraads
	Beroepskategorie	1. Sonder werk (vrywillig)
		2. Werkloos
		3. Pensionaris (Bloukraag)
		4. Pensionaris (Witkraag)
		5. Bloukraagwerker
		6. Witkraagwerker
		7. Besturend en administratief

Tabel 5.5 (vervolg)

Hooffaktor	Veranderlike	Attribute
Algemeen	Tydperk woonagtig	8. Sakeman (eienaar)
		9. Professioneel
		1. 0-6 maande
		2. 6 maande-1 jaar
		3. 1-3 jaar
	Huisbesit- status	4. 3-5 jaar
		5. langer as 5 jaar
		1. Eienaar
		2. Privaathuurder
		3. Huur van werkgewer
	Verhuis	4. Vry huis
		1. Ja
	Sone aange- naamste	2. Nee
		(verskillende sones)
		1. Kombuis
		2. Opwaskamer
		3. Eetkamer
		4. Sitkamer
		5. Gesinskamer
		6. Slaapkamers
	Hoeveelheid vertrekke of fasiliteite	7. Badkamers
		8. Studeerkamer
		9. Motorhuis
		10. Motorafdak
		11. Karavaanafdak

Tabel 5.5 (vervolg)

Hooffaktor	Veranderlike	Attribute
		12. Swembad
		13. Tennisbaan
		14. Sauna
		15. Outomatiese tuinbesproei- ing

6. Navorsingsgerigtheid

In hoofstukke 1 tot 3 is daar gekonsentreer op 'n beskrywing van die onderwerp en aanverwante veranderlikes en konsepte wat in hierdie navorsing verreken word en wat in die voorafgaande datamatrikse saamgevat is. In hoofstuk 4 het die detailbespreking van houdings die konseptuele basis van die metode van operasionalisering verskaf.

Vervolgens word die analitiese afdeling van die studie ingelui met beskrywende statistieke van die navorsingsgebied, waarna meer formele hipotese-verifiërende statistiese analyses aan die beurt kom.

Verwysings

1. J.A.A. Lazenby, 'n Gestratifiseerde woonhuismodel van residensiële persepsie binne die Munisipaliteit van Bloemfontein, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1983, p. 135.
2. D.J. Stoker, Steekproefopneming in die praktyk, p. 12.
3. Ibid., p. 2.
4. Ibid., p. 13.
5. Ibid.
6. E.R. Babbie, The practice of social research, p. 138.

HOOFSTUK 6

SOSIALE EN RESIDENSIËLE PROFIEL VAN DIE NAVORSINGSGBIED

1. Rasionaal

Wanneer 'n studie van hierdie aard onderneem word, is dit essensieel dat sekere statistieke verskaf word om sodoende meer van die navorsingsgebied of populasie te wete te kom.

Verskeie aspekte van die sosiale samestelling waarin die huishouding hom bevind, is gevolglik relevant aangesien dit uiteindelik sy persepsie en houding teenoor sy residensiële omgewing kan bepaal. Volgens Robson is dit ten opsigte van attribute soos inkomste, grootte van huishouding, ouderdom, beroep, ensovoorts dat huishoudings verskillende tipes huise in verskillende gebiede in 'n stad selekteer. Vergelyk in hierdie verband ook tabelle 8.11, 8.14 en 8.21.

Die doel van hierdie hoofstuk is gevolglik om slegs 'n statistiese beskrywing van die steekproefeenhede te verskaf wat verteenwoordigend van die woonhuissektor-populasie is. Geen formele ruimtelike of statistiese analyses sal hier verskaf word nie omdat die doel van hierdie hoofstuk nie sodanige analyses vereis nie.

2. Huishoudingstruktuur

Alle woonhuisbewoners is onderskeidelik as huishoudings beskou, met die voorwaarde dat 'n huishouding uit minstens een volwassene bestaan. Aangesien 'n volwassene (sover moontlik die huishoudingshoof) die vraelys voltooi het, kan die inligting wat verskaf is, as verteenwoordigend van die huishouding beskou word.

2.1 Huishoudingshoof

Dit is uit die aard van die saak logies dat hier twee attribute ter sprake is, naamlik manlik en vroulik. Samehangend hiermee is die huwelikstatus van die huishoudingshoof ter sprake. In tabel 6.1 word die verhouding van manlike teenoor vroulike huishoudingshoofde getoon.

Tabel 6.1: Bloemfontein: Geslagsamestelling van huishoudingshoofde

Geslag	n	%	Kumulatiewe %
Manlik	834	91,6	91,6
Vroulik	76	8,4	100,0
	<u>910</u>	<u>100,0</u>	

Die voorkoms van vroulike huishoudingshoofde is veral toe te skryf aan weduweeskap en moontlik aan egskeidings soos uit tabel 6.2 duidelik blyk.

Tabel 6.2: Bloemfontein: Huwelikstatus van huishoudingshoofde

Huwelikstatus	n	%	Kumulatiewe %
Ongetroud	29	3,2	3,2
Getroud	791	86,9	90,1
Wewenaar	9	1,0	91,1
Weduwee	45	4,9	96,0
Geskei	29	3,2	99,2
Woon saam	7	0,8	100,0
	<u>910</u>	<u>100,0</u>	

Daar is veral drie opvallende aspekte uit tabel 6.2 waarneembaar. Dit blyk dat vrouens se lewensverwagting langer is as mans s'n indien slegs na die verhouding wewenaar (1,0%) en weduwee (4,9%) gekyk word. Tweedens is die relatief lae persentasie geskeide huishoudingshoofde opvallend. Derdens is dit opvallend dat byna een persent van die steekproefpopulasie saamwoon as huwelikstaat verkies.

2.2 Ouderdomstruktuur

Die ouderdomstruktuur is een van die kenmerke van 'n huishouding. Die belang om meer van die ouderdomsamestelling van die steekproefpopulasie te wete te kom, is relevant omdat verskillende stadiums in die ouderdomsiklus enersyds verskillende eise aan die huishouding stel en andersyds bepaalde behoeftes by die huishouding laat ontstaan. Hierdie aspek sal in hoofstuk agt verder aandag geniet.

2.2.1 Ouderdomstruktuur van huishoudingshoofde

Die ouderdomskomponent van die huishoudingshoofde is belangrik aangesien hierdie komponent in berekening gebring is by die bepaling van die ouderdomsiklus waarin die huishouding hom bevind. In tabel 6.3 word die gemiddelde ouderdomme van huishoudingshoofde volgens geslag per sone aangedui asook die aantal van elke kategorie per sone.

Die gemiddelde ouderdom van manlike huishoudingshoofde oor alle sones is 44,8 jaar met 'n standaardafwyking van 13,86, terwyl die ooreenstemmende syfers vir die vroulike huishoudingshoofde 49,1 jaar en 15,11 is. 'n Opvallende aspek is dat die laagste gemiddelde ouderdomme van manlike huishoofde veral in die jonger/nuwer woonbuurte voorkom. Vergelyk in hierdie verband, sones 3, 38, 58, 59, 60 en 61.*

* Raadpleeg figuur 1 deurgaans vir die ruimtelike beskouing van die sonegroepeerings.

Tabel 6.3: Bloemfontein: Gemiddelde ouderdom
van huishoudingshoofde per sone

Sone	Manlik		Vroulik		Sone	Manlik		Vroulik	
	n	$\bar{x}$	n	$\bar{x}$		n	$\bar{x}$	n	$\bar{x}$
1	4	41,3	-	-	32	22	44,9	8	55,4
2	16	44,8	1	58,0	33	23	50,1	3	53,0
3	34	38,7	-	-	34	18	42,9	1	62,0
4	3	43,0	1	62,0	35	16	46,9	-	-
5	26	51,2	6	50,8	36	10	53,5	-	-
6	15	45,7	-	-	37	11	45,4	-	-
7	4	54,8	-	-	38	15	35,0	-	-
8	11	41,7	-	-	39	16	43,9	2	38,5
9	20	49,7	1	36,0	40	38	57,5	2	60,5
10	12	48,9	-	-	41	4	49,0	1	39,0
11	11	42,8	2	30,5	42	11	45,5	1	31,0
12	3	41,3	1	77,0	43	23	39,4	1	31,0
13	19	50,0	3	58,3	44	21	45,3	-	-
14	5	34,2	1	56,0	45	16	46,9	1	28,0
15	8	49,0	-	-	46	13	38,9	1	34,0
16	19	47,4	-	-	47	31	47,7	2	51,5
17	10	46,1	-	-	48	11	43,5	6	49,8
18	13	47,7	1	49,0	49	10	50,2	3	45,3
19	5	63,2	-	-	50	6	44,2	4	48,0
20	3	37,0	1	65,0	51	12	38,8	-	-
21	5	48,2	-	-	52	15	50,9	-	-
22	44	45,3	3	54,7	53	9	40,0	1	33,0
23	4	51,5	-	-	54	4	40,8	-	-
24	12	48,7	2	62,0	55	16	39,4	1	66,0
25	12	45,6	1	56,0	56	11	49,5	-	-
26	12	44,1	3	26,0	57	4	35,3	-	-
27	7	59,4	2	39,5	58	15	37,1	1	64,0
28	12	51,0	2	55,5	59	28	30,7	3	38,0
29	4	48,5	-	-	60	27	32,6	3	47,3
30	5	32,6	-	-	61	16	38,8	-	-
31	4	33,3	-	-	Totaal	834	44,8	76	49,1

Dit is ook opvallend om te let op die relatief hoë frekwensie en hoë gemiddelde ouderdom van vroulike huishoofde in sones 5, 32 en 48 wat uiteraard die meer gevestigde dele in die residensiële sektor verteenwoordig.

2.2.2 Ouderdomme van gesinslede

Hierdie komponent van die huishouding word in tabel 6.4 uiteengesit. Hoewel hier nie 'n indringende analise van hierdie komponent verlang word nie, is enkele opmerkings wel van belang.

Die ouderdomstruktuur van vaders en moeders vertoon op die oog af 'n redelike korrelasie met dié van die kinders. Dit is opvallend dat die jongste ouderdomstruktuur vir vaders en moeders in sone 59, Pellisier*, voorkom. Hierdie sone is ook relatief jonk wat ontwikkelingstadium betref. Die hoogste gemiddelde ouderdom vir vaders en moeders kom in sone 19, (Dan Pienaar) voor. Die variasie tussen hierdie hoogste en laagste gemiddelde ouderdomme wissel tussen 30,7 en 63,2 jaar vir vaders en 28,9 en 60,8 jaar vir moeders. 'n Moontlike afleiding uit hierdie tendens is dat die jonger mense nog hoofsaaklik in woonstelle en meenthuise woon, terwyl die ouer mense meenthuise en tehuse vir bejaardes verkies, weens die eise wat veral 'n tuin aan 'n bejaarde persoon stel.

Wanneer die ouderdomstruktuur van die kinders beskou word, is dit opmerklik dat daar in sone 20 geen kinders in die steekproefpopulasie is nie. Dit is belangrik om dit duidelik te stel dat slegs kinders wat nog in die huis woon en ongetroud is, hier in berekening gebring is.

* Die verwysing na 'n woonbuurt saam met die sonenommer sal deur die hele studie gewoonlik slegs na 'n gedeelte van 'n woonbuurt verwys.

Tabel 6.4: Bloemfontein: Ouderdomme van
gesinslede per sone

Sone	Vaders	Moeders	Seuns	Dogters	Ander*
1	41,3	39,0	5,0	4,4	0
2	44,8	40,9	6,6	7,6	0
3	38,7	36,9	9,4	10,3	16,3
4	43,0	45,8	19,5	11,0	0
5	51,2	47,3	12,3	12,8	75,0
6	45,7	43,4	15,8	14,2	0
7	54,8	50,5	11,5	0	0
8	41,7	42,4	9,9	10,3	63,0
9	49,7	46,6	13,7	15,7	0
10	48,9	45,8	14,3	19,0	8,0
11	42,8	39,3	10,0	9,7	0
12	41,3	47,8	15,7	6,6	0
13	50,0	49,0	12,1	12,5	77,0
14	42,8	46,3	15,9	10,6	0
15	49,0	45,3	8,3	10,7	70,5
16	47,4	45,9	16,3	13,0	17,0
17	46,1	42,8	9,4	7,3	0
18	47,7	45,2	9,1	14,7	38,0
19	63,2	60,8	0	18,0	0
20	37,0	42,0	0	0	0
21	48,2	46,2	15,0	9,8	0
22	45,3	42,5	10,8	10,2	56,8
23	51,5	46,0	11,0	20,0	0
24	48,7	50,9	14,3	16,1	28,0
25	46,1	45,4	11,4	11,6	68,0
26	42,5	41,7	18,3	16,8	36,0
27	54,9	51,2	15,6	13,6	56,8
28	51,0	50,2	17,1	17,9	65,0
29	48,5	45,0	11,0	11,3	0

* In hierdie kategorie is slegs lede wat 'n familieverband met die gesin het, ingesluit.

Tabel 6.4 (vervolg)

Sone	Vaders	Moeders	Seuns	Dogters	Ander
30	32,6	30,8	9,0	7,5	0
31	33,3	30,3	6,8	9,7	0
32	44,9	46,7	12,0	12,1	0
33	50,1	49,0	14,0	12,7	0
34	42,9	41,8	12,8	9,8	21,0
35	46,9	44,7	11,8	15,4	0
36	53,5	50,7	14,3	17,3	0
37	45,4	42,5	6,0	9,8	40,0
38	35,0	33,1	6,4	8,7	0
39	43,9	39,3	13,3	11,6	67,0
40	57,5	54,9	10,2	9,9	0
41	49,0	44,2	10,3	12,0	26,0
42	45,5	40,8	11,2	10,9	0
43	41,2	38,0	10,2	10,2	0
44	45,3	42,8	12,8	11,1	72,0
45	46,9	44,2	12,3	11,4	24,0
46	38,9	36,6	6,4	10,4	10,0
47	47,7	44,2	12,8	10,5	55,8
48	42,1	44,4	14,0	10,3	63,4
49	50,2	47,6	15,3	14,4	0
50	44,1	42,2	12,3	11,7	62,0
51	42,4	40,9	12,6	11,2	76,0
52	50,9	47,3	11,9	13,6	65,0
53	40,0	36,9	10,9	11,6	67,0
54	40,8	37,0	6,0	5,0	0
55	39,4	38,7	7,9	10,5	30,0
56	49,5	49,1	14,0	17,0	87,0
57	35,3	32,8	8,5	12,8	0

Tabel 6.4 (vervolg)

Sone	Vaders	Moeders	Seuns	Dogters	Ander
58	37,1	36,4	7,1	9,9	0
59	30,7	28,9	3,7	5,8	34,0
60	33,8	33,4	10,1	6,3	74,0
61	38,8	36,4	11,5	11,8	20,7

Die ouderdomstruktuur van ander lede van die huishouding (slegs familieledede) toon in sommige sones duidelik dat dit grootouers is wat by die kinders inwoon. Die lae gemiddelde ouderdom van hierdie kategorie in sommige sones is die gevolg van ander familieledede, byvoorbeeld 'n broer, suster en broers- of susterskind van die vader of moeder wat permanent by die huishouding inwoon.

2.3 Besettingsdigtheid

Hoewel dit volgens tabel 6.5 lyk asof die gemiddelde besettingsdigtheid van kinders baie laag is, is kinders wat 18 jaar en ouer is, as volwassenes in hierdie studie gereken.

Tabel 6.5: Bloemfontein: Gemiddelde besettings-
digtheid per huis per sone

Sone	Volwassenes	Kinders	Totaal
1	2,00	1,75	3,75
2	2,06	1,06	3,12
3	2,18	1,79	3,97
4	2,75	0,75	3,50
5	2,03	1,13	3,16
6	2,60	0,93	3,53
7	2,25	0,25	2,50
8	2,18	1,55	3,73
9	2,57	1,19	3,76

Tabel 6.5 (vervolg)

Sone	Volwassenes	Kinders	Totaal
10	2,67	0,75	3,42
11	2,00	1,54	3,54
12	2,25	1,50	3,75
13	2,18	1,41	3,59
14	2,50	1,17	3,67
15	2,25	1,63	3,88
16	2,68	1,11	3,79
17	2,10	1,80	3,90
18	2,36	1,36	3,72
19	2,20	0,00	2,20
20	2,00	0,00	2,00
21	2,00	1,40	3,40
22	2,34	1,15	3,49
23	2,25	1,00	3,25
24	2,21	0,86	3,07
25	2,31	1,08	3,39
26	3,20	0,73	3,93
27	3,00	0,67	3,67
28	3,00	0,50	3,50
29	2,75	1,25	4,00
30	2,00	2,00	4,00
31	2,25	1,75	4,00
32	2,10	0,93	3,03
33	2,38	1,04	3,42
34	2,42	1,42	3,84
35	2,38	1,31	3,69
36	2,70	1,10	3,80
37	2,36	1,18	3,54
38	2,00	1,20	3,20
39	2,39	1,33	3,72
40	2,00	0,65	2,65
41	2,00	1,80	3,80
42	2,25	1,75	4,00
43	1,96	1,33	3,29

Tabel 6.5 (vervolg)

Sone	Volwassenes	Kinders	Totaal
44	2,67	1,43	4,10
45	2,35	1,06	3,41
46	2,00	1,64	3,64
47	2,27	1,33	3,60
48	2,29	0,59	2,88
49	2,38	1,31	3,69
50	2,00	1,10	3,10
51	2,33	1,67	4,00
52	2,47	0,93	3,40
53	2,40	1,70	4,10
54	2,00	1,75	3,75
55	2,47	1,29	3,76
56	2,55	0,45	3,00
57	2,25	2,50	4,75
58	2,19	1,69	3,88
59	2,00	1,10	3,10
60	2,00	1,07	3,07
61	2,31	1,31	3,62
		$\bar{x} =$	3,48

Die gebied waarin die hoogste gemiddelde volwasse besettingsdigtheid voorkom, is sone 26 gevolg deur 27 en 28. Sone 57 toon die hoogste totale gemiddelde besetting en ook die hoogste gemiddelde van kinders per huis.

Die gemiddelde digtheid oor al die sones is 3,48 persone per huis wat dui op huishoudings wat gemiddeld tussen drie en vier persone het. Wanneer hierdie aspek in hierdie lig beskou word, vertoon die steekproefpopulasie 'n relatief lae besettingsdigtheid per huis.

2.4 Huistaal

Hoewel daar ook 'n redelike variasie in huistaalverspreiding oor al die sones voorkom, bly Afrikaans die dominante huistaal in al die sones, behalwe sone 23 waar Engels oorheersend is. Selfs in sones 3, 5, 6, 8, 16 en 24 toon Engels as huistaal 'n redelike mate van verteenwoordiging. Volgens tabel 6.6 is 'n verskeidenheid huistale in Bloemfontein te vind, waarvan Afrikaans oorheersend is en 87 persent van die steekproefpopulasie uitmaak. Engels het slegs 8,8 persent en beide Afrikaans en Engels as huistaal het slegs 3,4 persent verteenwoordig.

'n Verdere opvallende aspek is dat 76,3 persent van die 80 Engelssprekende respondente in die noordelike voorstede voorkom.

Tabel 6.6: Bloemfontein: Chronologiese ordening
van huistaalverspreiding

Huistaal	Frekwensie	Persentasie
Afrikaans	792	87,0
Engels	80	8,8
Afrikaans en Engels	31	3,4
Duits	3	0,3
Chinees (Kantonees)	1	0,1
Hebreeus	1	0,1
Grieks	1	0,1
Portugees	1	0,1
Totaal	910	100,0

3. Sosio-ekonomiese struktuur

Soos in enige stad is daar ook variasie in die sosio-ekonomiese struktuur van Bloemfontein. Elke woongebied het sy eie kenmerkende of selfs identifiserende sosio-ekonomiese

status. Hierdie eienskap reflekteer die samestelling van die inwoners in 'n bepaalde woonwyk en kan ook moontlik 'n invloed op die graad van bewoningsbevrediging hê.

Aangesien slegs drie veranderlikes by die bepaling van die sosio-ekonomiese status* in ag geneem is, sal daar vervolgens slegs 'n oorsigtelike bespreking van die verspreiding van inkomste, opleidingspeil en beroepstruktuur van huishoofde per sone wees.

3.1 Jaarlikse inkomste van huishoudingshoofde

Wanneer die inligting in tabel 6.7 bestudeer word, is dit duidelik dat daar 'n geweldige variasie in inkomste binne 'n bepaalde sone kan voorkom. Hierdie variasie is in die sogenaamde meer gegoeede sones sowel as in die minder gegoeede sones opmerklik. In hierdie verband kan sones 5 en 22 beskou word.

Dit is opvallend dat meer as die helfte (52%) van die steekproefpopulasie 'n jaarlikse inkomste van minder as R25 000 verdien. Hierteenoor verdien 37,4 persent 'n inkomste tussen R25 000 en R50 000, terwyl slegs 10,6 persent meer as R50 000 per jaar verdien.

Indien die hoogste frekwensie in 'n bepaalde kategorie as oorwegend beskou word, kan sekere sones binne 'n bepaalde inkomstekategorie uitgesonder word. So 'n tipering kan egter misleidend wees, hoewel opvallende tendense tog na vore kan kom.

* Die afbakening van die sones in sosio-ekonomiese statusgroepe word in hoofstuk 8 behandel.

Tabel 6.7:

Bloemfontein: Jaarlikse Inkomstekategorie van huishoudingshoofde per sone*

Sone	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
1	0	0	0	0	0	0	0	2	0	0	2
2	0	0	0	0	0	2	9	2	2	0	2
3	0	0	0	0	3	2	6	7	9	4	3
4	0	1	0	0	0	0	2	1	0	0	0
5	3	3	5	1	1	2	10	5	2	0	0
6	0	0	0	1	2	0	6	4	2	0	0
7	0	0	0	0	0	0	2	0	2	0	0
8	1	1	0	0	0	1	4	2	0	1	1
9	0	1	0	0	1	3	3	4	3	3	3
10	1	1	2	0	3	0	1	2	1	1	0
11	0	1	1	1	1	3	3	2	1	0	0
12	0	1	0	0	0	1	1	0	0	0	1
13	9	2	1	2	1	4	3	0	0	0	0
14	0	0	0	1	1	2	2	0	0	0	0
15	0	0	0	0	0	1	3	3	1	0	0
16	0	0	0	0	0	0	3	5	6	3	2
17	0	0	0	0	0	0	0	5	3	2	0
18	0	0	1	0	1	1	1	3	4	1	2
19	0	0	0	1	1	1	0	1	1	0	0
20	0	1	0	1	0	0	1	0	1	0	0
21	3	0	0	0	1	1	0	0	0	0	0
22	13	13	9	3	4	3	1	1	0	0	0
23	0	0	0	0	2	0	1	1	0	0	0
24	2	4	0	0	1	1	3	2	1	0	0
25	2	0	1	0	2	3	2	1	2	0	0
26	2	1	0	1	1	5	3	0	2	0	0
27	3	2	0	2	2	0	0	0	0	0	0
28	5	2	2	0	2	0	2	1	0	0	0
29	0	1	0	1	1	0	1	0	0	0	0
30	5	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
31	4	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
32	27	2	1	0	0	0	0	0	0	0	0

* Raadpleeg Bylae B vir numeriese opskrifwaardes.

Tabel 6.7 (vervolg)

Sone	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
33	1	1	1	0	2	2	8	7	4	0	0
34	1	0	0	0	6	3	6	0	3	0	0
35	1	0	0	2	0	2	2	5	2	2	0
36	0	1	1	0	0	3	3	0	2	0	0
37	0	1	1	2	4	1	0	1	1	0	0
38	1	1	0	3	2	1	3	1	1	1	1
39	1	2	4	0	3	4	4	0	0	0	0
40	21	3	2	2	5	7	0	0	0	0	0
41	1	1	1	0	1	1	0	0	0	0	0
42	1	1	0	1	4	1	4	0	0	0	0
43	1	3	2	3	2	4	8	1	0	0	0
44	0	0	1	2	5	6	4	2	1	0	0
45	1	2	2	1	0	3	4	2	1	1	0
46	1	2	0	3	3	2	0	3	0	0	0
47	3	8	6	3	6	2	5	0	0	0	0
48	2	1	3	4	4	2	1	0	0	0	0
49	4	1	1	2	2	0	2	0	1	0	0
50	4	1	1	0	2	0	2	0	0	0	0
51	0	2	0	2	2	2	3	1	0	0	0
52	1	0	0	5	3	3	1	2	0	0	0
53	0	0	1	2	3	0	4	0	0	0	0
54	1	1	0	1	0	1	0	0	0	0	0
55	4	1	4	2	2	4	0	0	0	0	0
56	0	5	1	1	4	0	0	0	0	0	0
57	0	0	2	0	1	1	0	0	0	0	0
58	1	1	0	0	4	4	3	2	1	0	0
59	0	3	6	4	6	7	3	2	0	0	0
60	4	4	6	3	8	3	2	0	0	0	0
61	0	0	1	2	6	4	3	0	0	0	0
Totaal	135	83	70	65	121	109	148	83	60	19	17
%	14,8	9,1	7,7	7,1	13,3	12,0	16,3	9,1	6,6	2,1	1,9
Kum. %	14,8	23,9	31,6	38,7	52,0	64,0	80,3	89,4	96,0	98,1	100,0

Volgens tabel 6.8 is die noordelike sones meer opvallend onder die hoër inkomstekategorieë (kategorie 7 en hoër) terwyl die sentrale en suidelike stadgedeeltes neig om in die laer inkomstekategorieë te val. Hierdie tendens is in ooreenstemming met die algemene kennis en aanvaarding van die stadbewoners.

Hoewel kategorieë 10 en 11 nie oorwegende sonetiperings toon nie, vertoon sones 1, 2, 3, 9, 16 en 18 tog hoë frekwensies in dié onderskeie kategorieë. Hierdie sones is almal verteenwoordigend van die noordelike woonwyke.

Tabel 6.8: Bloemfontein: Sones wat 'n oorwegende inkomstekategorie toon

Inkomstekategorie	Sones
1	13; 21; 27; 28; 30; 31; 32; 40; 49; 50
2	24; 47; 56
3	57
4	52
5	10; 23; 37; 60; 61
6	25; 26; 44; 59
7	2; 4; 5; 6; 8; 33; 43; 45; 51; 53
8	9; 17; 35
9	3; 16; 18
10	-
11	-

3.2 Ouers se gesamentlike inkomstekategorie per jaar

Hoewel slegs die huishoudingshoof se inkomste as een van die veranderlikes in hierdie studie in die regionalisering van sosio-ekonomiese status* gebruik is, sal dit interessant wees om op die kategorieverspreiding van die man en vrou se gesamentlike inkomste binne ruimtelike verband te let.

* Vergelyk figuur 10.

Volgens tabel 6.9 verdien 48,7 persent (ongeveer die helfte) van die steekproefpopulasie 'n gesamentlike inkomste van minder as R30 000. In vergelyking met die jaarlikse inkomste van huishoofde (tabel 6.7), toon dit nie 'n drastiese afwyking met betrekking tot die laer inkomstekategorieë nie.

Groter afwyking is in die hoër inkomstekategorieë te bespeur. In teenstelling met die 10,6 persent van huishoofde wat 'n jaarlikse inkomste van meer as R50 000 verdien, kan 21,2 persent van die huishoudings met betrekking tot gesamentlike inkomste in hierdie kategorie geplaas word.

3.3 Onderwyspeil van gesinshoof

Onderwys is volgens Northam een van die primêre komponente in die vorming van 'n hoë stedelike lewensgehalte.² Die gehalte van onderwys is in die onderhawige studie slegs ten opsigte van die hoogste onderwysvlak van die huishoof gemeet. Wanneer tabel 6.10 van nader beskou word, is die regionale verskeidenheid duidelik waarneembaar.

Die hoogste persentasie huishoofde in die steekproefpopulasie (22,6%) het 'n onderwyspeil van standerd tien, gevolg deur die nagraadse onderwyspeil (17,9%) en standerd agt (15,1%) as kwalifikasie. Hierdie drie kategorieë verteenwoordig 55,6 persent van die steekproefpopulasie.

'n Ontleding van tabel 6.11 toon dat die noordelike voorstede oorwegend in die hoër onderwyspeilkategorieë voorkom. Hoewel daar egter 'n paar uitsonderings is, wil dit voorkom asof meer sones in die suidelike en sentrale voorstede 'n standerd tien en laer kwalifikasie het. Hierdie ruimtelike verspreiding van onderwyspeil toon ten opsigte van die laasgenoemde opmerking soms verrassende ooreenkomste met die verspreiding van inkomste.

Tabel 6.9:

Bloemfontein: Gesamentlike Inkomstekategorie per Jaar per sone*

Sone	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1	0	0	0	0	0	0	2	0	2	0
2	0	0	0	2	2	5	5	0	3	0
3	0	0	2	0	2	10	12	5	3	0
4	1	0	0	0	0	1	2	0	0	0
5	9	1	2	1	6	6	6	0	1	0
6	0	0	0	0	5	3	6	1	0	0
7	0	0	0	0	1	0	1	1	1	0
8	2	0	0	1	4	1	1	0	2	0
9	1	0	1	1	2	5	3	4	4	0
10	3	1	2	1	0	1	3	1	0	0
11	2	0	2	1	2	3	3	0	0	0
12	1	0	0	0	0	2	0	0	1	0
13	11	1	1	5	4	0	0	0	0	0
14	0	1	0	2	3	0	0	0	0	0
15	0	0	0	1	3	1	2	1	0	0
16	0	0	0	0	3	2	6	5	2	1
17	0	0	0	0	0	0	2	5	3	0
18	0	1	1	1	0	1	5	3	2	0
19	0	1	0	2	0	1	1	0	0	0
20	1	1	0	0	0	1	1	0	0	0
21	2	0	1	1	1	0	0	0	0	0
22	29	7	4	2	3	1	1	0	0	0
23	0	0	0	2	1	1	0	0	0	0
24	5	0	1	1	3	2	2	0	0	0
25	1	1	2	3	1	2	2	1	0	0
26	3	1	1	5	2	1	1	1	0	0
27	5	0	0	1	2	1	0	0	0	0
28	6	3	1	1	2	0	1	0	0	0
29	0	1	0	1	1	0	1	0	0	0
30	4	1	0	0	0	0	0	0	0	0
31	4	0	0	0	0	0	0	0	0	0
32	30	0	0	0	0	0	0	0	0	0
33	3	0	0	2	6	7	8	0	0	0
34	1	0	3	2	5	3	4	1	0	0

* Raadpleeg Bylae B vir numeriese opskrifwaardes.

Tabel 6.9 (vervolg)

Sone	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
35	1	1	0	3	1	4	2	4	0	0
36	1	0	0	1	2	4	2	0	0	0
37	2	1	2	1	3	0	2	0	0	0
38	2	0	1	1	4	4	1	1	0	1
39	5	1	4	2	4	2	0	0	0	0
40	20	3	3	3	6	1	4	0	0	0
41	2	0	1	1	0	0	1	0	0	0
42	1	2	2	1	2	1	3	0	0	0
43	3	0	4	2	6	6	2	1	0	0
44	1	1	1	2	4	6	5	1	0	0
45	4	1	0	1	3	1	2	3	2	0
46	2	3	2	1	0	3	1	1	1	0
47	10	4	7	1	8	2	1	0	0	0
48	4	3	1	4	3	2	0	0	0	0
49	5	1	2	0	4	0	1	0	0	0
50	5	0	1	1	2	0	1	0	0	0
51	1	1	0	3	0	4	1	2	0	0
52	1	1	2	3	4	1	2	0	1	0
53	1	1	2	1	2	3	0	0	0	0
54	1	1	1	0	1	0	0	0	0	0
55	6	2	2	4	3	0	0	0	0	0
56	0	5	2	1	3	0	0	0	0	0
57	0	0	0	3	1	0	0	0	0	0
58	1	0	2	1	5	4	1	1	1	0
59	3	2	4	5	8	7	2	0	0	0
60	8	1	6	5	8	1	0	1	0	0
61	0	3	1	3	4	2	2	1	0	0
Totaal	214	59	77	93	155	119	117	45	29	2
%	23,5	6,5	8,5	10,2	17,0	13,1	12,9	4,9	3,2	0,2
Kum. %	23,5	30,0	38,5	48,7	65,7	78,8	91,7	96,6	99,8	100,0

Tabel 6.10: Bloemfontein: Onderwyspeil van geslinshoofde per sone*

Sone	1	2	3	4	5	6	7	8	9
1	0	0	0	0	0	0	0	0	4
2	0	0	0	0	2	2	2	1	10
3	0	0	0	0	11	1	1	5	16
4	0	1	0	0	1	1	0	0	1
5	2	1	0	0	10	3	5	6	5
6	0	0	1	0	0	2	3	4	5
7	0	1	0	0	0	1	0	0	2
8	0	1	0	0	4	1	0	4	1
9	0	0	0	0	6	1	2	7	5
10	2	4	0	0	1	1	2	2	0
11	0	1	2	0	3	0	2	1	4
12	0	1	0	0	1	0	1	0	1
13	0	5	6	2	2	1	0	6	0
14	1	0	0	0	2	2	0	1	0
15	0	0	0	0	2	0	1	3	2
16	0	0	1	0	2	1	1	2	12
17	0	0	0	0	2	1	0	2	5
18	0	0	0	0	2	0	0	3	9
19	0	2	0	0	1	0	0	0	2
20	0	0	0	0	1	0	2	1	0
21	1	2	1	0	0	0	0	1	0
22	18	16	4	0	5	3	1	0	0
23	0	0	0	1	0	0	0	2	1
24	0	3	1	0	4	3	0	0	3
25	0	2	1	1	1	1	1	2	4
26	0	1	0	0	1	2	2	5	4
27	1	3	0	0	3	1	0	1	0
28	1	1	0	0	2	1	3	3	3
29	0	3	0	0	1	0	0	0	0
30	0	2	0	3	0	0	0	0	0
31	0	3	0	1	0	0	0	0	0
32	14	11	2	1	2	0	0	0	0
33	0	1	0	0	6	2	0	4	13

* Raadpleeg Bylae C vir numeriese opskrifwaardes.

Tabel 6.10 (vervolg)

Sone	1	2	3	4	5	6	7	8	9
34	1	0	3	0	3	7	0	2	3
35	0	0	0	1	2	2	0	3	8
36	1	0	0	0	5	0	0	3	1
37	0	1	0	0	1	4	0	3	2
38	0	1	0	0	5	0	2	4	3
39	2	1	2	0	4	1	3	2	3
40	11	12	0	0	7	4	3	3	0
41	1	2	0	0	2	0	0	0	0
42	0	2	0	0	3	3	0	0	4
43	2	3	1	0	6	1	3	3	5
44	1	2	1	0	6	5	0	4	2
45	1	4	1	0	2	1	2	2	4
46	1	1	2	0	4	2	1	1	2
47	5	9	0	0	10	8	0	1	0
48	0	5	0	0	8	1	1	1	1
49	2	3	0	0	4	2	2	0	0
50	0	1	0	0	4	3	1	0	1
51	0	0	4	0	4	1	1	0	2
52	1	3	0	0	5	1	2	1	2
53	2	1	0	1	5	1	0	0	0
54	1	1	0	0	1	1	0	0	0
55	6	4	1	1	3	1	0	0	1
56	1	2	1	0	5	2	0	0	0
57	1	1	0	0	1	0	0	1	0
58	0	1	1	0	4	3	0	4	3
59	0	3	0	1	9	9	3	2	4
60	2	5	7	0	10	4	1	1	0
61	0	4	1	1	5	2	1	2	0
Totaal	82	137	44	14	206	100	55	109	163
%	9,0	15,1	4,8	1,5	22,6	11,0	6,1	12,0	17,9
Kum. %	9,0	24,1	28,9	30,4	53,0	64,0	70,1	82,1	100,0

Tabel 6.11: Bloemfontein: Sones wat 'n oorwegende onderwyspeilkategorie toon

Onderwyspeil	Sones
1	22; 32; 55
2	10; 21; 29; 31; 40
3	-
4	30
5	5; 24; 36; 38; 39; 43; 44; 46; 47; 48; 49; 50; 52; 53; 56; 60; 61
6	34; 37
7	20
8	9; 15; 23; 26
9	1; 2; 3; 6; 7; 11; 16; 17; 18; 25; 33; 35; 42

* Die kategorieë waarin die hoogste frekwensie voorkom, is as oorwegend beskou.

3.4 Beroepskategorie van die gesinshoof

Die beroepstruktuur is die derde veranderlike wat verreken moet word om uiteindelik sosio-ekonomiese status te bepaal. 'n Interessante aspek word in kategorieë 1 en 2 ten opsigte van tabel 6.12 opgemerk - 2,3 persent van die huishoudingshoofde van die steekproefpopulasie is vrywillig sonder werk, terwyl 0,5 persent van die huishoudingshoofde werkloos is. Gesien in die lig dat die beroepskategorieë chronologies van laag na hoog strek, is dit opvallend dat 'n groter persentasie van die steekproefpopulasie in die boonste vier kategorieë voorkom (63,3%) as in die onderste vyf.

Volgens tabel 6.13 is die meerderheid van die sones in die boonste drie kategorieë verteenwoordigend van die noordelike voorstede. Hoewel daar egter geen perfekte ooreenstemming met tabelle 6.8 en 6.11 is nie, is daar tog blyke van 'n redelike mate van ooreenstemming.

Tabel 6.12: Bloemfontein: Beroepskategorie van gesinshoofde per sone*

Sone	1	2	3	4	5	6	7	8	9
1	0	0	0	0	0	0	0	0	4
2	0	0	0	1	1	0	3	1	11
3	1	0	0	1	0	5	11	7	9
4	0	0	0	1	1	1	0	0	1
5	1	0	1	7	2	1	11	2	7
6	0	0	1	0	2	1	2	3	6
7	0	0	0	0	1	0	1	1	1
8	1	0	0	1	0	1	4	1	3
9	0	0	0	0	0	1	6	3	11
10	0	0	2	0	4	1	3	0	2
11	0	0	0	1	0	1	5	1	5
12	0	0	0	2	0	0	1	0	1
13	1	0	2	3	10	1	0	1	4
14	0	0	0	1	2	2	0	0	1
15	1	0	0	1	0	1	3	1	1
16	1	0	0	0	0	1	3	1	13
17	1	0	0	1	0	0	3	1	4
18	0	0	0	1	0	3	1	1	8
19	0	0	0	3	0	1	0	0	1
20	0	0	0	1	0	0	2	0	1
21	0	0	0	1	2	0	2	0	0
22	0	0	6	1	29	9	2	0	0
23	0	0	0	0	1	1	0	1	1
24	0	0	1	2	1	4	2	0	4
25	1	0	0	2	0	2	1	1	6
26	3	1	0	0	1	1	6	3	0
27	2	0	2	2	0	2	1	0	0
28	1	1	1	1	0	0	4	2	4
29	0	0	0	0	0	1	3	0	0
30	0	1	0	0	4	0	0	0	0
31	0	0	0	0	4	0	0	0	0
32	1	1	5	7	12	4	0	0	0
33	1	0	0	6	0	5	3	1	10

* Raadpleeg Bylae C vir numeriese opskrifwaardes.

Tabel 6.12 (vervolg)

Sone	1	2	3	4	5	6	7	8	9
34	0	0	1	1	3	4	9	0	1
35	0	0	0	2	0	1	6	1	6
36	0	0	0	2	2	1	2	1	2
37	0	0	2	2	2	1	1	1	2
38	1	0	0	1	0	4	4	3	2
39	0	0	3	0	3	4	4	0	4
40	0	0	17	6	5	3	6	0	3
41	0	0	1	0	1	1	2	0	0
42	0	0	1	1	1	0	2	1	6
43	0	0	1	1	2	8	2	1	9
44	0	0	0	2	2	5	6	1	5
45	1	0	0	2	2	3	3	2	4
46	0	0	0	2	2	4	2	1	3
47	1	0	4	6	13	2	7	0	0
48	1	0	0	3	1	6	4	1	1
49	0	0	0	3	1	5	2	0	2
50	1	0	1	0	2	1	4	0	1
51	0	0	1	1	2	1	6	0	1
52	0	0	2	1	3	2	6	0	1
53	0	0	0	0	3	3	3	1	0
54	0	0	1	0	3	0	0	0	0
55	0	1	1	1	7	4	2	0	1
56	0	0	3	0	4	3	1	0	0
57	0	0	0	0	2	1	1	0	0
58	0	0	0	1	1	3	5	3	3
59	0	0	0	0	5	13	6	1	6
60	0	0	0	2	10	9	8	1	0
61	0	0	0	0	2	6	7	1	0
Totaal	21	5	60	87	161	148	194	52	182
%	2,3	0,5	6,6	9,6	17,7	16,3	21,3	5,7	20,0
Kum. %	2,3	2,8	9,4	19,0	36,7	53,0	74,3	80,0	100,0

Tabel 6.13: Bloemfontein: Sones wat 'n oorwegende beroepskategorie toon

Beroepskategorie	Sones
1	-
2	-
3	40
4	12; 19
5	10; 13; 22; 30; 31; 32; 54; 55; 56; 57; 60
6	46; 48; 49; 59
7	3; 5; 8; 15; 20; 26; 29; 34; 41; 44; 47; 50; 51; 52; 58; 61
8	-
9	1; 2; 6; 9; 16; 17; 18; 25; 33; 42; 43; 45

Na aanleiding van bogenoemde relatiewe mate van ooreenstemming, kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die drie genoemde veranderlikes 'n goeie keuse in die bepaling van sosio-ekonomiese status blyk te wees.*

4. Woonhuisstruktuur

Aangesien die woonhuiskomponent deel van die komponent woonhuistevredenheid in die bepaling van bewoningsbevreëdiging uitmaak, is dit essensieel dat die woonhuisstruktuur van die steekproefpopulasie beskryf sal word. Die woonhuis is uiteindelik die belangrikste komponent in die residensiële funksie, want dit is die plek waarin 'n persoon moet leef.

Robson beklemtoon die belangrikheid van die bestudering van behuising en sê selfs dit is 'n belangrike voorstudie in enige studie van sosiale gebiede. Die kenmerke van behuising "... provides the set of housing opportunities which

* Infra, p. 198.

facilitate or frustrate a household in its attempt to match its needs and aspirations with its housing space".³

Daarom word daar vervolgens op die huisbesitstatus en die grootte van die huis gelet.

4.1 Huisbesitstatus

By die ontleding van tabel 6.14 is dit opvallend dat eienaarstatus dominant in al die sones is, behalwe in sones 30, 31 en 32 waar huurstatus domineer weens die verskaffing van sub-ekonomiese huureenhede deur die Munisipaliteit van Bloemfontein, en in sone 57 waar geen dominansie deur enige van die kategorieë geld nie.

Indien Kimberleyweg, wat uiteindelik Charlesstraat word, as skeiding tussen die noordelike en suidelike voorstede geneem word, is dit opvallend om daarop te let dat, persentasiegewys, meer huiseienaars in die noordelike voorstede voorkom, naamlik 85,5 persent teenoor die 80,9 persent in die suidelike voorstede. Vergelyk tabel 6.15 in hierdie verband.

Tabel 6.14: Bloemfontein: Hulsbesitstatus van steekproefpopulasie per sone*

Sone	1	2	3	4	Sone	1	2	3	4
1	4	0	0	0	31	0	4	0	0
2	15	1	1	0	32	3	26	1	0
3	34	0	0	0	33	21	5	0	0
4	4	0	0	0	34	18	1	0	0
5	31	0	0	1	35	11	4	1	0
6	12	2	0	1	36	10	0	0	0
7	4	0	0	0	37	11	0	0	0
8	9	1	0	1	38	14	1	0	0
9	18	1	1	1	39	13	1	4	0
10	11	1	0	0	40	38	2	0	0
11	12	0	0	1	41	5	0	0	0
12	4	0	0	0	42	9	2	1	0
13	17	4	1	0	43	22	2	0	0
14	6	0	0	0	44	19	1	1	0
15	8	0	0	0	45	15	1	0	1
16	14	2	3	0	46	14	0	0	0
17	10	0	0	0	47	29	3	1	0
18	13	0	1	0	48	13	2	1	1
19	4	0	1	0	49	9	4	0	0
20	3	1	0	0	50	8	2	0	0
21	4	1	0	0	51	12	0	0	0
22	32	8	7	0	52	13	1	1	0
23	4	0	0	0	53	10	0	0	0
24	12	1	1	0	54	4	0	0	0
25	11	1	0	1	55	14	2	0	1
26	9	3	2	1	56	9	1	0	1
27	8	1	0	0	57	2	2	0	0
28	12	1	0	1	58	15	0	1	0
29	4	0	0	0	59	28	1	2	0
30	0	5	0	0	60	25	4	1	0
					61	10	4	2	0
Totaal						753	110	35	12
%						82,8	12,1	3,8	1,3
KUM. %						82,8	94,9	98,7	100,0

* Raadpleeg Bylae D vir numeriese opskrifwaardes.

Tabel 6.15: Bloemfontein: Huisbesitverhouding tussen noordelike en suidelike voorstede

	Eienaar	%	Nie-eienaar*	%
Noordelik	313	85,5	53	14,5
Suidelik	440	80,9	104	19,1

4.2 Fisiese samestelling van woonhuise per sone

Aangesien woonhuistevredenheid 'n belangrike deelkomponent van bewoningsbevrediging vorm en daar ook regionale variasie ten opsigte van hierdie komponent voorkom, is 'n ontleding per sone van die hoeveelheid vertrekke en fasiliteite waaroor huise beskik, nie net interessant nie, maar ook relevant. Die fisiese ruimte waarin die huishouding woon, bepaal ook uiteindelik die mate van tevredenheid.

Volgens tabelle 6.16(a) en 6.16(b) varieer die hoeveelheid vertrekke oor al die sones. So byvoorbeeld is dit opvallend dat daar ses woonhuise in die steekproefpopulasie is wat twee kombuise het, twee huise het twee opwaskamers, ses huise het twee eetkamers, 15 huise het twee sitkamers en 17 huise beskik oor twee gesinskamers. Verder is dit ook opmerklik dat 68 huise uit die steekproefpopulasie vyf of ses slaapkamers het, 93 huise het drie of vier badkamers, vier huise beskik oor twee studeerkamers en 31 huise het drie of vier motorhuise. Die sones waarin hierdie hoë frekwensies van sekere vertrekke voorkom, kan in genoemde tabelle nageslaan word.

Indien tabel 6.17 van nader beskou word, is die hoë frekwensie van swembaddens opvallend; 25,7 persent van die steekproefpopulasie het 'n swembad. Outomatiese tuinbesproeiing is ook 'n verskynsel wat blykbaar toeneem, indien 'n mens na die relatief hoë frekwensie daarvan kyk.

* Kategorieë 2 tot 4 in tabel 6.14 is saamgevoeg.

Tabel 6.16(a): Bloemfontein: Fisiese samestelling van woonhuise per sone

	Kombuis		Opwaskamer			Eetkamer			Slitkamer			Gesinskamer		
Sone	1	2	0	1	2	0	1	2	0	1	2	0	1	2
1	4	0	0	4	0	0	3	1	0	4	0	0	4	0
2	17	0	2	15	0	0	17	0	0	17	0	2	15	0
3	33	1	3	30	1	0	33	1	0	33	1	3	28	3
4	4	0	0	4	0	0	4	0	0	4	0	1	3	0
5	31	1	13	19	0	1	31	0	1	29	2	12	17	3
6	15	0	5	10	0	1	14	0	0	13	2	6	9	0
7	4	0	0	4	0	0	4	0	0	4	0	0	4	0
8	11	0	1	10	0	0	11	0	0	11	0	4	7	0
9	21	0	2	19	0	0	19	2	0	21	0	2	19	0
10	12	0	4	8	0	1	11	0	0	12	0	3	9	0
11	13	0	5	8	0	0	13	0	0	12	1	1	11	1
12	4	0	0	4	0	0	4	0	1	3	0	2	2	0
13	22	0	14	8	0	0	22	0	0	22	0	17	5	0
14	6	0	0	6	0	0	6	0	0	6	0	3	3	0
15	8	0	1	7	0	0	8	0	0	8	0	1	6	1
16	19	0	4	15	0	0	19	0	0	18	1	1	18	0
17	10	0	0	10	0	0	10	0	0	10	0	4	5	1
18	14	0	5	8	1	0	14	0	0	13	1	1	11	2
19	5	0	3	2	0	0	5	0	0	5	0	2	3	0
20	3	1	0	4	0	0	4	0	0	4	0	0	4	0
21	5	0	2	3	0	1	4	0	0	5	0	2	3	0
22	45	2	37	10	0	24	22	1	0	45	2	37	10	0
23	4	0	2	2	0	0	4	0	0	4	0	2	2	0
24	14	0	4	10	0	3	11	0	0	14	0	10	4	0
25	13	0	3	10	0	1	12	0	0	13	0	4	8	1
26	15	0	1	14	0	2	13	0	1	14	0	5	9	1
27	9	0	4	5	0	1	8	0	0	9	0	6	3	0
28	14	0	2	12	0	1	13	0	0	14	0	8	5	1
29	4	0	1	3	0	0	4	0	0	4	0	2	2	0
30	5	0	5	0	0	5	0	0	0	5	0	5	0	0
31	4	0	4	0	0	4	0	0	0	4	0	4	0	0
32	30	0	30	0	0	27	3	0	0	30	0	30	0	0
33	26	0	5	21	0	2	24	0	0	26	0	7	18	1
34	19	0	4	15	0	0	19	0	1	18	0	7	12	0

Tabel 6.16(a) (vervolg)

	Kombuis		Opwaskamer			Eetkamer			Sitkamer			Gesinskamer		
Sone	1	2	0	1	2	0	1	2	0	1	2	0	1	2
35	16	0	3	13	0	0	16	0	0	16	0	5	11	0
36	10	0	2	8	0	0	10	0	0	10	0	2	8	0
37	11	0	7	4	0	0	11	0	0	11	0	3	8	0
38	15	0	5	10	0	0	15	0	0	15	0	4	11	0
39	18	0	11	7	0	5	13	0	0	18	0	12	6	0
40	40	0	21	19	0	5	35	0	0	40	0	19	21	0
41	5	0	2	3	0	3	2	0	0	5	0	3	2	0
42	12	0	5	7	0	0	12	0	0	12	0	3	9	0
43	24	0	6	18	0	0	24	0	0	24	0	12	12	0
44	21	0	6	15	0	2	19	0	0	21	0	7	14	0
45	17	0	6	11	0	0	17	0	0	17	0	7	10	0
46	14	0	2	12	0	0	14	0	0	14	0	4	10	0
47	33	0	22	11	0	8	25	0	0	33	0	18	15	0
48	17	0	9	8	0	0	17	0	0	15	2	5	12	0
49	13	0	10	3	0	1	12	0	0	13	0	9	3	1
50	10	0	7	3	0	2	8	0	0	10	0	7	3	0
51	12	0	6	6	0	1	11	0	0	12	0	5	7	0
52	15	0	11	4	0	0	15	0	0	15	0	9	6	0
53	9	1	5	5	0	0	9	1	0	9	1	8	2	0
54	4	0	4	0	0	1	3	0	0	4	0	3	1	0
55	17	0	15	2	0	4	13	0	0	17	0	13	4	0
56	11	0	10	1	0	1	10	0	0	11	0	8	3	0
57	4	0	2	2	0	0	4	0	0	4	0	2	2	0
58	16	0	5	11	0	0	16	0	0	15	1	6	10	0
59	31	0	17	14	0	0	31	0	0	31	0	18	13	0
60	30	0	24	6	0	1	29	0	0	29	1	24	6	0
61	16	0	7	9	0	0	16	0	0	16	0	7	8	1
Totaal	904	6	396	512	2	108	796	6	4	891	15	417	476	17
%	99,3	0,7	43,5	56,3	0,2	11,9	87,5	0,7	0,4	97,9	1,6	45,8	52,3	1,9

Tabel 6.16(b):

Bloemfontein: Fisiese samestelling van woonhuise per sone

	Slaapkamers					Badkamers				Studeerkamers			Motorhuise				
Sone	2	3	4	5	6	1	2	3	4	0	1	2	0	1	2	3	4
1	0	1	3	0	0	1	2	1	0	1	3	0	0	0	4	0	0
2	0	7	9	1	0	0	16	1	0	4	13	0	0	3	14	0	0
3	0	11	14	5	4	0	22	10	2	13	20	1	2	0	28	3	1
4	0	1	3	0	0	0	4	0	0	2	2	0	0	0	4	0	0
5	1	17	11	3	0	13	15	4	0	18	14	0	3	18	9	2	0
6	0	7	4	3	1	5	8	2	0	6	8	1	1	6	7	1	0
7	0	0	2	2	0	0	2	0	2	0	4	0	0	0	3	1	0
8	0	2	7	2	0	0	8	3	0	5	6	0	0	2	8	1	0
9	0	8	10	2	1	1	11	9	0	5	15	1	0	5	15	1	0
10	0	8	3	1	0	5	7	0	0	10	2	0	0	8	2	2	0
11	0	6	7	0	0	2	11	0	0	7	6	0	1	5	6	1	0
12	0	2	1	1	0	2	1	1	0	2	2	0	1	3	0	0	0
13	2	16	4	0	0	11	11	0	0	17	5	0	1	15	6	0	0
14	1	4	1	0	0	2	4	0	0	5	1	0	0	5	1	0	0
15	0	4	2	2	0	1	4	3	0	4	4	0	0	3	5	0	0
16	0	3	14	1	1	2	10	5	2	4	14	1	1	4	11	3	0
17	0	3	5	2	0	3	6	1	0	2	8	0	0	3	6	0	1
18	0	1	10	1	2	0	7	5	2	5	9	0	2	3	6	2	1

Tabel 6.16(b) (vervolg)

	Slapkamers					Badkamers				Studeerkamers			Motorhuise				
Sone	2	3	4	5	6	1	2	3	4	0	1	2	0	1	2	3	4
19	1	2	2	0	0	1	4	0	0	2	3	0	0	1	3	1	0
20	1	0	3	0	0	0	4	0	0	1	3	0	0	1	3	0	0
21	0	3	2	0	0	4	0	0	1	4	1	0	0	4	1	0	0
22	5	36	4	2	0	41	6	0	0	46	1	0	4	39	4	0	0
23	0	1	2	1	0	2	2	0	0	1	3	0	0	1	3	0	0
24	2	9	2	1	0	11	3	0	0	11	3	0	0	12	1	1	0
25	0	9	3	0	1	3	8	2	0	6	7	0	0	4	9	0	0
26	0	7	8	0	0	5	8	2	0	12	3	0	2	3	10	0	0
27	0	4	5	0	0	4	5	0	0	8	1	0	1	5	3	0	0
28	1	4	8	1	0	5	8	1	0	9	5	0	3	9	2	0	0
29	0	2	1	1	0	1	2	1	0	3	1	0	0	3	1	0	0
30	4	1	0	0	0	5	0	0	0	5	0	0	5	0	0	0	0
31	3	1	0	0	0	4	0	0	0	4	0	0	4	0	0	0	0
32	15	15	0	0	0	30	0	0	0	30	0	0	27	3	0	0	0
33	0	7	16	2	1	2	19	4	1	3	23	0	3	4	16	3	0
34	0	8	9	2	0	2	15	2	0	15	4	0	0	0	19	0	0
35	0	3	9	3	1	1	8	7	0	6	10	0	2	2	12	0	0
36	0	2	6	2	0	0	8	2	0	4	6	0	0	3	7	0	0

Tabel 6.16(b) (vervolg)

	Slaapkamers					Badkamers				Studeerkamers			Motorhulse				
Sone	2	3	4	5	6	1	2	3	4	0	1	2	0	1	2	3	4
37	1	5	4	1	0	4	6	1	0	7	4	0	0	7	4	0	0
38	0	10	5	0	0	0	13	2	0	8	7	0	1	1	12	1	0
39	1	13	3	1	0	10	7	1	0	17	1	0	0	12	6	0	0
40	1	36	3	0	0	21	18	1	0	35	5	0	3	33	4	0	0
41	0	5	0	0	0	5	0	0	0	5	0	0	2	2	1	0	0
42	0	6	5	1	0	3	9	0	0	8	4	0	2	3	6	1	0
43	0	11	11	2	0	5	17	2	0	15	9	0	0	8	16	0	0
44	0	6	14	1	0	0	19	2	0	10	11	0	0	4	15	1	1
45	0	5	10	2	0	1	14	2	0	8	9	0	0	5	12	0	0
46	0	10	3	1	0	1	12	1	0	12	2	0	0	5	9	0	0
47	2	23	7	1	0	26	7	0	0	31	2	0	1	28	3	0	1
48	0	9	6	1	1	6	10	0	1	15	2	0	3	8	6	0	0
49	0	8	4	1	0	11	1	1	0	13	0	0	0	8	5	0	0
50	1	7	2	0	0	8	2	0	0	10	0	0	2	6	2	0	0
51	0	6	6	0	0	1	10	1	0	11	1	0	0	2	10	0	0
52	0	11	4	0	0	5	10	0	0	14	1	0	1	9	5	0	0
53	0	4	5	1	0	2	7	1	0	7	3	0	0	5	5	0	0
54	0	4	0	0	0	4	0	0	0	4	0	0	0	3	1	0	0

Tabel 6.16(b) (vervolg)

	Slaapkamers					Badkamers				Studeerkamers			Motorhuise				
Sone	2	3	4	5	6	1	2	3	4	0	1	2	0	1	2	3	4
55	0	12	4	1	0	15	1	1	0	14	3	0	2	10	5	0	0
56	1	9	1	0	0	7	4	0	0	11	0	0	0	9	2	0	0
57	0	2	2	0	0	1	3	0	0	4	0	0	1	3	0	0	0
58	1	9	6	0	0	0	16	0	0	11	5	0	0	3	12	1	0
59	1	30	0	0	0	2	29	0	0	27	4	0	4	15	12	0	0
60	3	27	0	0	0	23	7	0	0	30	0	0	14	10	6	0	0
61	0	16	0	0	0	2	14	0	0	13	3	0	0	5	11	0	0
Totaal	48	499	295	55	13	332	485	82	11	620	286	4	99	381	399	26	5
%	5,3	54,8	32,4	6,0	1,4	36,5	53,3	9,0	1,2	68,1	31,4	0,4	10,9	41,9	43,8	2,9	0,5

Tabel 6.17: Bloemfontein: Frekwensie van fasiliteite
op erf

Fasiliteit	Hoeveelheid	Frekwensie	Persentasie
Motorafdakke	0	591	64,9
	1	234	25,7
	2	67	7,4
	3	10	1,1
	4	8	0,9
Karavaanafdak	0	842	92,5
	1	68	7,5
Swembad	0	676	74,3
	1	234	25,7
Tennisbaan	0	902	99,1
	1	8	0,9
Sauna	0	897	98,6
	1	13	1,4
Outomatiese tuin- besproeiing	0	761	83,6
	1	149	16,4

5. Slotopmerking

By die lees van hierdie hoofstuk word 'n mens getref deur die magdom statistieke wat verskaf word. Hoewel baie daarvan oorbodig of selfs irrelevant lyk, moet dit steeds beskou word as moontlike onderliggende patrone wat bewonings-bevrediging as proses onderlê. Daarom sal daar vervolgens tot die ontleding van bewoningsbevrediging en hipotese-toetsing oorgegaan word.

Verwysings

1. B.T. Robson, Urban social areas, p. 19.
2. R.M. Northam, Urban geography, p. 114.
3. B.T. Robson, Urban social areas, p. 19.

HOOFSTUK 7

REGIONALISERING VAN BEWONINGSBEVREDIGING

1. Inleiding

Die primêre doelstelling van hierdie studie behels onder andere die interpretering van sekere gekose wooneenheid- en woonbuurtdimensies waaroor die huisbewoner 'n bepaalde vlak van tevredenheid voorhou. Die uitgangspunt van so 'n studie behels gevolglik dat 'n persoon tot sy omgewing reageer in die mate wat hy dit waarneem en interpreteer in die lig van sy vorige ondervinding. Gevolglik wil die navorser met Saarienen saamstem wanneer hy sê dat die gedrag van 'n persoon van sy omgewingspersepsie afhanklik is. Daarom is dit belangrik om uit te vind hoe die persoon sy omgewing waarneem.¹

Dit is gevolglik ook waar dat die persepsie wat 'n persoon van sy omgewing het, sy vlak van tevredenheid en voorkeure ten opsigte van die omgewing weerspieël. Dit is derhalwe essensieel dat 'n persoon se evaluering (persepsie) van sy residensiële omgewing bepaal moet word ten einde te bepaal of hy/sy positief daarteenoor voel. Michelson sê dat een metode om tevredenheid te meet, houdingsmeting is. "One measure of satisfaction consists of direct answers to questions about how respondents 'feel' about their new home, location and neighborhood, respectively. Answers consisted of a closed-ended choice among items on a five-point scale: very satisfied, mostly satisfied, neither satisfied nor dissatisfied, mostly dissatisfied and very dissatisfied."²

Aangesien houding en die verskillende meetinstrumente reeds volledig bespreek is, word daar vervolgens slegs na die ontledingsmetode van die gekose Likert-skaal gekyk.

1.1 Ontledingsmetode

Soos reeds in hoofstuk 3 vermeld, is daar uiteindelik volstaan met die aanname dat tevredenheid met ses aspekte naamlik fisiese omgewing, woonbuurtdienste, sosiale omgewing (interaksie), veiligheid, woonhuis en erf, bewoningsbevrediging sal aandui.

'n Syferwaarde vir elk van die ses aspekte en gevolglik een syferwaarde vir die totale bewoningsbevrediging is die ideaal. Dit blyk uit die gedeelte in die vraelys wat houdings gemeet het*, dat daar deurgaans 'n syferwaarde van vyf aan die respons "stem beslis saam" gegee is. Nie alleen het dit die kodifisering van die responskategorieë vergemaklik nie, maar dit het ook verwarring by die respondent voorkom.

In die lig van hierdie eenvormige kodifisering en die besluit dat 'n hoë skaaltelling 'n gunstige houding of 'n hoë vlak van tevredenheid sal aandui, moet 'n regstelling aan die toegekende gekodifiseerde waardes gedoen word. Weens die insluiting van negatiewe sowel as positiewe items (stellings) ten einde 'n redelik gebalanseerde Likert-skaal te hê, word die volgende waardes aan 'n item se responskategorieë toegeken:

Omdat 'n hoë telling 'n positiewe houding impliseer, word die gekodifiseerde waardes by 'n positiewe stelling behou:

Stem beslis saam	(SBS)	=	5
Stem saam	(SS)	=	4
Onseker	(O)	=	3
Stem nie saam nie	(SNS)	=	2
Stem beslis nie saam nie	(SBN)	=	1

* Raadpleeg Bylae A.

Sodra die stelling egter negatief bewoord is, word die responswaardes so gewysig:

Stem beslis saam	(SBS)	=	1
Stem saam	(SS)	=	2
Onseker	(O)	=	3
Stem nie saam nie	(SNS)	=	4
Stem beslis nie saam nie	(SBN)	=	5

Om 'n respondent se telling te kry wat op die graad van tevredenheid met die onderskeie komponente dui, word die onderskeie itemtellings bymekaar getel en deur die aantal items vir elke komponent respektiewelik gedeel. Om 'n respondent se totale bewoningsbevrediging te bereken, word al die houdingtellings bymekaar getel en deur 65 (die totale aantal items) gedeel. Sodoende is daar 'n gemiddelde waarde ten opsigte van bewoningsbevrediging vir elke vraelys verkry. Hoewel die onderskeie komponente as gelykwaardig beskou is, kon die ses aspekte se gemiddeldes nie bymekaar getel en deur ses gedeel word om die gemiddelde waarde vir bewoningsbevrediging te kry nie, aangesien die komponente nie deur gelyke aantal items bepaal is nie.

Nadat 'n respondent se onderskeie komponentwaardes (gemiddeldes) en die totale bewoningsbevrediging (ook 'n gemiddelde) bepaal is, word 'n bepaalde sone se onderskeie waardes verkry deur doodeenvoudig die aantal individuele respondente in 'n sone se onderskeie waardes bymekaar te tel en deur die aantal gevalle te deel.

Bogenoemde berekeningsmetode impliseer gevolglik dat alle waardes tussen 5,00 en 1,00 sal wissel. 'n Waarde tussen 1,00 en 2,99 sal op 'n negatiewe houding, met ander woorde ontevredenheid dui, terwyl 3,00 'n onbeduidende of neutrale houding/tevredenheidsvlak aandui en 'n waarde groter as 3,00, 'n positiewe houding of tevredenheid impliseer. Hoe nader die waarde aan vyf is, hoe meer tevredenheid word ervaar.

2. Meting en regionalisering van bewoningsbevrediging

Nadat daar kennis geneem is van die berekeningsmetode van bewoningsbevrediging kan die navorsingsresultate, gegrond op bogenoemde berekeningsmetode, verskaf word. Die gemiddelde waardes van die onderskeie komponente van bewoningsbevrediging en totale bewoningsbevrediging per sone, word in tabel 7.1 verskaf.

Hoewel daar sekerlik meer verfynde statistiese metodes vir die groepering van bepaalde sones ten opsigte van elke aspek bestaan, is besluit dat die kategorisering van genoemde gemiddelde waardes vir regionaliseringsdoeleindes voldoende is. Daarom is die waardes in tabel 7.1 sodanig gegroepeer dat ongeveer 'n derde van die 61 sones in elke kategorie val. Hierdie werksmetode impliseer gevolglik dat die kategorieë by die verskillende komponente sal verskil. Hierdie klasintervalle sou gevolglik as relatief tevrede, tevrede en hoogs tevrede vir onderskeidelik die lae, middel en hoë kategoriewaardes benoem kon word.

Die enigste komponent waar daar van bogenoemde regionaliseringstegniek afgewyk is, is die veiligheidsaspek. Aangesien hier duidelike negatiewe houdings geopenbaar is (waardes kleiner as 3,00), is daar besluit om alle sones waarin die negatiewe houdings (ontevredenheid) ervaar is, as 'n afsonderlike kategorie te behandel. Die res van die sones by hierdie komponent (waardes groter en gelyk aan 3,00), is in twee ongeveer gelyke dele verdeel.

Na aanleiding van die vermelde groeperingstegniek in bepaalde kategorieë, word die data in tabel 7.1 ruimtelik in figure 3 tot 9 verbeeld*. Aangesien daar 'n behoefte aan 'n bepaalde verwysingsraamwerk ontstaan het, is 'n deursigtige buitelynkaart met 'n aanduiding van die woonwyke by die figure ingesluit sodat oriëntering en identifisering maklik kan plaasvind.

* Die geskakeerde gedeeltes het slegs op woonhuise betrekking.

Tabel 7.1: Bloemfontein: Bewoningsbevrediging per sone

Sone	Fisies	Woonbuurt- dienste	Sosiaal	Veiligheid	Woonhuys	Erf	Totale bewonings- bevrediging
1	4,53	3,55	4,23	2,50	4,65	4,39	4,13
2	4,21	4,03	4,33	2,60	4,31	3,57	3,99
3	4,18	3,58	3,89	2,95	4,16	3,62	3,84
4	4,09	4,27	3,98	3,18	4,30	4,00	4,06
5	4,23	3,84	4,05	2,88	4,41	4,09	4,04
6	3,88	3,71	3,56	3,12	4,00	3,37	3,70
7	3,72	3,47	4,20	3,32	4,47	3,93	4,00
8	3,97	3,09	3,67	3,31	3,74	3,66	3,60
9	3,90	3,40	3,81	2,93	4,26	3,91	3,83
10	3,78	3,52	3,54	2,96	3,83	3,82	3,63
11	3,71	3,47	3,68	3,12	4,06	3,66	3,72
12	4,00	3,65	3,66	3,11	4,52	3,75	3,94
13	3,97	3,57	3,64	2,85	3,83	3,78	3,66
14	3,77	3,42	3,80	2,50	4,09	3,74	3,69
15	3,53	3,24	3,55	3,00	3,75	3,54	3,51
16	4,01	3,39	3,87	3,20	4,24	4,02	3,88
17	3,71	3,23	3,51	2,81	3,87	4,00	3,59
18	4,12	3,62	3,90	2,94	4,02	3,71	3,80
19	4,57	4,06	3,98	2,89	4,47	4,17	4,14
20	3,38	4,12	3,23	2,36	4,14	3,43	3,62
21	3,82	3,58	4,00	2,94	4,26	3,94	3,88
22	3,15	3,67	3,79	2,63	3,79	4,05	3,60
23	4,53	3,85	4,36	3,25	4,48	4,93	4,28
24	3,56	3,81	3,70	2,81	3,81	3,65	3,64
25	3,67	4,02	3,81	2,99	3,90	3,56	3,74
26	3,57	3,32	3,21	2,90	3,71	3,70	3,46
27	3,85	4,01	3,61	2,57	4,01	3,59	3,72
28	3,71	3,97	3,84	3,22	3,80	3,82	3,76
29	2,84	3,50	3,45	2,50	3,26	2,82	3,15
30	2,95	4,38	3,29	2,14	3,38	3,00	3,29
31	3,28	4,35	3,43	1,96	3,41	3,43	3,39
32	3,70	4,03	3,17	2,23	3,22	3,34	3,18
33	3,95	3,88	4,09	3,06	4,19	3,63	3,92
34	3,84	3,55	3,56	3,09	3,89	3,67	3,67

Tabel 7.1 (vervolg)

Sone	Fisies	Woonbuurt- dienste	Sosiaal	Veiligheid	Woonhuis	Erf	Totale bewonings- bevrediging
35	3,74	3,72	3,87	3,03	3,88	3,50	3,70
36	3,59	3,79	3,64	2,76	3,91	3,61	3,65
37	3,72	3,95	3,69	2,94	4,11	3,99	3,83
38	4,05	3,45	3,72	2,81	3,91	3,30	3,64
39	3,68	3,58	3,48	3,15	3,87	3,52	3,62
40	3,54	3,85	3,72	2,40	3,70	3,50	3,54
41	3,27	3,82	3,51	3,11	3,64	3,83	3,56
42	3,64	3,72	3,82	2,70	3,70	3,62	3,60
43	3,81	3,64	3,62	2,89	3,72	3,49	3,59
44	3,92	3,93	3,89	2,98	3,92	3,65	3,79
45	4,13	3,74	3,91	3,02	3,85	3,80	3,78
46	4,79	4,71	4,62	3,03	4,58	4,45	4,45
47	3,77	3,94	3,69	3,17	3,81	3,63	3,72
48	3,68	3,82	3,43	2,94	3,80	3,54	3,60
49	3,39	3,70	3,49	2,80	3,58	3,43	3,46
50	3,30	3,71	3,50	3,07	3,51	3,53	3,47
51	4,15	4,41	4,15	2,67	4,31	3,82	4,05
52	3,66	4,12	3,86	2,51	4,22	3,99	3,87
53	3,60	3,46	3,64	2,89	3,76	3,46	3,55
54	3,28	3,50	3,27	2,46	3,36	3,61	3,29
55	3,26	3,72	3,35	2,87	3,40	3,51	3,38
56	4,05	3,70	3,98	2,68	4,37	4,35	3,97
57	3,47	3,55	3,50	3,04	3,77	3,25	3,52
58	3,95	3,35	3,62	3,09	3,76	3,57	3,60
59	3,57	3,21	3,50	2,65	3,54	3,24	3,36
60	3,64	3,82	3,51	3,38	3,48	3,66	3,56
61	4,41	4,46	4,02	3,04	4,40	4,13	4,17

Wanneer die onderskeie figure beskou word, is daar 'n magdom inligting wat daaruit afgelei kan word. Dit is egter nie nodig om alles hier weer te gee nie, omdat 'n geïnteresseerde persoon self relevante inligting uit die figure kan kry. Hier sal egter tog na van die belangrikste tendense gekyk word.

'n Ontleding van figuur 3, wat die woonhuisbewoners se tevredenheid met die fisiese voorkoms aandui, toon dat die minder gegoede woongebiede die laagste tellings behaal het. Afgesien van vyf sones, sones 15 (Waverley), 20 (Arboretum), 22 (Hilton), 24 (Westdene) en 26 (Brandwag), lê al die ander sones wat 'n relatiewe lae tevredenheidsvlak ten opsigte van hierdie aspek handhaaf, in die suidelike voorstede.

Die feit dat sone 15 hier 'n lae telling het, is nogal opmerklik aangesien dié stadsdeel bekend is vir sy goed versorgde tuine. 'n Moontlike verklaring kan verkeersprobleme wees, aangesien die sone weerskante van belangrike toegangsroetes lê. 'n Beskouing van tabel 7.1 se data toon verder dat sones 30 en 32 (Oranjesig) en 29 (Willows) negatiewe tellings het. Hierdie drie sones is dus in werklikheid ontevrede met die fisiese voorkoms van hulle omgewings, terwyl sone 46 (Fichardtpark) die meeste met hierdie aspek tevrede is.

'n Algemene opmerking betreffende hierdie aspek, is gevolglik dat die respondente van die noordelike voorstede oor die algemeen meer tevrede met die fisiese voorkoms van hulle omgewings is.

Volgens figuur 4, die tevredenheid met woonbuurtdienste, blyk dit dat die hoogste tevredenheid naby aan die SSG en die laagste tevredenheid op die randsones voorkom. Geen sone het 'n negatiewe waarde behaal nie, hoewel sone 8 (Heliconhoogte) se 3,09 baie naby

daaraan kom. 'n Faktor wat hier en by ander noordelike voorstede 'n negatiewe reaksie ontlok het, was die kwessie van waterdruk (veral hoogliggende gebiede) en die afwesigheid van groot voorstedelike inkoopsentra.

'n Interessante verskynsel is die feit dat sone 46 (Fichardtpark) ook by hierdie komponent die hoogste tevredenheidsvlak vertoon. Hoewel geen duidelike ruimtelike patroon te onderskei is nie, kan sekere insiggewende aspekte tog vanaf figuur 4 afgelees word.

Wanneer die ruimtelike ordening van die sones ten opsigte van die sosiale aspek in figuur 5 bestudeer word, is dit weer eens opvallend dat die sones wat in die laagste kategorie gesetel is, oorwegend in die suidelike dele van Bloemfontein voorkom, met sone 32 (Oranjesig) as die gebied wat die laagste telling in hierdie komponent behaal het.

Hoewel geen negatiewe telling in hierdie komponent behaal is nie, vertoon die kategorieë steeds relatief lae intervalgrense met 'n klein variasiebreedte in die middelste kategorie van slegs 0,23, wat op die klein verskil tussen die sones in die middelste kategorie dui.

Sone 46 (Fichardtpark) het ook by hierdie aspek die hoogste waarde behaal. Die tweede hoogste telling is deur sone 23 (Hilton) behaal. Hierdie sone is van ander sones geïsoleerd en het gevolglik geen aanliggende steekproefsones nie. Dit verklaar moontlik die sosiale interaksie tussen die bewoners en gevolglik die hoë mate van tevredenheid met hierdie aspek.

In hedendaagse leefomstandighede is die veiligheidsaspek altyd 'n aktuele onderwerp. Dit is derhalwe nie verbasend dat hierdie komponent besonder ernstig deur die respondente benader en vertolk is nie. Soos vroeër vermeld, is daar by hierdie komponent, weens die groot aantal negatiewe waardes, duidelike onderskeid getref tussen die sones wat ontevrede met die aspek is en dié wat vlakke van tevredenheid vertoon.

Volgens figuur 6 het 38 sones negatiewe waardes by hierdie aspek getoon. Hierdie sones is verteenwoordigend van alle sosio-ekonomiese statusgroepe en dus kan 'n bewustheid van hierdie aspek nie eksklusief aan 'n bepaalde bevolkingstrata toegedig word nie. Dit is egter hoogs betekenisvol dat so 'n groot persentasie van die steekproefsones 'n negatiewe persepsie van die veiligheidskomponent in hulle onderskeie gebiede het.

Die hele Oranjesig vertoon die laagste negatiewe waardes ten opsigte van die veiligheidskomponent. Weens die feit dat dit 'n lae sosio-ekonomiese statusgroep verteenwoordig en deur sakesentra omsluit word wat deur drentelaars (diefstal, inbrake en aanrandings) gekenmerk word, is hierdie ontevredenheidsvlak 'n logiese gevolg van omstandighede.

Ander woongebiede waar respondente ook ontevrede voel, is Arboretum, Brandwag, Ehrlichpark, Fleurdal, Hillsboro Noordhoek, Westdene en Willows. Groot dele van Dan Pienaar, Fichardtpark, Generaal de Wet, Hilton en Uitsig vertoon ook 'n negatiewe waarde ten opsigte van hierdie aspek.

Hoewel die positiewe tellings op tevredenheid dui, is die hoogste telling, 3,38 in sone 60 (Fauna) behaal, nie baie hoog nie. Hier is dus ook respondente wat ontevrede oor hierdie komponent voel, hoewel die gemiddelde op 'n positiewe beleving dui.

Die algemene gevolgtrekking waartoe derhalwe geraak word, is 'n oorwegende mate van ontevredenheid ten opsigte van die veiligheidskomponent in die blanke woongebiede. Hoewel slegs enkele fasette van die veiligheidspektrum ondersoek is, bly die resultate insiggewend.

Dit is in wese 'n baie subjektiewe aspek om te evalueer wanneer daar na die respondent se woonhuis verwys word. Dit is dus nie vreemd dat die ruimtelike weergawe in figuur 7 nie patroonmatig is nie. Ten spyte hiervan kan 'n paar opmerkings tog gemaak word.

Met 'n onbevange gemoed kan die stelling tog gemaak word dat tevredenheid met die woonhuis saamhang met die sosio-ekonomiese vermoë van die respondent. Indien slegs na die laagste en die hoogste waardes gekyk word, kan die stelling gehandhaaf word. Sone 32 (Oranjesig) vertoon die laagste waarde (3,22). Hoewel dit steeds positief is, is dit baie laer as sone 1 (Hillsboro) se 4,65. Hierdie twee sones verteenwoordig ook die uiterstes op die sosio-ekonomiese spektrum.*

Hoewel die lae positiewe waardes uit die aard van die saak tog sekere negatiewe elemente bevat, is dit tog verblydend dat ten opsigte van die gemiddelde waardes van respondente per sone, geen sone 'n negatiewe persepsie (tevredenheid) teenoor die woonhuis as struktuur handhaaf nie.

'n Beskouing van figuur 8 (tevredenheid met die erf) toon, wat die laagste kategorie betref, tog sekere ooreenkomste met figuur 7. In hierdie geval toon respondente in sone 29 (Willows) 'n negatiewe persepsie van hulle erf. Hierdie respondente is gevolglik ontevrede met bepaalde aspekte van hulle erf. Dit is net logies dat hierdie negatiewe persepsie die respondente se uiteindelik vlak van bewoningsbevrediging sal beïnvloed.

Sone 23 (Hilton) het die hoogste gemiddelde waarde vir hierdie komponent, naamlik 4,93. Dit dui op byna 100 persent tevredenheid met die erf as komponent. Hierdie waarde is trouens die hoogste wat 'n sone per individuele komponent behaal het.

Ten spyte van vele moontlike gevolgtrekkings uit bogenoemde ruimtelike voorstellings, word met genoemde opmerkings voorlopig volstaan. Dit is vervolgens net logies dat bewoningsbevrediging (die totaal van alle komponente) in oënskou geneem moet word.

* Vergelyk tabel 8.4.

Hoewel hier by die keuse van kategorieë gepoog is om ongeveer 33,3 persent van die sones in 'n bepaalde kategorie te plaas, kan daar weens die hoë frekwensie van sones met die waarde 3,60 (die boonste grens van die laagste kategorie), nie heeltemal hierin geslaag word nie. Dit doen egter nie afbreuk aan 'n paar opmerkings na aanleiding van figuur 9 nie.

Soos te wagte, weens die vertoning in die onderskeie komponente, handhaaf sones 29 (Willows), 30 en 32 (Oranjesig) en 54 (Uitsig) die laagste vlak van bewoningsbevrediging. Verder word die neiging gehandhaaf dat die suidelike voorstede oor die algemeen laer vlakke van bewoningsbevrediging ervaar. Ten spyte hiervan, kom die sone waarin die respondente die hoogste graad van tevredenheid ervaar, wel in die suidelike voorstede voor, naamlik sone 46 (Fichardtpark).

Dit is verder opvallend dat die sones in die hoogste kategorie se ruimtelike groepering redelik ooreenstem met die sonegroeperings van die hoë sosio-ekonomiese statusgroep volgens figuur 10.

'n Verdere verblydende feit rakende bewoningsbevrediging ten opsigte van die gekose aspekte, is dat geen sone 'n negatiewe persepsie van sy woonomgewing en leefruimte voorhou nie, dit wil sê in geen sone word bewoningsontevredenheid ervaar nie. (Hier moet egter in gedagte gehou word dat daar wel individuele respondente in 'n bepaalde sone kan wees wat ontevredenheid met sy leefruimte ervaar.)

Ten spyte van die poging om relevante afleidings en opmerkings aangaande die voorgaande ruimtelike voorstellings te maak, bly dit altyd 'n aktuele vraag of voldoende bespreking daaraan gewy is. Na aanleiding van hierdie akademiese "vrees" dat te min gesê is, word sekere beskrywende statistieke van die komponente van bewoningsbevrediging verskaf. Vergelyk tabel 7.2 in hierdie verband.

Tabel 7.2: Bloemfontein: Beskrywende statistieke van die
komponente van bewoningsbevrediging

Komponent	Gemiddelde	Standaard- afwyking	Minimum	Maksimum
Fisies	3,756	0,616	1,125	5,000
Woonbuurt- dienste	3,737	0,479	2,000	5,000
Sosiaal	3,728	0,560	1,182	5,000
Veiligheid	2,875	0,663	1,286	4,714
Woonhuis	3,900	0,515	1,909	5,000
Erf	3,694	0,553	2,000	5,000
Totaal	3,696	0,374	2,262	4,677

Volgens tabel 7.2 is die laagste minimum waarde by die fisiese komponent behaal, terwyl by beide woonbuurtdienste en erf as komponente die hoogste minimum waarde in die ondersoek behaal is. Slegs veiligheid as onderliggende komponent in bewoningsbevrediging, het nie 'n maksimumwaarde (5,000) behaal nie. Die kleinste standaardafwyking het by woonbuurtdienste voorgekom (0,479), wat gevolglik daarop dui dat die verspreiding van die waarnemings in hierdie geval die naaste aan die rekenkundige gemiddelde is. Volgens die gemiddeldes kan die komponente in dalende orde van tevredenheid soos volg rangskik word: woonhuis (3,900), fisiese voorkoms van omgewing (3,756), woonbuurtdienste (3,737), sosiale aspekte (3,728), erf (3,694) en veiligheid (2,875). Die negatiewe waarde van die veiligheidskomponent toon trouens op ontevredenheid.

Die feit dat die hoogste vlak van tevredenheid by die woonhuiskomponent gevind word, is volgens Campbell et al. nie onverwags en verrassend nie, want die voornemende huiskoper kyk gewoonlik na al die belangrikste aspekte van die woonhuis voordat hy koop.³ Daarom is so 'n persoon dan ook relatief tevrede met sy woonhuis.

Hoewel die keuse van die komponente reeds in hoofstuk 3 geregverdig is, sal nadere ondersoek ten opsigte van die interverwantskap tussen die onderskeie komponente relevant wees.

3. Hipotesestellings en toetsing

3.1 Die samestellende komponente van bewonings-bevrediging (fisiese voorkoms, woonbuurt-dienste, sosiale interaksie, veiligheid, woonhuis en erf) hou verband met mekaar.

Die oomblik wanneer die konsep verband ter sprake kom, is meêrvoudige regressie een moontlike statistiese tegniek aangesien met 'n meerveranderlike situasie gewerk word. Die probleem is egter dat daar sekere beperkings is wat in aanmerking geneem moet word wanneer hierdie statistiese metode oorweeg word. Een van die belangrikste statistiese teoretiese oorwegings is dat die data wat in die meêrvoudige regressie-analise gebruik sal word, normaal verdeel moet wees. "The assumption of normality is that the distribution of errors of prediction is independently and normally distributed at all levels of the predicted DV (dependent variable)." ⁴

Aangesien frekwensieverdelings (SPSSx FREQUENCIES program) van die onderskeie komponente getoon het dat sekere aspekte nie die toets van normaliteit kon slaag nie en daar teen transformasie van slegs sekere komponentdata besluit is, moes 'n alternatiewe statistiese tegniek gesoek word om die verband tussen die onderskeie komponente/veranderlikes te ondersoek.

Gebeurlikheidstabelle (kruistabelle) kan ook gebruik word om die verwantskap tussen twee stelle gegewens te toets, aangesien, "... dit gebruik word om enige onderliggende waarskynlikheidsmodel te bevestig". ⁵ Aangesien hierdie tegniek deurgaans baie gebruik word, sal dit slegs kortliks bespreek word.

'n Gebeurlikheidstabel is in sy eenvoudigste vorm 'n metode om frekwensiedata deur kruisklassifikasie te analiseer. Sodanige klassifikasie in kategorieë moet alle lede van die steekproefpopulasie kan akkommodeer en terselfdertyd moet die kategorieë onderling uitsluitend wees.⁶

Die tabel bestaan uit 'n steekproef van n waarnemings wat ten opsigte van twee kwalitatiewe veranderlikes verdeel is. "We suppose that there are I possible categories for variable A , which we label $A_1, A_2, \dots A_i$ and J possible categories for variable B ($B_1, B_2, \dots B_j$). Once again our natural first question is whether the two variables are independent."⁷

Om die nulhipotese van onafhanklikheid te verifieer word χ^2 as toetsstatistiek gebruik. Die gevolglike aanvaarding of verwerping van die nulhipotese is derhalwe afhanglik van die verkreeë χ^2 -waarde se vergelyking met die kritiese getabuleerde waardes van die χ^2 -verdeling onder 'n bepaalde betekenisvolheidsspeil (α). "If χ^2 is greater than the tabulated value, denoted by χ^2_v (degrees of freedom), at the α - level, it indicates that the result obtained would be expected to occur by chance very rarely (less than 100% of the time); consequently it is indicative of a real departure from independence, and hence we are led to reject our null hypothesis, H_0 ."⁸

Aangesien die rekenaarprogram die betekenisvolheid deur middel van 'n waarskynlikheidswaarde uitdruk, sal 'n verwysing na die getabuleerde χ^2 -waarde nie gemaak word nie.

Afgesien daarvan dat gebeurlikheidstabelle van kategorieë afhanglik is en die data wat bewoningsbevrediging (en tevredenheid met die onderskeie komponente) aandui tussen 1,000 en 5,000 wissel, moes die kategorieë ook so gekies word dat individuele selfrekwensies nie te laag is nie. Hoewel die basiese vereiste vir selfrekwensies ten minste vyf is, sê Steyn et al. dat sommige outeurs beweer dat

hierdie vereiste onnodig streng is.⁹ Om egter sover moontlik aan hierdie vereiste te voldoen, is die volgende kategorieë gekies: 1,00-3,00; 3,01-4,00; 4,01-5,00*.

Vervolgens sal die gestelde hipotese aan die hand van hierdie tegniek ondersoek word.

3.1.1 Hipotesetoetsing

Die onderlinge deelkomponente van bewoningsbevrediging sluit, soos reeds telkens vermeld, die volgende aspekte in: tevredenheid met die fisiese voorkoms, woonbuurtdienste, sosiale interaksie, veiligheidsaspek van die omgewing en tevredenheid met die woonhuis en erf van die respondent. Al hierdie komponente moet gevolglik in gebeurlikheidstabelle teenoor mekaar gestel word sodat die onderlinge verwantskap tussen hulle bepaal kan word. Om hierdie ses aspekte se kruisverwantskap te ondersoek sodat al ses komponente onderskeidelik met mekaar gekontroleer kan word, behels uiteindelik vyftien gebeurlikheidstabelle. Hierdie tabelle word vervolgens verskaf, waarna die hipotese, aan die hand van die χ^2 -toetsstatistiek in die tabelle, geverifieer sal word.

* Hierdie kategorie-indelings met betrekking tot gebeurlikheidstabelle is deurgaans vir alle komponente van bewoningsbevrediging gebruik.

Tabel 7.3: Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en woonbuurtdienste

Woonbuurt- dienste	Fisiese voorkoms						Totaal	%
	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00			
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	12	1,3	45	4,9	13	1,4	70	7,7
3,01-4,00	79	8,7	386	42,4	161	17,7	626	68,8
4,01-5,00	24	2,6	97	10,7	93	10,2	214	23,5
Totaal	115		528		267		910	
%		12,6		58,0		29,3		100,0

$$\chi^2 = 29,41518$$

Vryheidsgrade = 4

Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.4: Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en sosiale interaksie

Sosiale inter- aksie	Fisiese voorkoms						Totaal	%
	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00			
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	37	4,1	51	5,6	12	1,3	100	11,0
3,01-4,00	63	6,9	390	42,9	120	13,2	573	63,0
4,01-5,00	15	1,6	87	9,6	135	14,8	237	26,0
Totaal	115		528		267		910	
%		12,6		58,0		29,3		100,0

$$\chi^2 = 170,66328$$

Vryheidsgrade = 4

Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

* Elke selfrekwensie word as 'n persentasie van die groottotaal (910) uitgedruk.

Tabel 7.5: Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en veiligheid

	Fisiese voorkoms							
Veiligheid	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	92	10,1	316	34,7	126	13,8	534	58,7
3,01-4,00	22	2,4	203	22,3	131	14,4	356	39,1
4,01-5,00	1	0,1	9	1,0	10	1,1	20	2,2
Totaal	115		528		267		910	
%		12,6		58,0		29,3		100,0

$\chi^2 = 38,00914$ Vryheidsgrade = 4
 Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.6: Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en woonhuis

	Fisiese voorkoms							
Woonhuis	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	26	2,9	19	2,1	1	0,1	46	5,1
3,01-4,00	71	7,8	352	38,7	97	10,7	520	57,1
4,01-5,00	18	2,0	157	17,3	169	18,6	344	37,8
Totaal	115		528		267		910	
%		12,6		58,0		29,3		100,0

$\chi^2 = 182,85480$ Vryheidsgrade = 4
 Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.7: Bloemfontein: Verwantskap tussen fisiese voorkoms en erf

	Fisiese voorkoms							
Erf	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	28	3,1	62	6,8	15	1,6	105	11,5
3,01-4,00	69	7,6	400	44,0	141	15,5	610	67,0
4,01-5,00	18	2,0	66	7,3	111	12,2	195	21,4
Totaal	115		528		267		910	
%		12,6		58,0		29,3		100,0

$\chi^2 = 111,38246$ Vryheidsgrade = 4
 Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.8: Bloemfontein: Verwantskap tussen woonbuurtdienste en sosiale interaksie

	Woonbuurtdienste							
Sosiale interaksie	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	17	1,9	69	7,6	14	1,5	100	11,0
3,01-4,00	44	4,8	431	47,4	98	10,8	573	63,0
4,01-5,00	9	1,0	126	13,8	102	11,2	237	26,0
Totaal	70		626		214		910	
%		7,7		68,8		23,5		100,0

$\chi^2 = 80,07017$ Vryheidsgrade = 4
 Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.9: Bloemfontein: Verwantskap tussen woon-
buurtdienste en veiligheid

Woonbuurtdienste								
Veiligheid	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	54	5,9	356	39,1	124	13,6	534	58,7
3,01-4,00	16	1,8	256	28,1	84	9,2	356	39,1
4,01-5,00	0	0,0	14	1,5	6	0,7	20	2,2
Totaal	70		626		214		910	
%		7,7		68,8		23,5		100,0

$$\chi^2 = 11,57339$$

$$\text{Vryheidsgrade} = 4$$

$$\text{Betekenisvolheid: } p = 0,0208$$

Tabel 7.10: Bloemfontein: Verwantskap tussen woon-
buurtdienste en woonhuis

Woonbuurtdienste								
Woonhuis	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	7	0,8	33	3,6	6	0,7	46	5,1
3,01-4,00	46	5,1	391	43,0	83	9,1	520	57,1
4,01-5,00	17	1,9	202	22,2	125	13,7	344	37,8
Totaal	70		626		214		910	
%		7,7		68,8		23,5		100,0

$$\chi^2 = 54,70664$$

$$\text{Vryheidsgrade} = 4$$

$$\text{Betekenisvolheid: } p = 0,0000$$

Tabel 7.11: Bloemfontein: Verwantskap tussen woon-
buurtdienste en erf

Woonbuurtdienste								
Erf	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	12	1,3	75	8,2	18	2,0	105	11,5
3,01-4,00	51	5,6	435	47,8	124	13,6	610	67,0
4,01-5,00	7	0,8	116	12,7	72	7,9	195	21,4
Totaal	70		626		214		910	
%		7,7		68,8		23,5		100,0

$$\chi^2 = 29,00460$$

Vryheidsgrade = 4

Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.12: Bloemfontein: Verwantskap tussen sosiale
interaksie en veiligheid

	Sosiale interaksie							
Veiligheid	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	71	7,8	330	36,3	133	14,6	534	58,7
3,01-4,00	27	3,0	230	25,3	99	10,9	356	39,1
4,01-5,00	2	0,2	13	1,4	5	0,5	20	2,2
Totaal	100		573		237		910	
%		11,0		63,0		26,0		100,0

$$\chi^2 = 7,33987$$

Vryheidsgrade = 4

Betekenisvolheid: $p = 0,1190$

Tabel 7.13: Bloemfontein: Verwantskap tussen sosiale interaksie en woonhuis

Sosiale interaksie								
Woonhuis	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	24	2,6	22	2,4	0	0,0	46	5,1
3,01-4,00	60	6,6	380	41,8	80	8,8	520	57,1
4,01-5,00	16	1,8	171	18,8	157	17,3	344	37,8
Totaal	100		573		237		910	
%		11,0		63,0		26,0		100,0

$\chi^2 = 188,82277$ Vryheidsgrade = 4
 Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.14: Bloemfontein: Verwantskap tussen sosiale interaksie en die erf

Sosiale interaksie								
Erf	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	26	2,9	66	7,3	13	1,4	105	11,5
3,01-4,00	67	7,4	416	45,7	127	14,0	610	67,0
4,01-5,00	7	0,8	91	10,0	97	10,7	195	21,4
Totaal	100		573		237		910	
%		11,0		63,0		26,0		100,0

$\chi^2 = 94,69164$ Vryheidsgrade = 4
 Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.15: Bloemfontein: Verwantskap tussen
veiligheid en woonhuis

	Veiligheid							
Woonhuis	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	36	4,0	8	0,9	2	0,2	46	5,1
3,01-4,00	328	36,0	184	20,2	8	0,9	520	57,1
4,01-5,00	170	18,7	164	18,0	10	1,1	344	37,8
Totaal	534		356		20		910	
%		58,7		39,1		2,2		100,0

$$\chi^2 = 26,37114$$

Vryheidsgrade = 4

Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

Tabel 7.16: Bloemfontein: Verwantskap tussen
veiligheid en erf

	Veiligheid							
Erf	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	73	8,0	30	3,3	2	0,2	105	11,5
3,01-4,00	363	39,9	236	25,9	11	1,2	610	67,0
4,01-5,00	98	10,8	90	9,9	7	0,8	195	21,4
Totaal	534		356		20		910	
%		58,7		39,1		2,2		100,0

$$\chi^2 = 12,20701$$

Vryheidsgrade = 4

Betekenisvolheid: $p = 0,0159$

Tabel 7.17: Bloemfontein: Verwantskap tussen
woonhuis en erf

Woonhuis								
Erf	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
1,00-3,00	29	3,2	60	6,6	16	1,8	105	11,5
3,01-4,00	15	1,6	405	44,5	190	20,9	610	67,0
4,01-5,00	2	0,2	55	6,0	138	15,2	195	21,4
Totaal	46		520		344		910	
%		5,1		57,1		37,8		100,0

$\chi^2 = 235,21396$ Vryheidsgrade = 4
 Betekenisvolheid; $p = 0,0000$

'n Ontleding van tabelle 7.3 tot 7.17 toon dat daar 'n hoogs betekenisvolle verwantskap tussen die meeste van die komponente bestaan. Slegs tabel 7.12, waar die verwantskap tussen sosiale interaksie en veiligheid ondersoek is, vertoon nie 'n betekenisvolle verwantskap tussen die genoemde komponente nie ($\alpha < p: 0,05 < 0,1190$). Hoewel al die ander tabelle se kruisklassifikasies 'n betekenisvolle verband tussen die oorblywende komponente met 95 persent betroubaarheid vertoon ($p < \alpha$ met $\alpha = 0,05$), kan slegs twee kruisverwantskappe, naamlik tabel 7.9 - verwantskap tussen woonbuurtdienste en veiligheid en tabel 7.16 - verwantskap tussen veiligheid en erf, nie ook met 99 persent betroubaarheid aantoon dat daar 'n verband tussen die genoemde komponente bestaan nie.

In die lig van bogenoemde statistiese ontleding kan die gestelde hipotese aanvaar word, met die uitsondering van die verwantskap tussen sosiale interaksie en veiligheid wat nie-betekenisvol is nie. Dit wil gevolglik dus voorkom asof die keuse van die komponente ook betekenisvol is in die

verklaring van bewoningsbevrediging weens hulle onderlinge verwantskap.

3.2 Residensiële-omgewingsbevrediging vertoon 'n korrelasie met woonhuistevredenheid

Residensiële-omgewingsbevrediging is reeds omskryf as die tevredenheid met die fisiese voorkoms van die omgewing, woonbuurtdienste, sosiale interaksie en veiligheid, terwyl woonhuistevredenheid die woonhuis self en die erf as komponente insluit.

Uit die hipotese is dit gevolglik duidelik dat die korrelasie tussen twee stelle veranderlikes bepaal moet word. Die statistiese metode wat hiervoor aangewend sal word, is kanoniese korrelasie. "In any event, canonical analysis provides a tool for more complicated, but perhaps more general, research settings where two sets of variables are measured and the experimenter wants to know how the two sets relate to each other."¹⁰

Dit gaan dus in hierdie geval nie oor die verklaring van een veranderlike teenoor 'n ander veranderlike nie, maar dit handel oor 'n multidimensionele verskynsel waar veranderlikes as 'n stel/groep gehanteer word. Indien die meer tradisionele meervoudige regressie-analise gebruik sou word om hierdie hipotese te toets, sou belangrike inligting verlore gaan. Levine beskryf dit soos volg: "There would be no opportunity to investigate the possibility that combinations of dependent variables relate to combinations of independent variables."¹¹ Dit is gevolglik juis hierdie vermoë van kanoniese korrelasie wat dit so 'n bruikbare statistiese tegniek maak.

Ten spyte van die feit dat hierdie data nie normaliteit as aanname kan aanvaar nie, kan hierdie statistiese tegniek steeds toegepas word. "Although there is no requirement that the variables be normally distributed when canonical

correlation is used descriptively, the analysis will be enhanced if they are."¹²

Die aanname dat die data vry van singulariteit en multikollineariteit moet wees, met ander woorde nie een van die veranderlikes in een stel moet te hoog gekorreleerd wees met die ander veranderlikes in die stel nie, kan aan die hand van tabel 7.18 geëvalueer word.

Tabel 7.18: Bloemfontein: Bepaling van
 multikollineariteit

Gekwadreerde meervoudige korrelasies van elke veranderlike in die tweede stel met al die veranderlikes in die tweede stel

<u>Veranderlike</u>	<u>R²</u>
Fisiese voorkoms	0,26312
Woonbuurtdienste	0,11337
Sosiale interaksie	0,26068
Veiligheid	0,10463

Gekwadreerde meervoudige korrelasies van elke veranderlike in die eerste stel met al die veranderlikes in die eerste stel

<u>Veranderlike</u>	<u>R²</u>
Woonhuis	0,25320
Erf	0,25320

Volgens tabel 7.18 toon die R²-waardes 'n afwesigheid van singulariteit en multikollineariteit en gevolglik dus heterogeniteit in die stelle van veranderlikes. Hierdie aanname kan gemaak word omdat die R²-waardes laag is. "If R-squared values become large (say, 0,99 or above), then one variable in the set is nearly a linear combination of others and near singularity is present..."¹³

Die laaste teoretiese aanname waarop gelet moet word is lineariteit aangesien dit belangrik vir kanoniese korrelasie is. Die analise word gedoen op 'n korrelasie-matriks wat uit Pearson se produk-momentkorrelasies bestaan. "Pearson r , ... is sensitive to the straight-line component of relationships but not to other components."¹⁴ Die statistiese program (BMDP6M) wat in die analise gebruik is, het 'n buigsame skema om lineariteit tussen pare veranderlikes en kanoniese veranderlikes vas te stel. "The PLOT paragraph allows one to request any number of scatterplots of variables and canonical variates and to control the size of the plot."¹⁵

Volgens diagram 1, wat die verspreidingsdiagramme tussen die eerste en tweede paar kanoniese veranderlikes* aandui, kan lineariteit aanvaar word aangesien geen duidelike afwykings waargeneem word nie.

* 'n Kanoniese veranderlike ("variate") word bepaal deur die produk van die gestandaardiseerde tellings van die oorspronklike veranderlikes en die kanoniese koëffisiënte.

BMDP6M HIPOTESE 4 - KANONIESE KORRELASIES




Diagram 1: BMDP6M-uitdruk wat die verspreiding tussen die eerste en tweede pare kanoniese veranderlikes aantoon

3.2.1 Hipotesetoetsing

Die betekenisvolheid van kanoniese korrelasies word direk deur die statistiese program BMDP6M verskaf. Volgens tabel 7.19 is die eerste kanoniese korrelasie 0,594 met 'n eiewaarde van 0,3534 (dit verklaar 35,3% van die oorblywende variasie tussen die eerste paar kanoniese veranderlikes*). Die tweede kanoniese korrelasie is 0,075 met 'n eiewaarde van 0,006 (dit verklaar 0,6% van die oorblywende variasie tussen die tweede paar kanoniese veranderlikes). Met albei kanoniese korrelasies ingesluit is $\chi^2(8) = 399,17$, $p < 0,001$ hoogs betekenisvol (99,9%). Wanneer die eerste kanoniese korrelasie uitgesluit word, is $\chi^2(3) = 5,12$, $p > 0,05$ nie statisties betekenisvol nie. Die eerste kanoniese korrelasie is dus verantwoordelik vir die betekenisvolle verband tussen die twee stelle veranderlikes, want Bartlett se toets (in tabel 7.19) dui die aantal kanoniese veranderlikes aan wat nodig is om die afhanklikheid (verwantskap) tussen die twee stelle veranderlikes uit te druk. Die vereiste aantal betekenisvolle kanoniese veranderlikes word bepaal deur die kleinste aantal eiewaardes sodanig dat die toets van die oorblywende eiewaardes nie betekenisvol is nie. Soos reeds vermeld, is in hierdie geval slegs een eiewaarde (kanoniese korrelasie) betekenisvol, aangesien die oorblywende eiewaarde (kanoniese korrelasie) nie betekenisvol is nie.

Tabel 7.19: Bloemfontein: Kanoniese korrelasie en betekenisvolheid van kanoniese korrelasies

Eiewaarde	Kanoniese korrelasie	Aantal eiewaardes	Bartlett se toets vir die oorblywende eiewaardes		
			2	Vryheidsgrade	P
			399,17	8	0,0000
0,35285	0,59401	1	5,12	3	0,1631
0,00564	0,07510				

* Vergelyk die verklarende voetnoot op p. 190.

'n Analise van die eerste paar kanoniese veranderlikes wat die betekenisvolle eerste kanoniese korrelasie verteenwoordig, word in tabel 7.20 verder belig. In hierdie tabel word die korrelasies tussen die oorspronklike veranderlikes en die kanoniese veranderlike, die gestandaardiseerde koëffisiënte vir die kanoniese veranderlike en die kanoniese korrelasie aangetoon.

Tabel 7.20: Bloemfontein: 'n Analise van die eerste kanoniese veranderlike

	Eerste kanoniese veranderlike	
	Korrelasie	Koëffisiënt
<u>Residensiële-omgewings-bevrediging</u>		
Fisiese voorkoms	0,830	0,546
Woonbuurtdienste	0,482	0,205
Sosiale interaksie	0,833	0,515
Veiligheid	0,329	0,057
<u>Woonhuistevredenheid</u>		
Woonhuis	0,978	0,858
Erf	0,671	0,239
Kanoniese korrelasie	0,594	

Indien 'n waarde van 0,3 ter wille van interpretasie as afsnypunt vir die korrelasies gebruik word, toon al die veranderlikes in beide stalle relevantheid tot die kanoniese veranderlike. In hiërargiese orde toon sosiale interaksie die hoogste korrelasie met residensiële-omgewingsbevrediging, gevolg deur fisiese voorkoms, woonbuurtdienste en veiligheid. Ten opsigte van woonhuistevredenheid is die woonhuis self die hoogste gekorreleerd gevolg deur die erf.

In die lig van bogenoemde statistiese analise en die gevolglike matige verwantskap kan die gestelde hipotese aanvaar word.

4. Gevolgtrekkings

Uit hierdie evaluering van bewoningsbevrediging blyk duidelik dat mense oor die algemeen positief teenoor hulle residensiële leefruimte is en gevolglik 'n hoë mate van bewoningsbevrediging ervaar. 'n Moontlike rede vir sodanige positiewe bewoningsbevrediging kan soos volg verklaar word: "Most people probably become habituated or desensitized to sources of dissatisfaction and stress and, similarly, become adapted to high levels of satisfaction over time."¹⁶

Die logiese gevolgtreking wat derhalwe uit bogenoemde aanhaling afleibaar is, is dat mense wat voortgaan om in 'n bepaalde omgewing (leefruimte) te bly, gewillig is om hulle omstandighede te aanvaar en sodoende hulle vlak van bewoningsbevrediging te verhoog.

Daar is ook statisties aangetoon dat 'n matige verwantskap tussen woonhuistevredenheid en residensiële-omgewingsbevrediging bestaan. Hierdie hipoteties-geverifieerde aanname word ook deur Sanoff en Sawhney bevestig. Verder verklaar genoemde skrywers, in ooreenstemming met die navorsingsbevindings in die onderhawige studie, dat sosiale kenmerke van die omgewing (interaksie), 'n belangrike faktor by residensiële-omgewingsbevrediging is. "Among consumers satisfied with their location (nearly $\frac{2}{3}$ to $\frac{3}{4}$ of all consumers), the chief reason for satisfaction seems to be the social characteristics of the neighbors."¹⁷

Teen die agtergrond van hierdie relatief hoë vlak van bewoningsbevrediging is dit relevant om ondersoek in te stel na variasies van bewoningsbevrediging met betrekking tot sosio-ekono-demografiese attribute.

Verwysings

1. T.F. Saarinen, The use of projective techniques in geographic research, in Environment and cognition, ed. by W.H. Ittelson, p. 29. [Hierna vermeld as: Saarinen, Techniques.]
2. W. Michelson, Environmental choice, human behavior and residential satisfaction, p. 273. [Hierna vermeld as: Michelson, Environmental.]
3. A. Campbell, P.E. Converse and W.L. Rodgers, The quality of American life: Perceptions, evaluations and satisfactions, p. 249. [Hierna vermeld as: Campbell et al., Quality.]
4. B.G. Tabachnick and L.S. Fidell, Using multivariate statistics, p. 93. [Hierna vermeld as: Tabachnick and Fidell, Multivariate.]
5. A.G.W. Steyn, C.F. Smit en S.H.C. du Toit, Moderne statistiek vir die praktyk, p. 505. [Hierna vermeld as: Steyn et al., Statistiek.]
6. B.S. Everitt, The analysis of contingency tables, p. 1. [Hierna vermeld as: Everitt, Contingency.]
7. G.J.G. Upton, The analysis of cross-tabulated data, p. 23. [Hierna vermeld as; Upton, Cross-tabulated.]
8. Everitt, Contingency, p. 8.
9. Steyn et al., Statistiek, p. 510.
10. Tabachnick and Fidell, Multivariate, p. 146.
11. M.S. Levine, Canonical analysis and factor comparison, p. 11. [Hierna vermeld as: Levine, Canonical.]
12. Tabachnick and Fidell, Multivariate, p. 149.
13. Ibid., p. 164.
14. Ibid., p. 150.
15. Ibid., p. 164.
16. M. Fried, Residential attachment: Sources of residential and community satisfaction, in Journal of Social Issues, vol. 38, no. 3, 1982, p. 111.
17. H. Sanoff and M. Sawhney, Residential livability: A socio-physical perspective, p. 3.

HOOFSTUK 8

REGIONALISERING VAN SOSIO-EKONOMIESE STATUSGROEPE

1. Inleiding

Indien daar aanvaar kan word dat die studiegebied 'n eenvormige karakter ten opsigte van verskeie parameters sou hê, sal 'n bepaling van bewoningsbevrediging van verskeie subgroepe nie nodig gewees het nie. Elke stad se residensiële sektor bestaan egter uit identifiseerbare sosiale statusgroepe wat die besondere samestelling van die inwoners van 'n woongebied reflekteer.¹ Enslin beklemtoon ook hierdie residensiële differensiasie wanneer hy sê: "It is widely recognised by all students of urban housing that areas of differentiated housing stock as well as areas differentiated in terms of the social status of the inhabitants can be distinguished in all Westernised cities."²

Sosio-ekonomiese status is ook 'n komplekse begrip en as sodanig varieer die spesifieke kenmerke van 'n stedelike bevolking wat sosio-ekonomiese groepe tipeer, nie net tussen verskillende kultuurgroepe nie, maar ook tussen verskillende wêrelddele. "Studies of social geography in non-Western cultures have used criteria that likely would not apply to similar studies in the Western world."³ Verder vertoon die statusgroepe wat statisties bepaal word, dikwels min verwantskap met die persepsie wat individue van die sosiale struktuur van hulle woonomgewing het.⁴

Ten einde aan die sekondêre doelstelling van hierdie navorsing te voldoen, moet die volgende hipotese geverifieer word.

2. Hipoteses

Bewoningsbevrediging toon 'n verband met bepaalde huishoudingskenmerke.

Aangesien huishoudingskenmerke verskeie parameters insluit, kan hierdie hipotese in 'n aantal sekondêre hipoteses onderverdeel word wat uiteindelik afsonderlik statisties ondersoek sal word.

- Daar bestaan 'n verband tussen sosio-ekonomiese status en die vlak van bewoningsbevrediging.
- Die ouderdomstruktuur waarin 'n persoon homself bevind, toon 'n verwantskap met die mate van bewoningsbevrediging wat hy/sy ervaar.
- Bewoningsbevrediging toon 'n verwantskap met die tydperk wat 'n huishouding by 'n bepaalde adres woonagtig is.
- Bewoningsbevrediging hou verband met die huisbesitstatus van 'n huishouding.

Ten einde die eerste van bogenoemde hipotese te ondersoek, moet sosio-ekonomiese statusgroepe eers statisties bepaal word.

3. Sosio-ekonomiese parameters

Daar is besluit om die sosio-ekonomiese statusgroepering aan die hand van drie veranderlikes te doen - inkomste, onderwyspeil en beroep van die huishoudingshoof. Ten spyte van 'n verskeidenheid veranderlikes wat deur verskillende navorsers as bepalend van sosio-ekonomiese status beskou word, sê Enslin dat 'n individu se sosiale status oor die algemeen deur sy posisie in die beroepshiërargie bepaal word.⁵ Dit is uiteindelik die beroep wat die individu se

inkomste bepaal en verder is die beroep dikwels van opvoedkundige kwalifikasies afhanklik.

Johnston verklaar gevolglik dat die belangrikste veranderlikes by die bepaling van sosio-ekonomiese status dus inkomste, opvoedkundige vlak en beroep is.⁶ Daarom sal hierdie parameters in dié studie aangewend word om 'n sosio-ekonomiese statusgroepering in Bloemfontein se blanke woonhuissektor te maak.

Om te bepaal of die data van die drie sosio-ekonomiese veranderlikes normaal verdeel is, is die program SPSSx FREQUENCIES gebruik. Volgens tabel 8.1 is beide inkomste en onderwyspeil normaal verdeel met z-waardes van -0,160 en -2,074 onderskeidelik. Die aanname van normaliteit kan derhalwe by dié twee veranderlikes aanvaar word. Hoewel die z-waarde van beroep -4,000 is en normaliteit weens 'n betekenisvolle skeefheid ($z < -2,58$) nie aanvaar kan word nie, word geen transformasie aangebring nie. Tabachnick en Fidell stel dit so: "... if sample size is sufficiently large, a variable may be significantly skewed but not enough to make a realistic difference in the analysis".⁷ Weens die groot steekproef en die feit dat beroepsdata betekenisvol geïnterpreteer kan word, sal transformasie nie noodwendig 'n groot verskil in die analises veroorsaak nie.

Die bruto jaarlikse inkomstekategorie van die huishoudingshoof is gebruik as een van die veranderlikes in die bepaling van sosio-ekonomiese status. Daar is besluit om liefs nie die man en vrou se gesamentlike inkomste te gebruik as maatstaf van inkomste nie. In baie huishoudings werk net die gesinshoof, wat huishoudings dus op 'n nie-kompeteerbare basis sou plaas indien bogenoemde maatstaf wel gebruik sou word nie. Enslin verskaf verder as rede vir dié besluit dat by die meerderheid van aansoeke vir huisverbande die grootte van krediet slegs volgens die huishoudingshoof se bruto inkomste bereken word.⁸

Volgens tabel 8.1 is die gemiddelde inkomsteklas 5,107. Dit impliseer gevolglik 'n gemiddelde inkomste van tussen R25 000 en R30 000 per jaar*.

Die onderwyspeil van die huishoudingshoof is gemeet aan die hand van bepaalde hiërargiese kategorieë. Daar is gepoog om sover moontlik alle opvoedkundige kwalifikasies in bepaalde kategorieë te plaas. Volgens tabel 8.1 is die gemiddelde onderwyspeilklas 5,382 terwyl die mediaan sowel as die modus kategorie vyf as die sentrale mate aandui. Dit impliseer gevolglik dat die gemiddelde kwalifikasie van die steekproefpopulasie standerd tien is.**

Tabel 8.1: Bloemfontein: Opsomming van sosio-
ekonomiese kenmerke

Veranderlike	Inkomste- klas	Onderwyspeil- klas	Beroeps- klas
Gemiddeld	5,107	5,382	6,224
Mediaan	5,000	5,000	6,000
Modus	7,000	5,000	7,000
Standaardafwyking	2,722	2,676	2,003
Skeefheid	-0,013	-0,168	-0,324
Standaardfout (skeefheid)	0,081	0,081	0,081
z-waarde	-0,160	-2,074	-4,000

Weens die verskeidenheid van beroepe is hierdie veranderlike ook in hiërargiese sosiale statuskategorieë geplaas. Hoewel dit soms moeilik was om tussen die kategorieë "witkraagwerker" en "administratief" te onderskei, is daar egter gepoog om alle senior administratiewe beroepe in laasgenoemde kategorie te plaas. Die gemiddelde en mediaan dui onderskeidelik 'n klaswaarde van 6,224 en 6,000 aan terwyl die modus 7,000 is. Die kategorieë "witkraagwerker" en "besturend en administratief" is hier dus ter sprake.

* Vergelyk Bylae E.

** Vergelyk Bylae C.

Bogenoemde veranderlikes is aanvanklik diskrete veranderlikes, maar omdat die veranderlikes as gemiddeldes per sone gebruik word, kan dit enige waarde tussen die hoogste en laagste kategorie aanneem. Dit is gevolglik uiteindelik kontinue veranderlikes wat in meerveranderlike analyses gebruik kan word, aangesien dit 'n kwantitatiewe verandering in die drie parameters verteenwoordig.⁹

4. Regionalisering van sosio-ekonomiese statusgroepe

Om die 61 sones in sosio-ekonomiese statusgroepe te klassifiseer, kon daar van verskeie meerveranderlike statistiese tegnieke gebruik gemaak word. Onder hierdie statistiese tegnieke sou 'n mens gebruik kon maak van hoofkomponent- of faktoranalise, om die onderliggende struktuur van 'n datastel te bepaal. Diskriminant-analise kan gebruik word om die graad van voorspelling van groeplidmaatskap te bepaal.¹⁰

Daar is egter besluit om bondelanalise ("cluster analysis") in hierdie studie te gebruik, aangesien dit 'n handige metode is om klassifikasieprobleme op te los indien min inligting omtrent die kategorie-struktuur van 'n datastel beskikbaar is. "The object of a cluster analysis is to sort a sample of cases under consideration (e.g. people or specimens) into groups such that the degree of association is high between members of the same group and low between members of different groups."¹¹

Die 61 steekproefsones is deur die hiërargiese metode ("PROCEDURE HIERARCHY") in die CLUSTAN-bondelanaliseprogram in vier groepe gegroepeer. Die invoerveranderlikes was die gemiddelde waardes per sone van huishoudingshoofde se jaarlikse inkomstekategorieë, onderwyspeil en beroepskategorieë soos in tabel 8.2 uiteengesit.

Die basiese beginsel waarop die hiërargiese metode funksioneer, word deur Wishart beskryf as: "HIERARCHY starts with N clusters, each being a single individual, which are

numbered according to the input order of the individuals. In each of N-1 fusion cycles the two clusters which are most similar are fused, and the resulting union cluster is labelled with the lesser of the two codes of its constituent clusters."¹² Hierdie prosedure sal dus die invoerveranderlikes oor die 61 sones (gevalle) in N-1 (61-1) groepe begin kategoriseer tot al die gevalle in een groep geplaas is.

Tabel 8.2: Bloemfontein: Gemiddelde waardes van sosio-
ekonomiese veranderlikes per sone

Sone	Inkomste	Onderwyspeil	Beroep
1	9,50	9,00	9,00
2	7,71	7,88	8,06
3	8,21	7,41	7,32
4	6,00	5,50	6,00
5	5,41	6,25	6,38
6	7,07	7,53	7,40
7	8,00	6,50	7,25
8	6,73	6,27	6,73
9	8,00	7,19	8,14
10	5,50	4,25	5,92
11	6,00	6,23	7,54
12	6,50	5,75	6,00
13	3,36	4,55	5,41
14	5,83	5,17	5,83
15	7,50	7,38	6,13
16	8,79	7,89	8,05
17	8,70	7,70	7,00
18	8,07	8,21	7,79
19	6,40	5,40	5,40
20	5,50	6,75	6,75
21	2,80	3,20	5,60
22	2,79	2,38	5,00
23	6,25	7,25	7,00
24	4,79	5,29	6,43
25	5,62	6,23	6,92

Tabel 8.2 (vervolg)

Sone	Inkomste	Onderwyspeil	Beroep
26	5,47	7,27	5,47
27	2,78	4,00	3,89
28	3,36	6,50	6,43
29	4,50	2,75	6,75
30	1,00	3,20	4,40
31	1,00	2,50	5,00
32	1,13	1,87	4,33
33	6,77	7,42	6,69
34	6,21	5,79	6,21
35	7,06	7,63	7,38
36	6,20	5,90	6,40
37	5,09	6,64	5,73
38	6,00	6,67	6,60
39	4,67	5,56	6,22
40	2,92	3,52	4,72
41	3,40	3,00	5,60
42	5,08	6,08	7,33
43	5,13	5,71	7,00
44	5,95	5,62	6,81
45	5,65	5,53	6,47
46	4,86	5,29	6,50
47	3,82	3,91	4,94
48	4,00	4,71	5,82
49	3,85	4,15	6,08
50	3,30	5,60	5,70
51	5,25	5,25	6,17
52	5,13	5,20	5,87
53	5,40	3,90	6,20
54	3,25	3,50	4,50
55	3,53	3,00	5,35
56	3,36	4,09	4,91
57	4,25	4,00	5,57

Tabel 8.2 (vervolg)

Sone	Inkomste	Onderwyspeil	Beroep
58	5,81	6,38	7,06
59	4,81	5,87	6,68
60	3,80	4,07	5,87
61	5,38	4,69	6,44
$\bar{x}$	5,107	5,382	6,224

Die similariteitskriterium was die groeps-gemiddelde-metode wat volgens Wishart bestaan uit "...the average of all the similarity coefficients for pairs of individuals, one from each cluster".¹³ Aangesien geen kode vir die similariteitskoëffisiënt gegee is nie, word daar volgens Wishart kontinue euclidiese afstande tussen die punte veronderstel.¹⁴ Tabel 8.3 toon die similariteitskoëffisiënte (euclidiese afstande) vir elke groeperingsiklus.

'n Beskouing van tabel 8.3 toon dat hoe kleiner die similariteitskoëffisiënt is, hoe meer groepe is daar. Sestig groepe impliseer dat elke geval (sone) eintlik sy eie afsonderlike groep vorm. Daarom sê Nardia et al.: "Because greater similarity means less dissimilarity, similarity can be used in any of the hierarchical techniques ..."¹⁵ Gevolglik impliseer min groepe groter ooreenkoms (similariteit) tussen verskillende gevalle en kleiner verskille tussen groepe.

Tabel 8.3: Bloemfontein: Similariteitskoëffisiënte
per groeperingsiklus

Siklus	Koëffisiënt	Groepe	Siklus	Koëffisiënt	Groepe
1	0,001	60	31	0,105	30
2	0,002	59	32	0,118	29
3	0,012	58	33	0,135	28
4	0,013	57	34	0,135	27
5	0,015	56	35	0,136	26
6	0,022	55	36	0,139	25
7	0,024	54	37	0,146	24
8	0,025	53	38	0,173	23
9	0,026	52	39	0,175	22
10	0,031	51	40	0,177	21
11	0,031	50	41	0,206	20
12	0,031	49	42	0,212	19
13	0,038	48	43	0,234	18
14	0,041	47	44	0,270	17
15	0,042	46	45	0,270	16
16	0,045	45	46	0,286	15
17	0,046	44	47	0,307	14
18	0,049	43	48	0,308	13
19	0,056	42	49	0,391	12
20	0,059	41	50	0,430	11
21	0,062	40	51	0,540	10
22	0,063	39	52	0,574	9
23	0,065	38	53	0,593	8
24	0,067	37	54	0,742	7
25	0,083	36	55	0,759	6
26	0,095	35	56	0,907	5
27	0,095	34	57	1,364	4
28	0,097	33	58	1,442	3
29	0,100	32	59	3,073	2
30	0,102	31	60	6,662	1

Die groepering van die 61 sones in aanvanklik vyf groepe was 'n arbitrêre besluit. "The clustering process can be halted before all the clusters have been joined into one group by stopping when the inter-cluster distances are all greater than d_0 , where d_0 is an arbitrary threshold level."¹⁶ Wishart stel dit ook duidelik dat die proses gestop kan word indien daar 'n betekenisvolle verandering in die koëffisiëntwaarde is en dat hierdie keuse by die gebruiker berus.¹⁷

In die lig van bogenoemde keuse is daar besluit om by groeperingsiklus 56, met 5 groepe en 'n koëffisiënt van 0,907 te stop, aangesien daar met 'n volgende siklus 'n groot verandering in die koëffisiëntwaarde bespeur word. Vergelyk tabel 8.3 in hierdie verband. Die sonegroeperings volgens die sosio-ekonomiese statusgroepe word in tabel 8.4 uiteengesit.

Tabel 8.4: Bloemfontein: Sonegroeperings volgens
sosio-ekonomiese status

Statusgroepe	Sones
1a } 1b }*	1 2, 18, 16, 9, 3, 17, 7, 6, 35, 23, 33, 15
2	4, 14, 51, 52, 12, 34, 36, 19, 24, 46, 39, 61, 43, 59, 44, 45, 5, 20, 38, 25, 58, 8, 11, 42, 26, 37, 28, 50
3	10, 53, 13, 48, 49, 60, 57, 21, 41, 55, 22, 40, 54, 47, 56, 29
4	27, 30, 31, 32

Volgens tabel 8.4 en diagram 2 is sone 1 alleen in 'n statusgroep by die arbitrêre afkappunt. Nadat gesprekke met prof. W.F.S. Senekal, Departement Aardrykskunde (UOVS) en dr. J.M. van Zyl, Departement Wiskundige Statistiek (UOVS) gevoer is, is besluit om statusgroepe 1a en 1b te kombineer, dit wil sê sone 1 word gegroepeer by groep 1b se sones. Hierdie besluit is geneem omdat sone 1 in werklikheid nie so geweldig uitstaan met betrekking tot die sones in statusgroep 1b genoem nie. Die hoë gemiddeldes van die drie sosio-ekonomiese veranderlikes in sone 1 kan ook toegeskryf word aan die feit dat moontlik slegs respondente met uitsonderlike hoë sosio-ekonomiese status ewekansig in die steekproef ingesluit is.

* Statusgroepe 1a en 1b word saamgevoeg as slegs statusgroep 1.

Dendrogram

Items gegroepeer

Sones




Diagram 2: Bloemfontein: Dendrogram vir sosio-ekonomiese veranderlikes

Gevolgtlik is uiteindelik slegs vier sosio-ekonomiese statusgroepe onderskei nadat bogenoemde regstelling aangebring is. Dit bestaan uit statusgroep 1 (1a + 1b) wat hoë sosio-ekonomiese status aandui, terwyl groepe 2, 3 en 4 onderskeidelik middelhoë, middellae en lae sosio-ekonomiese status aandui. Hierdie afleiding is gemaak nadat die gemiddelde waardes van die drie veranderlikes per sosio-ekonomiese statusgroep uitgedruk is (vergelyk tabel 8.5).

Tabel 8.5: Bloemfontein: Gemiddeldes van sosio-ekonomiese veranderlikes per statusgroep

Groep	Inkomste	Opleidingspeil	Beroep
1	7,7865	7,5885	7,4688
2	5,3460	5,8813	6,4722
3	3,5292	3,6277	5,3285
4	1,4167	2,4583	4,3125
Totale $\bar{x}$	5,1066	5,3824	6,2242

Hoewel die hiërargiese metode voldoende is om 'n sosio-ekonomiese groepering te doen, is daar besluit om onder "PROCEDURE RESULT" in die Clustanprogram, 'n hoofkomponent-analise te doen as 'n aanvullende analise vir die afbakening van sosio-ekonomiese statusgroepe volgens die drie gekose diskriminerende sosio-ekonomiese veranderlikes.

Volgens tabel 8.6 is die eerste hoofkomponent met 'n eiewaarde van 2,65 en variasiebydrae van 88,45 persent al beduidend.

Tabel 8.6: Bloemfontein: Eiewaardes en variasiebydrae van hoofkomponente

Hoofkomponent	1	2	3
Eiewaarde	2,65	0,22	0,13
% Variasiebydrae	88,45	7,17	4,37
Kum. % variasiebydrae	88,45	95,63	100,00

Daar is egter besluit om op aanbeveling van dr. J.M. van Zyl* die eerste twee hoofkomponente se tellings te gebruik en dit op 'n assestelsel te stip. Dit sou volgens hom voldoende addisionele bewys verskaf vir die afbakening van die sosio-ekonomiese statusgroepe. Die hoofkomponenttellings wat gebruik is om diagram 3 te stip, word in tabel 8.7 uiteengesit.

Tabel 8.7: Bloemfontein: Eerste twee hoofkomponente se tellings per sone

Sone	Hoofkomponent 1	Hoofkomponent 2
1	4,063	-0,446
2	2,597	-0,294
3	2,173	0,167
4	0,091	0,294
5	0,383	0,201
6	1,909	0,030
7	1,753	-0,119
8	0,991	0,073
9	2,490	-0,568
10	-0,544	-0,133
11	1,205	-0,645
12	0,332	0,433
13	-1,382	0,147
14	-0,172	0,293

* Dr. J.M. van Zyl, lektor-navorsers van Departement Wiskundige Statistiek, UOVS.

Tabel 8.7 (vervolg)

Sone	Hoofdkomponent 1	Hoofdkomponent 2
15	1,280	1,006
16	2,927	-0,171
17	2,247	-0,567
18	2,672	0,068
19	-0,156	0,766
20	0,791	0,099
21	-1,919	-0,531
22	-2,543	-0,354
23	1,336	0,157
24	-0,115	-0,238
25	0,742	-0,203
26	0,249	1,270
27	-2,601	1,073
28	-0,133	0,038
29	-0,911	-1,406
30	-3,143	0,214
31	-3,052	-0,497
32	-3,606	-0,185
33	1,382	0,511
34	0,374	0,254
35	1,930	0,079
36	0,513	0,144
37	0,057	0,809
38	0,834	0,238
39	-0,175	0,007
40	-2,262	0,276
41	-1,804	-0,540
42	0,752	-0,629
43	0,454	-0,498
44	0,569	-0,297
45	0,256	-0,096
46	-0,054	-0,285
47	-1,726	0,334
48	-0,901	-0,049
49	-0,997	-0,463

Tabel 8.7 (vervolg)

Sone	Hoofkomponent 1	Hoofkomponent 2
50	-0,873	0,283
51	-0,132	-0,003
52	-0,354	0,200
53	-0,540	-0,484
54	-2,290	0,473
55	-1,904	-0,332
56	-1,822	0,373
57	-1,110	-0,218
58	0,931	-0,240
59	0,233	-0,227
60	-1,157	-0,333
61	-0,137	-0,395

Volgens die matriks van komponentladings in tabel 8.8 vertoon al drie veranderlikes 'n hoë positiewe korrelasie met die eerste hoofkomponent. "These correlations between the variables and the component are known as the component loadings."¹⁸ Inkomste vertoon die hoogste korrelasie met die eerste hoofkomponent. Die komponentlading dui aan dat $(0,954)^2 \times 100 = 91,01$ persent van die variansie van die inkomste-veranderlike deur die eerste hoofkomponent verteenwoordig word. Johnston verklaar hierdie aanname as hy sê: "...the squares of their values indicate the proportion of the variance in the individual variable which can be associated with the component".¹⁹ Hieruit kan afgelei word dat inkomste die belangrikste veranderlike is wat sosio-ekonomiese status bepaal, gevolg deur beroep en dan onderwyspeil.

Tabel 8.8: Bloemfontein: Komponentladings van die
sosio-ekonomiese veranderlikes

Veranderlike	Komponent		
	1	2	3
Inkomste	0,954	0,092	-0,283
Onderwyspeil	0,926	-0,371	0,081
Beroep	0,939	0,272	0,207

Indien tabel 8.4 se sonegroeperings op diagram 3 oorgedra word, is dit duidelik dat daar goeie passing is en blyk dit dat sone 1 tog by die hoogste sosio-ekonomiese statusgroep kan tuishoort.

Nadat 'n hoofkomponentanalise die resultate van die hiërargiese metode in die CLUSTAN-program bevestig het, is besluit om die sonegroeperings volgens tabel 8.4 in die vier sosio-ekonomiese statusgroepe, as statisties korrek te aanvaar op grond van die drie diskriminerende sosio-ekonomiese veranderlikes. Hierdie sonegroeperings volgens tabel 8.4 in die sosio-ekonomiese statusgroepe word in figuur 10 ruimtelik verbeeld.

5. Hipotesetoetsing

Die hipoteses in afdeling twee van hierdie hoofstuk sal vervolgens aan die hand van gebeurlikheidstabelle, analise van variansie en 'n t-toets as statistiese tegnieke ondersoek word. Gebeurlikheidstabelle* sou aandui of daar 'n verwantskap tussen huishoudingskenmerke en bewoningsbevrediging bestaan, terwyl die ANOVA- en t-toets aandui of daar verskille tussen sekere groepe, ten opsigte van huishoudingskenmerke se bewoningsbevrediging bestaan.

* Supra, p. 178.




Diagram 3: Soneverspreiding op assestelsel volgens
hoofdkomponente 1 en 2 se tellings

Die rye in die gebeurlikheidstabelle by hierdie hipotesetoetsings sal telkens die verskillende vlakke van 'n bepaalde huishoudingskenmerk aandui, terwyl die kolomme gekategoriseerde bewoningsbevredigingdata is.

Om die verwantskap tussen huishoudingskenmerke en die vlak van bewoningsbevrediging verder toe te lig, is dit ook relevant om te kyk of daar enige betekenisvolle verskil tussen die verskillende vlakke van 'n bepaalde huishoudingskenmerk se bewoningsbevrediging is. Wanneer slegs twee vlakke en hulle gemiddelde bewoningsbevrediging ter sprake is, word Student se t-toets as toetsstatistiek gebruik. "To compare the means of small samples, the t-test, based on the t distribution, is used."²⁰ Hoewel hier van klein steekproewe gepraat word, sê Cole en King dat die t-toets op alle steekproefgroottes toepaslik is.²¹

Wanneer drie of meer gemiddeldes egter ter sprake is, moet bogenoemde tegniek na die analise van variansie (ANOVA)-tegniek uitgebrei word. "Here is clearly a case where the analysis of variance, separating the 'between sample' and 'within sample' variances, is a suitable method of analysis, the aim being to assess the degree of significance of the differences between the samples."²² Vervolgens sal die hipoteses statisties geverifieer word.

5.1 Daar bestaan 'n verband tussen sosio-ekonomiese status en die vlak van bewoningsbevrediging

Die sosio-ekonomiese statusgroepe volgens tabel 8.4 dien as basis vir hierdie hipotese en daar sal gevolglik eerstens gekyk word of daar enige verwantskap tussen die statusgroepe en bewoningsbevrediging is. Tweedens sal daar bepaal word of daar enige verskil in bewoningsbevrediging tussen die vier sosio-ekonomiese statusgroepe bestaan.

Volgens die gebeurlikheidstabel, tabel 8.9, is daar 'n hoogs betekenisvolle verband tussen die sosio-ekonomiese statusgroepe en hulle totale bewoningsbevrediging, $p < \alpha$,

Tabel 8.10: Bloemfontein: Gemiddelde bewoningsbevrediging
van sosio-ekonomiese statusgroepe

Sosio-ekonomiese status	Fisies	Dienste	Sosiaal	Veiligheid	Woonhuis	Erf	Totaal
Groep 1	3,9948	3,6172	3,9067	2,9754	4,1416	3,7314	3,8333
Groep 2	3,8766	3,7561	3,7601	2,9192	3,9624	3,7139	3,7467
Groep 3	3,5502	3,7314	3,6340	2,8462	3,7289	3,6986	3,5929
Groep 4	2,9870	4,0896	3,2841	2,2649	3,3987	3,3601	3,3087
$\bar{x}$	3,7563	3,7369	3,7280	2,8746	3,9001	3,6943	3,6956

'n Beskouing van tabel 8.11 toon dat daar by al die aspekte en ook wat totale bewoningsbevrediging betref, 'n betekenisvolle verskil tussen die gemiddeldes van die sosio-ekonomiese statusgroepe bestaan. In alle gevalle is $p < \alpha$ op 'n beduidendepeil van 99 persent.

Op grond van bogenoemde statistiese verifikasie kan die gestelde hipotese, dat sosio-ekonomiese status 'n verband met bewoningsbevrediging toon, aanvaar word. Hierdie aanname word ook deur verskeie navorsers beklemtoon, waaronder Fried: "The higher the social class standing, the higher the level of satisfaction with the immediate residential environment and with the overall community environment."²³

5.2 Die ouderdomstruktuur waarin 'n persoon homself bevind, toon 'n verwantskap met die mate van bewoningsbevrediging wat hy/sy ervaar

Dit is 'n algemeen aanvaarde feit dat 'n persoon se houding met toenemende ouderdom verander. Campbell et al. het aangetoon dat die lewenstadium waarin 'n persoon homself bevind, 'n prominente invloed op residensiële bevrediging het.²⁴

Tabel 8.11: Bloemfontein: ANOVA'S vir sosio-ekonomiese statusgroepe
ten opsigte van bewoningsbevrediging

Aspek	Bron van variansie	Vryheidsgrade	Som van kwadrate	$\bar{x}$ van kwadrate	F	P
Fisies	Tussen groepe	3	56,6993	18,8998	59,414	0,0000
	Binne groepe	906	288,2019	0,3181		
	Totaal	909	344,9012			
Woonbuurt-dienste	Tussen groepe	3	8,8758	2,9586	13,422	0,0000
	Binne groepe	906	199,7036	0,2204		
	Totaal	909	208,5794			
Sosiaal	Tussen groepe	3	18,4185	6,1395	20,828	0,000
	Binne groepe	906	267,0603	0,2948		
	Totaal	909	285,4789			
Veiligheid	Tussen groepe	3	20,8055	6,9352	16,569	0,0000
	Binne groepe	906	379,2243	0,4186		
	Totaal	909	400,0298			
Woonhuis	Tussen groepe	3	32,8262	10,9421	47,553	0,0000
	Binne groepe	906	208,4709	0,2301		
	Totaal	909	241,2971			
Erf	Tussen groepe	3	5,7824	1,9275	6,427	0,0003
	Binne groepe	906	271,7130	0,2999		
	Totaal	909	277,4954			
Totale bewonings-bevrediging	Tussen groepe	3	14,7533	4,9178	39,739	0,0000
	Binne groepe	906	112,1188	0,1238		
	Totaal	909	126,8721			

'n Beskouing van tabel 8.13 toon ook dat daar wel verskille tussen die verskillende ouderdomsgroepe se totale bewoningsbevrediging bestaan. Ten spyte van hierdie verskille en die neiging dat die graad van bewoningsbevrediging in hoër ouderdomkategorieë toeneem, moet daar gekyk word of hierdie waarneembare verskille tussen die ouderdomsgroepe betekenisvol is. Volgens tabel 8.14 is daar betekenisvolle verskille, $p < \alpha$ met $\alpha = 0,05$, tussen die gemiddeldes van die ouderdomsgroepe ten opsigte van al ses aspekte en ook wat totale bewoningsbevrediging betref.

Tabel 8.13: Bloemfontein: Gemiddelde bewonings-
bevrediging per ouderdomsgroep

Ouderdomsgroep	Gemiddelde	Standaardafwyking
≤ 24	3,5425	0,3251
25-34	3,5369	0,4157
35-44	3,6998	0,3664
45-54	3,7482	0,3243
55-64	3,8122	0,3542
≥ 65	3,7936	0,2954

Tabel 8.14: Bloemfontein: ANOVA'S vir ouderdomsgroepe en die
aspekte van bewoningsbevrediging

Aspek	Bron van variansie	Vryheidsgrade	Som van kwadrate	$\bar{x}$ van kwadrate	F	P
Fisies	Tussen groepe	5	7,5258	1,5052	4,033	0,0013
	Binne groepe	904	337,3753	0,3732		
	Totaal	909	344,9012			
Woonbuurt- dienste	Tussen groepe	5	3,9859	0,7972	3,522	0,0037
	Binne groepe	904	204,5935	0,2263		
	Totaal	909	208,5794			
Sosiaal	Tussen groepe	5	13,6685	2,7337	9,092	0,0000
	Binne groepe	904	271,8104	0,3007		
	Totaal	909	285,4789			
Veiligheid	Tussen groepe	5	5,9421	1,1884	2,726	0,0187
	Binne groepe	904	394,0877	0,4359		
	Totaal	909	400,0298			
Woonhuys	Tussen groepe	5	18,7088	3,7418	15,196	0,0000
	Binne groepe	904	222,5883	0,2462		
	Totaal	909	241,2971			
Erf	Tussen groepe	5	13,4331	2,6866	9,197	0,0000
	Binne groepe	904	264,0624	0,2921		
	Totaal	909	277,4954			
Totale bewonings- bevrediging	Tussen groepe	5	9,3549	1,8710	14,392	0,0000
	Binne groepe	904	117,5172	0,1300		
	Totaal	909	126,8721			

Hoewel daar by al die aspekte na 'n meervoudige vergelykingsprosedure gekyk kan word om vas te stel waar die verskille tussen die gemiddeldes voorkom, word daar in tabel 8.15 slegs op die totale bewoningsbevrediging gelet.

Tabel 8.15: Bloemfontein: Ouderdomsgroepe wat
betekenisvol verskil ten opsigte
van bewoningsbevrediging

Ouderdoms- groep	≤ 24	25-34	35-44	45-54	55-64	≥ 65
≤ 24			x	x	x	x
25-34			x	x	x	x
35-44	x	x			x	x
45-54	x	x				
55-64	x	x	x			
≥ 65	x	x	x			

x dui die groepe aan wat betekenisvol op die 0,05 vlak (95% beduidendheidspeil) verskil.

Die gestelde hipotese kan gevolglik op grond van bovermelde statistiese verifikasies aanvaar word. Preston en Taylor bevestig nie alleen die hipotese nie, maar sê ook dat die lewenstadium van 'n persoon (ouderdomstadium in die onderhawige geval) 'n betekenisvolle invloed het op die persepsie wat mense van sekere residensiële attribute het.²⁵

5.3 Bewoningsbevrediging toon 'n verwantskap met die tydperk wat 'n huishouding by 'n bepaalde adres woonagtig is

Volgens Ermuth is die tydperk wat 'n huishouding by 'n bepaalde adres woonagtig is, 'n belangrike voorspeller van residensiële bevrediging. "This suggests that as the length of exposure to the residential housing environment and, no doubt, personal contact within it increases, residential

satisfaction increases also. This effect is especially pronounced as the age of the individual increases."²⁶

Indien tabel 8.16 beskou word, is dit duidelik dat daar 'n hoogs betekenisvolle verband ($p = 0,0000 < \alpha = 0,01$) tussen die residensietydperk by 'n bepaalde adres en bewoningsbevrediging is. Hierdie verband tussen die twee stelle veranderlikes is dus in ooreenstemming met die bogenoemde bevinding van Ermuth.

Tabel 8.16: Bloemfontein: Verband tussen tydperk woonagtig by 'n adres en bewoningsbevrediging

	Bewoningsbevrediging							
Tydperk	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
0-6 maande	8	0,9	69	7,6	15	1,6	92	10,1
6mde-1 jaar	13	1,4	51	5,6	6	0,7	70	7,7
1-3 jaar	4	0,4	136	14,9	20	2,2	160	17,6
3-5 jaar	4	0,4	89	9,8	27	3,0	120	13,2
meer as 5 jaar	10	1,1	356	39,1	102	11,2	468	51,4
Totaal	39		701		170		910	
%		4,3		77,0		18,7		100,0

$\chi^2 = 56,45195$

Vryheidsgrade = 8

Betekenisvolheid: p = 0,0000

Volgens tabel 8.17 word daar aanvanklik 'n relatief hoë tevredenheidsvlak in die eerste groep (0-6 maande) gevind, moontlik weens die feit dat nuwe intrekkeers, in 'n residensiële omgewing van hulle eie keuse, relatief tevrede is. Vanaf die tweede groep (6 maande - 1 jaar) is 'n duidelike toename in bewoningsbevrediging waarneembaar soos die residensietydperk by 'n bepaalde adres toeneem.

Tabel 8.17: Bloemfontein: Gemiddelde bewoningsbevrediging
van die onderskeie residensietydperke

Tydperk	Gemiddeld	Standaardafwyking
0-6 maande	3,6043	0,3920
6 maande - 1 jaar	3,4763	0,4531
1-3 jaar	3,6228	0,3453
3-5 jaar	3,7078	0,4212
meer as 5 jaar	3,7681	0,3311

Hoewel bogenoemde gegewens reeds voldoende is om die gestelde hipotese te aanvaar, is dit ook in hierdie geval relevant om te bepaal of daar enige betekenisvolle verskille tussen die onderskeie residensietydperke se gemiddeldes ten opsigte van die verskillende aspekte van bewoningsbevrediging is. Die analise van variansie-tegniek sal weer eens gebruik word om dié toets te doen.

Volgens tabel 8.18 toon al die aspekte op die 95 persent beduidenheidspeil, betekenisvolle verskille tussen die onderskeie residensietydperke se gemiddeldes, behalwe wat die fisiese aspek betref. In hierdie geval is $p = 0,2309 > \alpha = 0,05$, en is die verskille by hierdie komponent dus nie beduidend tussen die verskillende residensietydperke nie.

Volgens tabel 8.18 is die verskille tussen die residensietydperke, wat bewoningsbevrediging in totaliteit betref, betekenisvol. Tabel 8.19 toon egter die groepe, wat met 95 persent beduidenheid van mekaar verskil, aan.

Tabel 8.18: Bloemfontein: ANOVA'S vir tydperk woonagtig en die aspekte van bewoningsbevrediging

Aspek	Bron van variansie	Vryheidsgrade	Som van kwadrate	$\bar{x}$ van kwadrate	F	P
Fisies	Tussen groepe	4	2,1263	0,5316	1,403	0,2309
	Binne groepe	905	342,7749	0,3788		
	Totaal	909	344,9012			
Woonbuurt-dienste	Tussen groepe	4	2,2432	0,5608	2,460	0,0440
	Binne groepe	905	206,3361	0,2280		
	Totaal	909	208,5794			
Sosiaal	Tussen groepe	4	13,5289	3,3822	11,255	0,0000
	Binne groepe	905	271,9500	0,3005		
	Totaal	909	285,4789			
Veiligheid	Tussen groepe	4	6,4668	1,6167	3,718	0,0052
	Binne groepe	905	393,5630	0,4349		
	Totaal	909	400,0298			
Woonhuis	Tussen groepe	4	14,2346	3,5586	14,184	0,0000
	Binne groepe	905	227,0625	0,2509		
	Totaal	909	241,2971			
Erf	Tussen groepe	4	11,6011	2,9003	9,871	0,0000
	Binne groepe	905	265,8943	0,2938		
	Totaal	909	277,4954			
Totale bewonings-bevrediging	Tussen groepe	4	7,4584	1,8646	14,131	0,0000
	Binne groepe	905	119,4137	0,1319		
	Totaal	909	126,8721			

Tabel 8.19: Bloemfontein: Residensietydperke wat
betekenisvol verskil ten opsigte van
bewoningsbevrediging

Tydperk	0-6 mde	6mde-1jaar	1-3 jaar	3-5 jaar	>5jaar
0-6 mde		x		x	x
6 mde- 1 jaar	x		x	x	x
1-3 jaar		x			x
3-5 jaar	x	x			
>5 jaar	x	x	x		

x dui die groepe aan wat betekenisvol op die 0,05 vlak (95% beduidenheidsspeil) verskil.

Na aanleiding van bovermelde statistiese prosedures kan die vermelde hipotese aanvaar word. Daar kan derhalwe aanvaar word dat die tydperk wat 'n huishouding by 'n bepaalde adres woonagtig is, 'n betekenisvolle verwantskap met bewoningsbevrediging toon.

5.4 Bewoningsbevrediging hou verband met die huisbesitstatus van 'n huishouding

Huisbesitstatus is die laaste eienskap van die huishoudingskenmerke wat in hierdie studie relevant is. Die aanname kan gemaak word dat eienaarsbewoners groter bewoningsbevrediging sal ervaar as nie-eienaarsbewoners. Om hierdie hipotese en aanname te verifieer word die verband tussen huisbesitstatus en bewoningsbevrediging met behulp van 'n gebeurlikheidstabel ondersoek. Verder word daar gekyk of daar enige betekenisvolle verskil tussen eienaars en nie-eienaars se tevredenheidsvlak bestaan.

Met $\alpha = 0,05$ of $0,01$, is dit volgens tabel 8.20 duidelik dat daar 'n betekenisvolle verwantskap tussen huisbesitstatus en bewoningsbevrediging is. As gevolg van die verwantskap kan

daar gevolglik beweer word dat huisbesitstatus moontlik 'n invloed op bewoningsbevrediging kan hê.

Tabel 8.20: Bloemfontein: Verwantskap tussen huisbesit-status en bewoningsbevrediging

	Bewoningsbevrediging							
Huisbesit- status	1,00-3,00		3,01-4,00		4,01-5,00		Totaal	%
	f	%	f	%	f	%		
Eienaar	15	1,6	583	64,1	155	17,0	753	82,7
Nie-eienaar *	24	2,6	118	13,0	15	1,6	157	17,3
Totaal	39		701		170		910	
%		4,3		77,0		18,7		100,0

$$\chi^2 = 62,1245$$

$$\text{Vryheidsgrade} = 2$$

Betekenisvolheid: $p = 0,0000$

* Hierdie kategorie sluit privaathuurders, huurders van huise deur werkgewers verskaf en bewoners van vry (gratis) huise in.

Indien die aanname ondersoek word dat eienaarbewoners groter bewoningsbevrediging ervaar as nie-eienaars, kan tabel 8.21 beskou word. Volgens hierdie tabel blyk dit dat slegs ten opsigte van woonbuurtdienste, nie-eienaarbewoners 'n hoër gemiddelde as eienaarbewoners behaal het. Die verskil tussen hierdie twee gemiddeldes is egter so klein dat dit nie beduidend is nie, ($p = 0,138 > \alpha = 0,05$).

Tabel 8.21: Bloemfontein: Toets vir verskil tussen gemiddeldes van huisbesitstatus-groepe ten opsigte van bewoningsbevrediging

Aspek	Huisbesit-status	Aantal	$\bar{x}$	t-waarde	Vryheids-grade	P
Fisies	Elenaar	753	3,8132	6,23	908	0,000
	Nie-elenaar	157	3,4833			
Dienste	Elenaar	753	3,7262	-1,49	908	0,138
	Nie-elenaar	157	3,7885			
Sosiaal	Elenaar	753	3,7840	6,77	908	0,000
	Nie-elenaar	157	3,4592			
Veiligheid	Elenaar	753	2,9243	5,02	908	0,000
	Nie-elenaar	157	2,6360			
Woonhuis	Elenaar	753	3,9685	9,15	908	0,000
	Nie-elenaar	157	3,5724			
Erf	Elenaar	753	3,7353	4,97	908	0,000
	Nie-elenaar	157	3,4977			
Totale bewonings-bevrediging	Elenaar	753	3,7433	8,79	908	0,000
	Nie-elenaar	157	3,4666			

Wat die ander aspekte en totale bewoningsbevrediging betref, blyk die aanname waar te wees en is die verskil tussen die gemiddeldes ook betekenisvol, want $p = 0,0000 < \alpha = 0,05$ in alle gevalle.

Die gestelde hipotese kan gevolglik aanvaar word, want dit is statisties geverifieer. Dit blyk dat daar nie net 'n betekenisvolle verband tussen huisbesitstatus en bewoningsbevrediging bestaan nie, maar ook dat eienaarbewoners se totale tevredenheidsvlak betekenisvol van nie-eienaarbewoners s'n verskil.

6. Slotbeskouing

In hierdie hoofstuk is gepoog om aan die sekondêre doelstelling te voldoen, naamlik om die verwantskap tussen bewoningsbevrediging en bepaalde huishoudingskenmerke te ondersoek. In die lig van bovermelde statistiese verifikasies kon daar bepaal word dat bewoningsbevrediging 'n verband met huishoudingskenmerke toon. Daar kan gevolglik tot die gevolgtrekking gekom word dat gunstige huishoudingskenmerke 'n groter mate van bewoningsbevrediging in die hand sal werk. Dit is veral waar wat hoër sosio-ekonomiese status, hoër ouderdomstadium (wat dui op 'n meer gevestigde huishouding), 'n langer residensietydperk en eienaarbesitstatus betref.

Verwysings

1. R.M. Northam, Urban geography, p. 292. [Hierna vermeld as: Northam, Urban.]
2. A.G. Enslin, The property values of urban single-family housing: A case study of Bloemfontein, D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1987, p. 185. [Hierna vermeld as: Enslin, Property values.]
3. Northam, Urban, p. 288.
4. B.T. Robson, Urban social areas, p. 22. [Hierna vermeld as: Robson, Social.]
5. Enslin, Property values, p. 213.
6. R.J. Johnston, Urban residential patterns: An introductory review, p. 25. [Hierna vermeld as: Johnston, Residential patterns.]
7. B.G. Tabachnick and L.S. Fidell, Using multivariate statistics, p. 79. [Hierna vermeld as: Tabachnick and Fidell, Multivariate.]
8. Enslin, Property values, p. 215.
9. Tabachnick and Fidell, Multivariate, p. 9.
10. Ibid., p. 15.
11. D. Wishart, Clustan user manual, p. 1. [Hierna vermeld as Wishart, Clustan.]
12. Ibid., p. 31.
13. Ibid., p. 33.
14. Ibid., p. 29.
15. K.V. Mardia, J.T. Kent and J.M. Bibby, Multivariate analysis, p. 382. [Hierna vermeld as: Mardia et al., Multivariate.]
16. Ibid., p. 370.
17. Wishart, Clustan, p. 31.
18. R.J. Johnston, Multivariate statistical analysis in geography, p. 138. [Hierna vermeld as: Johnston, Multivariate.]
19. Ibid.
20. J. Silk, Statistical concepts in geography, p. 170. [Hierna vermeld as: Silk, Statistical.]

21. J.P. Cole and C.A.M. King, Quantitative geography: Techniques and theories in geography, p. 124. [Hierna vermeld as: Cole and King, Quantitative geography, p. 124.]
22. S. Gregory, Statistical methods and the geographer, p. 155. [Hierna vermeld as: Gregory, Statistical.]
23. M. Fried, Residential attachment: Sources of residential and community satisfaction, in Journal of Social Issues, vol. 38, no. 3, 1982, p. 111.
24. A. Campbell, P.E. Converse and W.L. Rodgers, The quality of American life: Perceptions, evaluations and satisfactions, p. 226. [Hierna vermeld as: Campbell et al., Quality.]
25. V. Preston and S.M. Taylor, The family life cycle, leisure activities, and residential area evaluation, in The Canadian Geographer, vol. 25, no. 1, 1981, p. 57.
26. F. Ermuth, Residential satisfaction and urban environmental preferences, p. 92.

HOOFSTUK 9

GEÏNTEGREERDE SUBSTREEKORDENING EN OMGEWINGSVOORKEURE

1. Inleiding

'n Belangrike onderafdeling van die primêre doelstelling behels 'n geïntegreerde hiërargiese sone-ordening ten opsigte van die gekose wooneenheid- en woonbuurtdimensies waaroor huisbewoners bepaalde vlakke van tevredenheid voorhou.

Hierdie hiërargiese ordening van sones geskied ook teen die agtergrond van die motivering van hierdie navorsing. Dit is eers wanneer 'n differensiasie tussen swak en goeie residensiële ekono-sosiogeografiese gebiede gemaak is en wanneer huisbewoners se voorkeure ten opsigte van hulle residensiële leefruimte bepaal is, dat 'n horisontale verandering in die residensiële ruimtelike struktuur verantwoord kan word.

Daarom is dit noodsaaklik dat die aandag in hierdie hoofstuk op 'n chorologiese ordegroepering van die sones gevestig word ten einde swak en goeie gebiede ten opsigte van die respondente se vlak van bewoningsbevrediging te onderskei. Verder moet die verband tussen 'n predisposisie tot intrastedelike mobiliteit en die vlak van bewoningsbevrediging ook aandag geniet nadat omgewingsvoorkeure bepaal is. Hierdie aspekte sal deur middel van hipotesetoetsing benader word.

2. Hipotesestellings

- Die vlak van bewoningsbevrediging verbeeld 'n chorologiese ordegroepering.

- 'n Predisposisie tot intrastedelike mobiliteit toon 'n verband met die vlak van bewoningsbevrediging.

Om die eerste van bogenoemde hipoteses te verifieer, moet daar eers 'n ordegroepering van die 61 sones ten opsigte van bewoningsbevrediging gedoen word.

3. Chorologiese ordegroepering van bewoningsbevrediging

Hoewel hier ook uit 'n verskeidenheid statistiese tegnieke gekies kon word om die 61 steekproefsones hiërargies te klassifiseer en sodoende groeplidmaatskap te bepaal, is besluit om weer eens bondelanalise te gebruik om die ordegroepering te doen. Dit blyk in die klassifikasie van sosio-ekonomiese statusgroepe 'n doeltreffende metode te wees.

Die groepering van die sones het deur die hiërargiese metode ("PROCEDURE HIERARCHY") in die CLUSTAN-program geskied. Die basiese beginsel waarop hierdie metode funksioneer, is in hoofstuk 8 bespreek.* Die invoerveranderlikes in die analise was die gemiddelde waardes van die ses komponente van bewoningsbevrediging, naamlik fisiese voorkoms, woonbuurtdienste, sosiale interaksie, veiligheid, woonhuis en erf, per sone.**

Die similariteitskriterium in hierdie geval was ook die groeps-gemiddelde-metode wat kontinue euclidiese afstande tussen die punte veronderstel. 'n Beskouing van die similariteitskoëffisiënte in tabel 9.1 toon dat die ooreenkoms tussen bepaalde sones groter word met 'n toename in die koëffisiënt. Uiteindelik kan sones dus in bepaalde groepe geklassifiseer word.

* Supra, p. 200.

** Vergelyk tabel 7.1.

Aangesien Wishart voorgestel het dat die groeperingsproses deur die gebruiker gestaak kan word indien daar 'n betekenisvolle verandering in die koëffisiëntwaarde is, is besluit om die 61 sones in vier groepe te klassifiseer. Hierdie besluit is geneem op grond van die relatief groot sprong in die similariteitskoëffisiënt (5,334 tot 8,774) by groeperingsiklusse 57 en 58. Vergelyk in hierdie verband ook diagram 4.

Tabel 9.1: Bloemfontein: Similariteitskoëffisiënte
per groeperingsiklus

Siklus	Koëffisiënt	Groepe	Siklus	Koëffisiënt	Groepe
1	0,029	60	27	0,388	34
2	0,045	59	28	0,407	33
3	0,075	58	29	0,440	32
4	0,099	57	30	0,469	31
5	0,100	56	31	0,473	30
6	0,104	55	32	0,493	29
7	0,118	54	33	0,503	28
8	0,126	53	34	0,513	27
9	0,135	52	35	0,593	26
10	0,139	51	36	0,621	25
11	0,141	50	37	0,721	24
12	0,164	49	38	0,762	23
13	0,165	48	39	0,772	22
14	0,196	47	40	0,843	21
15	0,212	46	41	0,940	20
16	0,215	45	42	0,955	19
17	0,237	44	43	0,996	18
18	0,243	43	44	1,083	17
19	0,249	42	45	1,252	16
20	0,256	41	46	1,281	15
21	0,271	40	47	1,539	14
22	0,289	39	48	1,546	13
23	0,341	38	49	1,753	12
24	0,353	37	50	1,758	11
25	0,359	36	51	1,879	10
26	0,384	35	52	2,683	9

Tabel 9.1 (vervolg)

Siklus	Koëffisiënt	Groepe	Siklus	Koëffisiënt	Groepe
53	2,998	8	57	5,334	4
54	3,105	7	58	8,774	3
55	4,243	6	59	22,720	2
56	4,676	5	60	37,440	1

In die lig van hierdie afkappunt ten opsigte van groepering, word die sones vir elke ordegroep in tabel 9.2 uiteengesit en in figuur 11 ruimtelik verbeeld. Nadat die gemiddelde bewoningsbevrediging per bewoningsbevrediging-ordegroep bereken is, toon ordegroep 1 die sones met die hoogste bewoningsbevrediging, groep 2 dui die tweede hoogste bewoningsbevrediging, 3 die derde hoogste, terwyl groep 4 se sones die laagste vlak van bewoningsbevrediging aandui (vergelyk tabel 9.3).

Tabel 9.2: Bloemfontein: Sonegroeperings volgens bewoningsbevrediging-ordegroepe

Ordegroep	Sones
1	1, 5, 19, 56, 2, 51, 4, 61, 23, 46
2	3, 18, 45, 33, 25, 44, 35, 28, 47, 7, 9, 21, 16, 12, 14, 38, 24, 36, 42, 27, 40, 22, 37, 52
3	6, 39, 48, 43, 53, 57, 8, 58, 10, 34, 13, 11, 15, 26, 17, 41, 60, 49, 55, 50
4	20, 30, 31, 32, 29, 54, 59

Dendrogram

Items gegroep

Sones




Diagram 4: Bloefontein: Dendrogram vir die chorologiese ordegroepering van bewoningsbevreëding

Tabel 9.3: Bloemfontein: Gemiddeldes van tevredenheids-
komponente en totale bewoningsbevrediging
per ordegroep

Komponente	Groepe				Totale $\bar{x}$
	1	2	3	4	
Fisiese voorkoms	4,3225	3,7631	3,6886	3,1387	3,7563
Woonbuurtdienste	4,1118	3,7505	3,5706	3,7098	3,7369
Sosiale inter-aksie	4,1665	3,8180	3,5285	3,3337	3,7280
Veiligheid	2,8499	2,8670	3,0302	2,4007	2,8746
Woonhuis	4,4087	3,9619	3,7395	3,4119	3,9001
Erf	4,0996	3,7235	3,6036	3,2770	3,6943
Bewoningsbevrediging	4,1103	3,7370	3,5805	3,2874	3,6956

4. Hipotesetoetsing

Die vlak van bewoningsbevrediging verbeeld 'n chorologiese ordegroepering.

Die gestelde hipotese is reeds tydens die substreekordening ten opsigte van die vlak van bewoningsbevrediging gedeeltelik geverifieer.

Ten einde die geslaagdheid van die genoemde regionale ordening te verifieer, is 'n bepaling van moontlike betekenisvolle verskille tussen die ordegroepe ten opsigte van die subkomponente van en bewoningsbevrediging in totaliteit uiters belangrik. Onderliggend hierby is dit relevant om eers te bepaal of die sones betekenisvolle verskille in bewoningsbevrediging toon. Indien dit wel die geval is, is 'n ruimtelike ordegroepering betekenisvol in die sin dat sones met die grootste ooreenkomste bymekaar gegroepeer word.

Die statistiese tegniek wat by hierdie hipotesetoetsing gebruik is, is die toets vir betekenisvolle verskille tussen gemiddeldes. Aangesien hier sprake van drie of meer gemiddeldes is, is die statistiese tegniek, analise van variansie (ANOVA), gebruik.*

Volgens tabel 9.4 vertoon al ses aspekte en gevolglik bewoningsbevrediging in totaliteit betekenisvolle verskille tussen die 61 sones. In alle gevalle is $p < \alpha$ met $\alpha = 0,001$. Dit impliseer dat daar selfs met 99,9 persent betroubaarheid verklaar kan word dat die verskille tussen die sones betekenisvol is.

Op grond van hierdie statistiese verifikasie is die ruimtelike ordegroepering van sones ten opsigte van bewoningsbevrediging geregverdig. Hierdie ordegroepering onderskei, soos reeds vermeld, goeie van swak residensiële streke met betrekking tot die gekose tevredenheidskomponente. Die statistiese analise om die betekenisvolheid van hierdie ordebepaling te verifieer, word in tabel 9.5 uiteengesit.

Volgens bogenoemde tabel is die ruimtelike ordegroepering hoogs betekenisvol. Ten opsigte van elke komponent en die totale bewoningsbevrediging is $p < \alpha$ met $\alpha = 0,001$.

Teen die agtergrond van hierdie statistiese analise word die gefintegreerde ordegroepering van sones ten opsigte van bewoningsbevrediging as geslaagd beskou. Gevolglik kan die gestelde hipotese aanvaar word.

Hierdie hipotese word ook in die literatuur bevestig, onder andere deur Ermuth: "The suburbs are different again."²

* Supra, p. 214.

Tabel 9.4: Bloemfontein: ANOVA'S vir die sones ten opsigte van bewoningsbevrediging

Aspek	Bron van variansie	Vryheidsgrade	Som van kwadrate	$\bar{x}$ van kwadrate	F	P
Fisies	Tussen groepe	60	137,0948	2,2849	9,335	0,0000
	Binne groepe	849	207,8064	0,2448		
	Totaal	909	344,9012			
Woonbuurt-dienste	Tussen groepe	60	82,1866	1,3698	9,201	0,0000
	Binne groepe	849	126,3928	0,1489		
	Totaal	909	208,5794			
Sosiaal	Tussen groepe	60	66,6690	1,1111	4,311	0,0000
	Binne groepe	849	218,8099	0,2577		
	Totaal	909	285,4789			
Veiligheid	Tussen groepe	60	68,6049	1,1434	2,929	0,0000
	Binne groepe	849	331,4249	0,3904		
	Totaal	909	400,0298			
Woonhuis	Tussen groepe	60	89,9579	1,4993	8,411	0,0000
	Binne groepe	849	151,3392	0,1783		
	Totaal	909	241,2971			
Erf	Tussen groepe	60	73,4115	1,2235	5,090	0,0000
	Binne groepe	849	204,0839	0,2404		
	Totaal	909	277,4954			
Totale bewonings-bevrediging	Tussen groepe	60	50,1905	0,8365	9,262	0,0000
	Binne groepe	849	76,6816	0,0903		
	Totaal	909	126,8721			

Tabel 9.5: Bloemfontein: ANOVA'S vir die ruimtelike orde groepe ten opsigte van
bewoningsbevrediging

Aspek	Bron van variansie	Vryheidsgrade	Som van kwadrate	$\bar{x}$ van kwadrate	F	P
Fisies	Tussen groepe	3	70,7664	23,5888	77,960	0,0000
	Binne groepe	906	274,1347	0,3026		
	Totaal	909	344,9012			
Woonbuurt-dienste	Tussen groepe	3	24,8538	8,2846	40,853	0,0000
	Binne groepe	906	183,7256	0,2028		
	Totaal	909	208,5794			
Sosiaal	Tussen groepe	3	50,5396	16,8465	64,966	0,0000
	Binne groepe	906	234,9393	0,2593		
	Totaal	909	285,4789			
Veiligheid	Tussen groepe	3	25,5054	8,5018	20,566	0,0000
	Binne groepe	906	374,5244	0,4134		
	Totaal	909	400,0298			
Woonhuis	Tussen groepe	3	59,3846	19,7949	98,587	0,0000
	Binne groepe	906	181,9124	0,2008		
	Totaal	909	241,2971			
Erf	Tussen groepe	3	36,5679	12,1893	45,837	0,0000
	Binne groepe	906	240,9275	0,2659		
	Totaal	909	277,4954			
Totale bewoningsbevrediging	Tussen groepe	3	38,6705	12,8902	132,407	0,0000
	Binne groepe	906	88,2016	0,0974		
	Totaal	909	126,8721			

Hoewel die verskaffing van 'n moontlike rede vir sodanige ruimtelike differensiasie nie nodig is nie, is dit tog relevant om 'n moontlike verklaring van die situasie in oënskou te neem. Die mate waarin 'n bepaalde residensiële leefruimte die mens aantrek/aanlok is multidimensioneel. Daarom kies verskillende tipes mense plekke om verskillende redes en gevolglik moet daar uiteindelik variasie in die "belewing" van die leefruimte wees, aangesien verwagting en realiteit dikwels nie versoenbaar is of kan wees nie.

Gevolglik is 'n beskouing van die attribute by elke komponent, wat deur die respondente as belangrik geag en positief beleef is, ter sake.

5. Voorkeurattribute*

By 'n beskouing van hierdie attribute is dit belangrik om te onthou dat 'n hoë telling 'n positiewe houding impliseer. Gevolglik moet die attribuut met die hoogste telling in 'n sone beskou word as dié attribuut waaroor die respondente die meeste tevrede voel. Dit moet derhalwe ook as die belangrikste attribuut gesien word wat respondente tot 'n bepaalde omgewing aantrek. Hoewel hier tog sekere beperkende faktore is, in die sin dat respondente in die studie uit 'n gegewe stel attribute by elke komponent moes kies, is dit nogtans 'n belangrike indikator wat variasies tussen sones (subgroepe) se belewing van hulle leefruimte weerspieël.

Gevolglik sal elke komponent van bewoningsbevrediging onder oënskou geneem word. In tabel 9.6 (fisiese komponent) is al die attribute waarmee die respondente die meeste tevrede voel, by elke sone onderstreep.**

* Voorkeurattribute verteenwoordig die hoogste waardes soos in tabelle 9.6-9.11 aangedui.

** Dieselfde metodiek sal ook by die opvolgende komponente gevolg word.

Tabel 9.6: Bloemfontein: Voorkeurattribute by die
fisiiese komponent*

Sone	11	12	13	14	15	16	17	18
1	4,3	3,8	<u>5,0</u>	4,3	4,3	4,8	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>
2	4,5	2,9	4,1	4,4	4,4	4,3	<u>4,6</u>	4,5
3	<u>4,8</u>	3,6	4,2	4,3	4,1	4,2	4,3	4,0
4	<u>5,0</u>	3,5	2,5	4,3	4,5	4,0	<u>5,0</u>	4,0
5	4,6	2,8	3,7	4,5	4,3	<u>4,8</u>	4,5	<u>4,8</u>
6	<u>4,5</u>	2,7	3,7	4,1	4,1	3,7	3,9	4,4
7	<u>4,5</u>	2,3	4,0	4,0	3,8	4,0	<u>4,5</u>	2,8
8	4,1	3,4	3,9	4,1	4,1	<u>4,2</u>	3,9	4,1
9	4,4	3,0	2,6	4,2	4,0	4,0	4,4	<u>4,7</u>
10	3,8	3,2	3,9	3,8	3,8	3,9	3,9	<u>4,0</u>
11	4,4	2,2	<u>4,7</u>	4,3	4,0	3,0	4,2	2,8
12	4,5	2,5	4,3	4,3	3,5	3,3	<u>5,0</u>	4,8
13	4,0	3,9	3,7	3,9	4,0	<u>4,1</u>	4,0	<u>4,1</u>
14	3,7	3,2	2,2	4,2	4,0	4,2	4,3	<u>4,5</u>
15	4,3	3,6	2,5	3,8	2,8	3,1	<u>4,4</u>	3,9
16	4,3	3,6	3,7	4,0	3,7	<u>4,5</u>	4,1	4,4
17	<u>4,0</u>	3,7	3,9	3,9	3,7	3,5	3,7	3,3
18	<u>4,4</u>	2,9	4,1	<u>4,4</u>	4,3	4,3	<u>4,4</u>	4,1
19	4,8	3,6	4,2	4,6	4,4	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>
20	4,0	2,3	2,5	3,0	2,3	4,3	<u>4,5</u>	4,3
21	3,6	3,0	3,0	4,6	4,2	4,4	<u>5,0</u>	2,8
22	3,3	3,1	3,2	3,3	3,0	3,7	<u>3,9</u>	1,8
23	4,5	4,3	4,5	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,0	<u>5,0</u>	4,0
24	3,8	2,9	2,9	3,4	3,6	3,8	3,9	<u>4,2</u>
25	<u>4,2</u>	2,8	3,1	3,7	3,5	4,0	<u>4,2</u>	3,8
26	<u>4,1</u>	2,7	3,7	3,7	3,6	3,2	3,8	3,8
27	3,8	3,3	4,0	3,3	3,8	3,9	<u>4,7</u>	4,0
28	3,9	3,9	2,7	3,8	3,7	<u>4,2</u>	4,1	3,2
29	3,0	3,3	2,3	1,8	2,5	2,3	4,0	<u>3,8</u>
30	<u>4,2</u>	1,8	2,0	3,6	4,0	1,6	4,0	2,4
31	4,3	2,3	3,5	3,3	4,0	1,5	<u>4,5</u>	3,0
32	2,9	2,0	2,6	2,7	2,9	1,8	<u>3,9</u>	2,7

* Numeriese opskrifwaardes by tabelle 9.6 tot 9.11 stem ooreen met die vrae in Bylae A.

Tabel 9.6 (vervolg)

Sone	11	12	13	14	15	16	17	18
33	4,3	3,1	3,7	4,1	3,9	4,1	<u>4,3</u>	4,0
34	3,9	3,5	3,3	3,8	3,8	<u>4,1</u>	3,9	4,3
35	<u>4,3</u>	2,3	3,0	<u>4,3</u>	3,7	4,2	4,0	<u>4,3</u>
36	<u>4,1</u>	2,2	2,9	3,9	3,8	4,0	4,0	3,8
37	<u>4,1</u>	3,0	3,9	3,8	3,6	3,6	3,5	<u>4,1</u>
38	<u>4,3</u>	3,5	<u>4,3</u>	3,7	3,9	<u>4,3</u>	<u>4,3</u>	4,1
39	3,8	3,4	3,5	3,5	3,2	3,8	3,9	<u>4,4</u>
40	3,6	2,8	3,3	3,5	3,4	3,9	<u>4,2</u>	3,7
41	3,0	2,8	2,8	3,0	3,0	3,6	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>
42	4,0	3,4	3,2	3,4	3,2	<u>4,1</u>	4,0	3,8
43	<u>4,1</u>	3,2	3,8	3,8	3,8	3,8	4,0	4,0
44	<u>4,3</u>	3,3	3,3	4,1	4,2	4,0	4,2	3,8
45	<u>4,3</u>	3,8	4,2	4,2	4,2	4,1	4,2	4,2
46	4,9	4,1	4,9	4,8	4,8	<u>5,0</u>	4,9	4,9
47	4,1	2,8	3,6	3,8	3,8	<u>4,2</u>	3,9	4,1
48	<u>4,1</u>	3,3	3,6	3,5	3,6	3,9	3,9	3,5
49	3,8	3,0	2,9	3,2	3,2	3,6	<u>4,0</u>	3,5
50	3,9	2,0	2,6	3,4	3,2	3,7	<u>4,0</u>	3,6
51	4,8	3,2	3,3	4,3	4,4	4,3	<u>4,9</u>	4,0
52	<u>4,5</u>	2,0	2,7	3,9	3,7	4,4	4,1	4,1
53	<u>4,1</u>	2,5	4,0	3,7	3,5	3,6	3,6	3,8
54	3,5	2,3	3,5	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	2,5	2,5
55	3,6	2,3	3,2	3,3	3,1	3,2	<u>3,8</u>	3,6
56	4,0	3,5	4,6	3,7	3,6	4,0	<u>5,0</u>	3,9
57	3,5	3,5	3,5	2,8	2,5	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>
58	<u>4,3</u>	3,4	3,9	4,1	3,9	3,9	3,9	4,1
59	3,9	3,1	3,4	3,3	3,4	3,6	3,7	<u>4,2</u>
60	3,5	2,9	3,1	3,6	3,7	3,6	4,1	<u>4,7</u>
61	4,6	3,4	3,9	4,6	4,4	<u>4,9</u>	4,8	4,8
$\bar{x}$	<u>4,1</u>	3,0	3,5	3,8	3,7	3,9	<u>4,1</u>	3,9

Aangesien relevante inligting op sonas van toepassing direk uit die tabel afgelees kan word, sal hier slegs 'n paar toepaslike opmerkings gemaak word.* Dit is opvallend dat die attribuut waarmee die meeste sonas hoogs tevrede is, straatbeligting is, gevolg deur die algemene toestand van die huise en rookbesoedeling. Volgens tabel 9.6 is daar geen sone wat met parkering in die strate die meeste tevrede is nie. Wanneer die aspekte oor al die sonas hiërargies gerangskik word, blyk dat die toestand van die huise en straatbeligting die attribute is waarmee huisbewoners die meeste tevrede is.

Volgens tabel 9.7 is vullisverwydering die attribuut ten opsigte van woonbuurtdienste waarmee die meeste sonas die meeste tevrede is, hiërargies gevolg deur tevredenheid met groot inkoopentrums, instandhouding van strate, skole en hoekkafes.

Tevredenheid met vullisverwydering toon 'n redelik eweredige verspreiding deur die stad, terwyl dit nie die geval met groot inkoopentrums is nie. Slegs die suidelike voorstede is met hierdie aspek tevrede, terwyl alle noordelike sonas dit nie as 'n baie hoë tevredenheidsaspek aangedui het nie. Geen sone het parke en speelparke vir kinders as 'n attribuut aangedui waarmee hulle baie tevrede is nie.

'n Beskouing van die gemiddelde tellings oor al die sonas toon dat vullisverwydering die hoogste gemiddelde behaal het, gevolg deur instandhouding van strate en hoekkafes (supermarkte).

By 'n beskouing van tabel 9.8 (sosiale komponent) is die hoë frekwensie van sonas wat vraag 37 as positief beleef het, dadelik opvallend. Die privaatheid wat die huisbewoners dus ervaar, wek 'n hoë tevredenheidsgevoel by die respondente.

* Soortgelyke prosedure word by die opvolgende komponente gevolg.

Tabel 9.7: Bloemfontein: Voorkeurattribute ten opsigte van woonbuurtdienste

Sone	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28
1	4,3	4,3	1,8	<u>4,8</u>	4,5	<u>4,8</u>	2,3	3,8	3,8	1,5
2	4,6	4,6	3,5	<u>4,9</u>	4,5	4,2	2,9	4,6	3,4	2,9
3	<u>4,2</u>	3,5	3,1	<u>4,2</u>	<u>4,2</u>	3,7	2,8	3,9	2,9	3,2
4	4,0	3,8	4,3	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,5	3,5	<u>5,0</u>	3,8	4,0
5	4,8	4,5	2,5	4,6	4,6	3,6	2,8	<u>4,9</u>	2,9	3,2
6	<u>4,6</u>	3,9	2,9	4,4	4,1	3,7	3,0	4,4	3,3	2,8
7	4,3	2,8	3,8	<u>5,0</u>	4,3	4,3	1,0	4,0	3,5	2,0
8	3,8	3,0	3,7	<u>4,2</u>	4,1	2,7	2,4	2,2	2,6	2,2
9	<u>4,2</u>	2,9	3,4	<u>4,2</u>	4,1	4,0	1,6	3,8	3,2	2,5
10	4,0	2,3	3,8	<u>4,7</u>	4,6	4,3	1,6	3,7	3,8	2,5
11	4,3	2,6	3,7	<u>4,4</u>	4,2	3,7	1,5	3,8	3,5	3,0
12	4,3	2,3	2,3	<u>4,8</u>	<u>4,8</u>	<u>4,8</u>	1,8	4,5	3,0	4,3
13	4,2	3,3	3,7	4,2	4,0	<u>4,3</u>	2,0	3,5	3,2	3,3
14	<u>4,7</u>	3,0	3,0	<u>4,7</u>	4,3	4,2	1,7	2,8	3,0	2,8
15	3,5	3,3	2,9	3,5	<u>3,9</u>	3,8	2,5	3,4	3,0	2,8
16	4,1	2,9	2,5	<u>4,2</u>	3,6	3,9	2,5	<u>4,2</u>	3,1	2,8
17	<u>4,2</u>	3,6	2,8	4,1	3,5	4,0	2,6	3,4	2,0	2,1
18	<u>4,4</u>	3,8	2,6	4,2	4,1	3,4	3,3	3,8	3,3	3,3
19	<u>4,8</u>	4,4	2,2	4,6	4,6	<u>4,8</u>	4,2	<u>4,8</u>	3,0	3,2
20	<u>4,8</u>	3,5	4,3	4,3	4,5	4,3	4,3	3,8	3,3	4,5
21	3,6	2,8	3,8	<u>5,0</u>	4,2	4,4	1,0	<u>5,0</u>	3,8	2,2
22	3,7	3,3	3,6	4,8	4,1	3,8	1,1	<u>5,0</u>	3,8	3,6
23	4,0	3,5	3,5	<u>4,8</u>	<u>4,8</u>	4,5	1,3	4,0	<u>4,8</u>	3,5
24	4,0	3,9	3,1	4,1	3,9	3,3	4,1	<u>4,2</u>	3,6	4,0
25	4,7	3,8	2,8	4,2	4,4	4,3	<u>4,9</u>	4,2	3,3	3,6
26	3,8	3,5	2,7	3,3	3,1	3,6	<u>4,5</u>	3,1	2,4	3,3
27	3,0	3,3	3,9	4,1	3,8	3,9	4,9	<u>5,0</u>	3,9	4,3
28	4,0	3,6	3,9	<u>4,4</u>	4,1	<u>4,4</u>	3,9	4,1	4,0	3,3
29	<u>4,3</u>	3,5	4,0	<u>4,3</u>	3,5	2,3	4,0	4,0	3,5	1,8
30	3,8	3,0	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,8	3,2	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,0
31	3,8	3,0	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,5	4,3
32	3,2	2,6	4,5	4,7	4,6	<u>4,8</u>	2,9	4,7	4,2	4,1
33	4,2	3,4	3,3	4,4	<u>4,5</u>	4,0	4,2	4,2	2,7	4,0
34	3,8	3,2	3,6	<u>4,1</u>	4,0	3,6	3,3	3,3	3,2	3,5

Tabel 9.7 (vervolg)

Sone	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28
35	4,1	3,1	3,3	<u>4,2</u>	4,1	4,1	3,7	3,9	3,1	3,7
36	4,2	3,9	3,9	<u>4,4</u>	4,1	4,2	3,7	4,3	2,9	2,3
37	<u>4,3</u>	3,5	3,7	<u>4,3</u>	3,9	<u>4,3</u>	3,9	4,2	3,5	3,9
38	3,1	3,4	3,5	<u>4,3</u>	4,1	3,9	2,6	2,4	3,1	4,1
39	<u>4,2</u>	2,4	3,7	3,9	4,0	3,8	3,4	3,9	3,3	3,1
40	3,9	3,6	4,1	<u>4,2</u>	<u>4,2</u>	4,1	3,7	3,9	3,5	3,2
41	3,8	3,4	3,8	<u>4,2</u>	4,0	4,0	3,2	4,0	3,8	4,0
42	3,8	3,3	3,4	<u>4,3</u>	4,1	3,5	<u>4,3</u>	3,5	3,7	3,4
43	3,7	3,1	3,7	4,1	4,1	3,4	<u>4,4</u>	3,7	3,1	3,1
44	4,4	4,0	3,7	4,5	4,1	4,3	<u>4,6</u>	3,2	2,9	3,5
45	4,1	3,4	3,5	4,2	4,3	3,3	<u>4,8</u>	3,4	3,4	3,1
46	4,9	<u>5,0</u>	4,9	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,6	<u>5,0</u>	4,2	3,6	4,8
47	4,1	3,2	4,2	4,2	3,9	4,1	4,3	<u>4,4</u>	3,5	3,6
48	4,0	2,3	4,1	<u>4,4</u>	4,1	3,5	3,9	4,1	3,8	3,9
49	<u>4,1</u>	2,5	3,9	3,9	4,0	3,6	4,0	4,0	3,5	3,5
50	3,6	2,9	3,7	<u>4,2</u>	3,8	3,6	4,1	4,0	3,7	3,5
51	4,9	3,2	4,8	4,8	4,7	3,8	<u>5,0</u>	4,9	3,9	4,2
52	4,3	2,5	4,5	4,7	4,5	4,0	<u>4,8</u>	4,5	3,9	3,5
53	3,6	2,3	3,3	3,6	<u>4,0</u>	3,2	<u>4,0</u>	3,4	3,9	3,3
54	3,3	2,3	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	3,5	3,5	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	3,5	3,0
55	3,6	2,6	3,8	<u>4,1</u>	4,0	4,0	<u>4,1</u>	3,8	3,5	3,7
56	1,2	1,2	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,7	4,9	1,5	4,6	4,7	4,1
57	3,8	3,0	3,8	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	3,0	3,5	2,5
58	2,8	2,2	2,9	4,1	4,2	2,4	<u>4,4</u>	3,9	3,0	3,7
59	2,9	2,2	2,8	<u>4,1</u>	<u>4,1</u>	3,6	3,8	2,8	2,9	2,9
60	3,4	2,2	3,8	4,6	4,4	3,7	<u>4,9</u>	4,0	3,8	3,4
61	4,2	3,8	4,6	<u>5,0</u>	4,9	4,4	<u>5,0</u>	4,7	3,9	4,2
$\bar{x}$	3,9	3,2	3,6	<u>4,4</u>	4,2	3,9	3,4	4,0	3,4	3,4

Tabel 9.8: Bloemfontein: Voorkeurattribute ten opsigte van sosiale interaksie

Sone	29	30	31	32	33	34	35	36	37	38	39
1	4,5	4,0	4,3	3,3	4,3	4,0	4,5	4,8	<u>5,0</u>	4,3	3,8
2	3,0	4,5	4,6	3,1	4,7	4,8	4,6	<u>4,9</u>	4,5	4,8	4,2
3	3,6	3,9	3,9	3,7	4,1	4,1	3,8	4,2	<u>4,4</u>	4,1	3,1
4	3,8	3,8	3,8	3,0	4,0	3,8	3,8	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,8	3,3
5	3,8	3,8	3,8	3,3	<u>4,5</u>	4,3	4,3	4,4	4,3	4,4	3,8
6	3,8	3,3	3,4	2,9	3,5	3,2	3,7	4,0	<u>4,4</u>	4,0	3,1
7	3,8	4,3	4,0	2,5	4,8	<u>5,0</u>	4,5	4,5	<u>5,0</u>	4,5	3,5
8	3,4	3,6	<u>3,9</u>	3,5	<u>3,9</u>	3,7	3,8	3,8	3,5	3,7	3,5
9	3,4	3,9	3,9	3,0	4,1	4,0	3,7	4,1	<u>4,4</u>	4,3	3,1
10	2,8	3,8	3,5	2,8	3,9	3,5	3,1	3,8	<u>4,4</u>	3,9	3,6
11	3,1	3,3	3,4	3,0	3,9	3,8	4,1	4,0	4,2	<u>4,3</u>	3,4
12	3,3	3,3	2,8	4,0	4,3	4,0	3,8	3,3	<u>4,8</u>	3,3	3,8
13	2,7	3,7	3,8	3,5	<u>4,4</u>	4,2	3,4	4,0	4,0	3,0	3,3
14	2,7	4,0	4,0	2,5	4,5	<u>4,7</u>	3,2	<u>4,7</u>	<u>4,7</u>	3,7	3,3
15	3,1	3,6	3,8	2,9	4,0	3,3	3,9	<u>4,8</u>	3,8	3,6	3,4
16	3,5	3,5	3,8	2,7	<u>4,4</u>	3,9	4,3	4,1	4,1	4,2	3,9
17	2,9	3,0	3,4	2,4	<u>4,4</u>	4,1	3,0	3,9	4,0	3,8	3,7
18	3,7	3,4	3,8	3,4	4,3	4,1	3,9	4,3	4,2	<u>4,9</u>	3,8
19	3,2	3,8	3,2	3,8	<u>4,8</u>	4,4	<u>4,8</u>	4,6	4,0	4,0	3,2
20	3,8	2,3	2,5	3,0	3,5	2,8	3,3	<u>4,3</u>	4,0	4,0	3,3
21	3,4	2,8	3,4	3,0	4,8	4,6	4,8	4,6	<u>5,0</u>	4,0	3,6
22	3,0	3,4	3,5	2,8	<u>4,4</u>	3,8	4,3	4,1	<u>4,4</u>	4,2	3,8
23	2,8	4,3	4,5	3,5	<u>5,0</u>	4,5	4,5	<u>5,0</u>	<u>5,0</u>	4,3	4,8
24	3,4	3,6	3,9	3,3	<u>4,1</u>	3,6	3,6	3,9	4,0	4,0	3,2
25	3,8	3,3	3,6	3,5	<u>4,2</u>	3,8	4,1	4,0	4,0	3,8	3,8
26	3,1	3,0	3,2	2,4	<u>3,9</u>	3,3	3,4	3,5	3,4	3,6	2,5
27	3,0	3,0	3,4	2,9	4,1	3,3	3,2	4,1	<u>4,6</u>	4,2	3,8
28	3,7	3,6	3,6	3,4	<u>4,3</u>	<u>4,3</u>	4,1	4,0	3,8	3,7	3,7
29	3,8	3,0	3,0	3,0	3,3	3,0	3,5	3,8	4,0	<u>4,3</u>	3,5
30	2,4	3,2	3,8	3,0	3,8	<u>5,0</u>	2,4	4,0	3,0	3,2	2,4
31	1,5	4,0	3,8	3,5	4,3	<u>4,5</u>	2,0	3,8	4,3	4,3	2,0
32	2,2	3,2	3,2	3,0	<u>4,0</u>	3,8	2,2	3,5	3,8	3,1	2,8

Tabel 9.8 (vervolg)

Sone	29	30	31	32	33	34	35	36	37	38	39
33	4,3	3,5	3,5	3,7	4,4	4,1	4,4	4,2	<u>4,6</u>	4,2	4,1
34	3,8	3,1	3,2	2,7	3,7	3,7	3,7	3,8	<u>4,1</u>	3,8	3,5
35	3,9	3,6	3,5	3,2	4,0	3,9	4,1	<u>4,4</u>	4,2	3,7	4,0
36	4,0	2,9	3,2	2,6	3,9	3,2	4,0	<u>4,4</u>	4,3	3,6	3,9
37	3,5	3,7	3,4	3,0	3,8	3,5	4,0	4,3	<u>4,4</u>	3,8	3,1
38	3,7	3,6	4,1	2,9	4,1	4,0	3,8	3,9	<u>4,2</u>	3,3	3,3
39	3,2	3,4	3,6	3,1	<u>3,9</u>	3,6	3,4	3,8	3,7	3,5	3,1
40	3,5	3,7	3,8	3,6	4,0	3,8	3,8	3,9	<u>4,3</u>	3,4	3,2
41	3,8	3,6	3,2	3,0	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	3,2	3,8	2,8	3,6	3,6
42	3,7	3,9	3,8	3,8	4,0	3,8	3,8	<u>4,1</u>	3,9	<u>4,1</u>	3,2
43	3,6	3,2	3,3	3,0	3,9	3,5	3,7	3,9	<u>4,4</u>	4,1	3,3
44	3,7	3,9	3,8	3,1	4,1	3,8	4,1	4,2	<u>4,3</u>	4,1	3,7
45	3,8	4,0	4,1	3,4	4,2	3,8	3,9	<u>4,3</u>	3,5	4,0	3,9
46	4,7	4,9	4,7	4,1	4,9	4,6	4,9	4,5	<u>5,0</u>	4,2	4,2
47	3,4	3,3	3,6	3,0	4,0	3,9	3,6	<u>4,2</u>	<u>4,2</u>	3,8	3,6
48	3,4	3,2	3,4	3,0	3,7	3,4	3,4	3,5	<u>3,9</u>	3,8	3,2
49	3,2	3,2	3,5	2,6	3,8	3,8	3,8	3,7	3,8	<u>4,0</u>	3,0
50	3,2	3,3	3,6	2,8	3,7	3,5	<u>3,8</u>	3,6	<u>3,8</u>	<u>3,8</u>	3,4
51	3,3	3,9	4,3	3,7	<u>4,8</u>	4,2	4,3	<u>4,8</u>	4,2	4,5	3,8
52	4,2	3,3	3,3	2,6	<u>4,7</u>	3,9	4,3	<u>4,7</u>	3,3	4,3	3,9
53	3,4	3,5	3,8	2,6	4,0	3,8	3,8	4,1	<u>4,2</u>	3,8	3,0
54	3,5	3,3	3,5	2,3	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	3,0	3,8	2,5	3,5	2,8
55	3,1	3,3	3,4	2,7	3,6	3,5	<u>3,7</u>	<u>3,7</u>	3,2	<u>3,7</u>	2,9
56	3,6	4,1	4,0	2,5	4,6	<u>4,8</u>	4,0	<u>4,8</u>	3,5	4,3	3,4
57	3,8	2,8	3,5	3,3	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	3,0	3,3	3,0	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>
58	3,3	3,6	3,6	3,1	3,9	3,5	3,6	3,9	<u>4,1</u>	4,0	3,3
59	3,6	3,4	3,5	3,3	3,8	3,5	3,7	3,8	<u>3,9</u>	3,3	2,6
60	3,4	3,2	3,2	2,4	4,0	3,5	3,9	3,8	<u>4,4</u>	3,4	3,4
61	3,1	4,1	4,1	3,0	4,4	4,1	4,8	4,7	<u>4,9</u>	4,0	3,2
$\bar{x}$	3,4	3,5	3,6	3,1	<u>4,1</u>	3,9	3,8	<u>4,1</u>	<u>4,1</u>	3,9	3,4

'n Interessante aspek wat uit bogenoemde tabel duidelik blyk, is die feit dat hoewel meer noordelike sones aangedui het dat mense mekaar op straat groet (vraag 33), meer suidelike sones aangedui het dat mense ook met mekaar gesels as hulle mekaar op straat raakloop (vraag 34).

Ten opsigte van al die respondente oor al die sones, is die attribute waarmee hulle die meeste tevrede voel, die hoflikheid (groet mekaar) van bure, die feit dat hulle mekaar in 'n krisis sal bystaan en die hoë mate van privaatheid wat ervaar word.

Die bepaling van die voorkeurattribute ten opsigte van die veiligheidskomponent, toon dat aanrandings in die residensiële omgewings nie 'n probleem vir die huisbewoner is nie. Volgens tabel 9.9 was die respondente in die meeste sones uiters positief teenoor hierdie saak. Die volgende aspek waarmee relatief hoë tevredenheid ervaar word, is die effektiewe optrede van polisie in die omgewings.

Tabel 9.9: Bloemfontein: Voorkeurattribute ten opsigte van veiligheid

Sone	40	41	42	43	44	45	46
1	3,0	2,0	<u>3,8</u>	2,8	2,8	1,5	1,8
2	3,2	2,9	<u>4,5</u>	2,4	2,6	1,2	1,4
3	<u>3,7</u>	3,1	3,5	3,1	2,9	1,7	2,6
4	<u>4,0</u>	3,3	3,3	3,3	3,8	2,0	2,8
5	<u>4,0</u>	3,6	3,8	2,9	2,6	1,3	2,0
6	<u>3,9</u>	3,5	3,7	2,8	2,9	2,0	3,1
7	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	<u>4,0</u>	1,0	2,3
8	3,7	3,4	<u>3,8</u>	3,6	3,5	2,3	2,8
9	<u>3,5</u>	3,3	<u>3,5</u>	3,2	3,0	1,4	2,6
10	<u>4,0</u>	2,9	3,7	3,3	3,3	1,6	2,0
11	<u>3,9</u>	3,6	3,5	3,3	2,7	1,8	3,0
12	<u>4,3</u>	3,3	3,8	3,0	3,0	1,3	3,3
13	<u>3,8</u>	3,1	3,7	1,5	2,7	1,9	3,3
14	3,3	2,8	<u>3,5</u>	1,3	2,7	1,5	2,3

Tabel 9.9 (vervolg)

Sone	40	41	42	43	44	45	46
15	3,6	3,1	<u>4,0</u>	3,0	2,5	1,5	3,3
16	<u>4,0</u>	3,3	3,8	3,3	3,2	1,9	2,9
17	3,4	3,4	3,3	2,5	<u>3,6</u>	1,5	2,0
18	3,7	2,9	3,7	<u>3,8</u>	3,1	1,4	1,9
19	<u>3,8</u>	3,4	<u>3,8</u>	3,2	1,8	1,0	3,2
20	<u>3,5</u>	2,5	2,3	2,5	1,5	1,8	2,5
21	<u>4,2</u>	3,4	<u>4,2</u>	1,6	3,6	1,0	2,6
22	3,2	3,5	<u>3,9</u>	1,9	2,3	1,4	2,2
23	<u>5,0</u>	3,8	3,8	1,3	4,0	1,8	3,3
24	<u>3,6</u>	3,5	3,4	2,6	2,4	1,6	2,6
25	<u>4,2</u>	2,9	3,2	3,3	3,0	1,5	2,8
26	<u>3,7</u>	2,9	2,9	3,1	2,9	2,0	2,8
27	2,9	2,6	<u>3,2</u>	2,6	2,6	1,2	3,0
28	<u>3,9</u>	3,6	3,7	3,1	2,4	2,0	<u>3,9</u>
